IN-17

HUMANITAS
RGN • HSRC

# gids van navorsingsorganisasies in die geesteswetenskappe in suid-afrika 1972

001.3072068 HSRC
IN 17

raad vir geesteswetenskaplike navorsing

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Privaatsak X41, Pretoria, Republiek van Suid-Afrika

Telefoon 48-3944

Telegramme: RAGEN

Klasnr./Class No. 001.3072068 HSRC IN 17
Registernr./No. 22979/2
RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
BIBLIOTEEK LIBRARY
HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL
W.P. 809 7/69

President: Dr. P. M. Robbertse

Vise-presidente: Dr. A. J. van Rooy en dr. J. D. Venter

Sekretaris: Mej. K. M. Henshall

**Institute van die RGN**

Geskiedenisnavorsing

Inligting en Spesiale Dienste

Kommunikasienavorsing

Mannekragnavorsing

Navorsingsontwikkeling

Opvoedkundige Navorsing

Psigometriese Navorsing

Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing

Statistiese Navorsing

Taal, Lettere en Kuns

...ministrasie

...en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die ...dvies insake die benutting van navorsingsbevindinge en versprei inligting

22979

RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

Besorg asseblief hierdie publikasie terug of doen aansoek om verlenging van die leentermyn **voor** die laaste datum hieronder gestempel.

Please return this publication or apply for an extension of the loan period **before** the last date stamped below.

23 SEP 1977

1989 -05- 30

1989 -06- 01

0000511295

2844363866

001.3072068 HSRC IN 17

*051129*

*SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING*

# GIDS VAN NAVORSINGSORGANISASIES IN DIE GEESTESWETENSKAPPE IN SUID-AFRIKA 1972

*C.M. STIMIE: M.A., M.Ed.*
*C.J.S. COETZEE: B.Com., B.Ed.*
*CAROLINE GEGGUS, B.A.*

*INSTITUUT VIR INLIGTING EN SPESIALE DIENSTE*
*DIREKTEUR: DR. C.E. PRINSLOO*

*PRETORIA*
*1972*

Verslag nr. **IN-17**

Obtainable in English

Kopiereg voorbehou

R3,60

Craft Pers (Edms) Bpk

# VOORWOORD

Hierdie Gids van navorsingsorganisasies in die geesteswetenskappe het vir die eerste keer in 1970 verskyn. 'n Hersiene en uitgebreide uitgawe daarvan word hiermee aangebied.

Een van die funksies van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing is om inligting betreffende die geesteswetenskappe te versamel en te versprei. Die Raad werk ook saam met staatsdepartemente, universiteite, kolleges vir gevorderde tegniese onderwys, tegniese kolleges, onderwysersopleidingskolleges en ander instansies, persone en owerhede vir die bevordering en onderneming van geesteswetenskaplike navorsing.

Daar bestaan 'n groot behoefte aan inligting oor die organisasie van navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika, en hierdie gids is saamgestel om te help om in dié behoefte te voorsien en om nouer samewerking te bevorder tussen die verskillende instansies wat met geesteswetenskaplike navorsing gemoeid is.

Bydraes is gerangskik volgens die tipe van navorsingsorganisasie: staatsdepartemente, provinsiale administrasies, statutêre liggame, navorsingsinstitute en eenhede aan universiteite, en ander organisasies met navorsingsdepartemente en -eenhede. Die inligting wat aangebied word, geld die posisie soos dit in 1971 was, behalwe in die geval van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) self, in welke geval die posisie weerspieël word soos dit op 31 Maart 1972 was.

Wat die universiteite betref, moet dit duidelik gestel word dat die bedoeling in die eerste plek was om inligting te verskaf oor die aard en werksaamhede van spesifieke navorsingsinstitute en -eenhede wat op georganiseerde grondslag buite die gewone doseer- en studiewerk om navorsing in bepaalde rigtings doen en publikasies die lig laat sien, en nie om inligting te publiseer oor alles wat elke fakulteit en departement aan elke universiteit in die gewone loop van sy werksaamhede doen nie. So 'n publikasie sou 'n aantal bande beslaan. Buitendien word oor alle gevorderde studie- en navorsingsprojekte wat aan fakulteite en departemente van universiteite aangepak word, gereeld verslag gedoen in die RGN se Navorsingsbulletin, wat tien keer per jaar verskyn.

Daar is wel gevalle waar fakulteite of departemente aan universiteite genoem en inligting verskaf word oor navorsing wat om die gewone doseer- en studiewerk heen gedoen word, sonder dat 'n bepaalde instituut of eenheid ter sprake is. Alle universiteite het nie op versoek hierdie soort inligting verskaf nie, maar in gevalle waar sodanige inligting wel ontvang is, word kortliks 'n aanduiding gegee van die aard van die navorsing en onlangse publikasies in verband daarmee.

Van enkele instansies waaroor inligting in die eerste uitgawe van die Gids verskyn, was daar geen reaksie op herhaalde versoeke met die oog op die tweede uitgawe nie, terwyl inligting bygevoeg is oor 'n hele aantal organisasies waaroor nie in die eerste uitgawe verslag gedoen is nie.

Die RGN vertrou dat hierdie tweede uitgawe van die Gids nog nuttiger as die eerste gevind sal word deur almal wat daarby belang het, en rig graag 'n woord van hartlike dank aan al die persone en instansies wat so flink en welwillend op navrae gereageer en hierdie publikasie moontlik gemaak het.

J. D. Venter

VISE-PRESIDENT

I N H O U D S O P G A W E


Bladsy

Voorwoord

STAATSDEPARTEMENTE

Administrasie van Kleurlingsake

Afdeling vir Maatskaplike Beplanning en Navorsing .............. 1

Departement van Arbeid

Afdeling Beroepsdienste ........................................ 2

Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking

Landboubemarkingsnavorsing ...................................... 3

Departement van Nasionale Opvoeding

Biblioteke

Afdeling Biblioteekdienste, Pretoria ........................... 6
Staatsbiblioteek, Pretoria ..................................... 8
Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad ........................... 12

Kunsgalerye

Michaelis-versameling, Kaapstad ................................ 15
Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum, Kaapstad ................. 15
William Humphreys-kunsmuseum, Kimberley ......................... 17

Museums

Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria ......... 18
Nasionale Museum, Bloemfontein ................................. 26
Natalse Museum, Pietermaritzburg ............................... 27
Oorlogsmuseum, Bloemfontein .................................... 29
Staatsmuseum, Windhoek ......................................... 31
Suid-Afrikaanse Museum, Kaapstad ............................... 33
Suid-Afrikaanse Nasionale Oorlogsmuseum, Johannesburg .......... 37

Departement van Volkswelsyn en Pensioene

Navorsingsafdeling ............................................. 40

Suid-Afrikaanse Spoorweë

Afdeling Beplanning en Produktiwiteit .......................... 43
Beroepskundige Afdeling ........................................ 44

PROVINSIALE ADMINISTRASIES

Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop

Departement van Natuurbewaring

Albanymuseum, Grahamstad ....................................... 47
Alexander McGregor-gedenkmuseum, Kimberley ...................... 48
C.P. Nel-museum, Oudtshoorn .................................... 49
Drostdy-museum, Swellendam ..................................... 50
Hugenote-gedenkmuseum, Franschhoek .............................. 52
Museum Oos-Londen .............................................. 52
Port Elizabethse Museum ........................................ 53
Stellenbosch-museum ............................................ 55
Victoria-Wes-museum ............................................ 56
Worcester-museum ............................................... 58

Departement van Onderwys, Kaap die Goeie Hoop

Onderwysburo .................................................. 59

Provinsiale Administrasie van Natal

Stads- en Streekbeplanningskommissie .......................... 61

Provinsiale Administrasie van die Oranje-Vrystaat

Beplanningsafdeling ........................................... 63

OVS Onderwysdepartement

OVS-Buro vir Opvoedkundige Navorsing .......................... 65

Provinsiale Administrasie van die Transvaal

Transvaalse Onderwysdepartement

Onderwysburo .................................................. 67

PLAASLIKE ADMINISTRASIES

Stadsraad van Johannesburg

Inligting- en Navorsingstak, Afdeling Nie-Blanke Sake .......... 72

Stadsraad van Pretoria

Pretoriase Kunsmuseum ......................................... 73

STATUTÊRE LIGGAME

Afrika-Instituut van Suid-Afrika ............................... 75

Bantoe-Beleggingskorporasie van Suid-Afrika Beperk

Buro vir Ekonomiese Navorsing insake Bantoe-ontwikkeling (BENBO) ... 77

Produktiwiteitsadviesraad (PAR)

Nasionale Produktiwiteitsinstituut (NPI) ....................... 78

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ........................ 80

Instituut vir Geskiedenisnavorsing ............................. 82
Instituut vir Inligting en Spesiale Dienste .................... 83
Instituut vir Kommunikasienavorsing ............................ 85
Instituut vir Mannekragnavorsing ............................... 86
Instituut vir Navorsingsontwikkeling ........................... 89
Instituut vir Opvoedkundige Navorsing .......................... 89
Instituut vir Psigometriese Navorsing .......................... 91
Instituut vir Sosiologiese Navorsing ........................... 97
Instituut vir Statistiese Navorsing ............................ 99
Instituut vir Taal, Lettere en Kuns ............................ 100
Administrasie ................................................. 102

Suid-Afrikaanse Reserwebank

Ekonomiese Afdeling ........................................... 102

Suid-Afrikaanse Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad

Inligtings- en Navorsingsdienste (IND) ......................... 103
Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing (NIPN) .............. 107

UNIVERSITEITE

Universiteit van Fort Hare

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte .......... 118

Departement Afrikanistiek .......... 118

Fakulteit Landbou .......... 118

Departement Landbou-ekonomie .......... 118

Navorsingsafdeling van die Departement Sielkunde .......... 119

F.S. Malan-Antropologiese Museum .......... 120

Universiteit van Kaapstad

Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte .......... 121

Departement van Nederlandse Kultuurgeskiedenis .......... 121

Skool van Afrikanistiek .......... 121

Departement van Sosiale Antropologie .......... 121

Fakulteit van Handel .......... 122

Bedryfskool vir Gegradueerdes .......... 122
Departement van Bedryfswetenskap .......... 123
Departement van Rekeningkunde .......... 123

Abe Bailey-Instituut vir Rassestudies .......... 124

Universiteit van Natal

Fakulteit van Landbou .......... 125

Departement van Landbou-ekonomie .......... 125

Departement van Ekonomie .......... 126

Instituut vir Maatskaplike Navorsing .......... 128

Universiteit van die Noorde

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte .......... 132

Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Fakulteit van Natuurwetenskappe .......... 135

Departement Argitektuur .......... 135

Instituut vir Eietydse Geskiedenis .......... 135

Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing .......... 137

Universiteit van Port Elizabeth

Instituut vir Beplanningsnavorsing .......... 139

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Fakulteit Opvoedkunde .......... 143

Instituut vir Administratiewe Outomatisasie .......................... 144
Instituut vir Afrikanistiek .......................... 145
Instituut vir die Bevordering van Calvinisme .......................... 147
Instituut vir Klein Handelaars .......................... 150
Instituut vir Koöperasiewese .......................... 152
Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing ....... 153
Instituut vir Streeksbeplanning .......................... 155
Instituut vir Suid-Afrikaanse Musiek .......................... 157

Universiteit van Pretoria

Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe .......................... 158

Departement Bedryfsekonomie .......................... 158
Departement Publieke Administrasie .......................... 159

Fakulteit Opvoedkunde .......................... 159

Buro vir Finansiële Analise .......................... 163

Studentevoorligtingsburo .......................... 166

Randse Afrikaanse Universiteit

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte .......................... 167

Departement Kunsgeskiedenis .......................... 167

Geskiedenisnavorsingsprojek: Die geskiedenis van die Afrikaner aan die Rand 1886-1961 .......................... 168
Buro vir Hoër Onderwys .......................... 169
Instituut vir Kinder- en Volwasseneleiding .......................... 170
Instituut vir Ontwikkelingstudies .......................... 172
Instituut vir Stedelike Studies .......................... 174
Museum vir Argeologie en Antropologie .......................... 176

Rhodes-universiteit

Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing .......................... 176
Institute for the Study of English in Africa .......................... 179

Universiteit van Stellenbosch

Buro vir Ekonomiese Ondersoek .......................... 182
Sentrum vir Vervoernavorsing .......................... 185

Universiteit van Suid-Afrika

Buro vir Marknavorsing .......................... 188
Buro vir Universiteitsnavorsing .......................... 190
Instituut vir Buitelandse Reg en Regsvergelyking .......................... 192

Universiteit van Wes-Kaapland

Buro vir Sosiaal-Wetenskaplike Navorsing .......................... 195

Universiteit van die Witwatersrand

Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte .................................. 197

Departement van Aardrykskunde en Omgewingstudies .............. 197
Departement van Afrikaans en Nederlands ...................... 199
Departement van Argeologie .................................. 200
Departement van Bantoetale .................................. 201
Departement van Duitse Studies ................................ 202
Departement van Geskiedenis ................................. 203
Departement van Godgeleerdheid ................................ 204
Departement van Internasionale Verhoudings .................. 204
Departement van Romaanse Studies ............................. 205
Afdeling Frans ............................................ 205
Afdeling Portugees ........................................ 205
Departement van Sielkunde .................................. 206
Departement van Sosiale Antropologie ......................... 207

Fakulteit van Handel ................................................ 208

Departement van Handel en Toegepaste Ekonomie ................. 208

Regsskool ........................................................ 208

Departement van Spraakpatologie en Oudiologie

Spraak-, Stem- en Gehoorkliniek ............................. 210

Ernest Oppenheimer-instituut vir Portugese Studies ...................... 211

Universiteit van Zoeloeland

Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe ............................. 212

ANDER ORGANISASIES MET NAVORSINGSAKTIWITEITE

International Consumer Research Company (Pty) Ltd./(Edms) Bpk. ........ 213

Kamer van Mynwese van Suid-Afrika

Laboratorium vir Lewenswetenskappe ........................... 214

Lopex Ltd. London

Market Research Africa (Pty ) Ltd. ........................... 217

Putco Operating and Technical Services Ltd.

Industriële Sielkundige Dienste .............................. 218

Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede ........................... 220

Suid-Afrikaanse Instituut van Internasionale Aangeleenthede ............. 222

Suid-Afrikaanse Instituut vir Publieke Administrasie .................... 225

Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings .......................... 227

Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg

Andries Stulting Navorsingsafdeling .......................... 230

ONDERWERPREGISTER .................................................. 235

LAAT INSKRYWING

Universiteit van Kaapstad

Universiteitsbiblioteek en Skool vir Biblioteekkunde .................... 244

# A D M I N I S T R A S I E   V A N   K L E U R L I N G S A K E

## AFDELING VIR MAATSKAPLIKE BEPLANNING EN NAVORSING

Administrasie van Kleurlingsake
Privaatsak X9008, Kaapstad

Telefoon: 45-5641
Telegramme: KLEURSAKE

Hoof: Mnr. J.D. Retief

### ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Afdeling Maatskaplike Beplanning en Navorsing is in 1963 gestig met die doel om wetenskaplik gefundeerde kennis i.v.m. verskeie sake aangaande die Kleurlinggemeenskap te bekom.

Funksies en beleid: Die hooffunksie van die Afdeling is om die Administrasie te help om 'n omvattende sosio-ekonomiese en opvoedkundige program vir die Kleurlingbevolkingsgroep op te stel.

Beheer en administrasie: Die Afdeling word beheer en bestuur deur die Koördinerende Navorsingskomitee.

Die lede van bogemelde komitee word in hul hoedanigheid as hoofde en verteenwoordigers van verskillende afdelings van die Administrasie van Kleurlingsake aangestel. Die funksie van die komitee is om voorgestelde navorsingsprojekte goed te keur en as koördinerende liggaam op te tree. Lede is verantwoordelik vir die belange van hulle onderskeie afdelings of seksies.

Navorsingsprojekte word geloods deur die vakkundige beamptes (Navorsing) van die Afdeling Maatskaplike Beplanning en Navorsing.

Personeel: Die postevoorsiening bestaan uit een Hoof-Maatskaplike Werker, een Eerste Maatskaplike Werker en een Maatskaplike Werker.

Finansiering: Die fondse wat vir navorsing gebruik word, is deel van die Administrasie se begroting en word by die onderskeie items van normale uitgawe ingesluit.

Fasiliteite: Die Navorsingsafdeling het kragtens spesiale ooreenkoms toegang tot die elektroniese rekenaar van die Universiteit van Stellenbosch.

Afgesien van die gebruik wat van verskillende universiteitsbiblioteke gemaak word, bv. die biblioteke van die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit van Wes-Kaapland, het die Administrasie sy eie klein naslaan biblioteek met sowat 1 300 bande en sowat 20 tydskrifte en akademiese blaaie.

Skakeling: Die Navorsingsafdeling het skakeling bewerkstellig met die Universiteit van Stellenbosch, die Universiteit van Wes-Kaapland en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. In navorsingsprojekte van gemeenskaplike belang vind skakeling onderling plaas as gevolg van die feit dat lede van die Koördinerende Navorsingskomitee in komitees van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing asook die Buro vir Sosiaal-Wetenskaplike Navorsing van die Universiteit van Wes-Kaapland dien.

### OPLEIDING

Geen opleiding word onderneem nie, behalwe vir die heel elementêre opleiding van veldwerkers wat af en toe vir empiriese veldwerk gebruik word.

NAVORSING

Na gelang van die aard van die navorsingsprojek word eksperimentele gegewens verkry van skole, universiteite of bepaalde seksies van die algemene publiek.

Navorsing wat deur hierdie Navorsingsafdeling gedoen word, is slegs vir onmiddellike en plaaslike (Administratiewe) gebruik. Navorsing van 'n meer algemene of landwye aard word na die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing verwys.

Die Afdeling verleen hulp in verband met projekte wat deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing op versoek van die Afdeling onderneem word.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die jaarverslag van die Administrasie van Kleurlingsake omvat ook die navorsingswerke van die Afdeling.

Afskrifte van navorsingsverslae word in lêers in die Administrasie se biblioteek gehou.

Navorsing wat onderneem is, is vervat in talle kleinere verslae wat net vir interne gebruik deur die Administrasie bestem is.

D E P A R T E M E N T   V A N   A R B E I D

AFDELING BEROEPSDIENSTE

Privaatsak X117, Pretoria

Telefoon: 2-9711
Telegramme: ARBEID

Hoof: Mnr. P.J. Benadé

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Afdeling Beroepsdienste is gedurende 1949 ingestel. Die soort navorsing wat onderneem word, behels hoofsaaklik -

- mannekragnavorsing om bestaande mannekrag en tekorte te bepaal met die oog op beleidsbepaling ten einde optimale benutting van die Republiek se arbeidspotensiaal te verseker. (Dit sluit in ondersoek na die werkvermoë van gestremdes en verstandelik vertraagdes.);

- werkloosheidsyfers word maandeliks van alle inspektorate van die Departement ontvang en gekonsolideer om sodoende 'n beeld te verkry van die getal werksoekers wat vir werk geregistreer is, die getal wat geplaas is en die balans van werkloses.

Funksies en beleid: Die Afdeling Beroepsdienste is hoofsaaklik gemoeid met beroepsvoorligting aan en indiensplasing van jeugdige werksoekers, asook gestremdes en beroepswanaangepaste persone.

Beheer en administrasie: Die Afdeling Beroepsdienste ressorteer onder die Departement van Arbeid wat verantwoordelik is vir arbeidsaangeleenthede in die Republiek van Suid-Afrika.

Navorsingsprojekte word deur die Hoof:Beroepsdienste beplan en geformuleer.

Personeel: Die getal voltydse en deeltydse vakkundige personeel staan tans op 72. Administratiewe, klerklike en ander personeel wissel na gelang van omstandighede.

Finansiering: Die Afdeling verkry fondse uit die Staatsbegroting.

Fasiliteite: Ten tye van mannekragopnames word van die elektroniese rekenaars en die "Standard Industrial Classification of all Economic Activities" van die Departement van Statistiek gebruik gemaak.

Skakeling: Die Afdeling Beroepsdienste skakel met die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en die Departement van Statistiek. Skakeling behels gesamentlike navorsing, gesamentlike gebruik van geriewe en die uitruil van publikasies.

## NAVORSING

Die Afdeling Beroepsdienste werk hoofsaaklik saam met die handel en nywerheid veral ten opsigte van mannekragopnames om navorsingsgegewens te verkry.

Gegewens word verkry deur middel van persoonlike skakeling en vraelyste. Die gegewens word elektronies verwerk.

Navorsing wat onlangs afgehandel is

- Mannekragopname Nr. 8.

Navorsing wat aan die gang is

- Mannekragopname Nr. 9.

## PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

'n Jaarverslag van die Afdeling word in die departementele jaarverslag geïnkorporeer. Dit is by die Staatsdrukker verkrygbaar.

Die Afdeling publiseer twee tydskrifte wat kwartaalliks verskyn en gratis aan belangstellendes verskaf word, naamlik

- Rehabilitasie in Suid-Afrika
- My Loopbaan - 'n beroepsinligtingstydskrif.

Navorsingsbevindings word in die Departement van Arbeid bewaar. Waar van toepassing word bevindings in My Loopbaan of Rehabilitasie in Suid-Afrika gepubliseer.

# D E P A R T E M E N T   A N   L A N D B O U - E K O N O M I E   E N   -B E M A R K I N G

## LANDBOUBEMARKINGSNAVORSING

Privaatsak X246, Pr..oria

Telefoon: 48-4985
Telegramme: MARKDIENS

Hoof: Mnr. J.B. Bester

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Afdeling het in 1967 as onafhanklike navorsingseenheid tot stand gekom toe die destydse Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing in twee selfstandige afdelings verdeel is, te wete Landbouproduksie-ekonomie en Landboubemarkingsnavorsing. Laasgenoemde onderneem toegepaste landbou-ekonomiese navorsing wat in 'n groot mate deurlopend van aard is en hoofsaaklik toegespits is op die insameling en verwerking van landbou-ekonomiese inligting en statistiek. Hierdie resultate word op 'n deurlopende grondslag aan die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking, georganiseerde landbou en ander instansies beskikbaar gestel.

Funksies en beleid: Die funksies van die Afdeling is in hoofsaak om:

- navorsing te onderneem op die gebied van bemarking van landbou-produkte, veral dié waarvoor daar nie beheerskemas kragtens die Bemarkingswet bestaan nie. Hierdie navorsing behels al die fasette van die bemarking van produkte vanaf die primêre produsent tot by die eindverbruiker

- statistieke met betrekking tot nasionale rekeninge vir sover dit die landbousektor in die Republiek, Suidwes-Afrika asook die Bantoetuislande betref, te versamel, te verwerk en beskikbaar te stel

- oesskattings vir die vernaamste landbougewasse en ramings van veegetalle op 'n gereelde grondslag te maak, asook ekonomiese tendense in die landbou te bepaal.

Beheer en administrasie: Die Afdeling word bestuur as 'n integrale deel van die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. Navorsingsprojekte word met die samewerking en goedkeuring van die Sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking beplan en geformuleer en deur die Afdeling uitgevoer. Sommige van die deurlopende projekte word onderneem op versoek van instansies soos die Departement van Statistiek, die Reserwebank en beheerrade terwyl ander projekte onderneem word na aanleiding van knelpunte wat in die landbou ontstaan. Uitvoerende mag word deur die Hoof beoefen.

Struktuur: Die Afdeling bestaan uit drie vakkundige seksies, elk onder leiding van 'n hoofvakkundige beampte, te wete die seksies Nasionale Rekeninge; Bemarking; en Oesskattings en Ekonomiese Tendense. Die vakkundige seksies word bygestaan deur 'n seksie Hulpdienste wat verantwoordelik is vir die meganiese verwerking van gegewens en die byhou van sekere deurlopende statistieke. Hierdie seksie is ook verantwoordelik vir die statistiese biblioteek van die Afdeling. Die klerklik-administratiewe seksie verskaf die gewone dienste, soos byvoorbeeld beheer van die liasseerstelsel, tikwerk, personeelaangeleenthede, finansies en aanverwante sake.

Personeel: Die diensstaat van die Afdeling maak voorsiening vir 32 vakkundige poste. Tans is twee vakkundige poste vakant en twee van die vakkundiges is na Suid-Afrikaanse universiteite gesekondeer vir nagraadse studies.

Die Afdeling beskik oor 23 administratiewe, klerklike en ander poste waarvan 21 tans gevul is.

Finansiering: Die benodigde fondse word deur die jaarlikse staatsbegroting beskikbaar gestel.

Die totale begroting van uitgawes vir die boekjaar 1971/72 is nagenoeg R215 000.

Fasiliteite: Die Afdeling beskik tans oor 'n verouderde I.B.M.-rekenaar, maar sal later vanjaar toegerus word met 'n Univac 9 200 rekenoutomaat met die nodige bybehore. Verder doen die Afdeling sy eie ponswerk waarvoor hy met die nodige pons- en toetsponsmasjiene toegerus is. Die Afdeling beskik ook oor 29 tafelmodelrekenmasjiene vir gebruik deur die vakkundiges en die seksie Hulpdienste.

Die Afdeling beskik oor sy eie statistiese biblioteek waarin ook talle plaaslike en oorsese tydskrifte en ander literatuur oor landbou-ekonomie en -bemarking gehou word.

Skakeling: Skakeling vind plaas met die departemente van landbou-ekonomie van die onderskeie Suid-Afrikaanse universiteite; die Departement van Statistiek en ander staatsdepartemente; die Reserwebank; georganiseerde landbou deur die onderskeie landbou-unies; landboubeheerrade; en verskeie private ondernemings soos kunsmis- en brandstofmaatskappye en vervaardigers van landbou-implemente en veevoere.

Skakeling bestaan hoofsaaklik in samewerking in verband met navorsingsprojekte asook die uitruil en insameling van landbou-ekonomiese inligting en statistiek.

## OPLEIDING

Navorsers ontvang indiensopleiding. Daarbenewens verleen die Afdeling ook dikwels hulp aan gesekondeerde nagraadse studente in verband met die navorsingsprojekte wat hul vir tesisdoeleindes onderneem.

Vakkkundiges wat met 'n Baccalaureusgraad tot die diens toetree, word die geleentheid gebied om na een jaar bevredigende diens na 'n Suid-Afrikaanse universiteit gesekondeer te word, teen volle salaris, om vir die meestersgraad in landbou-ekonomie, ekonomie of bemarking te studeer. Belowende beamptes wat in besit is van 'n meestersgraad en reeds 'n aantal jare diens in die Departement het, kan ook kwalifiseer vir verdere studie aan erkende oorsese universiteite met behoud van salaris wat aangevul word deur 'n studiebeurs. In voormelde gevalle word die sekondering en oorsese studiebeurse by formele kontrak gereël en is die beampte ingevolge die ooreenkoms gebind om na voltooiing van sy studies vir 'n sekere tydperk in diens van die Departement te bly.

## NAVORSING

Navorsingsgegewens word verkry van beheerrade, uit amptelike gepubliseerde bronne, van private ondernemings (statistieke) en produsente (oesskattings) by wyse van gereelde vraelyste, asook van produsente, die handel en verbruikers by wyse van die persoonlike onderhoudmetode, veral in die geval van bemarkingsnavorsing. In samewerking met die Afdeling Inspeksiedienste samel die Afdeling ook gereeld besonderhede in oor verkoopstransaksies op die nege vernaamste varsproduktemarke en word die statistieke wat aldus versamel word, deur die Afdeling op 'n deurlopende grondslag verder verwerk.

Navorsing wat aan die gang is

- 'n Ondersoek na sekere aspekte van die bemarking van losverpakte tamaties
- 'n Studie van die struktuur van die bevrore groentebedryf in Suid-Afrika met spesiale verwysing na die koopgewoontes en mening van verbruikers ten opsigte van bevrore groente
- Die bepaling op 'n deurlopende grondslag van die varsekwivalent van verwerkte groente en vrugte (ingemaak, bevrore en sap)
- 'n Ondersoek aangaande die kostestruktuur van die Kimberleyse varsproduktemark
- Die bepaling op 'n deurlopende grondslag van die verskillende hoeveelhede vars vrugte en groente wat uitgevoer word
- 'n Ondersoek na die munisipale markstelsel in die Republiek
- Die persentasie massaverspreiding en pryse wat verskillende grade van sekere vrugte en groente op sommige van die hoof varsproduktemarkte behaal het.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Afdeling publiseer nie 'n jaarverslag nie maar dra by tot die jaarverslag van die Sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking.

Die Afdeling publiseer maandeliks in albei landstale 'n bulletin Oeste en Marke, 'n halfjaarlikse bulletin Neigings in die landbousektor, asook twee jaarlikse publikasies naamlik Kortbegrip van Landboustatistiek en Statistiek oor Varsproduktemarke. Hierdie publikasies word op aanvraag gratis verskaf. Benewens voormelde publikasies publiseer die Afdeling van tyd tot tyd ook bulletins oor spesifieke navorsingsprojekte.

Kopieë van die Afdeling se publikasies word aan die kopiereg-biblioteke, asook aan ander biblioteke soos onder andere verskillende universiteitsbiblioteke gestuur. Kopieë word ook in die Afdeling se biblioteek bewaar.

Die Afdeling se projekte word by die Departement van Landbou-tegniese Dienste geregistreer en volle besonderhede oor die publikasies wat sedert 1969, daaruit voortgevloei het, kan aldaar verkry word. Dit sluit in verhandelings en proefskrifte wat deur gesekondeerde beamptes ingedien is omdat hul navorsingsprojekte ook deur die Departement goedgekeur moet word en by die Departement van Landbou-tegniese Dienste geregistreer moet word.

## D E P A R T E M E N T   V A N   N A S I O N A L E   O P V O E D I N G

BIBLIOTEKE

AFDELING BIBLIOTEEKDIENSTE

Privaatsak X122, Pretoria

Telefoon: 482901 x 449
Telegramme: VOLKSOPVOEDING

Hoof: Mnr. I.F.A. de Villiers

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Afdeling Biblioteekdienste is in 1958 gestig as gevolg van verskillende verslae wat die belangrikheid van 'n gekoördineerde biblioteekdiens in die staatsdiens beklemtoon het. Navorsing word gedoen op die gebied van die Biblioteekkunde en in besonder Staatspublikasies.

Funksies en beleid: Die funksies van die Afdeling is om Staatsdepartemente insake biblioteekaangeleenthede te adviseer en om opgeleide personeel te voorsien om biblioteekpraktyke uit te voer.

Beheer en administrasie: Die Afdeling Biblioteekdienste ressorteer onder die beheer van die Departement van Nasionale Opvoeding.

Die funksies van die Departement is die volgende:

- Bevordering van die kulturele manifestasies van die volk
- Verskaffing van bepaalde onderwys en nasionale onderwysdienste
- Lewering van administratiewe hulpdienste
- Lewering van sekretariële dienste, i.v.m. die nasionale onderwysbeleid

- Beskikbaarstelling van die Staat se permanent-waardevolle argiewe vir navorsing

- Verskaffing van 'n taaldiens

- Ontsluiting van vakliteratuur in staatsdepartemente se biblioteke.

Die Hoof van die Afdeling Biblioteekdienste beplan, formuleer en voer die bibliografiese navorsingsprojekte met behulp van sy vakkundige personeel uit. Uitvoerende mag word deur die Direkteur van Kultuursake beoefen.

<u>Struktuur:</u> Die Afdeling Biblioteekdienste bestaan uit 'n hoofkantoor wat personeel aan 42 verskillende biblioteke voorsien, en dáár asook elders in die staatsdiens, departementele biblioteke d.m.v. inspeksiedienste (bv.) met raad en daad bystaan. Net onderkant die Hoof en Adjunk-hoof verdeel die organisasiestruktuur in twee hoofgroepe, naamlik

- die Landbougroep, onder 'n Hoofbibliotekaris, bestaande uit 'n sentrale biblioteek en 19 takbiblioteke;

- die 'ander' biblioteke wat in drie groepe - elk onder 'n Senior Bibliotekaris verdeel is.

Hierdie groepe betrek ook 'n groot aantal biblioteke wat nie voltyds deur die Afdeling beman word nie, maar op 'n deeltydse grondslag aandag geniet.

<u>Personeel:</u> Een voltydse vakkundige en een deeltydse assistente is voltyds met navorsing gemoeid.

Buiten die drie senior poste, beskik die Afdeling oor 6 Senior Bibliotekarisse, 29 Bibliotekarisse, 44 Biblioteek-assistente, 10 deeltydse Biblioteekassistente, 1 Administratiewe Assistent en 3 Klerklike Assistente.

<u>Finansiering:</u> Die bibliografiese projek word uit Staatsbegroting gefinansier. Die jongste begroting was R500 vir die verspreiding deur die Departement van Nasionale Opvoeding. Die Staatsdrukker begroot self vir die groter uitgawe.

<u>Fasiliteite:</u>

- Die Afdeling Biblioteekdienste het toegang tot die Departement van Nasionale Opvoeding se elektroniese rekenaar.

- Die onderskeie departementele biblioteke: boeke: 602 954; tydskrifte en pamflette: 17 213 en 205 768; Africanaversameling van die Departement van Nasionale Opvoeding.

- Inligtingsdienste van die verskillende Staatsdepartemente.

<u>Skakeling:</u> Daar word geskakel met die verskillende Staatsdepartemente. Publikasies en inligting word deur senior amptenare beskikbaar gestel.

OPLEIDING

Navorsingspersoneel word opgelei deur deelname aan doseerwerk by indiensopleidingskursusse. Geen beurse word toegeken vir opleiding van navorsers nie.

NAVORSING

Die Afdeling werk met staatsdepartemente en die Staatsbiblioteek saam om gegewens te verkry.

Gegewens ten opsigte van die Bibliografie van Staatspublikasies word op standaard

kataloguskaarte geskryf of getik en dan in 'n kabinet onder die name van die verskillende Staatsdepartemente geliasseer - eerstens in numeriese volgorde van reekse om volledigheid te verseker. Die reekse word dan op lyste getik om as bylaes tot die hoofwerk te dien. Die kaarte word daarna onder onderwerpshoofde geliasseer en die geheel op meesters getik.

Navorsingsprojek wat onlangs afgehandel is

- Africana: Keurbibliografie van die Frederick Wagener - en E.G. Jansenversameling. Aug. 1970.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Bibliografie van die Departemente van Landbou-tegniese Dienste en Landbou-ekonomie en -bemarking/Bibliography of the Departments of Agricultural Technical Services and Agricultural Economics and Marketing.

- Bibliografie van tydskrifte in Suid-Afrikaanse Staatsdepartemente/Bibliography of periodicals in South African Government Departments.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Inligting en gegewens word in boekvorm gepubliseer, deur die Departement van Nasionale Opvoeding en die Staatsdrukker versprei en in biblioteke deur die land en oorsee gebruik en bewaar.

Publikasies wat verskyn het

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Kultuursake. Afdeling Biblioteekdienste. Bibliografie van Suid-Afrikaanse staatspublikasies: Departement van Statistiek, 1910-1968. Pretoria, Staatsdrukker, 1969. / SOUTH AFRICA (Republic). Department of Cultural Affairs. Division of Library Services. Bibliography of South African government publications : Department of Statistics, 1910-1968. Pretoria, Government Printer, 1969.

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Kultuursake. Afdeling Biblioteekdienste. Africana: keurbibliografie van die Frederick Wagener- en E.G. Jansenversameling. Pretoria, die Departement, 1970. / SOUTH AFRICA (Republic). Department of Cultural Affairs. Division of Library Services. Africana: select bibliography of the Frederick Wagener and E.G. Jansen collections. Pretoria, the Department, 1970.

## D E P A R T E M E N T   V A N   N A S I O N A L E   O P V O E D I N G

STAATSBIBLIOTEEK

Posbus 397, Pretoria — Telefoon: 48-3920

Direkteur: Dr. H.J. Aschenborn

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Staatsbiblioteek is een van die twee Nasionale Biblioteke in Suid-Afrika. Dit is in 1887 as die "Staatsbibliotheek der Zuid-Afrikaansche Republiek" gestig. Nadat dit in 1892 met die Pretoriase Openbare Biblioteek saamgesmelt het, het die Staatsbiblioteek sy tweeledige funksie as nasionale biblioteek en openbare biblioteek tot 1964 behou, toe die Pretoriase Munisipaliteit

kataloguskaarte geskryf of getik en dan in 'n kabinet onder die name van die verskillende Staatsdepartemente geliasseer - eerstens in numeriese volgorde van reekse om volledigheid te verseker. Die reekse word dan op lyste getik om as bylaes tot die hoofwerk te dien. Die kaarte word daarna onder onderwerpshoofde geliasseer en die geheel op meesters getik.

Navorsingsprojek wat onlangs afgehandel is

- Africana: Keurbibliografie van die Frederick Wagener - en E.G. Jansenversameling. Aug. 1970.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Bibliografie van die Departemente van Landbou-tegniese Dienste en Landbou-ekonomie en -bemarking/Bibliography of the Departments of Agricultural Technical Services and Agricultural Economics and Marketing.

- Bibliografie van tydskrifte in Suid-Afrikaanse Staatsdepartemente/Bibliography of periodicals in South African Government Departments.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Inligting en gegewens word in boekvorm gepubliseer, deur die Departement van Nasionale Opvoeding en die Staatsdrukker versprei en in biblioteke deur die land en oorsee gebruik en bewaar.

Publikasies wat verskyn het

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Kultuursake. Afdeling Biblioteekdienste. Bibliografie van Suid-Afrikaanse staatspublikasies: Departement van Statistiek, 1910-1968. Pretoria, Staatsdrukker, 1969. / SOUTH AFRICA (Republic). Department of Cultural Affairs. Division of Library Services. Bibliography of South African government publications : Department of Statistics, 1910-1968. Pretoria, Government Printer, 1969.

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Kultuursake. Afdeling Biblioteekdienste. Africana: keurbibliografie van die Frederick Wagener- en E.G. Jansenversameling. Pretoria, die Departement, 1970. / SOUTH AFRICA (Republic). Department of Cultural Affairs. Division of Library Services. Africana: select bibliography of the Frederick Wagener and E.G. Jansen collections. Pretoria, the Department, 1970.

## D E P A R T E M E N T V A N N A S I O N A L E O P V O E D I N G

STAATSBIBLIOTEEK

Posbus 397, Pretoria Telefoon: 48-3920

Direkteur: Dr. H.J. Aschenborn

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Staatsbiblioteek is een van die twee Nasionale Biblioteke in Suid-Afrika. Dit is in 1887 as die "Staatsbibliotheek der Zuid-Afrikaansche Republiek" gestig. Nadat dit in 1892 met die Pretoriase Openbare Biblioteek saamgesmelt het, het die Staatsbiblioteek sy tweeledige funksie as nasionale biblioteek en openbare biblioteek tot 1964 behou, toe die Pretoriase Munisipaliteit

sy eie openbare biblioteekdiens gestig het. Sedert 1964 is die Staatsbiblioteek uitsluitlik 'n nasionale biblioteek met die volgende funksies:

Nasionale leendiens

- Om as klaringshuis vir interbiblioteeklenings op te tree;
- om 'n gesamentlike katalogus vir hierdie doel op te bou;
- om sy eie boekevoorraad of fotokopieë daarvan aan ander biblioteke en goedgekeurde inrigtings te leen.

Bibliografiese werk

- Om die nasionale letterkunde deur middel van bibliografieë beter bekend te maak en om bibliografiese inligting te verskaf.

Boekeversameling

- Om 'n Suid-Afrikaanse Pligleweringsversameling op te bou, daaraan toe te voeg, dit in stand te hou en beskikbaar te stel;
- om 'n doeltreffende bibliografiese apparaat op te bou;
- om, met die advies van die Nasionale Adviserende Biblioteekraad, 'n omvattende versameling van studie- en navorsingsmateriaal op te bou.

Naslaandiens

- Om sy boekevoorraad regstreeks toeganklik vir studente en navorsers te maak, vir gebruik in die biblioteek.

Nie-Blanke Studiebiblioteek

- Om vir die huidige voorsiening te maak vir die behoeftes van Nie-Blanke studente van die Republiek deur studie-materiaal per pos aan individuele studente te leen.

Beheer en administrasie: Die Staatsbiblioteek word deur die Raad van die Staatsbiblioteek, bestaande uit nege lede, van wie sewe deur die Minister van Nasionale Opvoeding en twee deur die Trustees van die Carnegie-ontwikkelingsfonds aangewys word, beheer. Die funksies van die Raad is

- om die beleid van die Staatsbiblioteek te formuleer;
- om die fondse, eiendom en sake van die Staatsbiblioteek te beheer en te administreer;
- om die navorsingsprojekte wat onderneem moet word, te bepaal;
- om die Minister ten opsigte van sake waarby die Staatsbiblioteek betrokke is, in te lig;
- om aan die Sekretaris van die Departement van Nasionale Opvoeding inligting soos benodig te verskaf.

Navorsingsprojekte word deur die Raad, in oorleg met die Direkteur, geloods en geformuleer.

Struktuur: Die Staatsbiblioteek is in vier departemente verdeel:

- Nasionale Leendiens (insluitende Publikasies en Mikroverfilming)
- Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie

- Katalogisering (insluitende Gesamentlike Katalogus, Bibliografiese Afdeling en Naslaandiens)

- Boekevoorraad (insluitende uitruil van publikasies).

Personeel: Daar is 13 vakkundige en 4 administratiewe personeellede in die navorsingsafdeling van die biblioteek. In die nie-navorsingsafdeling is daar 15 vakkundige en 53 administratiewe personeellede.

Finansiering: Die Biblioteek verkry sy fondse uit 'n regeringsubsidie en privaatinkomste. Die jongste besteding aan navorsing was ± R40 000.

Fasiliteite: Die Biblioteek het 616 000 bande. Daar word tans 5 600 tydskrif- en 260 koeranttitels ontvang. Spesiale versamelings sluit die Pligeksemplaarversameling (boeke in Suid-Afrika sedert 1916 gepubliseer) en Suid-Afrikaanse Amptelike Publikasies in.

Die Naslaanbiblioteek verskaf inligtingsdienste.

Skakeling: Die Biblioteek het skakeling met die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing bewerkstellig, wat finansiële steun in die vorm van 'n navorsingstoekenning vir die samestelling van 'n Retrospektiewe Uitgawe van die Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie verleen het. Die Nasionale Filmraad het 'n ooreenkoms met die Biblioteek om, na voorbereiding deur die Staatsbiblioteek, mikrofilmopnames van koerante te maak.

NAVORSING

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

Samestelling van die Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie (SANB)

Die Huidige SANB

Die SANB is 'n opgawe van alle boeke, pamflette, tydskrifte, amptelike publikasies, kaarte en bladmusiek wat in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika gepubliseer of gedruk word. Die Staatsbiblioteek is in staat om die SANB saam te stel, aangesien dit een gratis kopie van elke Suid-Afrikaanse publikasie kragtens die bepalings van die Wet op Outeursreg ontvang.

Die SANB het kwartaalliks, met jaarlikse akkumulasies, sedert 1959 verskyn. Inligting wat in die SANB verskyn word tans ook op 'n weeklikse basis op kaarte versprei (SANB-kaartdiens). Sedert 1968 word die SANB deur 'n rekenaar saamgestel. Werk in verband met die akkumulering tot een band van die jaarlikse bande wat van 1959 tot 1967 uitgegee is, is aan die gang.

Die Retrospektiewe SANB

Die Staatsbiblioteek is tans besig met die samestelling van 'n retrospektiewe SANB wat publikasies wat gedurende die jare 1926-1958 verskyn het, insluit. Hierdie navorsingsprojek word deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing gefinansier.

Ander bibliografiese aktiwiteite

- Ander soorte materiaal, byvoorbeeld tydskrifte en koerante, word deur afsonderlike bibliografieë gedek, bv. Huidige Suid-Afrikaanse Tydskrifte (in 1966 gepubliseer en op datum gehou deur jaarlikse byvoegsels); en Huidige Suid-Afrikaanse Koerante (in 1970 gepubliseer)

- Samestelling van bibliografieë op aanvraag

Die Staatsbiblioteek hou 'n groot versameling bibliografiese werke in stand om navorsers

te help om lyste van publikasies wat inligting betreffende hulle belangstellingsgebiede verskaf, saam te stel, en om die identifisering van publikasies wat op interbibliotee klenings aangevra word, moontlik te maak.

Hulp word verleen aan lesers wat die biblioteek besoek met die doel om hulle eie bibliografieë saam te stel; bibliografieë word ook in die biblioteek saamgestel in antwoord op spesiale versoeke, maar voorkeur word gegee aan aansoeke van persone wat met gevorderde navorsing besig is, insluitende beamptes van staatsdepartemente en lesers van ander biblioteke, waar sodanige biblioteke nie in staat is om aan die behoeftes van navorsing te voldoen nie, of net gedeeltelik daarin slaag. Omvattende dekking word alleenlik oorweeg indien die bibliografieë wat saamgestel moet word, die belange van biblioteke of spesiale groepe op 'n breë skaal sal dien. Van voorgraadse studente, hoërskoolleerlinge en persone wat boeke vir self-opvoeding, ontspanning, debatte, kompetisies en so meer benodig, word verwag om self te soek, met die hulp van die bibliotekarisse in die Afdeling.

Koerant-mikrofilmprojek

Die Staatsbiblioteek is van plan om alle Suid-Afrikaanse koerante (met uitsondering van die paar wat deur ander inrigtings verfilm word) op mikrofilm te plaas om hierdie waardevolle en vinnig verdwynende navorsingsmateriaal geredelik beskikbaar te stel. Twee navorsingsassistente is besig om die Staatsbiblioteek se eie lêers na te gaan en om vermiste uitgawes in Suid-Afrika en ander dele van die wêreld op te spoor. 'n Hele aantal vroeë Suid-Afrikaanse koerante is alreeds op mikrofilm beskikbaar.

Skietgidse, met volledige bibliografiese besonderhede en 'n kort geskiedenis van elke koerant wat verfilm word, word verskaf.

Ondersoeke na sake wat betrekking het op die funksies van die Staatsbiblioteek, word van tyd tot tyd onderneem, bv.

Interbiblioteeklenings

Gesamentlike Katalogus

Mikroreproduksie

Pliglewering

Wetgewing met betrekking tot nasionale biblioteke, ens.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Staatsbiblioteek publiseer werke in drie hoofreekse, Herdrukke, Bibliografieë en Biblioteekkundige Bydraes. 'n Volledige lys van hierdie werke is beskikbaar.

Die belangrikste van sy publikasies is Die Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie (SANB), 'n geklassifiseerde lys van publikasies wat kragtens die Wet op Outeursreg ontvang word. Dit verskyn sedert 1959 met kwartaallikse tussenposes en met jaarlikse kumulasies. 'n Verdere kumulasie vir die tydperk 1959-1965 word nou voorberei en gereelde vyfjaarlikse kumulasies vir uitgawes na hierdie datum word beplan. Sedert die begin van 1968 is hierdie bibliografie met die hulp van 'n rekenaar uitgegee, wat vertragings in die verskyning van beide die kwartaallikse en jaarlikse uitgawes uitgeskakel het.

Die Weeklikse SANB-kaartdiens maak dit moontlik om intekenaars op die hoogte van die mees onlangse Suid-Afrikaanse publikasies te hou. Dit word deur die Library of Congress, Washington, in sy "shared cataloguing program" gebruik.

Die Herdrukreeks is bedoel om goedkoop reproduksies van Africana wat òf seldsaam òf uit druk is, te voorsien.

Die Bibliografieëreeks sluit onderwerpe van belang vir Suid-Afrika in.

Biblioteekkundige Bydraes is bedoel om die publikasie van oorspronklike werke op hierdie gebied deur Suid-Afrikaanse bibliotekarisse te bevorder. Die Handboek van Suid-Afrikaanse Biblioteke (1970), is van besondere belang. Benewens inligting aangaande indiwiduele biblioteke bevat dit artikels oor 'n verskeidenheid aspekte van die Suid-Afrikaanse biblioteekwese.

Metode van reproduksie: Publikasies word op vlakdrukperse van gefotografeerde meestervelle gedruk. Alle werk, insluitende bindwerk, word in die Staatsbiblioteek gedoen.

## D E P A R T E M E N T  V A N  N A S I O N A L E  O P V O E D I N G

### SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEK

Queen Victoriastraat, Kaapstad

Telefoon: 31132
33829

Direkteur: Dr. A.M. Lewin Robinson

### ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Suid-Afrikaanse Biblioteek is 'n nasionale naslaan - en navorsingsbiblioteek in die geesteswetenskappe. Die volgende spesiale vakgebiede word gedek: Letterkunde, Geskiedenis en Topografie, Argeologie, Antropologie, Skone Kunste, Musikologie, Africana, Bibliografie. 'n Poging word ook aangewend om die biologiese en aardwetenskappe, soos hulle op Suid-Afrika betrekking het, so volledig moontlik te dek.

Die Biblioteek is deur 'n staatsproklamasie in Maart 1818 gestig en het Kaapstad en distrik baie jare as openbare biblioteek gedien. Die aanwins van die Greyversameling van middeleeuse manuskripte, vroeë gedrukte boeke en eerste uitgawes van 1861 het die navorsingswaarde van die Biblioteek verhoog en dit het as 'n nasionale inrigting bekend geword. In Desember 1954 is die Leenbiblioteek deur die Kaapstadse Stadsbiblioteek oorgeneem en het die Suid-Afrikaanse Biblioteek bloot 'n Naslaanbiblioteek geword.

Funksies en beleid: Dit is die doel van die Suid-Afrikaanse Biblioteek om,in samewerking met die Staatsbiblioteek, Pretoria, as die nasionale naslaanbiblioteek van Suid-Afrika te dien. Om hierdie doelstelling te verwesenlik, kan veral die volgende funksies as belangrik beskou word:

- Die aanwins van alle publikasies in en met betrekking tot die Republiek van Suid-Afrika, insluitende dié wat deur pliglewering ontvang word, vir naslaandoeleindes en vir bewaring
- die aanwins van verteenwoordigende materiaal oor Suid-Afrika suid van die Sahara vir naslaandoeleindes en vir bewaring
- die aanwins van basiese naslaanmateriaal met die klem op die geesteswetenskappe, en boeke in vreemde tale
- die aanwins van spesiale materiaal wat nie elders in Suid-Afrika beskikbaar is nie, met spesiale verwysing na Wiskunde
- die bewaring en uitstalling van literêre skatte
- die verskaffing van inligting en advies aan ander inrigtings en indiwidue

NAVORSING

Die Biblioteek werk saam met die universiteite, die argiewe, die groter openbare biblioteke en spesiale privaatbiblioteke in die verkryging van gegewens.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Bibliografie van vroeë gedrukte boeke in Suid-Afrika, tot 1550
- Hersiening van Mendelssohn-bibliografie
- Ongepubliseerde materiaal in Suid-Afrikaanse biblioteke (Uniekatalogus - algemene redakteur: Adjunk-direkteur)
- Lady Anne Barnard-briewe aan Henry Dundas (geredigeer deur Direkteur)
- Francois Le Vaillant (Direkteur in samewerking met Biblioteek van Parlement oor navorsing voortvloeiende uit die aanwins van oorspronklike sketse en die publikasie van 'n boek)
- Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Biblioteek met betrekking tot sosiale lewe van sy tyd
- Bibliografie van Afrika-bibliografieë suid van die Sahara.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Biblioteek dra 'n verslag oor sy aktiwiteite by tot die jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding. Die Biblioteek se eie verslag verskyn tweejaarliks of minder dikwels.

Die Biblioteek publiseer die Kwartaallikse Bulletin van die Suid-Afrikaanse Biblioteek (R2,00 p.j.) en die Mendelssohn-hersieningsprojek-bulletin, driemaandeliks, vry op aansoek deur bona fide inrigtings met gemeenskaplike belange.

Publikasies

Africana Nova: 'n driemaandelikse bibliografie van boeke wat op die huidige tydstip in en oor die Republiek van Suid-Afrika gepubliseer is, gebaseer op die aanwinste vir die Africana-departement van die Suid-Afrikaanse Biblioteek, insluitende materiaal wat deur Pliglewering ontvang word. 1958 (1+2), 1959-1969 (4) Gestaak.

Die Biblioteek dra nou by tot die S.A. Nasionale Bibliografie (Staatsbiblioteek).

LAS CASES, Comte de. My residence at the Cape (1817). Introd. and notes by O.H. Spohr, Cape Town, A.A. Balkema, 1970.

SMITH, H.H. comp. African court calendar for 1801. Cape Town, Government Press, 1801. Facsimile reprint. 1970. (Cape Almanac series 1).

THE EARLIEST Cape printing, 1796-1801. 1971. (S.A. Library reprint series 1).

## D E P A R T E M E N T   V A N   N A S I O N A L E   O P V O E D I N G

KUNSGALERYE

MICHAELIS-VERSAMELING

Die Ou Stadhuis, Groentemarkplein,
Kaapstad

Telefoon: 34015

Kurator: Mnr. W.H. Gravett

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Hierdie Kunsgalery is in 1916 tot stand gebring. Dit bevat 17de eeuse Hollandse en Vlaamse kuns.

Beheer en administrasie: Die Museum word deur 'n Raad van Trustees beheer wat bestaan uit die Burgemeester van Kaapstad en ses Trustees wat deur die Minister van Nasionale Opvoeding aangestel word. Die Raad bestuur en beheer die Versameling. Navorsingsprojekte word deur die Raad en die Kurator geloods en geformuleer.

Personeel: 'n Kurator.

Finansiering: Die Kunsgalery verkry fondse by wyse van 'n staatstoelae.

Fasiliteite: Die biblioteek bevat sowat 1000 bande.

Skakeling: Skakeling is met ander musea bewerkstellig, veral in Nederland, en bestaan in die uitruil van inligting.

NAVORSING

Navorsing het veral ten doel om die name van outeurs en die onderwerpe van skilderye vas te stel.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

'n Jaarverslag word aan die Departement van Nasionale Opvoeding, ander inrigtings soortgelyk aan die Michaelis-versameling, biblioteke en so meer, gestuur.

Die Kunsgalery het 'n Katalogus van die Max Michaelis-versameling (1967) uitgegee. Gedrukte katalogusse van spesiale tentoonstellings word minstens een keer per jaar uitgegee.

## D E P A R T E M E N T   V A N   N A S I O N A L E   O P V O E D I N G

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE KUNSMUSEUM

Goewermentslaan, Kaapstad

Telefoon: 451628
451678

Direkteur: Dr. M. Bokhorst

## ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Kunsgalery is in 1871 tot stand gebring en het in 1895 kragtens wetgewing 'n Nasionale Kunsmuseum geword. Die Kunsmuseum vertoon 19de eeuse Hollandse kuns, 18de, 19de en 20 ste eeuse Engelse kuns, Duitse ekspressionisme, moderne skole en veral Suid-Afrikaanse kuns.

Beheer en administrasie: Die Nasionale Kunsmuseum word deur 'n Raad van Trustees beheer wat bestaan uit een verteenwoordiger van die Stadsraad, vyf regeringsverteenwoordigers, twee verteenwoordigers van die Kunsvereniging, een verteenwoordiger elk van die Universiteite van Kaapstad en Stellenbosch en een verteenwoordiger van die Vriende van die S.A. Nasionale Kunsmuseum.

Personeel: Die personeel bestaan uit die Direkteur, die Assistent-direkteur, vier vakkundige beamptes, een bibliotekaris en drie tegniese en vier administratiewe personeellede.

Finansiering: Die Nasionale Kunsmuseum verkry fondse by wyse van 'n staatsubsidie, 'n toekenning van die Stadsraad en private skenkings.

Fasiliteite: Die biblioteek bevat 3712 bande en 221 tydskriftitels.

Die Opvoedkundige Afdeling van die S.A. Kunsmuseum beskik oor 'n spesiale inligtingsdiens en lesings en gidsbegeleide toere kan op aanvraag gereël word. Daar word weeklikse etensuur-filmvertonings gehou en aandvergaderings word van tyd tot tyd gereël.

Skakeling: Skakeling is hoofsaaklik met die Universiteit van Stellenbosch bewerkstellig, asook met die Universiteite van Kaapstad, Pretoria en Rhodes. Dit bestaan uit die wedersydse gebruik van fasiliteite.

## NAVORSING

Die Nasionale Kunsmuseum werk saam met die universiteite en lede van die publiek om navorsingsgegewens te verkry.

Navorsing wat aan die gang is

Navorsing in verband met toekomstige uitstallings word gedoen. Katalogusse van Europese Skilderkuns en Beeldhoukuns en Europese Afdrukke en Tekeninge word voorberei.

## PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Nasionale Kunsmuseum publiseer 'n jaarverslag wat by die Kunsmuseum verkrygbaar is.

Voorsiening word gemaak vir die beskikbaarheid en bewaring van navorsingsbevindinge deur middel van publikasies, katalogusse en naslaanlêers.

Lys van katalogusse wat sedert 1970 uitgegee is

1970 Suid-Afrikaanse Skilder- en Beeldhoukuns
1970 Jean Welz
1970 Honoré Daumier
1970 Victor Vasarely
1970 Lydenburgse Koppe
1970 Bantoekuns in Metaal
1971 Suid-Afrikaanse Afdrukke en Tekeninge
1971 Beeldhoukuns vir Blindes
1971 Republiekfeesbrosjure
1971 Oscar Kokoscha

1971 Welbore Ker-versameling
1971 Honoré Daumier.

DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

WILLIAM HUMPHREYS-KUNSMUSEUM

Posbus 885, Kimberley Telefoon: 8031

Kuratrise: Mev. H. Smuts

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die William Humphreys-kunsmuseum is in 1952 gestig en is vernoem na sy stigter en weldoener, William Benbow Humphreys, wat 'n groot deel van sy versameling van Europese werke, insluitende meubelstukke, beeldhouwerk en porselein aan die Museum bemaak het. Dokumentasie oor die erkende Noord-Kaaplandse en Oranje-Vrystaatse kunstenaars word onderneem.

Funksies en beleid: Die funksies van die Kunsmuseum is om kuns en veral Suid-Afrikaanse kunswerke te bewaar en om die publiek ten opsigte van kunswaardering op te voed.

Beheer en administrasie: Die Museum word deur 'n Raad bestuur. Lede van die Raad word ingevolge die Wet op Kulturele Instellings 1969 (Wet No. 29 van 1969) deur die Minister van Nasionale Opvoeding benoem.

Die funksies van die bestuursliggaam is om die beleid van die inrigting te formuleer; om reëls neer te lê waarvolgens die sake van die inrigting op behoorlike wyse beheer en bestuur word.

Navorsingsprojekte word deur die Raad beplan.

Uitvoerende mag word deur die Kuratrise beoefen.

Personeel: Die personeel bestaan uit die Kuratrise, 'n deeltydse tikster, 3 oppassers, skoonmakers en 'n nagwag.

Finansiering: Die Kunsmuseum verkry fondse uit 'n regeringsubsidie.

Fasiliteite: Die museumbiblioteek beskik oor n beperkte aantal naslaanwerke.

NAVORSING

Navorsingsgegewens word van kunstenaars oor wie dokumentasie onderneem word, verkry. Foto's, skyfies, bandopnames en koerantuitknipsels word versamel en in kronologiese volgorde op lêer geplaas. Dokumentasie oor die volgende kunstenaars is afgehandel (1970-1971):

- Frans Claerhout
- Iris Ampenberger
- Stefan Ampenberger

- Walter Westbrook

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

'n Jaarverslag word gepubliseer en onder weldoeners, intekenaars, kunsmuseums en die Argief versprei. Kopieë kan van die Kunsmuseum verkry word. Materiaal wat betrekking het op kunstenaars oor wie dokumentasie gedoen is, sal op aanvraag beskikbaar gestel word.

## D E P A R T E M E N T   V A N   N A S I O N A L E   O P V O E D I N G

MUSEUMS

NASIONALE KULTUURHISTORIESE EN OPELUGMUSEUM

Posbus 3300, Pretoria Telefoon: 44-9782

Direktrise: Mev. K. Roodt-Coetzee

Assistent-direkteur: Mnr. D.P.M. Botes

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum is die eerste kultuurhistoriese museum wat in Suid-Afrika tot stand gekom het as 'n volkome selfstandige en outonome staatsondersteunde inrigting met sy eie kuratorium. Dit het in 1964 by wyse van afstigting ontstaan uit die Transvaal-Museum wat self weer 'n voortsetting is van die Staatsmuseum van die Zuid-Afrikaansche Republiek.

By die stigting van die Staatsmuseum in 1892 is daar veel klem gelê op die insameling van historiese gedenkwaardighede, veral uit die periode van die Groot Trek en die pionierstyd in Transvaal. Daar is inderdaad ook voor 1900 in geslaag om 'n indrukwekkende hoeveelheid kultuurvoorwerpe byeen te bring.

Na die Tweede Vryheidsoorlog, toe die Staatsmuseum se naam in 1904 tot Transvaal-Museum verander is, het die klem verskuif na die natuur-wetenskaplike museumtaak. Die kultuurhistoriese materiaal is toe grotendeels in die kelders van die Museum in Boomstraat weggepak en vir nog 'n halwe eeu daarna is daar geen opgeleide vakkundige personeel vir die kultuurhistoriese afdeling aangestel nie. Die natuurkundige materiaal is in 1914 na die Nuwe Museumgebou in Paul Krugerstraat verskuif.

Eers in 1953 is daar weer aandag aan die kultuurhistoriese oudhede gegee en vir die eerste keer sedert 1892 is 'n voltydse vakkundige vir kultuurgeskiedenis aangestel. In 1954 is 'n aparte Komitee uit die Raad aangestel vir die sake van die Kultuurhistoriese Afdeling van die Transvaal-Museum. Van 1954 af het die Kultuurhistoriese Afdeling ten spyte van baie moeilikhede vinnig gegroei. Dit het egter gaandeweg duidelik geword dat die koppeling van die Kultuurhistoriese Afdeling met die Natuurkundige Afdeling stremmend ingewerk het omdat die oogmerke en belange in soveel opsigte uiteenlopend was. Veral nadat die gedagte na vore gekom het om in samehang met die kultuurhistoriese sy ook 'n nasionale opelugmuseum op te rig, was dit duidelik dat 'n skeiding noodwendig moes plaasvind.

Die Kabinet het hierdie mening gedeel en in 1964 het die destydse Minister van Onderwys,

Kuns en Wetenskap aangekondig dat die Kultuurhistoriese Afdeling (met Krugerhuis ingeslote) van die Transvaal-Museum afgestig word as 'n selfstandige, outonome instituut onder die naam NASIONALE KULTUURHISTORIESE EN OPELUGMUSEUM en is aan die Kuratorium opdrag gegee om voorbereidings te tref vir die heroprigting van verteenwoordigende boustrukture uit alle dele van die land.

Die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum spesialiseer op die terreine van die S.A. argeologie en etnologie van die Blanke bevolkingsgroepe. Dit omvat die geskiedenis van Suid-Afrika asook die kultuurgeskiedenis, wat muntkunde en filatelie, huisbou en plaasuitlegte, vervoermiddels en boerdery-implemente, binnenshuise kultuurprodukte soos meubels, silwer en kostume, insluit.

Funksies en beleid: Die Raad van Kuratore het op sy vergadering van 25 November 1965 die volgende formulering van die doelstelling goedgekeur, wat deur die Departement op 3 Februarie 1967 aanvaar is: "Die doel van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum is om tot voordeel van die wetenskap, navorsing, formele onderrig en algemene voorligting en opvoeding, voorwerpe met 'n kultuurhistoriese en aanskouingswaarde te versamel en op 'n gepaste wyse toeganklik te maak vir navorsers, studente, skoolkinders en die algemene publiek."

Die funksies van die Museum kan onder die volgende hoofde gegroepeer word:

- Insameling deur middel van geskenkwerwing, aankoop, veldwerk en opgrawing van die volgende materiaal:

  - Voorwerpe van die kultuur van die Blanke taalgroepe in Suid-Afrika, wat hier vervaardig is of ook elders, maar wat hier gebruik is, en van groepe buite Suid-Afrika in soverre hulle vir vergelykende studie nodig is

  - Etnologiese materiaal wat in verband staan met die Nie-Blanke groepe in Suid-Afrika en ander dele van Afrika, asook vergelykende materiaal uit ander wêrelddele

  - Argeologiese materiaal uit Suid-Afrika, ander dele van Afrika en, in soverre hulle van waarde vir vergelykende studie mag wees, ook van ander wêrelddele

  - Foto's, tekeninge en ander dokumentele prentemateriaal wat 'n absolute noodsaaklikheid vir datering, klassifikasie en plasing van die materiaal is; dit te orden en te katalogiseer ter aanvulling van die voorwerpmateriaal in die museum.

- Registrasie

  Die opstel van registers en katalogusse van sy eie besit en van die materiaal in die besit van privaat persone of wat in die veld voorhande is.

- Restourasie en Versorging

  Die restourasie, bewaring en versorging van die materiaal in sy besit.

- Museumtegniese Navorsing en Voorligting

  - Navorsing oor museumtegniese vraagstukke soos metodes van insameling, restourasie, bewaring, versorging en uitstalling

  - Voorligting in verband met museumtegniese aangeleenthede deur middel van vakansiekursusse in die museumkunde.

- Uitstalling

  - Die opstel van tydelike en permanente uitstallings van voorwerpe uit eie besit en van geleende materiaal

- Die aanskaf of vervaardiging van die nodige vertoonkaste en replikas, modelle en ander bykomstige benodigdhede

- Navorsing, vereis vir die uitstalling.

Beheer en administrasie: Die Museum word deur 'n Raad van Kuratore met veertien lede beheer, van wie ses lede deur die Minister van Nasionale Opvoeding aangestel word en die res bestaan uit verteenwoordigers van die Universiteit van Pretoria, die Stadsraad van Pretoria, die Transvaalse Onderwysdepartement, die Pretoriase Kamer van Koophandel, die Publisiteitsvereniging van Pretoria, die Genootskap Oud-Pretoria en die Universiteit van Suid-Afrika.

Regeringsverteenwoordigers word in hulle persoonlike hoedanigheid deur die Minister van Nasionale Opvoeding aangestel, terwyl die ander lede elk 'n benoemde verteenwoordiger van elke vermelde instansie is.

Die funksies van die Raad van Kuratore soos bepaal in die Wet op Kulturele Inrigtings, 1969 (Wet 29 van 1969) en die regulasies daaronder afgekondig onder Goewermentskennisgewing 1168 van 11 Julie 1969 is -

- om alle roerende goed van watter aard ook al wat in die bewaring van sy verklaarde inrigting geplaas is of daaraan geleen is of behoort, in sy besit te hou en te bewaar;

- om alle monsters, versamelings of ander roerende goed wat aan sy sorg en beheer toevertrou is, te ontvang, in sy besit te hou en te bewaar;

- om die gelde deur sy verklaarde inrigting ontvang, te bestuur en te beheer en daardie gelde aan te wend vir die bestryding van onkoste in verband met die verrigting van die Museum se werksaamhede;

- om behoorlik boek te hou van die eiendom van die verklaarde inrigting onder sy beheer, om aan die Sekretaris van Nasionale Opvoeding enige opgawes deur hom in verband daarmee vereis, voor te lê en om toe te sien dat behoorlike rekeningboeke gehou word; en

- om in die algemeen die doeleindes en oogmerke van sy verklaarde inrigting te verwesenlik.

Die Raad kan, behoudens die goedkeuring van die Minister, bepaal gedurende watter ure en op watter voorwaardes en onderworpe aan watter beperkings die publiek of enige groep persone of persone van 'n bepaalde ras of klas sy verklaarde inrigting of 'n gedeelte daarvan kan besoek en watter toegangsgelde betaal moet word.

Navorsingsprojekte word deur die hoof van elke vakkundige afdeling in voortdurende oorleg en in noue samewerking met die Direktrise beplan, geformuleer en, nadat die goedkeuring van die Raad vir die projek verleen is, onder die beheer en toesig van die Direktrise uitgevoer.

Die uitvoerende mag word deur die Direktrise beoefen of deur 'n beampte aan wie die uitvoering van bepaalde take skriftelik deur haar opgedra is.

Struktuur: Die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum beheer die Krugerhuis, die Museum in Boomstraat, die Museum by die Voortrekkermonument en die Pioniershuis, Silverton; beplan die Nasionale Opelugmuseum; besit pakkamers en skure onder die amfiteater by die Voortrekkermonument, in Visagiestraat, in die Dieretuin, in George Storrarweg, Groenkloof, en besit militêre voorwerpe in bruikleen in Fort Klapperkop.

Die Museum bestaan uit die volgende afdelings:

- Die Afdeling Argeologie, wat navorsing oor prehistoriese implemente, rotstekeninge en rotsgravures doen, asook oor die myn, smelt en verwerking van metale deur die prehistoriese mens in Afrika.

- Die Afdeling Etnologie, wat navorsing oor die materiële kultuur van die verskillende Bantoevolkseenhede in Transvaal doen.

- Die Afdeling Muntkunde en Filatelie, wat navorsing oor Suid-Afrikaanse munte, medaljes en gedenkpennings doen. 'n Wêreldwye versameling posseëls, gedenkkoeverte en posslagspreuke word op datum gehou.

- Die Afdeling Geskiedenis, wat navorsing onderneem oor die geskiedenis en historiese figure, veral van Pretoria.

- Die Afdeling Kultuurgeskiedenis, wat drie Onderafdelings behels, t.w. Algemeen, Suid-Afrikaanse meubels en tekstielware, doen navorsing oor Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis van die sewentiende tot die negentiende eeu.

- Die Afdeling Krugerhuis-museum, wat navorsing doen oor onderwerpe wat verband hou met die lewe en loopbaan van president S.J.P. Kruger en sy medewerkers en die geskiedenis van sy tydperk. Die Krugerhuis was die woning van die laaste Staatspresident van die Suid-Afrikaanse Republiek. Dit is tans 'n nasionale gedenkwaardigheid. Die aangrensende vertoonlokale bevat 'n uitgebreide gedenkversameling van dokumente en voorwerpe wat met president Kruger, sy lewe en bewind verband hou.

- Die Afdeling Voortrekkermonumentmuseum, wat navorsing doen oor die lewe en werk van die Voortrekkerleiers, die geskiedenis en sosiale lewe van die Voortrekkertydperk en die geskiedenis van die Trekkers.

- Die Afdeling Dokumentêre Kuns, wat navorsing doen oor kuns van 'n dokumentêre aard van Suid-Afrikaanse skilders en beeldhouers.

- Die Afdeling Opvoedkundige Dienste, wat lesings en voorligting vir belangstellende toehoorders in die Museum reël, en aan georganiseerde groepe laer- en hoërskoolleerlinge sowel as volwassenes voorlesings gee.

- Die Afdeling Nasionale Opelugmuseum, wat navorsing doen oor veral volksargitektuur, d.w.s. die boustrukture van die Blanke en Nie-Blanke bevolkingseenhede van kultuurhistoriese belang, vir oprigting in die Opelugmuseum op 'n terrein van ongeveer 54 hektaar, wat deur die Stadsraad van Pretoria geskenk is.

- Die Afdeling Pioniershuis, Silverton, wat navorsing doen oor die opstal se verlede t.o.v. boustyl en -tegniek, die lewenswyse van die bewoners soos geopenbaar in die soort tuinerye en boerdery; die afkoms en lotgevalle van die bewoners van die huis.

Personeel: Die Blanke personeel bestaan uit die Direktrise, die Assistent-direkteur, sewe vakkundige personeellede, ses museumassistente, sewe tegnici, nege administratiewe personeellede en ses opsigters.

Finansiering: Die Museum verkry fondse vir navorsing by wyse van 'n regeringsubsidie en skenkings uit private bronne. Die uitgawe aan navorsing vir 1971/72 het R64 629 beloop.

Fasiliteite: Die Museum beskik oor 'n goed toegeruste restourasielaboratorium vir die restoureer van oudhede, veral hout, metaal en tekstiel. Verder het dit 'n werkswinkel met masjinerie waar vertoonkaste gemaak en ander tegniese dienste gelewer word. Dit beskik ook oor 'n ingerigte fotografiese ateljee en donkerkamer en besit vyf motorvoertuie en kamptoerusting. Die biblioteek bevat 2164 bande en teken op 25 tydskrifte in.

Skakeling: Die Afdeling Opvoedkundige Dienste gee voorligting binne en buite skoolverband aan Blanke hoër- en laerskoolleerlinge, studente en volwassenes, terwyl die vakkundige personeel advies en inligting verskaf.

Die Museum beskik oor 'n openbare Skakelafdeling wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir

skakeling met kapitaalkragtige individue, verenigings en maatskappye met die oog op die verkryging van fondse vir die Nasionale Opelugmuseum.

Gereelde skakeling word behou met die openbare pers en die SAUK, aan wie berigte oor nuuswaardige Museumaangeleenthede verskaf word.

Skakeling met die oog op navorsing is met die volgende liggame en instansies bewerkstellig:

- Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

  Die Noordweste - 'n Kultuurhistoriese studie met spesiale verwysing na Boustrukture

  Die Geskiedenis van die Afrikaner in Oos-Afrika

  Versieringsmotiewe in die Suid-Afrikaanse Volkskuns.

- YSKOR, die SABS, die WNNR, die Nasionale Filmraad

  Voorhistoriese mynbou in Suid-Afrika
  Standaardbenamings van houtsoorte.

- Departement van Bosbou

  Identifisering van houtsoorte gebruik in kultuurhistoriese voorwerpe.

- Departement van Landbou-tegniese Dienste

  Doeltreffende bestryding van houtinsekte
  Grondsoortontleding.

- Privaat firmas

  Onkruidbestryding op die Opelugmuseumterrein
  Pesbestryding in tekstiel en hout.

- Museums (nasionaal,provinsiaal en munisipaal)

  Opleiding van personeel en uitruil van publikasies, advies en inligting.

- Die Munisipaliteit van Pretoria

  Plante wat vir die Opelugmuseum gekweek moet word; vervoer van vertoonstukke, berging van vertoonstukke, ens.

- Universiteite

  Opleiding van vakkundige personeel.

- Onderwyskolleges

  Aanbieding van kursusse in museumkunde vir onderwysstudente.

- Die Suid-Afrikaanse Polisie

  Verkryging van gekonfiskeerde Bantoe-gebruiksvoorwerpe vir Museumnavorsings- en uitstaldoeleindes.

- Geologiese Opname

  Bodemstruktuur van die terrein van die Nasionale Opelugmuseum.

- S.A. Munt

  Ou muntstukke en jaarlikse uitgifte.

- Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie

  Nuusitems, oggendpraatjies oor munte, afskrifte van die program oor Namakwaland in die reeks "Ons Land en Sy Mense".

- Die Staatsargief

  Verkryging van inligting oor historiese figure.

OPLEIDING

Navorsingspersoneel ontvang indiensopleiding deur middel van:

- reekse lesings in die Museum in Boomstraat deur gesaghebbendes oor die funksies, taak en werksaamhede van museums van die vroegste tye tot vandag;

- die bywoning van studiekonferensies soos kongresse van die Suid-Afrikaanse Museumsvereniging, die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van die Wetenskap, die Suid-Afrikaanse Argeologiese Vereniging, ens.

- lesings deur navorsingspersoneel in Kultuurgeskiedenis en Museumkunde aan studente van die Pretoriase Onderwyskollege, student-diplomate van die Departement van Buitelandse Sake;

- persoonlike leiding van die Direkteur ten opsigte van navorsingsprojekte en -tegnieke, registrasie- en klassifikasiemetodes, ens.

NAVORSING

Instansies waarmee saamgewerk word om navorsingsgegewens te verkry, sluit die volgende in:

- Die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad

  Ontleding van klei wat vir kleipotte gebruik is; die digtheid van klei wat vir die vloere van ou huise gebruik is; die temperatuur en die voggehalte van uitstallokale, koolstofdatering van gemummifiseerde voorwerpe, die voor- en nadele van die bewaring van munte in plastiekhouers, beligting in vertoonkaste, voggehalte.

- Die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde

  Chemikalieë wat gebruik moet word om ou leer, metale, papier en tekstielware te bewaar; politoer en vernis vir outydse meubels; standaardbenamings van houtsoorte gebruik in meubels.

- Die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie

  Tegniese data in verband met prehistoriese metaalbewerking; ontleding van metale wat in outydse voorwerpe gebruik is.

- Departement van Bosbou

  Ontleding van hout wat in outydse gebruiksartikels gebruik is; advies oor inheemse bome wat op die terrein van die Nasionale Opelugmuseum aangeplant kan word.

- Departement van Landbou-tegniese Dienste

- Botaniese Navorsingsinstituut

  Inheemse plante en kruie wat deur die Bantoe gebruik is; inheemse bome wat op die terrein van die Opelugmuseum sal aard; beheer van insekte en onkruid.

- Grondnavorsingsinstituut

  Ontledings van verskillende grondsoorte.

- Suid-Afrikaanse Munt

  Geskiedenis van ou muntstukke.

Die insameling van gegewens geskied deur veldwerk en navorsingsreise wat onderneem word, waartydens volledige aantekeninge en bandopnames van gesprekke met inwoners gemaak word oor herinneringe, boererate, outydse resepte, volksgelowe, volksgeneesmiddels, ens. Die geskiedenis van elke ingesamelde kultuurvoorwerp word volledig gekatalogiseer.

Biblioteke, die Argief, museums en ander instansies word genader vir die beskikbaarstelling van literatuur en ander materiaal wat oor navorsingsonderwerpe handel.

Navorsingsprojekte wat onlangs afgehandel is

- Die Vervaardigingstegniek van goue krale van Zimbabwe, Igombe, Iledi en Mapungubwe - voltooi in samewerking met mnr. Erich Frey
- Die ou Klok van Aughrabies (Chubut se Kerkklok)
- F.P. Naudé van Bethlehem (Die Beloofde Land van Paul Naudé)
- J. Coetzee - 'n Jong Kaapse Rebel
- Historiese kerkbou in Pretoria (van die ontstaan van Pretoria tot ongeveer 1904)
- Voortrekkermonumente in Suid-Afrika
- 'n Voortrekkerpionier, Theodorus C.J. Erasmus
- Brosjure oor die Voortrekkermonumentmuseum
- Gids oor die Voortrekkermonumentmuseum
- Die Onderwys gedurende die Groot Trek.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Prehistoriese mynbou in Transvaal
- Die Noordweste - 'n Kultuurhistories studie met spesiale verwysing na Boustrukture
- The Dandy Rolls of the Contemplated Stamp Issue
- Stempels vir die president T.F. Burgers-ponde, 1874
- Die Geskiedenis van die Posstempels in die Z.A.R. en die O.V.S.

In die Afdeling Geskiedenis het dr. Ria Hugo meer as 700 ere-adresse aan genl. J.B.M. Hertzog geklassifiseer en beskrywe, en sy is tans besig om hulle teen hul historiespolitieke agtergrond te interpreteer en te waardeer.

## PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

'n Jaarverslag word gepubliseer en is op aanvraag by die Museum verkrygbaar. 'n Gereelde tydskrif word beplan.

Navorsingsresultate word in die biblioteek bewaar. Dit word versprei deur publikasie in verskillende tydskrifte en aan navorsers verstrek wat in die Museum navorsing doen. Navorsingsbevindinge is ook saamgevat in negentien radiopraatjies deur die afdelings Geskiedenis en Seëls en Munte.

Die volgende artikels, geskryf deur personeel van die Museum na aanleiding van navorsing wat hulle gedoen het, het in verskeie tydskrifte verskyn:

Argeologie

KLIPWERKTUIE en hulle posisie in die Steentydperk; Datering en Rotsgravures. Blad van die Biologiese Vereniging. Goudrif Hoërskool, I (2,3 en 4).

WAT is Argeologie. Blad van die Biologiese Vereniging. Goudrif Hoërskool, I.

TABAK en Rookgewoontes onder die Bantoe van Suid-Afrika. Die Goue Blaar (Muller en Retief). 1970.

Prehistoriese Meesterstukke. Publikasie van die NASKO-Museum.

Geskiedenis

Die GEBOORTEDATUM van pres. S.J.P. Kruger. Hoofstad. 10 Okt. 1970.

Die Geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee.

Die SENDINGSKETSE van H.T. Wangemann. Historia.

Die SUID-AFRIKAANSE Polisie langs Namakwaland se kus. SARP. Sept. 1970.

Seëls en Munte

AGTIEN kort artikels oor munte. Ensiklopedie van die Wêreld.

BYBELVERWYSINGS op Munte. Bickels' Coin and Medal News. Des. 1971/Jan. 1972.

The DANDY Rolls of the contemplated Kruger Stamp Issue. S.A. Philatelist.

EERBEWYSE aan pres. Paul Kruger. Publikasie van die NASKO-Museum. 1970.

Die GEBRUIK van Begrafnispennings. Bickels' Coin and Medal News. Okt. 1970.

GELDSTUKKIE wat is jou verhaal? Bickels' Coin and Medal News. Junie/Julie 1971.

GESKIEDENIS van die NASKO-Museum. Standaard-Ensiklopedie van Suider-Afrika.

Die JONG Roscius (1791-1874). Bickels' Coin and Medal News. Okt./Nov. 1971.

De MAN was nie 'n man nie. Bickels' Coin and Medal News. Des/Jan. 1970.

'n MEDALJE toegeken vir Seiljag. Bickels' Coin and Medal News. Julie 1970.

MODELMUNTE van die Z.A.R. 1874-1902. (Ter perse.)

NEDERLANDSE Gedenkpennings. Publikasie van die NASKO-Museum. 1970.

Die SEËLVERSAMELING van die NASKO-Museum in Pretoria. S.A. Philatelist. April 1972.

SONDAGKALENDERS. Bickels' Coin and Medal News. April/Mei 1972.

'n TALER in die tyd van Mozart. Bickels' Coin and Medal News. Des/Jan. 1970.

'n TUISTE van Numismatici. Lantern. Maart 1970.

VIERENSESTIG Jaar Regeerder. Bickels' Coin and Medal News. Junie/Julie 1972.

D E P A R T E M E N T   V A N   N A S I O N A L E   O P V O E D I N G

NASIONALE MUSEUM

Posbus 266, Bloemfontein   Telefoon: 7-3027

Direkteur: Mnr. J.J. Oberholzer

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Nasionale Museum wat in 1877 gestig is, is 'n omnibusmuseum met die volgende afdelings: Dierkunde, Insektekunde, Paleontologie, Argeologie, Etnologie en Geskiedenis. Daar is ook 'n Opvoedkundige Afdeling en 'n Biblioteek.

Funksies en beleid: Die funksie van die Nasionale Museum is die versameling, bewaring en bestudering van voorwerpe van natuur- en kultuurhistoriese belang en die gebruik daarvan vir opvoedkundige doeleindes. Navorsingsprojekte word in ses afdelings onderneem.

Beheer en administrasie: Die Museum word beheer deur 'n Raad bestaande uit agt lede. Die Minister van Nasionale Opvoeding stel vyf lede aan, die Departement van Onderwys een en die Stadsraad van Bloemfontein twee. Die Raad bepaal die beleid en beheer die finansies van die Museum. Die Direkteur beplan navorsingsprojekte in oorleg met die navorsingspersoneel en na goedkeuring deur die Raad word dit verder geformuleer en uitgevoer. Uitvoerende mag word deur die Direkteur beoefen.

Struktuur: In die volgende ses afdelings word navorsingswerk onderneem, naamlik: Dierkunde, Insektekunde, Paleontologie, Argeologie, Etnologie en Geskiedenis. Die afdeling Opvoedkunde skakel met skole en die publiek. Die Biblioteek voorsien in die behoeftes van navorsingspersoneel. Daar is ook 'n administratiewe afdeling, kunsafdeling en werkswinkels.

Personeel: Daar is tien vakkundiges, een bibliotekaris, een biblioteek-assistent, 8 tegniese beamptes, en drie administratiewe personeellede op die personeel asook twee opsigters en twaalf Nie-Blankes.

Finansiering: Die Museum verkry sy fondse uit 'n staatsubsidie.

Fasiliteite: Die Museum beskik oor 'n biblioteek met sowat 44 000 bande, met 'n ruilskema met 397 institute oor die hele wêreld. Verder het dit twee fotokopiemasjiene, 'n donkerkamer, 'n tegniese werkswinkel en so meer.

Die Opvoedkundige afdeling skakel met skole en die publiek, en verskaf 'n spesiale inligtingsdiens. Reekse kleurskyfies met betrekking tot skoolleerplanne is beskikbaar.

Skakeling: Skakeling vir navorsingsdoeleindes wissel na gelang van die spesifieke programme van bepaalde afdelings. Navorsingsfasiliteite word aan besoekende wetenskaplikes gebied.

NAVORSING

Navorsing wat onlangs afgehandel is

- Vroeë Geskiedenis van Lugvaart in Suid-Afrika.

Navorsing wat aan die gang is

- Taksonomie van Oribatei (Acari)
- Gedragstudies van voëls

- Studies van die rooijakkals
- Morfologie van die grasdraertermiet
- Boesmankuns
- Plaaslike geskiedenis
- Morfologie van Thrinaxodon
- Invloed van X-strale op die ontwikkeling van die mesonephros van Xenopus.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Museum publiseer 'n jaarverslag oor sy navorsingswerk, administratiewe en ander aangeleenthede.

Navorsingsbevindinge word in twee wetenskaplike tydskrifte gepubliseer wat ongereeld verskyn, naamlik Navorsinge van die Nasionale Museum (Researches of the National Museum) en Memoirs van die Nasionale Museum (Memoirs of the National Museum).

Onlangse publikasies

HOFFMAN, A.C. en BAARD, E. Bushmen engravings on walking sticks, a calabash and ostrich egg-shells. Navorsinge van die Nasionale Museum. II (8), Mei 8, 1969.

SAMPSON, Garth. Middle Age Industries of the Orange River Scheme Area. Memoirs van die Nasionale Museum. 4, 1969.

SAMPSON, Garth. The Smithfield industrial complex: Further field results. Memoirs van die Nasionale Museum. 5.

D E P A R T E M E N T   V A N   N A S I O N A L E   O P V O E D I N G

NATALSE MUSEUM

Loopstraat 237, Pietermaritzburg    Telefoon: 41604

Direkteur: Dr. J.A. Pringle

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Natalse Museum wat ingevolge Wet No. 29 van 1969 'n verklaarde inrigting is, is oorspronklik in 1903 in die lewe geroep.

Die navorsingsrigtings in die geesteswetenskappe is die Argeologie, naamlik werk insake kuspuinhope en ander neerslae van vroeë Bantoevestiging; Kultuurgeskiedenis; en Etnologie, naamlik navorsing insake die materiële kultuur van die Nguni in Natal.

Funksies en beleid: Die Natalse Museum streef daarna om die funksies van 'n kulturele, wetenskaplike en opvoedkundige inrigting te vervul, om as bewaarplek vir betekenisvolle voorwerpe in die natuurhistoriese, kultuurhistoriese, argeologiese en etnologiese rigtings en ook as navorsingsentrum in geselekteerde afdelings van hierdie rigtings te dien.

Beheer en administrasie: Die beherende liggaam van die Museum is die Museumraad, wat

uit twaalf lede bestaan, van wie tien deur die Minister van Nasionale Opvoeding, een deur die Natalse Provinsiale Administrasie en een deur die Pietermaritzburgse Stadsraad benoem word.

Die funksies van die Museumraad is om oor die bestuur, personeelvoorsiening en finansiële aangeleenthede van die Museum toesig te hou en om sy toekomstige ontwikkeling te beplan.

Die Museumraad baken die navorsingsrigting van elke navorsingsbeampte af maar die projekte word deur elke beampte geformuleer en uitgevoer.

Uitvoerende mag word deur die Direkteur beoefen.

Struktuur: Die navorsingsafdeling van die museum bestaan uit verskeie departemente, elk waarvan deur 'n vakkundige beampte beheer word, wat vir die insameling, aantekening en bewaring van die materiaal asook vir die ondersoek van hierdie materiaal en die publikasie van die bevindinge van hierdie ondersoeke verantwoordelik is.

Personeel: Een voltydse etnoloog en een ere-argeoloog is in die diens van die museum.

Finansiering: Die Museum verkry fondse hoofsaaklik van die Departement van Nasionale Opvoeding, met klein toelaes van die Natalse Provinsiale Administrasie en die Pietermaritzburgse Stadsraad. Die begroting vir 1971/72 is R116 936.

Fasiliteite: Die Museum beskik oor 'n uitgebreide navorsingsbiblioteek, hoofsaaklik van natuurhistoriese aard.

## NAVORSING

Navorsing wat aan die gang is

- Uitgrawings in vroeë kuspuinhope en Bantoevestiging in Natal
- Vroeë Zoeloekraalwerk in Natal.

## PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Museum publiseer 'n jaarverslag.

Ander publikasies sluit in Annals of the Natal Museum, Annale van die Natalse Museum wat deur middel van uitruiling, intekening of verkoping versprei word.

Daar is 'n verskil in die pryse van die afsonderlike bande.

Navorsingsbevindinge word in die Annale of ander toepaslike tydskrifte gepubliseer.

Onlangse publikasies:

DAVIES, O. Pleistocene beaches of Natal. Annals of the Natal Museum. 20(2), 1970: 403-442.

DAVIES, O. A West African stool with gold overlay. Annals of the Natal Museum. 20(3), 1971: 467-477.

D E P A R T E M E N T   V A N   N A S I O N A L E   O P V O E D I N G


OORLOGSMUSEUM BLOEMFONTEIN

Posbus 704, Bloemfontein

Telefoon: 7-3447
Telegramme: OORLOGSMUSEUM

Direkteur: Mnr. K. J. Pienaar


ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Oorlogsmuseum is op 30 September 1931 deur die Nasionale Vrouemonumentkommissie gestig met die doel om historiese stukke soos snuisterye (gemaak deur krygsgevangenes), oorlogstukke, klerasie, foto's,lektuur, huishoudelike artikels, oorlogsdagboeke ens. in bewaring te neem, uit te stal, te verwerk en aan navorsers beskikbaar te stel.

Weens die gebrek aan die nodige fondse om die begonne taak end-uit deur te voer, het die Staat in 1934 sy eerste bydrae van R600,00 p.j. tot die instandhouding van die inrigting bygedra, maar met die voorwaarde dat die museum en 'n gedeelte van die terrein aan die Staat oorgedra sal word. In 1947 is die staatstoelaag tot R800,00 p.j. verhoog en is 'n kurator in voltydse hoedanigheid aangestel. Die versameling het intussen egter so aangegroei dat bykomende akkommodasie noodsaaklik geword het. In 1952 is die inrigting deur die Staat tot 'n museum verklaar en in 1956 is gedeeltelik in die akkommodasiebehoeftes voorsien toe 'n dubbelverdiepingvleuel en 'n klein biblioteeksaal aangebou is. Bouwerk aan 'n drieverdiepingvleuel is tans aan die gang en sal teen Augustus 1972 voltooi wees; dan sal die inrigting met die stukke tot sy beskikking in staat wees om die vryheidsoorloë en gewapende botsings vanaf 1880 -1914 in hulle verskillende fasette van oorsaak, verloop en gevolg, planmatig en kronologies uit te beeld.

Die inrigting spits hom tans toe op die verwerking van die versamelde materiaal, en wel op die volgende gebiede:

- Die wetenskaplike bewaring, restourasie en uitstal van alle uitstalstukke
- die opstel van 'n volledige katalogus van die museuminhoud
- die opspoor en insamel van nog bestaande stukke oor die betrokke tydperk
- daarstel van 'n foto-dokumentasiesentrum oor die betrokke tydvak
- die verwerking en publikasie van oorlogsdagboeke en -herinneringe in die De Wet-annale (in samewerking met die Suid-Afrikaanse Akademie) (Die eerste publikasie sal hopelik vanjaar nog verskyn.)
- die opstel van 'n omvattende bibliografie oor die tydperk 1880 - 1914
- die lewer van 'n opvoedkundige diens d.m.v. lesings en skyfievertonings aan skool- en naskoolse groepe, en
- sodra meer geld en personeel beskikbaar is, die aanpak van 'n uitgebreide navorsingsprojek oor alle aspekte van die Vryheidstryd van die Afrikaner (1880 - 1914).

Funksies en beleid: Die funksies van die Oorlogsmuseum omvat die volgende:

- Die insamel, bewaar, uitstal en verwerking van alle stukke en lektuur oor die vryheidstryd van die Afrikaner (1880 - 1914)
- Die beskikbaarstel van alle gegewens aan navorsers
- Die uitvoer van navorsingsprojekte oor die vryheidstryd

- Die lewer van 'n opvoedkundige diens aan skool- en naskoolse groepe
- Die daarstel van 'n foto-kabinet oor die vryheidstryd
- Die publikasie van navorsing, dagboeke en herinneringe.

Beheer en administrasie: Die Museum word beheer deur die Raad van die Oorlogsmuseum wat aan die Minister van Nasionale Opvoeding en die Sekretaris van Nasionale Opvoeding verantwoordelik is.

Die presiese funksies van die bestuursliggaam, soos uiteengesit in Staatskoerant 1151 van 11 Julie 1969 bepaal soos volg:

"8 (1). Behoudens die bepalings van die Wet en hierdie regulasies -

(a) formuleer 'n raad die beleid van 'n inrigting;

(b) bepaal 'n raad, in die geval van 'n inrigting met navorsingsfunksies, die navorsingsprojek wat sy beamptes of werknemers onderneem;

(c) adviseer 'n raad die Minister oor aangeleenthede waarmee die inrigting te doen het; en

(d) verstrek 'n raad die inligting wat die Sekretaris verlang.

(2). Behoudens die bepalings van die Wet en die regulasies, skryf 'n raad reëls voor vir die behoorlike beheer en bestuur van die sake van die inrigting met inbegrip van reëls aangaande -

(a) die prosedure by vergaderings van die raad;

(b) die ontvangs, veilige bewaring, verantwoording, bank, uitgawe van en beheer oor die fondse van die inrigting;

(c) die prosedure in verband met die vra en aanneem van tenders vir die uitvoering van werk namens die inrigting en in verband met die verskaffing van goedere en materiaal aan die inrigting; en

(d) die verantwoording van en beskikking oor voorrade, uitrusting, lewende hawe, biblioteekmateriaal en artikels wat vir vertoon -, navorsings - of studiedoeleindes gehou word en enige ander roerende goed van watter aard ook al wat aan die inrigting behoort of aan sy sorg toevertrou is.

(3). Enige reëls m.b.t. aangeleenthede genoem in subregulasie (2) (b), (c) en (d) is onderhewig aan goedkeuring van die Sekretaris."

Navorsingsprojekte word deur die Raad, op advies van die Direkteur, beplan en geformuleer en deur die Direkteur en personeel van die inrigting, en waar nodig met behulp van die Geskiedenisdepartement van die UOVS, uitgevoer. Uitvoerende mag word deur die Direkteur beoefen.

Struktuur: Die werksaamhede van die Museum word behartig deur:

- Raad van Beheer bestaande uit 7 lede van wie 4 deur die Staat en 3 deur die Nasionale Vrouemonumentkommissie benoem word
- Die Direkteur, 'n Senior Administratiewe Assistent en 'n Vroue-assistent (tikster) behartig alle administratiewe en finansiële aangeleenthede
- Die vakkundige afdeling is verantwoordelik vir die identifisering van alle voorwerpe en foto's en vir die uitvoering van alle navorsingsprojekte en beskikbaarstel van stukke vir uitstallings en beplanning van uitstallings
- Die tegniese afdeling is verantwoordelik vir die fotografiese werk, restou-

rasie, uitstallings en enige aangeleentheid wat suiwer tegniese kennis vereis

- Die Sekuriteitsafdeling is verantwoordelik vir die veilige bewaring van alle stukke, vir die toesig oor en instandhouding van die terrein en vir die daaglikse skoonmaak van die kantore, werkswinkels, laboratoria, die museum ens.

Personeel: Daar is drie professionele en sewe administratiewe en ander personeellede aan die Museum verbonde.

Finansiering: Fondse word uit staatstoelae en donasies verkry.

Fasiliteite: Die Museum het toegang tot die Vrystaatse Argiefbewaarplek, die Instituut vir Eietydse Geskiedenis (UOVS), private boekerye en musea. Die biblioteek van die Museum bevat 750 boeke en ongeveer 200 tydskrifte en brosjures oor die tydvak 1880 - 1914, waarvan heelwat kontemporêre literatuur uit 1899-1902 is.

Inligtingsdienste het slegs betrekking op die tydvak van die inrigting, en word aan skoolgroepe, naskoolse groepe, studente en buitelandse besoekers verskaf.

Skakeling: Die Museum is, met die oog op gesamentlike navorsing, gesamentlike gebruik van geriewe en geldelike bystand, met die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die Departement van Nasionale Opvoeding (Museums en Argiefbewaarplekke), geskakel.

## NAVORSING

Die Museum onderneem, in samewerking met universiteite, argiefbewaarplekke, musea en private instansies, dokumentêre navorsing. Gegewens word verwerk vir proefskrifte en vir toepassing in die stelsel van fotodokumentasie.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Fotodokumentasie
- Die lewe van die Krygsgevangenes (1900-1902)
- Die militêre organisasie van die Boerekommando's.

## PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

'n Jaarverslag oor die werksaamhede van die inrigting word opgestel en aan die Departement van Nasionale Opvoeding gestuur.

Van 1971 af sal die De Wet-annale jaarliks in samewerking met die Suid-Afrikaanse Akademie verskyn en deur hulle versprei word.

Alle navorsingsbevindinge sal jaarliks in die De Wet-annale gepubliseer word.

# DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

## STAATSMUSEUM WINDHOEK

Posbus 1203, Windhoek, SW.                Telefoon: 8507

Direkteur: Mnr. C.G. Coetzee

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die uitstallings en navorsingswerk van die Museum oor Geskiedenis, Kultuurgeskiedenis, Volkekunde, Fisiese Antropologie en Argeologie is op probleme in Suidwes-Afrika toegespits.

Soos dit tans bestaan, is die Museum in 1956 gestig.

Funksies en beleid: Die funksies en beleid van die Museum is om stof en relevante inligting m.b.t. die bogemelde studievelde te versamel; om die versamel van stof op te volg met verdere navorsing en ontleding van stof, en om die bevindinge te publiseer en/of dit d.m.v. uitstallings onder die aandag van die publiek te bring.

Beheer en administrasie: Tot 31 Maart 1969 is die Museum regstreeks deur die Administrasie van Suidwes-Afrika in die persoon van die Direkteur van Onderwys bestuur. Vanaf 1 April 1969 is beheer deur die Departement van Kultuursake in die Republiek van Suid-Afrika oorgeneem, en ressorteer dit tans onder die Departement van Nasionale Opvoeding.

Struktuur: Die personeel word verdeel in vakkundige, tegniese, en administratiewe afdelings. Die vakgebiede waarop navorsing gedoen word is Kultuurgeskiedenis, Sosiale Wetenskappe en Natuurwetenskappe.

Personeel: Die professionele personeel bestaan uit die Direkteur en nege vakkundiges van wie vyf met geesteswetenskappe gemoeid is.

Finansiering: Fondse word uit die staatsbegroting verkry.

Fasiliteite: Geen besondere navorsingsgeriewe is beskikbaar nie. Die Museum beskik oor 'n biblioteek met 'n boekery van 2 000 boeke en 800 tydskrifreekse.

Skakeling: Skakeling is soos volg gereël:

- WNNR (Nasionale Voedingsnavorsingsinstituut): Chemiese ontleding van veldkosse
- Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing: Hematologiese navorsing oor die mense van Suidwes-Afrika
- Samespreking met universiteitspersoneel oor die beplanning van volkekundige navorsing (Universiteit van Pretoria) en fisiese, antropologiese en argeologiese uitgrawings (Universiteite van die Witwatersrand en Kaapstad)
- H. Hitseroth (Afrika-Instituut van SA en die Universiteit van Pretoria) i.s. Fisies-antropologiese studies in die Kaokoveld
- Dr. E. Wendt se argeologiese werk in Suidwes-Afrika word ten volle deur die Duitse Navorsingsraad geborg, hoewel sy werkprogram deur die Museum beplan word en alle versamelings in die Museum gehuisves word.

OPLEIDING

Tegniese opleiding van personeel word onderneem.

NAVORSING

Die Museum werk saam met die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling in die Republiek om eksperimentele gegewens te verkry.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Uitgrawings in afvalhope aan die kus en op rotstekeningterreine in die aangrensende binneland, met die oog op vergelyking (Dr. E. Wendt)

- Ontleding van die artefakte wat op die plek van die olifantslagting by Windhoek uitgegrawe is (H.R. MacCalman).

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Museum gee 'n joernaal, Cimbebasia, Reeks B, uit, asook Memoires wat sporadies verskyn. Die jaarlikse intekengeld op Reekse A, B en die Memoires is R4,60 in Suid-Afrika en R5,75 oorsee.

Onlangse publikasies

SANDELOWSKY, B.H. and VIERECK, A. Supplementary Report on the Archaeological expedition of 1962 to the Erongo mountains of South-West Africa.

WENDT, W.E. Preliminary report on an archaeological research programme in South-West Africa. Cimbebasia Memoir No. 3.

MACCALMAN, H.R. The Otjinungua valley Site: A Middle Stone Age Occurence on the South-West Africa/Angola border.

D E P A R T E M E N T   V A N   N A S I O N A L E   O P V O E D I N G

SUID-AFRIKAANSE MUSEUM

osbus 61, Kaapstad

Telefoon: 41-2660
41-2668
41-2669

Direkteur: Dr. T.H. Barry

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Suid-Afrikaanse Museum is 'n openbare museum wat in Antropologie, Paleontologie en Soölogie spesialiseer.

Op 10 Junie 1825 het Sy Eksellensie die Goewerneur, lord Charles Somerset, die eerste Suid-Afrikaanse Museum kragtens Proklamasie ingestel, met dr. Andrew Smith, M.D. as superintendent.

Na dr. Smith se vertrek is die versameling tot 1855 verwaarloos, toe sir George Grey die (tweede) Suid-Afrikaanse Museum kragtens Proklamasie ingestel het, om deur die trustees, met 'n kurator in bevel, beheer te word. Die museum het spoedig nie alleen 'n bron van inligting en vermaaklikheid vir die publiek geblyk te wees nie, maar ook 'n waardevolle middel vir die bevordering van die wetenskap en die toename van kennis van die flora, fauna en natuurlike voortbrengsels van die land.

Uniewording het geen verandering in die status van die Museum meegebring nie, behalwe om dit binne die bestek van 'n spesifieke ministeriële departement, die Departement van Binnelandse Sake, te bring.

In 1925 is 'n Wysigingswet aangeneem om die aantal trustees tot vyf te vermeerder, om, behalwe die drie wat deur die Regering aangestel is, 'n verteenwoordiger elk van die Royal Society of South Africa en van die Kaapstadse Munisipaliteit in te sluit. Die Wysigingswet het ook die daarstelling van 'n voorsorgfonds moontlik gemaak.

Die Museum is in 1948 van die Departement van Binnelandse Sake na dié van Onderwys, Kuns en Wetenskap oorgeplaas en is op 29 Oktober 1954 formeel tot staatsondersteunde inrigting onder laasgenoemde departement verklaar. Die Wysigingswet op Staatsondersteunde Inrigtings het die Wet op Suid-Afrikaanse Museums en die Wysigingswet herroep en het al die nasionale museums en soortgelyke inrigtings in die Unie onder die jurisdiksie van die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap geplaas. Die Museum is in 1968 na die Departement van Kultuursake oorgeplaas.

Die Museum doen navorsing in die sistematiek van Dier-en Plantkunde asook Antropologie. Die besondere terreine van navorsing is Entomologie, Seebiologie, Paleontologie, Argeologie en Etnologie.

Funksies en beleid: Die funksies van die Museum is soos volg:

- Navorsing: Om suiwere navorsing oor sekere aspekte van Natuurgeskiedenis en Antropologie te onderneem; om sekere aantekeninge oor hierdie onderwerpe by te hou en om bevindinge te publiseer.

- Onderwys: Om hulp te verleen in die onderwysprogram van die land deur opvoedkundige uitstallings van Natuur- en Sosiale Geskiedenis te ontwerp en op te bou, deur spesiale uitstallings, reisende tentoonstellings, lesings, filmvertonings vir groepe volwassenes, studente of skoolkinders te reël en deur geleerde genootskappe te help.

- Bewaring: Om studie- en naslaanversamelings van Natuurgeskiedenis en ander waardevolle voorwerpe veilig vir die nageslag te bewaar. Om hierdie versamelings beskikbaar te stel, of by die Museum òf deur die versending van materiaal na ander inrigtings.

Dit is die funksie van die Museum om hom toe te spits op 'n beter en breër begrip van Suid-Afrikaanse Natuurgeskiedenis en Antropologie. Geen poging word aangewend om toegepaste navorsingsprobleme aan te pak nie maar die resultate van die navorsing wat by die Museum onderneem word, vind dikwels in die nywerheid of ander vertakkinge van die wetenskap toepassing.

Beheer en administrasie: Die Museum word deur 'n Raad van Trustees beheer. Die lede daarvan word soos volg aangestel:

- 4 deur die Minister van Nasionale Opvoeding
- 1 deur die Kaaplandse Provinsiale Administrasie
- 1 deur die Kaapstadse Stadsraad
- 1 deur die Universiteit van Kaapstad
- 1 deur die Universiteit van Stellenbosch
- 1 deur die Royal Society of South Africa

Die algemene funksie van die Raad is om beleid te formuleer en om toesig te hou oor alle aspekte van die Museum se aktiwiteite. Dit beteken veral dat die Raad aktiewe belangstelling in die aktiwiteite van die Museum moet toon en moet verseker dat dit 'n internasionale standaard handhaaf wat uitstallings en navorsing betref. Die Raad moet ook 'n oog hou oor die besteding van fondse wat tot die beskikking van die Museum gestel word.

Navorsingsprojekte word deur die Direkteur en betrokke personeellede en partykeer op versoek van inrigtings van buite geloods en geformuleer. Uitvoerende mag word deur die Direkteur beoefen.

Struktuur: Die Museum is in verskeie departemente verdeel. Hierdie publikasie

is alleenlik met die Departement van Antropologie gemoeid. Genoemde departement bestaan uit Argeologie (met die Argeologiese Dataversamelingsentrum), Etnologie en Fisiese Antropologie. Elk van bogenoemde funksioneer as 'n afsonderlike afdeling.

Personeel: Die Departement van Antropologie het 6 voltydse professionele personeellede, 2 tegniese assistente en een deeltydse klerklike assistent. Daar is 'n vrywillige deeltydse navorser in die Argeologiese afdeling. Aangesien Fisiese Antropologie geen kurator het nie, is dit in die sorg van die Kwaternêre Paleontoloog. Die Departement word deur die algemene administratiewe personeel van die Museum bedien.

Finansiering: Die Suid-Afrikaanse Museum is 'n Verklaarde Instelling en verkry dus sy fondse uit 'n staatsubsidie. Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing het ad hoc-toekennings vir navorsing vir argeologie en etnografie, en vir die opteken van argeologiese gegewens, gemaak.

Fasiliteite: Die biblioteek het 1720 antropologiese titels en 96 tydskrifte; daarbenewens het die departement toegang tot algemene tydskrifte in die biblioteek.

Skakeling: Skakeling vir navorsingsdoeleindes is met die volgende liggame bewerkstellig:

- Universiteit van Kaapstad - bespreking en voorsiening van toegang tot versamelings
- Universiteit van Stellenbosch - bespreking en toegang tot versamelings
- Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad - finansiële bystand.
- Departement van Bantoe-administrasie en-ontwikkeling (staatsetnoloog) - gesamentlike navorsingsonderneming
- Ander museums in Suid-Afrika en ander lande - bespreking, toegang tot versamelings, fotografering van versamelings, leen van stof vir studiedoeleindes.

## OPLEIDING

Die personeel van die Museum ontvang indiensopleiding.

## NAVORSING

Die betrokke personeellede verkry samewerking van amptenare van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling (etnografie), Departement van Bosbou (argeologie en argeologiese opname van gegewens) en Parkerade (argeologiese opname van gegewens); van universiteite; van sendelinge (etnografie); van ander museums; en van lede van die publiek wat aanbied om argeologiese terreine op te teken.

Navorsingsgegewens word verkry uit veldwerk van ander museumversamelings en uit die literatuur. Die inligting wat op hierdie wyse versamel word, word op kaarte aangeteken en geliasseer volgens die stelsel wat die beste pas by die werk wat aan die gang is.

Navorsingsprojekte wat afgehandel is

- Studie van gesnede klipkoppe
- Studie van geskilderde grafklippe
- Studie van die materiële kultuur van die Nharo-Boesmans.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Ondersoek na kus-afvalhope van Suidelike Afrika
- Ondersoek (vanuit verskillende aspekte) van oop kus-afvalhope van Suidwes-Kaapland
- Ondersoek na die inhoud van 'n grot aan die kus by Die Kelders
- Ondersoek en optekening van rotskuns, en ander argeologiese terreine
- Studie van die materiële kultuur van die Kaapse Nguni
- Studie van die mandjiewerk van Suidelike Afrika
- Studie van Bantoemetaalwerk en ander handwerk.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

'n Jaarverslag word gepubliseer. Dit word deur die Museum onder Staatsdepartemente, biblioteke, museums op die Museum se uitruillys en ander belangstellende liggame versprei. Ander kopieë is gratis verkrygbaar van die Museum.

'n Blad, Annals of the South African Museum, word ook met ongereelde tussenposes gepubliseer wanneer stof beskikbaar is. Dit word soos die jaarverslag versprei en die prys per eksemplaar wissel na gelang van die lengte van die blad.

Navorsingsbevindings word bewaar en/of versprei in die Annals, in vorderingsverslae aan borgliggame, in ongepubliseerde verslae in Museumlêers, en in departementele verslae.

Onlangse publikasies

RUDNER, I. and J. The Hunter and his art: A survey of rock art in Southern Africa. Cape Town, Struik. 1970.

RUDNER, I. Nineteenth-century Bushman drawings. South African Archaeological Bulletin. 25, Dec. 1970: 147-154.

SCHWEITZER, F.R. The Toxicity of some museum chemicals. SAMAB. 9(11), June 1970: 377-385.

SCHWEITZER, F.R. A Preliminary report of excavations of a cave at Die Kelders. South African Archaeological Bulletin. 25, Dec. 1970: 136-138.

SHAW, E.M. Man in Africa. The Bushmen. Cape Town, Trustees of the South African Museum May 1971.

STEYN, H.P. Aspects of the economic life of some nomadic Nharo Bushmen groups with special reference to the role of technology in subsistence. Annals of the South African Museum. 56(6), July or August 1971: 275-322.

SUMMERS, R. Forty years progress in Iron Age studies in Rhodesia, 1929-1969. South African Archaeological Bulletin. 25, Dec. 1970: 95-103.

D E P A R T E M E N T   V A N   N A S I O N A L E   O P V O E D I N G

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE OORLOGSMUSEUM

Posbus 52090, Saxonwold, Tvl.   Telefoon: 41-4703
41-2173

Direkteur: Kolonel G.R. Duxbury

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Hierdie inrigting is 'n Museum vir krygsgeskiedenis.

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Oorlogsmuseum is aanvanklik deur kapt. (later kolonel) J. Agar-Hamilton, Amptelike Historikus, S.A. Verdedigingsmagte op 16 Julie 1941 in die vooruitsig gestel, toe die volgende voorstel aan hoër gesag voorgelê is:

> "dat, met die oog op die lang Suid-Afrikaanse militêre tradisie en die behoefte daaraan om 'n gevoel van trots op Suid-Afrikaanse militêre prestasies te handhaaf, die Historiese Dokumentekomitee aanbeveel dat stappe gedoen moet word om die bewaring van dokumente en materiaal van militêre belang vir Suid-Afrika te verseker."

In die tussentyd het ander senior offisiere in dieselfde rigting gedink. Een van die offisiere was genl.-maj. (later lt.-genl.) Geo E. Brink wat herhaaldelik sy ondergeskikte bevelvoerders opdrag gegee het om die geskiedenis van hullle eenhede te boek te stel en om materiaal wat betrekking op die oorlog gehad het, te versamel. Hy het ook vertoë tot hoër gesag gerig om hulle daaraan te herinner dat Suid-Afrika hierdie aspek in 1914-1918 verwaarloos het en hy het die behoefte om soveel materiaal as moontlik te bewaar, beklemtoon.

Baie van die items is tydens die Vryheidskavalkade wat van 23 Mei tot 1 Junie 1942 by die Johannesburgse Dieretuinmeer gehou is, tentoongestel, en dit kan beskou word as die eerste geleentheid waarop die kern van die toekomstige Museum vir die algemene publiek oopgestel is. Toe die Vryheidskavalkade ten einde geloop het, is sommige van die items in die gebou van die Johannesburgse Openbare Biblioteek tentoongestel, terwyl die groter vertoonstukke by die Watervalkampong van die Munisipaliteit geberg is totdat die Museum in 1946 na sy huidige perseel in die Dieretuin verskuif is. Die Museum is op 25 Augustus 1947 amptelik geopen. Sedertdien is daar groot vordering gemaak en is dit vandag die bewaarplek van baie van die volk se waardevolste geskiedkundige stukke en gedenkwaardighede.

Navorsing word op alle militêre gebiede gedoen en die publiek, rolprentmaatskappye, studente van militêre geskiedenis, skrywers en joernaliste van oor die hele wêreld word deur die navorsingsdepartement van hierdie inrigting gehelp.

Funksies en beleid: Die funksies is soos volg:

- Om versamelings van 'n voldoende hoë standaard op te bou om navorsers te lok en hulle aan te spoor om nuwe benaderingsweë tot die geskiedenis van Suid-Afrika oop te stel;

- om die prestasies van manne en vroue in die wetenskap en nywerheid, wie se besondere pogings in oorlogstyd van blywende waarde vir Suid-Afrika in vredestyd is, te beskrywe;

- om voldoende geskiedkundige stukke betreffende oorloë en konflikte waaraan Suid-Afrika deelgeneem het, op te bou sodat staatsdepartemente daarby kan baat, veral ten opsigte van die studie van oorsake en gevolge;

- om aanskoulike voorstellings van die geskiedenis van regimente en ander eenhede op te bou en te beplan sodat lede en veral nuwe lede van die betrokke regimente die geskiedenis van hul eenhede by die aanvang van hulle militêre opleiding kan leer ken.

22979

Beheer en administrasie: Die Museum word deur 'n Raad van Trustees, wat soos volg aangestel word, beheer en geadministreer:

- 6 lede deur die Departement van Nasionale Opvoeding
- 4 lede deur die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag
- 4 lede deur die Provinsiale Administrasies van die Kaap, Transvaal, Oranje-Vrystaat en Natal
- 3 lede deur die Johannesburgse Munisipaliteit
- 1 lid deur donateure.

Die funksies van die Raad is om die beleid van die Museum te formuleer; om die fondse, eiendom en sake van die Museum te beheer en te administreer; om die navorsingsprojekte wat onderneem word, te bepaal; om die Minister van Nasionale Opvoeding insake die jaarlikse vordering en ander sake wat die Museum raak, te adviseer; en om te verseker dat die Departement ten volle op die hoogte gehou word ten opsigte van die werking van die Museum.

Struktuur: Die Museum bestaan uit vier departemente:

- Die Departement van Geskiedenis wat oor die militêre geskiedenis van Suid-Afrika handel
- 'n Departement wat die groei en ontwikkeling van wapens beskrywe
- Gespesialiseerde versamelings en uitstallings, d.w.s. medaljes, uniforms, wapens, vlae, kleure, seëls, ens.
- Navorsings- en naslaandepartemente, d.w.s. biblioteek, algemene naslaanafdeling, foto's, rolprente, afdrukke, oorlogskuns, ens.

Personeel: Die vakkundige personeel bestaan uit die Direkteur, twee hoofvakkundige beamptes, drie vakkundige beamptes en een bibliotekaresse.

Finansiering: Fondse word uit bydraes van die Regering, verskeie munisipaliteite en donasies van die publiek verkry.

Fasiliteite: Die Museum het geen spesiale toerusting soos elektriese rekenaars nie, maar oorsese museums, wat wel oor sulke toerusting beskik, werk ten nouste saam.

Die Biblioteek omvat ongeveer 4170 bande en 23 tydskrifte is op die intekenaarslys. Inligtingsdienste bestaan uit lesings, rolprent- en skyfievertonings.

Skakeling: Skakeling is met plaaslike krygshistoriese en kultuurhistoriese museums, asook met baie oorsese krygshistoriese museums bewerkstellig. Gesamentlike navorsing word onderneem en publikasie en inligting word uitgeruil.

OPLEIDING

Museumpersoneel word by die Museum opgelei en word aangemoedig om met ander museums en inrigtings te skakel om op die hoogte van navorsingswerk wat in daardie inrigtings onderneem word, te bly.

NAVORSING

Die Oorlogsmuseum werk saam met plaaslike en oorsese museums, krygshistoriese ver-

enigings, gespesialiseerde verenigings (d.w.s. vuurwapens, medaljes, wapens, uniforms, ens.), asook met die Departement van Verdediging om navorsingsgegewens te verkry.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Alle aspekte van die Suid-Afrikaanse Leërmagte in die Tweede Wêreldoorlog
- Alle aspekte van die Suid-Afrikaanse Leërmagte in die Eerste Wêreldoorlog
- Die invloed van die Tweede Wêreldoorlog op die Suid-Afrikaanse ekonomie in die na-oorlogse jare
- Die invloed van die Tweede Wêreldoorlog op die nywerheid in Suid-Afrika en die na-oorlogse voordele wat daaruit gespruit het
- Die Suid-Afrikaanse Oorlog van 1899-1902
    - die taktiese hantering van opponerende magte
    - die invloed van hierdie gevegte op hedendaagse taktiek en opleiding
- Die Suid-Afrikaanse Oorlog van 1880-1881
    - die taktiese hantering van opponerende magte
    - die politieke agtergrond van hierdie oorlog
    - die beleërings van hierdie oorlog en die invloed daarvan op nywerheidsgroei en -ontwikkeling en die mediese wetenskap
    - die invloed wat die taktiek van hierdie oorlog op latere opleiding van Suid-Afrika, sowel as die leërmagte van die res van die wêreld, se opleiding gehad het
- Die Zoeloeoorlog van 1879
- Uniforms wat deur Suid-Afrikaanse vrywillige eenhede gedurende die afgelope 300 jaar gedra is
- Gewere en roers wat in die afgelope 300 jaar in Suid-Afrika gebruik is
- Suid-Afrikaners wat hul as lede van die leërmagte van die Republieke en die latere S.A. Verdedigingsmag onderskei het.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Museum publiseer 'n jaarverslag wat by die Museum beskikbaar is.

Die Krygshistoriese Tydskrif word halfjaarliks gepubliseer. Die intekengeld is R2,50 per jaar.

Navorsingsresultate word in die naslaanafdeling van die Museum bewaar en is op aanvraag vir belanghebbende instansies beskikbaar.

Onlangse publikasies

Krygshistoriese Tydskrif

Vol. 1 Nrs. 1 tot 7 (Des. 1967 tot Des. 1970)
Vol. 2 Nrs. 1 en 2 (Junie 1971 en Des. 1971).

# DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN EN PENSIOENE

NAVORSINGSAFDELING

Departement van Volkswelsyn en Pensioene

Privaatsak, Pretoria

Telefoon: 39311
Telegramme: WELPEN

Hoof: Mnr. F.P. Pieterse

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Navorsingsafdeling het op 1 Oktober 1937 tot stand gekom. Dit is 'n Onderafdeling van die Tak Professionele Welsynsdienste van die Departement en onderneem Maatskaplikewerk-navorsing in verband met skemas en dienste wat onder die Departement ressorteer.

Funksies en beleid: Die doel van die Navorsingsafdeling is om die doeltreffendheid van welsynsdienste te bevorder. Om hierdie doel te verwesenlik, word Maatskaplikewerk-navorsing in verband met die onderskeie welsynsdienste onderneem, die gegewens verwerk en die resultate beskikbaar gestel.

Beheer en administrasie: Die Navorsingsafdeling staan onder die beheer van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene.

Wanneer navorsingsprojekte van, onder andere, 'n omvangryke aard onderneem word en waarby ander instansies ook belang mag hê, word beplanningskomitees saamgestel wat behulpsaam kan wees met die ontwerp van die projekte.

Behalwe vir die amptenare van die Departement wat in sodanige beplanningskomitees dien, is instansies soos die universiteite en die private welsynsorganisasies gewoonlik ook op die komitees verteenwoordig.

Navorsingsprojekte wat deur die Departement en instansies soos die Nasionale Adviserende Raad oor Alkoholisme en die Nasionale Welsynsraad en sy onderskeie kommissies aangemeld word, word deur die Navorsingsafdeling geformuleer, beplan en uitgevoer.

In toepaslike gevalle word ad hoc-beplanningskomitees soos hierbo aangedui, ook benoem om met die beplanning behulpsaam te wees.

Uitvoerende mag word deur die Hoof van die Navorsingsafdeling beoefen.

Personeel: Die personeel van die Navorsingsafdeling bestaan uit ses vakkundige beamptes wat soos volg saamgestel is:

1 Assistent-hoof: Vakkundige Dienste (Onderafdelingshoof)

3 Hoofvakkundige beamptes

1 Senior vakkundige beampte

1 Vakkundige beampte

Die vakkundige beamptes is almal voltyds met navorsing gemoeid. Daar is geen administratiewe, klerklike of ander personeel aan die Onderafdeling verbonde nie.

Finansiering: Die Onderafdeling word uit die Departement se begroting gefinansier.

Fasiliteite: 'n Elektroniese rekenaar is vir die verwerking van gegewens beskikbaar. Die Departement het sy eie biblioteek wat 4 088 boeke en 90 tydskriftitels insluit.

Skakeling: Skakeling met die oog op navorsing is bewerkstellig met universiteite, private welsynsorganisasies, die Nasionale Welsynsraad met sy onderskeie kommissies asook met die Nasionale Adviserende Raad oor Alkoholisme. Ad hoc-beplanningskomitees word benoem waarin persone wat die onderskeie instansies verteenwoordig, in adviserende hoedanigheid dien.

OPLEIDING

Navorsers ondergaan indiensopleiding en dit geskied met behulp van reekse lesings wat terselfdertyd vir naslaandoeleindes in 'n handleiding vir Maatskaplikewerk-navorsing vervat is.

NAVORSING

Daar word met die departementele streek- en takkantore, private welsynsorganisasies en met besondere groepe van die gemeenskap saamgewerk om die gegewens in te win.

Literatuurstudies en vraelyste is die mees algemene metodes waarvolgens die gegewens ingesamel word. Die ingesamelde gegewens word met behulp van 'n elektroniese rekenaar verwerk.

Navorsingsprojekte wat onlangs afgehandel is

- Dobbelary - 'n literatuurstudie
- Ondersoek na die geslaagdheid van die toepassing van Artikel 16 van die Wet op Toevlugte en Rehabilitasiesentrums, 1963 (Wet No. 86 van 1963)
- Ondersoek na die verband tussen alkoholisme en afhanklikheid van verdowingsmiddels
- Ondersoek na die behoefte aan inrigtingsversorging vir fisies gestremdes
- Opname van gemeenskapsdienste vir bejaardes in die Republiek
- Bepaling van standaarde vir inrigtings vir liggaamlike en geestelike ongeskiktes
- Evaluasie van die behandelingsmetodes by die rehabilitasiesentrum
- Ondersoek na die behoefte aan 'n toevlug vir alkoholiste in Kaapstad-gebied
- Bepaling van die behoefte aan tehuise en beskermingswerksplekke vir geestesvertraagde persone
- Ondersoek na die gebruik van karavaanparke vir permanente verblyf.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Ondersoek na die behoefte aan versorgingsoorde vir voorskoolse en skoolgaande kinders
- Ondersoek na die Sentrale Gevalleregisters
- Ondersoek na 'n Rehabilitasiesentrum vir Blanke vroue
- Ondersoek na gemeenskapsentrums
- Ondersoek na die doeltreffendheid waarop maatskaplike pensioene en toelaes geadministreer word
- Evaluasie van die Ongeskiktheidstoelaeskema

- Opname van nie-gekommitteerde kinders in kinderhuise
- Evaluasie van die versorging van kinders in kinderhuise
- Norms vir gevalleladings - Maatskaplike werkers in diens van kreupelsorgverenigings
- Norms vir gevalleladings - Maatskaplike werkers in diens van geestesgesondheidsverenigings
- Evaluasie van pleegsorgplasings
- Evaluasie van die Ouderdomspensioenskema
- Evaluasie van die Departement se vakkundige dienste aan die howe
- Evaluasie van die Aanmeldings- en Keuringsdienste, die toepassing van die Gevallewerk-metode en die verskillende soorte verslae in streek- en takkantore
- Ondersoek na die voorsiening van spesiale behuising vir bejaardes deur plaaslike owerhede en nutsmaatskappye
- Bepaling van die behoefte aan 'n kinderbewaarhuis vir voorskoolse kinders van werknemers van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene en ander nabygeleë Staatsdepartemente.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Daar word periodiek 'n departementele jaarverslag gepubliseer waarin die werksaamhede van, onder andere, die Navorsingsafdeling geïnkorporeer word. Hierdie jaarverslae is by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Pretoria, verkrygbaar, terwyl biblioteke ook daaroor beskik.

Die Departement publiseer sesmaandeliks die tydskrif Volkswelsyn en Pensioene. Hierdie tydskrif word kosteloos verskaf aan private welsynsorganisasies, biblioteke, universiteite, lede van die Nasionale Welsynsraad, die onderskeie kommissies van die Nasionale Welsynsraad en aan belanghebbende organisasies en persone.

Die Departement publiseer sedert September 1962 navorsingsbevindinge in die reeks Navorsing en Inligting. Die publikasies in hierdie reeks word ook kosteloos aan instansies hierbo genoem, verskaf.

Publikasies in die reeks Navorsing en Inligting

No. 1 van 1970 Kindersorg in Noorweë en Nederland.

No. 2 van 1970 Groepwerk as 'n Metode in Maatskaplike Werk soos toegepas deur die S.A. Vrouefederasie.

No. 3 van 1970 Drug Dependence and Some of its Concomitant Aspects in the Republic of South Africa.

No. 4 van 1970 Selected Papers on Alcoholism.

No. 5 van 1970 Maatreëls wat in die Buiteland ten behoewe van die Gesinslewe toegepas word.

No. 6 van 1970 Alkoholisme in die Staatsdiens.

No. 7 van 1970 Alkoholisme en Afhanklikheid van Verdowingsmiddels.

No. 8 van 1970 Handleiding oor Kinderbewaarhuise.

S U I D - A F R I K A A N S E   S P O O R W E ë

AFDELING BEPLANNING EN PRODUKTIWITEIT

Kantoor van die Hoofbestuurder,
Suid-Afrikaanse Spoorweë,
Wolmaransstraat, Johannesburg

Telefoon: 713-2400
Telegramme: SASPLAN

Hoof: Mnr. H.J.L. du Toit

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Afdeling Beplanning en Produktiwiteit is in 1954 gestig en sy bedrywighede is gerig op gevorderde beplanning, metodes van statistiese kontrole, kosteberekening, bedryfsnavorsing en skatting van toekomstige ontwikkelingstrome wat die belangesfere van die Spoorweë raak.

Funksies en beleid: Die funksies/doelstellings van die Afdeling Beplanning en Produktiwiteit van die Spoorweë, kan in breë trekke, soos volg saamgevat word:

- Om aanbevelings in verband met groter nuwe skemas te doen
- vervoerskemas met die potensiële nasionale ontwikkeling in verband te bring
- doeltreffendheid in die Diens te bevorder.

Wat eersgenoemde twee funksies betref, tree die Afdeling Beplanning en Produktiwiteit as werktuig van die Beplanningsraad op. Hierdie Raad funksioneer onder voorsitterskap van 'n Adjunk-hoofbestuurder terwyl 'n paar hooggeplaaste amptenare as lede dien.

Beheer en administrasie: Die Afdeling Beplanning en Produktiwiteit funksioneer onder die leiding van die Hoof, Beplanning en Produktiwiteit, wat 'n bestuurslid van die Spoorweë is. Navorsing ten opsigte van omvattende verbeteringsprojekte word deur professionele amptenare verbonde aan hierdie afdeling onderneem.

Struktuur: Die Afdeling Beplanning en Produktiwiteit is in die volgende vier afdelings onderverdeel:

- Fisiese beplanning: Dié onderafdeling is onder meer gemoeid met die ondersoek na alle aspekte van die dravermoë van spoorlyntrajekte, terreine en depots en die indiening van voorstelle ter verbetering daarvan; ook die koördinasie van die vernaamste groot konstruksieskemas om die spoedige en doeltreffende uitvoering daarvan te verseker en die ondersoek om groter doeltreffendheid te verkry veral in die tegniese en bedryfsrigting.
- Ekonomie, statistiek en kosteberekening: Hierdie onderafdeling is 'n diensafdeling wat nie net 'n belangrike rol speel vir sover dit fisiese beplanningsaspekte betref nie, maar dit onderneem ook spesifieke ondersoek binne sy vakgebied vir alle departemente en afdelings.
- Dataverwerking: Dié onderafdeling het te doen met die aanwending van die elektroniese rekenaar vir 'n aantal rekenpligtige en ander take waarvoor daar hoofsaaklik van klerklike arbeid in die verlede gebruik gemaak is.

Hierbenewens is dit die bedoeling om die rekenaar in die toekoms ook vir 'n verskeidenheid ander doeleindes aan te wend, waarvan die belangrikste in hierdie stadium die beheer oor trokke en lokomotiewe is ten einde beter gebruik van rollende materiaal en trekkrag te verseker.

- Administratief: Hierdie onderafdeling se bedrywighede spruit voort uit die funksionering van die Beplanningsraad, alle aspekte wat betrekking het op groot verbeteringskemas, nuwe spoorlyne en hawens.

Personeel: Die diensstaat, alle grade, staan tans op 210.

Finansiering: Geen spesiale toekenning van fondse vir navorsing word gemaak nie. Kapitaal- en lopende uitgawes word jaarliks deur die Spoorwegbegroting gedek.

Fasiliteite: Uitgebreide gebruik word van elektroniese rekenaars gemaak terwyl die Naslaanbiblioteek van die Spoorweë oor sowat 60 000 bande en talle tydskrifte beskik.

Skakeling: Die Afdeling Beplanning en Produktiwiteit skakel met verskeie openbare instansies en staatsdepartemente in verband met vervoer- en ander aangeleenthede van gemeenskaplike belang. Hierbenewens word publikasies van verskeie private en staatsinstellings ontvang terwyl kursusse in kosteberekening jaarliks ter aanvulling van die praktiese werk in Vervoerekonomie deur amptenare van hierdie afdeling aan die Universiteit van Stellenbosch en die Randse Afrikaanse Universiteit aangebied word.

OPLEIDING

Nagraadse opleiding word binnemuurs voorsien deur middel van 'n aanvanklike oriëntasietydperk met die oog op praktiese insig in spoorwegbedrywighede, en indiensopleiding daarna. Beurse word aan belowende kandidate toegeken om vir 'n graad in die Handel te studeer.

NAVORSING

Eksperimentele gegewens en die bevindings van navorsing word binnemuurs gebruik.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Geen publikasies of dokumente word aan die publiek uitgereik nie.

## S U I D - A F R I K A A N S E  S P O O R W E Ë

BEROEPSKUNDIGE AFDELING

Kamer 1429, Paul Krugergebou,
Wolmaransstraat, Johannesburg

Telefoon: 713-2165
Telegramme: SARS

Hoofberoepsbeampte: Mnr. B.J. van der Walt

ALGEMENE INLIGTING

Aard van organisasie: In 1961 is met beroepskundige werk op 'n beperkte skaal begin toe 'n gegradueerde lid van die klerklike personeel Nie-Blanke personeel gekeur het. Daarna is meer klerklike gegradueerdes se dienste aangewend op werk soos bv. keuring

van Blanke personeel, voorligting aan dienare met werk- of aanpassingsprobleme, menseverhoudings, ens.

Sedert 1966 geniet beamptes van die afdeling professionele status.

Navorsing word gedoen oor arbeidsomset, werksafwesigheid, veiligheid, die effektiewe aanwending van mannekrag, moreel en dies meer.

Die Beroepskundige Afdeling is 'n integrale deel van die Hoofbestuurder se kantoor, maar in 1969 is daar gedesentraliseer sodat daar beroepskundige personeel op elk van die nege Spoorwegafdelings gevind word.

Beheer en administrasie: Die Afdeling word deur Bestuurslede van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, bestaande uit die Hoofbestuurder, die Adjunk-hoofbestuurder (personeel), en die Hoofberoepskundige, beheer. Hulle bepaal beleid.

Navorsingsprojekte word geformuleer en geloods op versoek van departemente binne die spoorwegorganisasie. Die Afdeling is dus by uitstek 'n bestuursinstrument met 'n konsulterende funksie.

Personeel: Daar is 57 voltydse professionele personeellede bygestaan deur 'n administratiewe personeel van 9.

Finansiering: Fondse word van die Spoorweg- en Hawe-begroting verkry.

Fasiliteite: Die afdeling het toegang tot elektroniese rekenaars en die Naslaanbiblioteek van die Spoorweë wat oor sowat 60 000 bande beskik.

Skakeling: Daar word met die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing, universiteite, die Departement van Verdediging, die Mynboubedryf, Yskor en die Departement van Arbeid geskakel. Gesamentlike navorsingsprojekte word onderneem en inligting word uitgeruil.

## OPLEIDING:

Navorsingspersoneel word deur middel van studiekonferensies en seminare opgelei.

Die Suid-Afrikaanse Spoorweë bied beurse (voor- sowel as nagraads) aan vir universiteitstudie wat tot voordeel van sowel beurshouers as die Spoorwegadministrasie sal wees.

## NAVORSING

Alle eksperimentele gegewens word binne die organisasie verkry.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- 'n Ondersoek na die fisiese en psigiese geskiktheid van 'n groep halfgeskoolde werkers
- Ondersoek na arbeidsomset en werksafwesigheid onder halfgeskoolde werkers bv. rangeerders, stokers, en dies meer
- Ondersoek na die rol van 'n aantal psigomotoriese funksies in suksesvolle werkverrigting by treindrywers
- Die bepaling van die sielkundige, maatskaplike en fisiese gevolge van oortyd en skofwerk op werkers
- Die ontwikkeling van 'n stelsel vir die ontleding van bedryfsongelukke met die oog op die identifisering van ongeluksveroorsakende faktore
- Die ontwikkeling van 'n merietebeoordelingstelsel vir klerke

- Ondersoek na die moontlike bydrae wat die TAT kan maak ten opsigte van die identifisering van leierskappotensiaal
- Die toepassing van kliniessielkundige tegnieke om mannekragbenutting te bevorder
- 'n Ondersoek na die bruikbaarheid van projektiewe tegnieke in die nywerheid
- Keuring van Aankondigers (Treine)
- Keuring van Hawegoederesuperintendente
- Keuring van Busbestuurders (Nie-Blank)
- Keuring van Gidsbestuurders
- Keuring van Ingenieursassistente
- Keuring van Instrukteurs
- Keuring van Klerklike Personeel
- Keuring van Leerlingtekenaars
- Keuring van Loodse
- Keuring van Lokomotiefloodsvoormanne
- Keuring van Swaar Motorvoertuigbestuurders
- Keuring van Reiswaherstelwerkers
- Keuring van Nie-Blanke Leiers (Baanvak)
- Keuring van Polisierekrute
- Keuring van Polisie-offisiere
- Keuring van Programmeerders
- Keuring van Pyplynversendingsbeamptes
- Keuring van Pyplynvoormanne
- Keuring van Tegniese Assistente (Ultrasoniese Gebrekspeurders)
- Keuring van Vakleerlinge
- Keuring van Verkoopsbevorderingsbeamptes
- Keuring van Vragmotorbestuurders (Nie-Blank)

Navorsingsprojekte wat onlangs afgehandel is

- Keuring van Tolhekoppassers (kaartjies)
- Ondersoek na die werkersomset en werksafwesigheid by Bestuurders (besteldiens) op Kaserne.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die werksaamhede van die Afdeling word kortliks in die Jaarverslag van die Hoofbestuurder van die Spoorweë behandel. Navorsingsbevindinge word geliasseer.

PROVINSIALE ADMINISTRASIE VAN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP

DEPARTEMENT VAN NATUURBEWARING

ALBANYMUSEUM

Albanymuseum, Grahamstad, K.P. Telefoon: 3321

Direkteur: Mnr. C.F. Jacot-Guillarmod

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Albanymuseum is regstreeks gemoeid met die studie van die Argeologie en Kultuurgeskiedenis van die Oostelike Provinsie. Die Museum doen navorsing i.v.m. die voorgeskiedenis van die Oos-Kaap en die Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis van die Britse Setlaars, voor 1820, 1820 en daarna.

Beheer en administrasie: Die Albanymuseum word deur die Kaaplandse Provinsiale Administrasie en 'n plaaslike Raad van Trustees beheer.

Struktuur: Die Museum het twee afdelings, t.w. die Afdeling Argeologie van die Natuurhistoriese Museum, en die Kultuurhistoriese Museum (Gedenkmuseum vir 1820-Setlaars).

Personeel: Die personeel bestaan uit 'n vakkundige beampte (Argeologie), 'n senior vakkundige beampte (Geskiedenis) en 'n vakkundige beampte (Geskiedenis).

Finansiering: Die Albanymuseum verkry sy fondse vir navorsing van die Kaaplandse Provinsiale Administrasie, plaaslike bronne en die publiek.

Fasiliteite: Die Museum beskik oor sy eie biblioteek wat op die oomblik gekatalogiseer word.

NAVORSING

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Die voorgeskiedenis van die Oostelike Kaapprovinsie
- Stambome van Britse Setlaars, voor 1820, 1820 en daarna
- Navorsing oor kultuurgeskiedenis (Brits, Hollands en Afrikaans)
- Navorsing oor geskiedenis (Suid-Afrikaanse geskiedenis in besonderhede)
- Navorsing oor plaaslike aangeleenthede (persone, plekke, toestande e.d.m.).

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Museum publiseer 'n jaarverslag wat aan intekenaars gestuur word en van die Direkteur, Albanymuseum, Grahamstad, verkrygbaar is.

Die Museum gee ook 'n tydskrif uit naamlik Annale van die Kaapse Provinsiale Museums wat op uitruilbasis verkrygbaar is en kan ook by die Museum gekoop word.

Navorsingsverslae het in verskeie nasionale en internasionale tydskrifte verskyn.

PROVINSIALE ADMINISTRASIE VAN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP

DEPARTEMENT VAN NATUURBEWARING

ALEXANDER McGREGOR-GEDENKMUSEUM

Posbus 316, Kimberley                Telefoon: 8311
5862

Direkteur: Dr. R. Liversidge

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Museum, wat in 1907 gestig is, spesialiseer in Argeologie, Volkekunde, Geskiedenis en Natuurgeskiedenis.

Beheer en administrasie: 'n Raad van Trustees beheer die Museum. Die Departement van Natuurbewaring van die Kaaplandse Provinsiale Administrasie stel die regulasies op. Die Raad bestaan uit ses lede wat die Kaaplandse Provinsiale Administrasie verteenwoordig, vier wat die Kimberleyse Stadsraad verteenwoordig, een verteenwoordiger van die Afdelingsraad en een van die intekenaars. Projekte word deur die professionele personeel geloods en geformuleer.

Die uitvoerende mag word deur die Direkteur beoefen.

Struktuur: Tot onlangs het die Museum bestaan uit drie afdelings in drie verskillende geboue, naamlik die Ou Museum, die Nuwe Museum en die Duggan-Cronin-Bantoegalery. Met die aanwins van geskiedkundige geboue naby die Duggan-Cronin-Bantoegalery sal die Ou en Nuwe Museums na die Kimberleyse Sanatorium verskuif word. Die Sanatorium, Rudd's House en die Duggan-Cronin-Bantoegalery sal 'n nuwe saamgestelde museumkompleks vorm. Die Magersfonteinmuseum is op die Magersfonteinslagveld 23 myl van Kimberley geleë.

Personeel: Daar is ses vakkundige beamptes, drie tegniese beamptes, twee sekretariële personeellede en ses ander personeellede.

Finansiering: Die Museum verkry sy fondse van die Provinsiale Administrasie, plaaslike bronne en die publiek. Die begroting vir 1972 is R95 000 waarvan 5% aan navorsing bestee sal word.

Fasiliteite: Die biblioteek beskik oor 1270 bande en 480 tydskrifreekse.

Skakeling: Die Museum ruil publikasies en inligting met verskeie universiteite en Staatsdepartemente uit.

NAVORSING

Die Museum werk saam met universiteite, die publiek en die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling om navorsingsgegewens te verkry.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Navorsingsbedrywighede word in die Museum se jaarverslag uiteengesit

Die *Annale van die Kaapse Provinsiale Museums* word in samewerking met ander musea uitgegee.

Navorsingsbevindings verskyn in wetenskaplike tydskrifte.

Onlangse publikasies

HUMPHREYS, A.J.B. The Remains from Koffiefontein burials excavated by W. Fowler and preserved in the McGregor Museum, Kimberley. South African Archaeological Bulletin. 25 (99-100), 1970: 104-115.

HUMPHREYS, A.J.B. and MAGGS, T.M.O'C. Further graves and cultural material from the banks of the Riet River. South African Archaeological Bulletin. 25 (99-100) 1970: 116-126.

HUMPHREYS, A.J.B. The Role of raw material and the concept of the Fauresmith. South African Archaeological Bulletin. 25 (99-100), 1970: 139-144.

HUMPHREYS, A.J.B. Age determination of the rock art of Southern Africa. In: SCHOONRAAD, M. ed. Rock paintings of Southern Africa. 1971.

## P R O V I N S I A L E A D M I N I S T R A S I E V A N D I E K A A P D I E G O E I E H O O P

DEPARTEMENT VAN NATUURBEWARING

### C.P. NEL-MUSEUM

Posbus 453, Oudtshoorn

Telefoon: 3551
Telegramme: MUSEUM

Kurator: Mnr. A. de Wet

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die C.P. Nel-Museum het sy ontstaan te danke aan wyle C.P. Nel wat in 1937 begin het met sy versameling van kultuur-historiese artikels. Eers op 18 Februarie 1950 is die versameling tot Museum gepromulgeer, 'n Museumraad aangestel en 'n Provinsiale toelaag van £100 p.j. (R200) toegestaan. Die Munisipale Raad het R50 p.j. bygevoeg. Die Museumgebou in Hoogstraat en sy inhoud is aan die Raad van Trustees bemaak slegs een dag voor Kol. Nel se afsterwe in 1950. Onder aanvoering van wyle N.A. Smit is die versameling grootliks uitgebrei. 'n Paar jaar gelede het die Provinsiale Administrasie die ou Seunskoolgebou aan die Munisipaliteit bemaak om as toekomstige Museumgebou te dien. Die restourasiewerk is bykans voltooi. Die versameling is grotendeels kultuur-histories van aard alhoewel ook 'n groot deel as natuur-histories bestempel kan word.

Funksies en beleid: Die algemene funksies van die Museum is om te versamel, te bewaar, navorsing uit te voer, uit te stal, op te voed en om die leefwyse van vroeër geslagte as erfenis te bewaar.

Beheer en administrasie: Die Provinsiale Museums in die Kaapprovinsie ressorteer onder die Departement van Natuurbewaring van die Provinsiale Administrasie. Plaaslike bestuur word oorgeneem deur die Beheerraad wat uit ses lede bestaan, van wie drie die Administrateur verteenwoordig, een die Munisipaliteit, een die Afdelingsraad en een die ingeskrewe lede. Die Kurator is die administratiewe beampte en is direk verantwoordelik aan die Beheerraad. Die funksies van die Beheerraad behels die insameling van fondse, kontrole van die finansies, beheer van die breë beplanning en aktiewe belangstelling in en samewerking met die Museum.

Die Kurator wat ook sekretaris, tesourier en hoofbeplanner is, doen navorsing vir sover dit vir hom moontlik is.

Personeel: Die personeel bestaan uit die Kurator (vakkundige beampte), een opsigter, een tegnikus en twee skoonmakers.

Finansiering: Alle salarisse word deur die Provinsiale Administrasie betaal. Alle ander uitgawes (onderhoud, uitbreiding, aankope, ens.) word op 'n 50%-basis gesubsidieer. Die Museum is afhanklik van skenkings, ledegelde, kollektes, diverse vertonings en so meer.

Skakeling: Die Museum is lid van die S.A. Museumvereniging, Provinsiale Museumraad en die S.A. Firearms Society en intekenaar op SAMAB (South African Museums Association Bulletin). 'n Kultuur-historiese vereniging is onlangs gestig wat gereeld inligting uitruil.

NAVORSING

Inligting van ou Oudtshoorn word ingesamel deur middel van omsendbriewe en gereelde rubrieke in die plaaslike koerant.

Omsendbriewe is ook uitgestuur om breedvoerige genealogiese besonderhede van ou families te bekom. Alle inligting word aangeteken en geberg.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Museum se jaarverslag word deur die Departement van Natuurbewaring in 'n saamgevatte jaarverslag van al die provinsiale museums uitgegee.

PROVINSIALE ADMINISTRASIE VAN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP

DEPARTEMENT VAN NATUURBEWARING

DROSTDY-MUSEUM

Swellendam Telefoon: 270

Kuratrise: Dr. Mary A. Cook

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Drostdy is 'n kultuurhistoriese museum. Dit is in 1939 begin. In daardie jaar het die Regering die Swellendamse Drostdy, wat in 1746 opgerig is en die enigste van die agtiende eeuse Drostdye is wat nog ongeskonde staan, aangekoop van die familie Steyn. Die gebou is deur Openbare Werke gerestoureer en is daarna deur 'n ere-kurator met 'n plaaslike komitee onder beheer van die Munisipaliteit as Historiese Museum ingerig. 'n Groot versameling oudhede, meestal uit Swellendam en omgewing, is daarin byeengebring. Staatsteun het die eerste keer in 1963 gekom toe die Drostdy deur die Kaaplandse Administrasie as Provinsiale Museum oorgeneem is.

Beheer en administrasie: Die Drostdy word beheer deur 'n Raad van Trustees, van wie twee lede deur die Administrasie, twee deur plaaslike liggame en een deur die intekenare aangestel word.

Struktuur: Die Museum bestaan uit:

- Die Drostdygebou wat die ampsvertrekke van die Landdros, dit wil sê die hofsaal en kantore, sowel as sy woonkwartiere, naamlik sit- en eetkamer, slaapkamers, spens en kombuis bevat. Al die vertrekke is so na as moontlik in die styl van die tyd gemeubileer en toegerus.

- Die Skuur en Slawehuis wat 'n groot versameling ou landbougereedskap, asook twee kakebeenwaens (een uit die 18de eeu) en ander voertuie huisves.

- Die Ou Tronk wat uit twee dele bestaan:

    - Twee aaneengeskakelde wonings met die tronkingang tussenin. Hierin het die sekretaris van die Drostdy en die balju onderskeidelik gewoon. Tans word dit deur die Drostdy-personeel bewoon.

    - Die tronkselle, binnehof ens. wat deur omvattende restourasiewerk tot die aansig van ongeveer 1813 teruggebring is.

- Die Ambagsmuseum is op die groot werf agter die Ou Tronk in wording, waarin sekere ou ambagte ten toon gestel sal word. Die Smidswinkel is reeds voltooi en toegerus. Rietdakgeboutjies vir 'n Skoen- en Tuiemakery en 'n Kopersmidswerkswinkel is reeds klaar, maar moet nog toegerus word. Die Drostdy het in die 18de eeu sy eie Watermeul gehad; die fondamente daarvan is ontdek, en die meulgebou is weer opgerig. Die oorspronklike meuldam en sloot is nog daar en die voorneme is om die meulrat te bou. In droë dele van die distrik is vroeër met 'n Perdemeul gemaal, en so 'n meul is opgerig in die meulhuis wat daarvoor gebou is.

Personeel: Die Personeel bestaan uit 'n Kurator, 'n vakkundige, 'n tegniese beampte, terreinopsigter, opsigter en 'n sekretaresse, en 6 geskoolde en halfgeskoolde Nie-Blanke arbeiders.

Finansiering: Die Administrasie betaal alle salarisse en helfte van die aankope, onderhoud en uitbreiding. Verdere fondse word verkry van plaaslike liggame en van intekenare; ook uit die verkoop van brosjures,ens. Die begroting vir 1972 is R25 000.

Fasiliteite: Die Drostdy het 'n boekery met geskiedkundige werke (bv. die volle stel van die Van Riebeeck-Vereniging en van Theal) asook 'n argief met 'n groot versameling dokumente wat betrekking het op plaaslike persone, geskiedenis en plekke.

NAVORSING

Navorsing, wat hoofsaaklik deur die Kurator onderneem word, omsluit terreine soos

- ou eiendomme in die dorp en op plase in die distrik

- die presiese loop van die ou Kaapse Wapad en sy oorgange oor die Breërivier

- die kenmerkende styl van meubels wat vroeër in die Overberg gemaak is

- Die geskiedenis van die Drostdy en die Ou Tronk self.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

'n Jaarverslag is by die Drostdy verkrygbaar.

'n Brosjure, naamlik Die Drostdy op Swellendam/The Drostdy at Swellendam, 1960, is uitgegee.

P R O V I N S I A L E   A D M I N I S T R A S I E   V A N   D I E   K A A P   D I E G O E I E   H O O P

DEPARTEMENT VAN NATUURBEWARING

HUGENOTE-GEDENKMUSEUM                                    Telefoon: 232

Posbus 37, Franschhoek, K.P.

Kuratrise: Mev. E. le Roux (waarn.)

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Museum is op 11 Maart 1967 gestig en doen navorsing oor die genealogie van die afstammelinge van die Kaapse Hugenote.

Beheer en administrasie: Die Museum word deur die Kaaplandse Provinsiale Administrasie beheer en word deur 'n Beheerraad bestuur. Navorsingsprojekte word deur die Beheerraad, Kuratrise en personeel beplan, geformuleer en uitgevoer. Uitvoerende mag word deur die Kuratrise beoefen.

Personeel: Die Museum beskik oor 2 voltydse en/of deeltydse personeel wat met navorsing gemoeid is, asook 3 administratiewe personeellede.

Finansiering: Die Museum ontvang 'n provinsiale toelae. Verdere fondse word verkry uit donasies en toegangsgelde. Die provinsiale toelae het vir 1971/72 R25 910 beloop.

Fasiliteite: Die Museum beskik oor 'n klein gespesialiseerde biblioteek en argief van Hugenote-afstammelinge.

P R O V I N S I A L E   A D M I N I S T R A S I E   V A N   D I E   K A A P   D I E G O E I E   H O O P

DEPARTEMENT VAN NATUURBEWARING

MUSEUM OOS-LONDEN

Oos-Londen, K.P.                                    Telefoon: 22623

Direktrise: Dr. M. Courtenay-Latimer

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Museum is in 1931 gestig. Navorsing word gedoen in die Natuurwetenskappe, Volkekunde en Geskiedenis.

Beheer en administrasie: Die Museum word deur 'n Raad van Trustees beheer van wie die lede die Kaapse Provinsiale Administrasie, die Oos-Londense Afdelingsraad, die Munisipaliteit en die Museumintekenaars verteenwoordig. Die funksies van die Raad is om die aktiwiteite van die Museum te beheer.

Navorsingsprojekte word beplan en geformuleer deur die Direkteur en deur die vakkundige beamptes uitgevoer.

Personeel: Daar is vier vakkundige beamptes en sewe administratiewe, klerklike en

ander personeellede.

Finansiering: Die Museum word deur die Provinsiale Administrasie gefinansier. Toekennings word van die Stadsraad en die Afdelingsraad ontvang en lede van die publiek dra in die vorm van subskripsies by.

Fasiliteite: Die Museum besit algemene versamelings van natuurgeskiedenis asook volkekundige en geskiedkundige materiaal.

Die Museumbiblioteek het 2340 bande en 98 tydskriftitels. Dit spesialiseer in die volgende rigtings: Voëlkunde, Skulpkunde, Volkekunde en Plaaslike Geskiedenis.

Skakeling: Skakeling wat hoofsaaklik die gemeenskaplike gebruik van fasiliteite behels, is bewerkstellig met die Durbanse Museum, die Percy Fitzpatrick-instituut vir Voëlkunde in Afrika, Rhodes-universiteit en ander instansies.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Museum publiseer 'n jaarverslag.

PROVINSIALE ADMINISTRASIE VAN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP

DEPARTEMENT VAN NATUURBEWARING

PORT ELIZABETHSE MUSEUM

Humewood, Port Elizabeth

Telefoon: 27368

Direkteur: Dr. J.R. Grindley

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Port Elizabethse Museum is 'n Kaapse Provinsiale Museum. Navorsing in die geesteswetenskappe ook die terreine van die Kultuurgeskiedenis en die Argeologie.

Funksies en beleid: Die Museum is 'n openbare museum. Funksies sluit in die versameling en bewaring van materiaal, navorsing, opvoeding van die publiek en vermaaklikheid.

Beheer en administrasie: Die Museum word beheer deur 'n Beheerraad wat uit twaalf lede bestaan. Ses lede word deur die Provinsiale Administrasie, vier deur die Stadsraad, een deur die Afdelingsraad en een deur die intekenare benoem.

Navorsingsprojekte word deur die Direkteur of die vakkundige beamptes beplan, geformuleer en uitgevoer.

Uitvoerende mag word deur die Direkteur beoefen.

Struktuur: Die Museum het verskeie navorsingsdepartemente maar die enigste navorsingsdepartemente in die geesteswetenskappe is dié vir Kultuurgeskiedenis en Argeologie.

Personeel: Die Museum het 12 personeellede wat met navorsing gemoeid is, insluitende een Historikus en een Ere-argeoloog. Daar is 60 administratiewe, klerklike en ander personeellede.

Finansiering: Die Museum ontvang 'n subsidie van die Provinsiale Administrasie, inkomste uit die Slangtuin en Oseanarium en geldelike steun van die WNNR, Munisipaliteit, Afdelingsraad en ander liggame.

Fasiliteite: Die Museum beskik oor studieversamelings in die Argeologie en Kultuurgeskiedenis. Die biblioteek, waarin ongeveer 20 000 bande gehuisves word, sluit 'n afdeling oor Kultuurgeskiedenis en Argeologie in.

Die Museum beskik oor die dienste van 'n voltydse gids/dosent en 'n onderwyser.

Skakeling: Skakeling is met die Universiteit van Port Elizabeth, Rhodes-universiteit, die WNNR en ander liggame bewerkstellig. Die skakeling behels samewerking ten opsigte van navorsingsprojekte.

## OPLEIDING

Die Museum lei sy werkers op deur middel van seminare, universitêre doseerwerk en die indiensneming van studente gedurende vakansies.

## NAVORSING

Die Museum werk met ander individuele navorsers aan universiteite en museums saam om navorsingsgegewens te bekom.

As gevolg van die herorganisasie van die Museumversamelings in 'n ander gebou, is daar tans geen belangrike navorsingsprojekte ten aansien van òf Kultuurgeskiedenis òf Argeologie aan die gang nie.

## PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Museum publiseer 'n jaarverslag wat onder ander museums versprei word en op aanvraag van die Museum verkry kan word.

Die Annals of the Cape Provincial Museums word in samewerking met ander Kaapse Provinsiale Museums gepubliseer. Museumdokumente word bewaar en belangrike bevindinge word in die toepaslike tydskrifte gepubliseer.

### Onlangse publikasies

GRINDLEY, J.R., SPEED, E. and MAGGS, T. The Age of the Bonteberg shelter deposits, Cape Peninsula. S. Afr. Archaeol. Bul. 25, 1970: 24.

NEETHLING, E.M. Nuwe lig op naam: Algoabaai beteken baai van leed. Oosterlig 15 April 1970.

NEETHLING, E.M. Der Sozial - kulturelle Hintergrund der Bantukunst in Südlichen Afrika. Die Waage. 10, 1971: 15-22.

NEETHLING, E.M. Die Werk van die Gids/Dosent (Ter perse)

NEETHLING, E.M. en SAUNDERS, E. Aid, die hulplokomotief van die oudste lokomotief in S.A. Die Taalgenoot. 39(6), 1970: 13.

SAUNDERS, E. en NEETHLING, E.M. Aid, an old locomotive. Looking Back 10(1), 1970: 10-12.

P R O V I N S I A L E   A D M I N I S T R A S I E   V A N   D I E   K A A P   D I E
G O E I E   H O O P

DEPARTEMENT VAN NATUURBEWARING

STELLENBOSCH-MUSEUM

Grosvenorhuis, Drostdystraat, Stellenbosch          Telefoon: 5223

Kurator: Mnr. M.J. le Roux

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Museum is 'n kultuurhistoriese museum wat in 1965 gestig is. Navorsing word oor argitektuur, meubels en huishoudelike gebruiksartikels gedoen met die oog op goed gedokumenteerde tentoonstellings en publikasies.

Funksies en beleid: Die funksies van die Museum behels die bewaring en tentoonstelling van objekte van kultuurhistoriese belang veral met betrekking tot die geskiedenis van Stellenbosch.

Beheer en administrasie: Die Museum word deur 'n Beheerraad wat uit ses lede bestaan, beheer. Een lid verteenwoordig die Munisipaliteit van Stellenbosch, een lid die Afdelingsraad van Stellenbosch, drie lede die Administrateur en een lid word verkies as ledeverteenwoordiger.

Die Beheerraad is verantwoordelik vir die administrasie en navorsing van die Museum. Navorsingsprojekte word in oorleg met die Beheerraad beplan en uitgevoer.

Uitvoerende mag word deur die Kurator beoefen.

Personeel: Die personeel bestaan uit die Kurator, 'n Tegniese Assistent, twee opsigters, een tuinier en een skoonmaker.

Finansiering: Die Museum word uit die volgende bronne gefinansier:

- Subsidie van die Kaapse Provinsiale Administrasie wat die administrasie- en onderhoudskoste met 50 persent subsidieer en die salarisse van die personeel met 100 persent
- Munisipaliteit van Stellenbosch subsidieer die administrasie- en onderhoudskoste met 50 persent
- Aankoopfonds: 100 persent donasies.

Fasiliteite: Die Museum het 'n biblioteek met sowat 200 bande.

NAVORSING

Navorsingsgegewens word van die Argief, ander museums en die publiek verkry. Dit word aangeteken en bewaar.

Navorsingsprojek wat aan die gang is

- Kaapse koper

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Museum publiseer gereeld 'n jaarverslag wat by die meeste openbare biblioteke en museums beskikbaar is. Dit is op aanvraag by die Museum verkrygbaar.

Die volgende geïllustreerde katalogus van die tentoonstelling "Die Kaapse Stoel" wat in 1969 in die museum gehou is, het onlangs verskyn:

FRANSEN, Hans. Die Kaapse Stoel. Des. 1970.

Oplaag: 1000 genommerde eksemplare.

Die Museum het ook 'n geïllustreerde gids uitgegee, naamlik

FRANSEN, H. Stellenbosch-museum. 1966.

Oplaag: 5000 genommerde eksemplare.

P R O V I N S I A L E A D M I N I S T R A S I E V A N D I E K A A P D I E G O E I E H O O P

DEPARTEMENT VAN NATUURBEWARING

VICTORIA-WES-MUSEUM

Kerkstraat, Victoria-Wes, K.P. Telefoon: 26

Kuratrise: Mev. M.G. Tredoux

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Victoria-Wes-museum is 'n kultuurhistoriese museum wat op 4 Desember 1968 tot 'n provinsiale museum onder die Kaapse Provinsiale Administrasie verklaar is. Op 1 Julie 1969 word dié museum gevestig.

Navorsing is van 'n meer algemene aard, bv. (i) Voordat artikels uitgestal word, word daar eers navorsing ten opsigte van die artikels gedoen ten einde die korrekte byskrifte te kan aanbring. (ii) Wanneer 'n bepaalde onderwerp van plaaslike belang, bv. die Vroeë Steentydperk of die Boesmantydperk, deur middel van 'n uitstalling uitgebeeld word, moet navorsing oor die onderwerp gedoen word.

Omdat die distrik Victoria-Wes 'n ryk en kleurvolle geskiedenis en verlede het en omdat baie dinge uit die verlede nog bewaar gebly het, het daar reeds in 1941 die gedagte ontstaan om 'n museum te stig. Weens byna onoorkoomlike probleme, waarvan 'n gebrek aan finansies die vernaamste was, kon hierdie gedagte egter nie tot uitvoering gebring word nie. In 1955 het 'n weldoener 'n groot bedrag geld nagelaat vir die oprigting van 'n museum, maar daar het nog 13 jaar van onderhandelings met die Kaapse Provinsiale Administrasie verloop voordat dié museum uiteindelik gestig is.

Funksies en beleid: Die Victoria-Wes-museum is van plaaslike en kultuurhistoriese aard en versamel en bewaar alles wat van kultuurhistoriese waarde vir hierdie omgewing is. 'n Verdere funksie van die museum is natuurlik die uitstal van versamelde artikels ten einde die plaaslike verlede uit te beeld.

Die beleid van die museum is om hoofsaaklik oudhede wat hul oorsprong plaaslik het of gebruik is deur mense wat hier gewoon en gewerk het, te versamel. Hierdie is egter geen waterdigte beleid nie en oudhede wat van elders aan die museum geskenk word, word net so dankbaar aanvaar. 'n Verdere beleid van die museum is dat geen oudhede aangekoop word nie, weens 'n gebrek aan geld; die museum maak dus staat op skenkings van die publiek.

Beheer en administrasie: Die Museum word deur 'n Beheerraad bestaande uit ses lede beheer. Drie lede verteenwoordig die Administrateur, een die Afdelingsraad, een die Munisipaliteit en een die intekenaars (geldelike donateurs) van die Museum.

Die funksies van die Beheerraad is soos volg:

- Fondsinsameling
- Versameling van oudhede
- Bekendstelling van die Museum
- Praktiese hulp aan die Museum, bv. die herstel van oudhede
- Besluitneming

Navorsing word deur die Kuratrise uitgevoer. Die Beheerraad kan voorstelle aan die hand doen.

Uitvoerende mag word deur die Kuratrise in opdrag van die Beheerraad beoefen.

Struktuur: Die Museum staan onder die direkte beheer van die Departement van Natuurbewaring van die Kaapprovinsie. Die Beheerraad tree plaaslik namens die Departement op.

Die Kuratrise as uitvoerende amptenaar is belas met die administrasie en finansies van die Museum, en tree op as uitstaller, gids vir besoekers, navorser, versamelaar, bewaarder, ens.

Personeel: Een, nl. die Kuratrise.

Finansiering: Die Museum word uit die volgende bronne gefinansier:

- Subsidie van die Kaapse Provinsiale Administrasie wat die onderhoudskoste en kapitale aankope met 50 persent subsidieer en die salarisse met 100 persent
- Donasies en intekengelde van die publiek
- Hulptoelaes van die plaaslike Afdelingsraad en Munisipaliteit.

Skakeling: Die Museum skakel met ander museums veral ten opsigte van die uitruil van gegewens en publikasies.

NAVORSING

Die Museum werk saam met ander museums om navorsingsgegewens te verkry.

Gegewens word ingesamel deur boeke of publikasies oor die onderwerp te raadpleeg. As geen skriftelike gegewens beskikbaar is nie, veral ten opsigte van plaaslike historiese gebeure, word plaaslike inwoners ondervra.

Navorsingsprojekte wat onlangs afgehandel is

- Die Hugo-geslag van Noblesfontein (plaaslik)
- Die Victoria-Wes-industrie — Vroeë Steentydperk
- Museumadministrasie
- Museumtegnieke.

Navorsing wat aan die gang is

- Die vroegste inwoners van die dorp Victoria-Wes
- Die stigting en eerste halfeeu van Victoria-Wes
- Die Anglo-Boere-oorlog in die Victoria-Wes-area.

Die gegewens wat ingesamel is, is slegs vir gebruik in die Museum ten opsigte van uitstallings en die bestuur van die Museum.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

'n Jaarverslag word gepubliseer. Dit word aan ander musea waarmee reeds geskakel is, gestuur, asook aan donateurs van die museum.

Kort berigte oor museumbedrywighede het in die plaaslike koerant, Victoria West Messenger, SAMAB (South African Museums Association Bulletin) en in die Jaarverslag van die Departement van Natuurbewaring verskyn.

## PROVINSIALE ADMINISTRASIE VAN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP

DEPARTEMENT VAN NATUURBEWARING

WORCESTER-MUSEUM

Worcester, K.P.

Telefoon: 4408
Telegramme: WORCESTER-MUSEUM

Kuratrise: Mev. J. Badenhorst

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Worcester-museum is 'n kultuurhistoriese museum wat op 9 Oktober 1942 gestig is.

Die versameling van mnr. J.P.P. Hugo van Worcester is in 1940 deur 'n aantal van sy vriende aangekoop. Hierdie versameling vorm vandag nog die kern van die Museum. In 1942 is die "Vereniging in verband met die Afrikaner-museum van oudhede op Worcester" gestig, en is een van die kleiner historiese huise op die dorp vir £850 (R1700) aangekoop om die versameling te huisves. Aangesien 'n opsigter in die agterste deel van die huis gewoon het, is die hele versameling (sowel as alle ander skenkings) vir die volgende 30 jaar slegs in drie vertrekke van gemiddelde grootte en 'n gang gehuisves. Die Museum word op 19 Mei 1961 geproklameer tot museum van die Provinsiale Administrasie. Die naam verander van Afrikaner-museum tot Worcester-museum op 6 Mei 1969. 'n Groot historiese woonhuis word deur die Stadsraad aangekoop in 1963. Dit word gerestoureer en ingewy as museum op 28 April 1970. Die inwyding het saamgeval met die viering van die honderd-en-vyftigste verjaarsdag van die dorp Worcester.

Aangesien daar nog gewerk word aan die klassifisering en katalogisering van toonstukke word daar op die oomblik slegs navorsing in verband met dié stukke gedoen. Daar word beoog om in die toekoms navorsing te doen in verband met die geskiedenis van Worcester, en een of ander bepaalde rigting van die museumwese.

Funksies en beleid: Die vernaamste funksie van die organisasie op die oomblik is die katalogisering van die groot versameling en die inrigting van 'n huis wat 'n beeld sal gee van die leefwyse van 'n plattelandse gesin - ongeveer 1820.

Beheer en administrasie: Die beheerliggaam is die Beheerraad wat bestaan uit agt lede van wie drie deur die Administrateur benoem word, een deur die Munisipaliteit, een deur die Afdelingsraad en een deur die lede verkies word. Daar is ook twee addisionele geko-opteerde lede.

Die Beheerraad moet toesien dat die beleid, soos neergelê deur die Provinsiale Administrasie, uitgevoer word.

Uitvoerende mag word deur die Kuratrise beoefen.

Personeel: Die personeel bestaan uit die Kuratrise, die opsigter en een deeltydse personeellid.

Finansiering: Die Provinsiale Administrasie wat verantwoordelik is vir die salarisse, dra ook 50 persent by van alle goedgekeurde uitgawes. Ander onkoste word deur skenkings van die Stadsraad en Afdelingsraad gedek.

Die begroting vir 1971/72 is R10 000.

Fasiliteite: Die biblioteek bevat ongeveer 180 boeke wat hoofsaaklik gaan oor die Anglo-Boere-oorlog en teologie.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

'n Jaarverslag is verkrygbaar van die Museum.

## DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KAAP DIE GOEIE HOOP

ONDERWYSBURO

Posbus 13, Kaapstad

Telefoon: 45-9218
Telegramme: ONDERWYS

Hoof: Mnr. R.J.C. Sahlertz

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Na aanleiding van 'n sterk gemotiveerde aanbeveling van die Direkteur van Onderwys, het die Uitvoerende Komitee van Kaapland se Provinsiale Administrasie op 26 November 1969 besluit dat goedkeuring verleen word vir die stigting van 'n onderwysburo in die Onderwysdepartement met ingang van 1 Januarie 1970. Die Buro het op 1 April 1970 in werking getree. Die onderwysersverenigings van Kaapland, t.w. Die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie en The South African Teachers' Association het hulle reeds vroeër sterk beywer vir die instelling van 'n buro vir opvoedkundige navorsing in die Onderwysdepartement.

Funksies en beleid: Die algemene funksies kan kortliks as volg saamgevat word: Opvoedkundige studie, ondersoek en navorsing op provinsiale vlak, ten einde vir Kaapland 'n wetenskaplike basis te vind vir sy beleidsaanpassings en uitbouing van die onderwys. Dit behels onder andere ondersoek na en evaluering van kurrikula, metodes van opleiding en onderrig, toetsing, eksaminering en klassifikasie; onderwysgeriewe,

-toerusting en opvoedkundige hulpmiddels; die bestudering en kennisneming van moderne tendense in die onderwys en opvoedkundige publikasies hier te lande en in die buiteland.

Beheer en administrasie: Die Onderwysburo ressorteer onder die Departement van Onderwys. Die Direkteur van Onderwys beheer die Buro, beplan en formuleer navorsingsprojekte, oorweeg voorgestelde navorsing en dra take vir uitvoering aan die Buro op.

Personeel: Die personeel van die Buro bestaan uit drie voltydse professionele lede en een klerklike assistent/tikster.

Finansiering: Die uitgawe verbonde aan die Onderwysburo, wat in hierdie stadium slegs die salarisse van die personeel behels, word uit die fondse van die Provinsiale Administrasie se begroting vir onderwys gedek.

Fasiliteite: Die Buro het toegang tot alle bestaande geriewe van die Departement en maak vrylik gebruik van die Onderwysbiblioteek en sy interbiblioteekleenstelsel.

Skakeling: Die Onderwysburo het reeds skakeling bewerkstellig met die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Suid-Afrikaanse universiteite, die Gemeenskaplike Matrikulasieraad en ander Departemente van Onderwys (en hul onderwysburo's) met die oog op die verkryging en uitruil van publikasies en werkstukke. Samewerking word beoog met alle instansies wat die belange van die opvoeding en onderwys behartig. Die Buro het verteenwoordiging op die Interdepartementele Komitee insake Koördinasie van Provinsiale Navorsing (Hoofde van Onderwysburo's of verteenwoordigers van Onderwysdepartemente wat nie Onderwysburo's het nie) wat in 1970 in die lewe geroep is.

## NAVORSING

Om navorsingsgegewens te verkry, word die medewerking van universiteite, opleidingskolleges, skole, inspekteurs van onderwys, ander onderwysdepartemente, Suid-Afrikaanse Ambassades in die buiteland en ander instansies gesoek.

Die insameling van gegewens geskied by wyse van omsendbriewe en vraelyste en word deur lede van die Buro verwerk vir gebruik deur die Direkteur van Onderwys.

### Navorsingsprojekte wat onlangs afgehandel is

- Die druiping van leerlinge in die November/Desembereksamens 1969 in Kaapstadse skole.
- Die moontlike instelling van 'n Registrasieraad vir Onderwysers
- Gedifferensieerde toekenning van studiebeurse aan studente vir opleiding as sekondêre onderwysers
- Die beginsels wat toetse en eksamens ten grondslag lê
- Kinders van buite die Republiek van Suid-Afrika wat provinsiale skole in Suid-Afrika bywoon: Kaapland
- Die verhouding tussen die salarisskale van onderwysers (esse), kategorie C en laer en die salarisse van persone buite die onderwysdiens met vergelykbare of laer opleiding
- Die drietermyn-skooljaar
- Vooruitskatting van die behoefte aan onderwyspersoneel in Kaapland
- 'n Ondersoek na pre-primêre onderwys in die buiteland en in die Republiek van Suid-Afrika

- Kurrikulum- en sillabusbeplanning vir Kaapland
- Ondersoek na die misbruik van dwelmmiddels in Kaaplandse skole
- Kommentaar oor regstelling van die posisie van die Onderwys
- Die tekort aan onderwysers in die onderskeie sekondêre vakke (Sts. 6-10) in alle skole in Kaapland
- Die plasing van hoër tegniese skole in Kaapland
- 'n Lys van opvoedkundige terme en die omskrywing daarvan, soos deur die Kaapse Onderwysdepartement vertolk
- Konsepprogram vir die Onderwysjaar en Nasionale Onderwyskonferensie.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Die inspeksiestelsel in Kaapland
- Die aanwending van geslotebaan-televisie in Kaaplandse opleidingskolleges en skole
- Ondersoek na Shorthand/Snelskrif-stelsels
- Vakkeuse in kleiner hoërskole
- 'n Prioriteitslys van opknappingskursusse vir indiensopleiding van onderwysers.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die jaarverslag van die Onderwysburo word beliggaam in die jaarverslag van die Direkteur van Onderwys.

Voorasnog was die navorsingsbevindings van die Buro vir onmiddellike en plaaslike gebruik. Die verstrekking daarvan aan ander instansies geskied slegs met die goedkeuring van die Direkteur van Onderwys.

## P R O V I N S I A L E   A D M I N I S T R A S I E   V A N   N A T A L

STADS- EN STREEKBEPLANNINGSKOMMISSIE

Privaatsak 9038, Pietermaritzburg

Telefoon: 20721
Telegramme: PLANCOM

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Kommissie is 'n statutêre liggaam wat kragtens die Natalse Ordonnansie No. 27 van 1949 (soos later gewysig) gestig is, met die bevoegdheid om opnames te laat maak en kontrakte in verband daarmee aan te gaan. Die Kommissie word deur die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee van die Provinsie Natal aangestel, met die opdrag om stads- en streekbeplanningsbeleid te bepaal, wat egter aan die goedkeuring van die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee onderhewig is.

Personeel: Die Kommissie het geen navorsingspersoneel per se nie, maar wel 'n professionele, tegniese, administratiewe en klerklike personeel van 58.

Finansiering: Fondse word aan die Kommissie uit die Provinsiale begroting toegewys.

Skakeling: Die Kommissie ondersteun en lei 'n reeks navorsingsprojekte wat deur opvoedkundige en navorsingsorganisasies gedoen word en wat daarop gemik is om gegewens te voorsien waarop gesonde beplanningsbeleid en praktyk gebaseer kan word.

Skakeling met die oog op navorsing is bewerkstellig met -

- Die WNNR
- Die Universiteit van Natal en sy verskillende departemente
- Die Universiteit van Durban-Westville,Natal, deur sy Departement Aardrykskunde
- Private raadgewers.

Vereistes van die Kommissie word presies uiteengesit en dan met navorsingsorganisasies bespreek wat in staat en gewillig is om sodanige navorsingsopdragte te onderneem.

NAVORSING

Alle navorsingsbedrywighede het op die ou end te doen met die formulering van beplanningsbeleid in Natal, maar aangesien sodanige beleid wye implikasies het en beplanning suksesvol uitgevoer kan word slegs as die algemene publiek aangaande die beweegredes daarvoor ingelig word en met die doelstellings daarvan saamstem, word navorsingsverslae vryelik ter inligting van die publiek beskikbaar gestel.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is, met insluiting van dié wat nie presies binne die kader van die geesteswetenskappe val nie

- Opname van grondgebruik in Groter Durban (Departemente van Geografie en Landmeetkunde, Universiteit van Natal)
- Indiër-landbouhoewes aan die Natalse Noordkus (Departement Aardrykskunde, Universiteit van Durban-Westville)
- Ondersoek na die Natalse riviere (die Nasionale Instituut vir Waternavorsing, WNNR)
- Die verwydering van afvloeisel deur middel van die see (die Nasionale Instituut vir Waternavorsing, WNNR)
- Opname aangaande ontspanning in Groter Durban (Instituut vir Maatskaplike Navorsing, Universiteit van Natal)
- Opname aangaande ontspanning in Pietermaritzburg (Instituut vir Maatskaplike Navorsing, Universiteit van Natal)
- Opname van Plantekologie (Departement Botanie, Universiteit van Natal en die Afdeling Botanie, Departement van Landbou-tegniese Dienste)
- Koördinasie van Landbou-ekonomiese navorsing (Universiteit van Natal en die Departement van Landbou-tegniese Dienste)
- Opname aangaande natuurlike hulpbronne aan die Suidkus (R.F. Loxton, Hunting and Associates, Konsultante)
- Kusnavorsing, Natalse Suidkus (Nasionale Meganiese Ingenieursnavorsingsinstituut, WNNR)

- Ondersoek na lugbesoedeling in Newcastle en omstreke (Lugbesoedelingsnavorsingsgroep, NBNL, WNNR)

- Ondersoek van die see in die omgewing van Richardsbaai (Nasionale Instituut vir Waternavorsing en Nasionale Fisiese Navorsingslaboratorium, WNNR).

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Stads- en Streekbeplanningskommissie het 'n reeks gepubliseer wat die bevindinge van navorsing aandui wat onder beskerming van die Kommissie gedoen is. Hierdie publikasies kan van die Kommissie of boekwinkels verkry word.

Die verslae van die handelinge van die verskillende bestuurskomitees bevat veel meer detailinligting aangaande die vordering van bepaalde projekte en kan in uitsonderlike gevalle tot die beskikking van latere navorsers gestel word.

Natalse Stads- en Streekbeplanningsverslae:

Volume 14 NATIONAL INSTITUTE FOR WATER RESEARCH, CSIR and TOWN AND REGIONAL PLANNING COMMISSION. The disposal of effluents into the sea off the coasts of Natal. 1969.

Volume 15 VAN DER EYK, J.J., MACVICAR, C.N., DE VILLIERS, J.M. and ORCHARD, E.R. Soils of the Tugela Basin. 1969.

Volume 16 MATTHEWS, P.E. Diversion of water to the upper region of the Tugela Basin. 1969.

Volume 17 CHEW, J.A. and BOWEN, Chartered and Consulting Civil Engineers. The Water Resources of the coastal areas of Northern Natal and Zululand. 1971.

Ander uitgawes, nie noodwendig binne die kader van die geesteswetenskappe nie, wat vir publikasie voorberei word, is:

- The plant ecology of the Three Rivers region, Natal

- Agricultural land classification of the Natal Region

- Water resources of the Natal South Coast

- The Agricultural and related development of the Tugela Basin and its influent surrounds.

## PROVINSIALE ADMINISTRASIE VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

BEPLANNINGSAFDELING

Posbus 517, Bloemfontein

Telefoon: 70511
Telegramme: ORANVRY

Hoof: Stads- en Streeksbeplanner: Dr. S.W. Kemp

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die moederorganisasie, die Provinsiale Administrasie, administreer die Provinsie Oranje-Vrystaat namens die Sentrale Regering. Die admini-

strasie omvat die volgende aspekte: opvoeding, hospitalisasie, paaie, stads- en streeksbeplanning, plaaslike bestuur e.d.m.

'n Beplanningsafdeling is in 1960 in die Vertakking Plaaslike Bestuur gestig. Die basiese funksies daarvan was om navorsing te doen aangaande die ordelike ontwikkeling van die Provinsie en om munisipale diensskemas te hanteer. Die Afdeling doen ook navorsing i.v.m. sosio-ekonomiese aspekte van dorpe en streke, verkeer, stedelike waterverbruik e.d.m.

Beheer en administrasie: Die Beplanningsafdeling word bestuur deur die Uitvoerende Komitee van die OVS se Provinsiale Raad, en word bygestaan deur die Beplanning- en Ontwikkelingsadviesraad en Beheerkomitees. Die lede van hierdie liggame is lede van die Uitvoerende Komitee van die Provinsiale Raad, lede aangestel uit die Provinsiale Raad, universiteite, plaaslike owerhede en die private sektor, en amptenare van hierdie Administrasie en van ander staatsdepartemente. Hul funksie is om advies te gee oor verskeie aspekte wat aan die Provinsiale Administrasie toevertrou is en om sekere spesifieke navorsingsprojekte te rig.

Navorsingsprojekte word geïnisieer deur die Afdeling self, die Beplannings- en Adviesraad van die Oranje-Vrystaat, die Nasionale Instituut vir Waternavorsing van die WNNR, die Uitvoerende Komitee van die Provinsiale Administrasie, plaaslike owerhede en ander liggame.

Struktuur: Die Beplanningsafdeling onderneem navorsing wat betref die volgende aspekte:

- Stadsbeplanning
- Streeksbeplanning
- Munisipale Diensskemas

Personeel: Die Beplanningsafdeling, wat tien professionele en tegniese personeellede insluit, onderneem navorsingswerk slegs as deel van die beplanningsprosedure en word bygestaan deur navorsers van die WNNR en die universiteite.

Daar is vier administratiewe personeellede.

Finansiering: Die Beplanningsafdeling verkry sy fondse uit die provinsiale begroting.

Fasiliteite: Die Afdeling se Departementele Biblioteek wat deel is van die Provinsiale Biblioteek, bestaan uit 2 400 bande, 40 tydskrifte en spesiale versamelings asook die tegniese argief waarin daar 61 kasliasse is.

Skakeling: Die Afdeling skakel met die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad, universiteite, en staatsdepartemente. Skakeling bestaan in gesamentlike navorsingsondernemings, geldelike hulp, die uitruil van inligting en tegniese gegewens en die diens van lede van die Beplanningsafdeling in verskeie navorsingskomitees van ander organisasies.

## OPLEIDING

Beurse word beskikbaar gestel vir die opleiding van streeksbeplanners, siviele ingenieurs en beplanningstegnici, met die oog daarop om die Beplanningsafdeling te beman.

Toelaes word aan studente geskenk vir departementele navorsingswerk wat hulle vir graaddoeleindes mag gebruik.

## NAVORSING

Die Beplanningsafdeling werk saam met die WNNR, universiteite, die nywerheid en deel

van die private sektor om eksperimentele gegewens te verkry.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Waternavorsing in die OVS (navorser - WNNR)
- Beplanning van die gebied naby Sasolburg (navorsingspersoneel)
- Beplanning van die Bloemfonteinse kompleks (navorsingspersoneel)
- 'n Demografies-sosiologiese studie van die Kleurlingbevolking van Bloemfontein en sy hinterland (Universiteit van die Oranje-Vrystaat)
- 'n Teoretiese model van kriteria en hul relatiewe gewigte by die opstel van 'n padbou-program (Universiteit van die Oranje-Vrystaat)
- 'n Beplanningsopname van die Noordoos-Oranje-Vrystaat (navorsingspersoneel).

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Navorsingsverslae word gedruk en in die biblioteek van die Afdeling bewaar. In gevalle waar die toestemming van die Uitvoerende Komitee daartoe verkry is, word sodanige verslae tot die beskikking van alle belangstellende openbare liggame en navorsingsinstansies gestel. 'n Lys van publikasies is aan sekere universiteite en ander liggame gestuur.

Onlangse Beplanningsverslae van die OVS

Ontspanning

PROVINSIALE ADMINISTRASIE OVS. 'n Studie van die benutting van die drie ontspanningsoorde van Parys. Sept. 1969.

PROVINSIALE ADMINISTRASIE OVS. Dewetsdorp-gemeenskapsentrum. Mei 1970.

## O V S O N D E R W Y S D E P A R T E M E N T

OVS-BURO VIR OPVOEDKUNDIGE NAVORSING

Posbus 521, Bloemfontein

Telefoon: 70511-551/503
Telegramme: ONDERWYS

Inspekteur van Opvoedkundige Navorsing: Mnr. D.J. Coetzee

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Na vertoë deur die Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement, het die Uitvoerende Komitee van die Oranje-Vrystaat op 12 Julie 1966 besluit dat 'n Buro vir Opvoedkundige Navorsing vanaf 1 Januarie 1967 gestig moet word en dat, onder andere, een betrekking van Inspekteur uitsluitlik met die oog op navorsing in die OVS Onderwysdepartement geskep moet word.

Op 26 Julie 1967 het die Sekretaris van die Staatsdienskommissie kennis gegee dat 'n Buro vir Opvoedkundige Navorsing onder regstreekse beheer van die Direkteur van Onderwys goedgekeur is. Op 18 Oktober 1967 is die betrekking Inspekteur van Opvoedkundige Navorsing gevul.

Funksies en beleid: Die volgende funksies is onder andere aan die Buro toegewys:

- Die opstel van 'n inventaris van ondersoeke hier en oorsee
- Samewerking met navorsingsorganisasies van ander onderwysdepartemente
- Ontleding van die bestaande posisie met betrekking tot leerlinge, onderwyspersoneel en onderwysgeriewe
- Die vasstel van strominge
- Ontleding van die skoolbevolking wat betref bekwaamhede en belangstellings met die oog op die instelling van 'n beleid van gedifferensieerde onderwys
- Praktiese beplanning in dig- en dunbevolkte gebiede om voorsiening te maak vir die opvoeding van subnormale en domnormale leerlinge, leerlinge met spraakgebreke en fisies gestremde leerlinge, asook om remediërende, tegniese en handelsonderwys te verskaf
- Die vasstel van die praktiese en die diagnostiese waarde van sekere gestandaardiseerde toetse met die oog op 'n doeltreffende toetsbattery
- Die vasstel van die doeltreffendheid van sekere onderwysmetodes
- Die evaluering van die geldigheid en betroubaarheid van eksamens op primêre en sekondêre vlak
- Ondersoek na die aanbod en aanvraag wat betref onderwysers van die verskillende vakke
- Ondersoek na verlies van onderwyspersoneel en vooruitbeplanning om tekorte aan te vul
- Ander soortgelyke pligte waarop die Direkteur van Onderwys van tyd tot tyd mag besluit.

Beheer en administrasie: Beheer berus by die Direkteur van Onderwys aangesien die Buro ondergeskik aan die OVS Onderwysdepartement is.

Navorsingsprojekte word geloods en geformuleer deur die Direkteur van Onderwys en die Buro self. Versoeke om navorsing word ook ontvang van liggame soos die Komitee van Onderwyshoofde, die Inspektoraat van die Oranje-Vrystaat, ens.

Personeel: Die personeel bestaan tans uit die Hoof van die Buro wat 'n Inspekteur van Opvoedkundige Navorsing is, 'n Senior Assistent en 'n vroue-assistent wat vir die administratiewe werk verantwoordelik is.

Finansiering: Fondse vir navorsing word van die provinsiale begroting verkry. Die uitgawe vir 1971/72 word gestel op R19 740, wat die salarisse van die personeel insluit asook die koste om die Vrystaatse Onderwysnuus uit te gee.

Fasiliteite: Spesiale navorsingsgeriewe word deur die Onderwysdepartement voorsien. 'n Naslaanafdeling vir alleengebruik deur die Buro is gestig.

Op 10 Junie 1968 het die Uitvoerende Komitee van die Oranje-Vrystaat die stigting van 'n onderwysbiblioteek goedgekeur. Die biblioteek voorsien in 'n langgevoelde behoefte aan 'n naslaanbiblioteek vir die Onderwysdepartement.
Een van die Buro vir Opvoedkundige Navorsing se take is om kennis in te win van amptelike verslae oor die onderwys, opvoedkundige verhoudings en publikasies op onderwysgebied in Suid-Afrika, asook belangrike ondersoeke na onderwysvraagstukke en opvoedkundige publikasies in ander lande. Hierdie taak van die Buro kan slegs doeltreffend verrig word met behulp van 'n onderwysbiblioteek wat goed toegerus is.

Skakeling: Die Buro is geskakel met al die opvoedingsinrigtings in Suid-Afrika, met

inrigtings in Wes-Europa, die VSA, Kanada, Australië en Nieu-Seeland asook met die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

NAVORSING

Die Buro vir Opvoedkundige Navorsing werk saam met skole onder die OVS Onderwysdepartement en met ander onderwysdepartemente om gegewens te verkry.

Navorsing is vir onmiddellike en plaaslike gebruik en ook vir gebruik deur ander liggame soos bv. die Komitee van Onderwyshoofde.

Navorsingsprojekte wat afgehandel is in 1970-1971

- Die personeelposisie ten opsigte van openbare skole in die Oranje-Vrystaat 1971
- Die tekort aan permanente vakonderwysers in die sekondêre standerds van alle skole soos op 31 Maart 1970
- Die posisie met betrekking tot oudio-visuele hulpmiddels in die OVS-skole
- 'n Gestandaardiseerde Wiskunde toets as 'n prestasie- en 'n kontroletoets
- Die primêre personeelposisie in die Oranje-Vrystaat 1970
- Gebruik van st. 10-eksamen (1969) as kontrole van jaarpunte deur skole toegeken.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Plek van kompetisies in die Onderwys
- Ondersoek in verband met die LO-onderwys in die OVS-skole.

## P R O V I N S I A L E   A D M I N I S T R A S I E   V A N   D I E   T R A N S V A A L

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT

ONDERWYSBURO

Privaatsak X76, Pretoria

Telefoon: 489138
Telegramme: TRANSED

Hoof: Mnr. H.J. van der Merwe

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: In Mei 1951 het die Uitvoerende Komitee van Transvaal, op aanbeveling van die Transvaalse Onderwysdepartement, die onmiddellike instelling van 'n Onderwysburo goedgekeur. Die Buro het in Junie 1951 as 'n integrale deel van die Transvaalse Onderwysdepartement begin funksioneer.

Funksies en beleid: Die funksies van die Onderwysburo, soos deur die Direkteur van Onderwys neergelê, is soos volg:

- Om eksperimente en navorsing in verband met opvoeding op versoek of met goedkeuring van die Direkteur te organiseer en/of te onderneem; om navorsingsprojekte en/of eksperimente vir goedkeuring voor te lê; om navorsing en eksperimente waarvoor die Departement geriewe, inligting en ander vorms van hulp verskaf, aan te moedig; om kennis te neem van die bevindinge van alle navorsing wat deur ander instansies of persone i.v.m. opvoeding en aanverwante bedrywighede gedoen word, en dit beskikbaar te hou.

- Om kennis te neem van en waar moontlik deel te neem aan belangrike konferensies in hierdie land en oorsee en in die voordele van hul besluite te deel; om kennis te neem van amptelike verslae, opvoedkundige proefskrifte, die opvoedkundige pers en ander opvoedkundige publikasies in Suid-Afrika; en om kennis te neem van belangrike verslae van ondersoeke aangaande opvoedkundige probleme en van ander opvoedkundige publikasies in ander lande.

Algemene funksies: Om aanbevelings te doen insake alle kwessies van opvoedkundige aard, soos bv. die organisasie van opvoedkundige inrigtings, werkskemas, onderwysmetodes en tegnieke, e.d.m. wat of regstreeks deur die Direkteur van Onderwys vir ondersoek en beoordeling na die Buro verwys word, òf deur die Buro op eie inisiatief met die goedkeuring van die Direkteur ondersoek word; om volgens instruksies van die Direkteur enige ander werk van professionele aard te onderneem.

Beheer en administrasie: Die Onderwysburo word deur die Transvaalse Onderwysdepartement beheer; die Direkteur van Onderwys stel die lede van die Buro aan en loods navorsingsprojekte.

Struktuur: Die Buro word in drie onderafdelings verdeel, t.w. die Navorsingsafdeling, die Rekenaarwetenskapafdeling en die Kurrikulumafdeling. (Laasgenoemde het die Toetsafdeling sedert 1 April 1970 vervang).

Personeel: Die Buro het sestien professionele en nege administratiewe personeellede.

Finansiering: Die Transvaalse Provinsiale Administrasie verskaf die fondse vir navorsing.

Geriewe: Die Buro het toegang tot 'n Lector Optiese Dokumentleser wat tot groot hulp in die tabuleer van gegewens en standaardiseer van toetse is. Dit het ook toegang tot 'n elektroniese rekenaar.

Die biblioteek van die Transvaalse Onderwysdepartement en sy interbiblioteekleenstelsel is ook tot beskikking van die Buro.

Skakeling: Die Buro moet in verbinding bly met die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, staatsdepartemente, en inrigtings en liggame wat in die opvoeding belang stel, ten einde die Provinsie in staat te stel om voordeel te trek uit navorsing wat gedoen word, stelsels wat aanvaar word en metodes wat toegepas word. Die Buro moet ook onnodige oorvleueling vermy en die verlangde samewerking verkry.

Die Hoof van die Buro verteenwoordig die Transvaalse Onderwysdepartement in die Advieskomitee vir Opvoedkundige Navorsing wat bestaan uit die lede van die Nasionale Onderwysraad, twee professore in die Opvoedkunde en verteenwoordigers van die Departement van Nasionale Opvoeding, die vier Provinsiale Onderwysdepartemente, die Departement van Onderwys van Suidwes-Afrika en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

OPLEIDING

Terwyl hulle met navorsing besig is, ontvang navorsers indiensopleiding van ander lede van die Buro.

NAVORSING

Die Onderwysburo werk met die provinsiale skole in Transvaal saam om gegewens vir navorsing te verkry.

Ondersoek wat deur navorsingsbeamptes gedoen word, is vir onmiddellike en plaaslike gebruik. Lede van die Buro dien in interdepartementele komitees en staan nagraadse studente met hul studies by, afgesien van hul werk aan navorsingsprojekte.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Opvolgstudie van die matrikulasieprojek
- Aardrykskunde in sts. 7 tot 10 in Transvaalse provinsiale skole
- Die personeelposisie wat betref spesiale skole in Transvaal
- Ondersoek na die spoedfaktor in openbare eksamens
- Norme vir die beoordeling van die uitslae in eksterne skooleksamens in Transvaal
- Individuele datastelsel vir onderwysers en dosente
- Differensiasie in die modertaal
- Handleiding vir die laerskoolkurrikulum
- Handleiding vir die opstel van sillabusse vir spesifieke vakke op sekondêre vlak - Geskiedenis, Afrikaans Moedertaal en Rekeningkunde
- Die i.t.a.- eksperiment
- Ondersoek na die onderwyspersoneelbehoeftes in alle TOD-skole soos op 27 Julie 1970
- Ondersoek na die kenmerke van applikante vir verskillende onderwysposte gedurende 1969
- Ondersoek na die keuring van voornemende onderwyskollegestudente
- Die uitsakking van kollege-studente 1967-1969
- Personeelvoorsiening aan beroepskole
- Ondersoek na die resultate van geprogrammeerde onderrig in Biologie
- Verwerking van antwoorde op vraelyste in verband met koshuisgeriewe
- Ondersoek na ʼn formule vir die toekenning van beurse
- Ontleding van die Provinsiale Begroting vir Onderwys
- Ontleding van punte behaal in Natuur- en Skeikunde in die Universiteitstoelatingseksamen van 1970
- Ondersoek na die invloed van jaarpunte op die getal druipelinge en onderskeidings in 1970
- Ondersoek na die moontlikheid om roosterprobleme wat mag ontstaan as gevolg van die toepassing van die nuwe beleid in verband met differensiasie met behulp van die rekenoutomaat op te los
- Bepaling van kriteria vir die evaluering van verskillende sertifikate

(veral dié wat in die buiteland verwerf is)

- Ondersoek na die inhoud van die sillabus vir Rekenaarwetenskap aan Transvaalse skole
- Akkommodasieskedules vir hoër tegniese, hoër handel en hoër huishoudskole
- Akkommodasieskedules vir skole vir Kuns, Musiek en Ballet, en die ontwerp van hulle spesiale onderrigruimtes
- Ontwerp van Musiek-, Kuns- en Aardrykskunde-lokale vir hoërskole
- Ontwerp van lokale vir Bedryfskennis en Huishoudkunde .

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die jaarverslag van die Onderwysburo vorm deel van die jaarlikse Algemene Verslag van die Transvaalse Onderwysdepartement, wat in albei amptelike taal beskikbaar is.

'n Tydskrif, die Onderwysbulletin, verskyn kwartaalliks. Dit is nie te koop nie maar word aan 'n lys adresse gepos wat deur die Departement goedgekeur is. Dit sluit alle provinsiale skole en universiteite in.

Lys van onlangse publikasies van die Transvaalse Onderwysburo

- Die funksies van skoolrade
- Instrumentale Musiek as 'n skoolvak in Transvaalse provinsiale skole
- Vergelyking van die uitslae van projekskole en kontroleskole in Desember 1967
- Personeelskaal vir kleuterskole in Transvaal
- Besoldiging van eksaminatore en hulpeksaminatore in openbare eksamens in Transvaal
- Personeelvoorsieningskaal vir sielkundiges (voorligtend) in Transvaal, 1970
- Skoolgelde wat gehef moet word in kleuterskole wat deur bemiddeling van die Departement gestig sal word
- Die werkbelading en werktoestande van koshuisverpleegsters
- Die verhouding, gesin, kerk, staat en skool in die opvoeding en onderwys met verwysing na die rol wat elkeen in die volksopvoeding vervul en die noodsaaklikheid van koördinasie van hierdie samelewingsverhoudinge in die opvoedings- en onderwyspraktyk
- Korrespondensie-onderwys en somerskole
- Die derde taal as hoërskoolvak met spesiale verwysing na Latyn
- Gedifferensieerde universiteitstoelating
- Verspreiding van punte, simbole en onderskeidings behaal in die Universiteitstoelatingseksamen en die Eindeksamen van die Middelbare Skool vir die jare 1968 - 1969
- Ondersoek na die punte behaal deur kandidate in die Universiteitstoelatingseksamen in Huishoudkunde van Desember 1969

- Ondersoek na die aard van die eksamenvraestelle in die Transvaalse Universiteitstoelatingseksamen en Eindeksamen van die Middelbare Skool

- Bepaling van die getal sportvelde en bane vir alle laer- en hoërskole asook hoër/tegniese en hoër handelskole.

S T A D S R A A D   V A N   J O H A N N E S B U R G

INLIGTING- EN NAVORSINGSTAK, AFDELING NIE-BLANKE SAKE

Posbus 5382, Johannesburg                                    Telefoon: 23-2101

Direkteur, Afdeling Nie-Blanke Sake: Mnr. T.W.A. Koller

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Navorsingstak doen maatskaplike en ekonomiese navorsing met betrekking tot die Bantoebevolking van Johannesburg.

Beheer en administrasie: Die Navorsingstak word deur die Johannesburgse Stadsraad beheer. Die lede van die Raad word uit die kieserskorps van Johannesburg aangestel. Die funksie van die Raad is om plaaslike regeringsadministrasie uit te voer.

Navorsingsprojekte word deur die Direkteur van die Afdeling Nie-Blanke Sake geloods en geformuleer.

Struktuur: Die Inligting- en Navorsingstak word beheer deur 'n Hoofbeampte, wat op sy beurt regstreeks aan die Assistent-bestuurder (Administrasie) verantwoordelik is.

Personeel: Getal voltydse en deeltydse vakkundige personeel wat met navorsing besig is -

Voltyds:
1 Hoofbeampte (Inligting en Navorsing)
1 Navorsingsbeampte
2 Navorsingsassistente (Blank)
3 Navorsingsassistente (Bantoe)

Deeltyds: 'n Aantal veldwerkers word in diens geneem wanneer dit nodig geag word.

Finansiering: Die Navorsingstak verkry fondse vir navorsing uit die fondse van die Raad.

Fasiliteite: Die Navorsingstak het toegang tot die elektroniese rekenaar van die Johannesburgse Stadsraad. Die biblioteekfasiliteite van die Raad is ook tot die beskikking van die Navorsingstak, bv. Munisipale Naslaanbiblioteek, Munisipale Regsbiblioteek en die Munisipale Stadsbiblioteek.

Skakeling: Skakeling is met die volgende liggame bewerkstellig:

- Universiteit van die Witwatersrand
- Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad (WNNR)
- Universiteit van Natal
- Departement van Statistiek
- Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling
- Departement van Gemeenskapsbou.

Skakeling bestaan in gesamentlike navorsingsondernemings, die deel van gesamentlike fasiliteite en die uitruil van publikasies.

NAVORSING

Projekte varieer van jaar tot jaar volgens die behoeftes van die afdeling. Alle pro-

jekte word deur die navorsingspersoneel onderneem.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Navorsingsresultate word bewaar en is in die Naslaanbiblioteek van die Johannesburgse Stadsraad beskikbaar.

## S T A D S R A A D   V A N   P R E T O R I A

PRETORIASE KUNSMUSEUM

Arcadiapark, Schoemanstraat, Pretoria    Telefoon: 4-4271/2

Direkteur: Mnr. A.J. Werth

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Pretoriase Kunsmuseum lewer diens aan die publiek ten opsigte van estetiese genot en kunswaardering. Die Pretoriase Kunsmuseum is in Mei 1964 vir die publiek geopen. Die Stadsraad van Pretoria het reeds 60 jaar gelede met die aankoop van skilderye begin, waaraan die Michaelis-skenking in die jare dertig toegevoeg is. Die Museum is gebou as 'n bergplek en vertoonplek vir die stedelike versameling. Ondersoek word ingestel na verskillende aspekte van veral die Suid-Afrikaanse kuns, ook op navraag van die publiek.

Algemene funksies en beleid: Die beleid van die Kunsmuseum is om deur uitstalling van die permanente versameling en van tydelike uitstallings belangstelling in die skone kunste aan te wakker. Die versameling van Suid-Afrikaanse kuns, asook dié van Europese grafiek, word stelselmatig uitgebrei.

Beheer en administrasie: Die Kunsmuseum word deur die Beheerkomitee van die museum beheer. Die funksies van die Beheerkomitee is om aanbevelings aan die Bestuurskomitee van die Stadsraad voor te lê in verband met uitstallings wat in die Museum gehou word, aankope van kunswerke, skenkings wat die Museum aangebied word, beleidsake, ens.

Navorsingsprojekte word deur die Direkteur en die personeel beplan en uitgevoer.

Uitvoerende mag word deur die Direkteur beoefen.

Personeel: Die personeel wat 'n groot verskeidenheid van take verrig, bestaan uit 'n Direkteur, Assistent-direkteur, Opvoedkundige Beampte, Sekretaresse, Ontvangsdame/ Telefoniste, Tegniese Assistent en vier Wagmanne.

Finansiering: Die Kunsmuseum word uit die Munisipale begroting gefinansier. Die begroting vir 1971/72 is R192 450.

Fasiliteite: Die biblioteek het 610 boeke, 45 tydskrifte en 500 katalogusse.

Skakeling: Die Kunsmuseum skakel met skole en universiteite deurdat hulle gebruik maak van die biblioteek in die Museum.

NAVORSING

Die Kunsmuseum werk saam met die Universiteit van Pretoria om navorsingsgegewens te verkry. Inligting in studente-opgawes word op 'n alfabetiese kaartstelsel aangebring.

Navorsing wat aan die gang is

- Die opstel van 'n rekord van waar Suid-Afrikaanse kunstenaars se werke is, met die klem op kunswerke in en om Pretoria.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Kunsmuseum publiseer 'n jaarverslag wat aan Stadsraadslede en ook, op aansoek, aan ander instansies gestuur word. Dit is by die kantore van die Kunsmuseum verkrygbaar.

Die Kunsmuseum publiseer ook die kwartaallikse Bulletin van die Museum. Dit word hoofsaaklik gestuur aan lede van die Vereniging van Vriende van die Pretoriase Kunsmuseum, ook aan universiteite en ander museums, plaaslik en in die buiteland, en aan instansies wat daarom aansoek doen. Die blad word nie verkoop nie.

Verspreiding van navorsingsbevindings kan deur middel van die Bulletin geskied.

Publikasies van die Kunsmuseum

LE MUSEE d'Art de Pretoria. La Revue Française. 232, Junie 1970.

Artikels oor die Kunsmuseum het ook in verskeie ander tydskrifte verskyn.

A F R I K A - I N S T I T U U T   V A N   S U I D - A F R I K A

Posbus 630, Pretoria

Direkteur: Prof. J.H. Moolman

Telefoon: 48-6970
48-2811

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Afrika-Instituut is 'n outonome liggaam, geregistreer as 'n vereniging sonder winsbejag ingevolge artikel 21 van die Maatskappyewet nr. 46 van 1926 (soos gewysig). Dit is in 1960 gestig deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns met die medewerking van die Universiteit van Suid-Afrika.

Funksies en beleid: Die hoofdoel van die Instituut is die versameling en wetenskaplike verwerking van gegewens wat van toepassing is op alle sake wat die welvaart van die mens in Afrika beïnvloed. Navorsingsbevindings en algemene inligting word aan belanghebbende instansies en individue deur middel van die Instituut se publikasies, biblioteekfasiliteite en inligtingsdiens verskaf.

Aangesien Afrika so 'n omvattende studieterrein bied en weens praktiese redes, is die Instituut se navorsing toegespits op die studie van geografiese, ekonomiese, staatkundige, sosiale en etnologiese aangeleenthede. Gespesialiseerde studies t.o.v. die ontwikkelingsvraagstukke van lande in Suidelike Afrika vorm 'n verdere belangrike aspek van die Instituut se navorsingspoging. Interdissiplinêre navorsing en skakeling met navorsers buite die Instituut speel 'n belangrike rol hierin.

Beheer en administrasie: Die Afrika-Instituut word beheer deur 'n Raad van agtien lede, wat die lede van die Instituut sowel as die volgende liggame verteenwoordig: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Suid-Afrikaanse universiteite, die Departement van Nasionale Opvoeding en die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling. Die pligte en magte van die Raad, wat in die Statute van die Instituut omskryf word, is hoofsaaklik om te verseker dat die doelstellings van die Instituut verwesenlik word.

'n Uitvoerende Komitee, bestaande uit ses raadslede en die Direkteur is verantwoordelik vir die daaglikse bestuur van die Instituut. Navorsingsprojekte van die Instituut word aanbeveel, geformuleer en uitgevoer deur die Direkteur, navorsingspersoneel en die navorsingsadvieskomitees met goedkeuring van die Uitvoerende Komitee.

Struktuur: Die Instituut bestaan uit twee hoofafdelings, nl. die Administratiewe Afdeling en die Navorsing- en inligtingsafdeling. Onder lg. afdeling ressorteer die navorsingspan, redaksionele personeel en biblioteek.

Personeel: Daar is tans elf voltydse en deeltydse vakkundige personeellede waarvan sewe voltyds met navorsing besig is. Die administratiewe, klerklike en tegniese personeel bestaan uit vyftien lede.

Finansiering: Bronne waaruit fondse vir navorsingsdoeleindes verkry word, is 'n regeringsubsidie, donasies, ledegelde en navorsingstoekennings.

Fasiliteite: Die Instituut beskik oor goed toegeruste kartografiese en drukwerkafdelings. Fasiliteite sluit ook in elektroniese rekenaars (tafelmodelle), fotografiese, fotokopieer- en bandopname-apparaat, asook 'n motor.

Die gespesialiseerde naslaanbiblioteek bevat meer as 15 000 bande en skryf in op 350 tydskrifte en koerante. Daar is ook 'n uitgebreide versameling koerantknipsels, pamflette en ander materiaal. Navorsers het ook toegang tot die uitgebreide biblioteek van die Universiteit van Suid-Afrika.

Skakeling: Die Instituut het skakeling met al die Suid-Afrikaanse universiteite en ander navorsingsliggame, insluitend die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, bewerkstellig. Tans is daar formele skakeling met die Universiteit van Suid-Afrika en die Universiteite van Pretoria, die Witwatersrand, Stellenbosch en Kaapstad, wat op

die Raad van die Instituut verteenwoordig word. Informele skakeling word met hierdie en ander Suid-Afrikaanse universiteite gehandhaaf, asook met navorsingsliggame en akademiese en professionele verenigings in Suid-Afrika en oorsee, bv. deur briefwisseling, besoeke, gesamentlike seminare en die uitruil van publikasies. Skakeling varieer volgens die aard van die werk wat aan die gang is. Party navorsingsprojekte word deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, wat ook op die Instituut se Navorsings-advieskomitee verteenwoordig word, gefinansier.

## OPLEIDING

Die Instituut is hoofsaaklik gemoeid met navorsing, eerder as met opleiding. Nogtans word senior studente periodiek op klein skaal by navorsingsprojekte van die Instituut ingeskakel en navorsingspersoneel neem somtyds deel aan doseerwerk by universiteite.

## NAVORSING

Die Afrika-Instituut werk saam met internasionale organisasies, navorsingsliggame, universiteite en staatsdepartemente in Suid-Afrika, ander Afrikalande en in die buiteland, om gegewens te verkry.

Die navorsingswerk van die Afrika-Instituut is tot onmiddellike en algemene nut in Suid-Afrika en ander Afrikastate.

<u>Navorsingsprojekte wat aan die gang is</u>

- Die kwantitatiewe en kwalitatiewe aspekte van arbeid in Suidelike Afrika
- Die evaluasie van ontwikkelingsprojekte: 'n omvattende kostevoordeel analise vir ontwikkelende lande met spesiale verwysing na Suidelike Afrika
- Die ontwikkelingsprobleme en potensiaal van Malawi
- Die aard, omvang en implikasies van verstedeliking in ontwikkelende Afrikalande
- Die antropogenetiese verskeidenheid van die inheemse mense van Suidelike Afrika
- Tradisionalisme en moderne bestuur in die ontwikkelende lande van Suidelike Afrika.

## PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

'n Verslag oor die aktiwiteite van die Afrika-Instituut word jaarliks uitgegee en is op aanvraag beskikbaar. Die Instituut publiseer maandeliks die <u>Afrika-Instituut-Bulletin</u> (intekengeld R3,50 p.j.) en een keer per jaar die <u>South African Journal of African Affairs</u> (intekengeld R1,20 p.j.). Hierbenewens word navorsingsbevindinge in verskeie ad hoc-series gepubliseer.

<u>Onlangse geleentheidspublikasies</u>

JEPPE, W.J.O. <u>Die Lesedi-landboukoöperasie van Taung.</u> No. 29, 1970.

LEISTNER, G.M.E. <u>Die Rolle der Farbigen Bevölkerungsgruppen in der Südafrikanischen Wirtschaft.</u> no. 27, 1970.

LEISTNER, G.M.E. <u>South Africa's development aid to African states.</u> No. 28, 1970.

<u>Ander onlangse publikasies</u>

AFRIKA-INSTITUUT. <u>Suider-Afrika-data.</u> Onvoltooide reeks. 1. Bevolking. 1970.

2. Gesondheid. 1970. 3. Opvoeding. 1970. 4. Arbeid. 1971. 5. Vervoer. 1971. 6. Water en krag. 1971.

BREYTENBACH, W.J. Vreemde Bantoewerkers in Suid-Afrika en Rhodesië: Reëlings betreffende werwing en indiensneming. 1971.

HOUGH, M. Botswana: Konstitusionele ontwikkeling. 1970.

METROWICH, F.R. Africa in the Sixties. 1970.

SMIT, P. Botswana: Resources and development. 1970.

VAN DER MERWE, P.J. Die Bantoemannekragpotensiaal van S.A. met verwysing na indiensnemingsmikpunte vir elke volk. 1970.

Publikasies in voorbereiding

HITZEROTH, H.W. Die Fisies-antropologiese samestelling van die inheemse mense van Suidelike Afrika.

STEENKAMP, W.F.J. Progress and change in Africa.

WILLIAMS, J.C. Three manpower problems in Lesotho: Education, health and population growth.

WILLIAMS, J.C. Lesotho: Land tenure and economic development.

## B A N T O E - B E L E G G I N G S K O R P O R A S I E  V A N  S U I D - A F R I K A  B E P E R K

BURO VIR EKONOMIESE NAVORSING INSAKE BANTOE-ONTWIKKELING (BENBO)

Posbus 2312, Pretoria

Telefoon: 481925
Telegramme: BANTOEKOR

Direkteur: Dr. J.J.S. Weideman

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Buro vir Ekonomiese Navorsing insake Bantoe-ontwikkeling het aan die einde van 1969 met sy werksaamhede 'n aanvang geneem. Die doel van die Buro is om as vakkundige sekretaris vir die Bantoesakekommissie op te tree. Die Bantoesakekommissie is 'n statutêre instelling in die Ministerie van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en tree op as adviesliggaam vir die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, hoofsaaklik met betrekking tot beleidsaangeleenthede.

Funksies en beleid: BENBO verrig in hoofsaak die vakkundige take van toegepaste navorsing, ondersoek en beplanning soos voorgeskryf deur die Ekonomiese Komitee en die Landboukomitee van die Bantoesakekommissie. Laasgenoemde twee komitees is subkomitees van die Bantoesakekommissie wat hulle toespits op die beplannings- en programmeringstaak sover dit die ontwikkeling van die Bantoetuislande aangaan.

Beheer en administrasie: BENBO staan onder leiding van 'n Direkteur, wat op sy beurt verantwoordelik is aan 'n Beheerkomitee wat deur die Direksie van die Bantoe-beleggingskorporasie benoem word.

Struktuur: Die vakkundige personeel van BENBO spesialiseer elk in 'n spesifieke strategiese dimensie van ontwikkeling soos bv. nywerheidsdesentralisasie, landbou, Bantoebehuising, Bantoevervoer, arbeidskanalisering, ruimtelike ordening en bestedingsprogrammering. Verder bestaan daar in BENBO 'n databank waarin alle strategiese inligting, sover dit die program van afsonderlike ontwikkeling aangaan, op 'n sistematiese wyse getabuleer en op datum gehou word. Hierdie data is noodsaaklik vir die beplanningstaak van die Buro.

Personeel: Die Direkteur word tans bygestaan deur 15 vakkundiges wat almal in besit is van akademiese kwalifikasies in die ekonomiese vakwetenskappe. Die administrasie van BENBO bestaan tans uit 'n personeel van 5 persone.

Finansiering: BENBO se aktiwiteite word gefinansier uit 'n navorsingsfonds wat jaarliks uit Bantoetrustfondse bewillig word.

Fasiliteite: BENBO beskik oor 'n databank wat eerstens die versameling van ekonomiese data as funksie het en tweedens die opbou van 'n indeksstelsel ten doel het ten opsigte van strategiese inligting en verslae aangaande Bantoe-ontwikkeling.

Skakeling: Spesifieke navorsingsprojekte word op kontrak aan universiteite en ander instansies uitgegee.

OPLEIDING

Daar word van die vakkundige personeel verwag om ten minste 'n magistersgraad te verwerf en hulle word hierin bygestaan en aangemoedig.

NAVORSING

Die makro-ekonomiese navorsing en beplanningstake wat deur BENBO verrig word is meestal van vertroulike aard en dus word die verspreiding van die verslae beperk en word die inligting meestal nie gepubliseer nie.

## P R O D U K T I W I T E I T S A D V I E S R A A D (P A R)

NASIONALE PRODUKTIWITEITSINSTITUUT (NPI)

Privaatsak X191, Pretoria

Telefoon: 32306
Telegramme: COMPARATOR

Direkteur: Mnr. J.H. Visser

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Instituut wat in Julie 1968 tot stand gekom het, is 'n werkseenheid vir die Produktiwiteitsadviesraad (PAR) en onderneem tans struktuurondersoeke van bedryfstakke ten einde faktore wat produktiwiteitsgroei belemmer, te identifiseer.

Funksies en beleid: Die opdrag van die PAR is om "binne die raamwerk van die ekonomiese en maatskaplike beleid van die owerheid, self ondersoek te doen of te laat doen met betrekking tot enige aspek wat die produktiwiteit van die volkshuishouding en daarmee ook die welvaart van die hele bevolking beïnvloed."

Beheer en administrasie: Die professionele aktiwiteite van die Instituut word deur

die PAR beheer. Administratief is die Instituut aan die SA Buro vir Standaarde gekoppel. Lede van die PAR word deur die Minister van Ekonomiese Sake aangestel. Die funksies van die PAR is om aan die Minister van Ekonomiese Sake aanbevelings te doen oor faktore wat produktiwiteitsgroei belemmer en maniere waarop die probleme oorkom kan word.

Navorsingsprojekte word beplan en uitgevoer deur die Direkteur en personeel van die NPI.

Uitvoerende mag word deur die Direkteur van die NPI beoefen.

Personeel: Die personeel bestaan uit sewe voltydse professionele personeellede wat met navorsing gemoeid is en een voltydse sekretaresse/tikster.

Administratiewe dienste word deur die SABS verskaf.

Finansiering: Die Instituut word uit die Staatsbegroting gefinansier. Die begroting vir die jaar 1971/72 is R104 000.

Fasiliteite: Die Instituut maak gebruik van die fasiliteite by die SABS en die WNNR. Die Instituut beskik oor 1 500 literatuurverwysings waarvan ongeveer twee derdes fisies in boek- of pamfletvorm beskikbaar is.

Slegs geringe inligtingsdienste word verskaf.

Skakeling: Skakeling geskied op 'n breë front met verwante instansies, na gelang van die aard van die probleem of projek.

OPLEIDING

Aard van ondersoeke is multi-dissiplinêr, en kruisbestuiwing van gedagtes word formeel deur personeelseminare en informeel deur samewerking in dieselfde span bevorder.

NAVORSING

Navorsingsgegewens word deur middel van besoeke aan die Departement van Statistiek en die betrokke bedryfstak wat bestudeer word, verkry.

Navorsingsprojek wat onlangs afgehandel is

- Produktiwiteitsknelpunte in die mans- en seunsklerevervaardigingsindustrie.

Navorsing wat aan die gang is

- Produktiwiteitsknelpunte in die dames- en dogtersklere-industrie
- Produktiwiteitstudie van die breibedryf.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Navorsingsverslae word in die Parlement ter tafel gelê.

Die volgende publikasie is by die Instituut teen R2 per kopie verkrygbaar:

PRODUCTIVITY in the men's and boy's clothing industry - How to overcome hampering factors. 1970.

## RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Privaatsak X41, Pretoria

Telefoon: 483944
Telegramme: RAGEN

President: Dr. P.M. Robbertse
Vise-Presidente: Dr. A.J. van Rooy en dr. J.D. Venter
Sekretaris: Mej. K.M. Henshall

### ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing het ingevolge die Wet op Geesteswetenskaplike Navorsing, 1968 (Wet No. 23 van 1968) as 'n selfstandige liggaam buite die staatsdiens tot stand gekom. Dit het op 1 April 1969 die funksies van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing en die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing oorgeneem.

Funksies en Beleid: Die RGN het beheer oor alle aangeleenthede in verband met navorsing en ontwikkeling op die gebied van die geesteswetenskappe wat die Minister van Nasionale Opvoeding goedkeur of aan die Raad opdra. Dit is die RGN se funksie om sodanige navorsing te onderneem, te laat onderneem of finansieel te steun. Verder dien die RGN die Minister van advies ten opsigte van die vraag watter navorsing in belang van die land onderneem moet word, die wyse waarop navorsing bevorder kan word, die wyse waarop die potensialiteite van die inwoners van die land die beste ontwikkel en benut kan word en die aanwending van die bevindings van navorsing in die belang van die land. Dit is ook die taak van die RGN om met die goedkeuring van die Minister koördinasie van navorsing te bewerkstellig, om met opvoedkundige instansies, individue en owerhede saam te werk vir die bevordering en doen van navorsing, en om oorvleueling op die gebied van navorsing uit te skakel. Die Raad werk ook saam met persone en owerhede in ander lande en tree op as skakel tussen die Republiek en ander lande in verband met navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe. Die Raad maak toekennings vir navorsing aan universiteite, persone en owerhede en publiseer of finansier die publikasie van die bevindings van navorsing. Die Raad bevorder die opleiding van persone vir navorsingswerk en ken beurse vir sodanige opleiding toe. 'n Ander funksie is om sielkundige en skolastiese toetse en ander hulpmiddels te ontwerp, te standaardiseer en beskikbaar te stel. Dit onderneem ook die waardebepaling van opvoedkundige kwalifikasies, versamel, verwerk, interpreteer en publiseer onderwysstatistiek en is verantwoordelik vir die daarstelling van fasiliteite vir die versameling en verspreiding van inligting betreffende die geesteswetenskappe.

Beheer en administrasie: Die algemene aktiwiteite van die RGN wat betref die uitvoer van sy funksie en die besteding van sy fondse word beheer deur 'n Raad wat bestaan uit 'n voltydse president en agt ander lede wat deur die Minister van Nasionale Opvoeding aangestel word uit persone wat hulle op die gebied van die geesteswetenskappe onderskei het of besondere kwalifikasies ten opsigte van een of ander aspek van die Raad se werksaamhede besit. Die lede vir 1972/1974 is soos volg:

| | |
|---|---|
| Dr. P.M. Robbertse | President en Hoof-uitvoerende Beampte |
| Dr. P.A.W. Cook | Gewese Rektor, Universiteitskollege van Zoeloeland |
| Prof. J.M. du Toit | Professor in Sielkunde, Universiteit van Stellenbosch |
| Prof. H.L. Watts | Professor in Sosiologie, Universiteit van Natal |
| Mnr. J.F. Louw | Nasionale Onderwysraad |
| Mnr. A.G.S. Meiring | Direkteur, OVS-Onderwysdepartement |
| Prof. P.J. Nienaber | Professor in Afrikaans, Universiteit van die Witwatersrand |

Prof. S.J.P.K. van Heerden — Adjunk-wetenskaplike Raadgewer van die Eerste Minister

Prof. G. van N. Viljoen — Rektor, Randse Afrikaanse Universiteit.

Die Raad het 'n aantal hulpkomitees ingestel om hom van advies te dien in verband met aangeleenthede wat op die bereiking van die oogmerke van die Wet op Geesteswetenskaplike Navorsing, 1968 betrekking het. Advieskomitees bestaan tans vir kommunikasienavorsing, psigometriese navorsing, opvoedkundige navorsing, geskiedenisnavorsing, talentopname, mannekragnavorsing, die ondersoek na die stand van die landstale, demografiese en sosiologiese navorsing en vir die waardebepaling van sertifikate. Komitees ad hoc word vir die duur van sekere navorsingsprojekte benoem. Daar is ook ses hulpkomitees vir navorsingsfinansiering aan universiteite en ander navorsingsinstansies, naamlik vir navorsing in Sosiologie en Maatskaplike Werk; Opvoedkundige en Sielkundige navorsing; navorsing in Geskiedenis, Regte, die Staatswetenskappe en Biblioteekkunde; navorsing in Tale, Teologie, Wysbegeerte en Musiek; navorsing in Aardrykskunde en die Ekonomiese Wetenskappe; navorsing oor Afrikanistiek, en die finansiering van Geesteswetenskaplike tydskrifte. Permanente komitees is ook behulpsaam met die samestelling van die Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie.

Versoeke om navorsing word aan die Raad gerig deur Staatsdepartemente, owerhede, organisasies en individue. Hierdie versoeke word aan die betrokke advieskomitees voorgelê, wat dan die nodige aanbevelings by die Raad doen. Aansoeke om die finansiering van universitêre navorsing word deur die applikant geformuleer, ter oorweging aan deskundige komitees voorgelê en dan na die Raad vir goedkeuring verwys. Binne die RGN formuleer en beveel die onderskeie navorsingsinstitute navorsingsprojekte aan soos die behoefte daarvoor ontstaan of soos sodanige projekte uit navorsingswerk wat aan die gang is of uit reeds voltooide projekte spruit. Hierdie aanbevelings word eers deur die betrokke advieskomitees behandel en dan na die Raad vir goedkeuring verwys.

Struktuur van die organisasie: Die RGN word bestuur deur die President wat bygestaan word deur twee vise-presidente wat as skakels tussen die President en die direkteure van die onderskeie institute dien. Daar is Institute vir Geskiedenisnavorsing, Inligting en Spesiale Dienste, Kommunikasienavorsing, Mannekragnavorsing, Navorsingsontwikkeling, Opvoedkundige Navorsing, Psigometriese Navorsing, Sosiologiese Navorsing, Statistiese Navorsing, Taal, Lettere en Kuns, en die Administrasie.

Personeel: Die goedgekeurde diensstaat van die RGN staan tans op 307, van wie 170 vakkundige personeel en 137 klerklike en administratiewe personeel is.

Finansiering: Die RGN verkry sy fondse van 'n jaarlikse toekenning wat deur die Parlement bewillig en deur die Tesourie via die Departement van Nasionale Opvoeding uitbetaal word, asook uit gelde vir navorsing wat op kontrak gedoen word, verkope van toetse en navorsingspublikasies, en rekenoutomaatdienste. Die uitgawes vir 1972/1973 is op R2 626 900 beraam. Dit sluit in R387 500 vir navorsingstoekennings. Die laasgenoemde bedrag word uitsluitend aan universiteite en enkele ander navorsingsliggame vir goedgekeurde navorsing toegeken.

Fasiliteite: Die RGN het tot sy beskikking 'n IBM 360-komper (model 40), 'n IBM 1230-optiese nasienmasjien en toetstellingsapparaat, kaartponse en 'n aantal elektroniese tafelrekenmasjiene.

Die biblioteek van die RGN bevat tans 17 300 boeke, 850 proefskrifte en dissertasies, 9 910 tydskrifbande, 836 bestaande tydskrifreekse en 760 amptelike publikasies.

'n Uitgebreide versameling brosjures bevat inligting oor oorsese publikasies, hoofsaaklik van opvoedkundige aard.

Die biblioteek het ook 'n besonder seldsame versameling papirologiese tekste wat uit 27 titels bestaan.

Skakeling: Die RGN ruil publikasies met sowat 225 buitelandse organisasies uit, insluitende al die belangrikste universiteite en navorsingsliggame. Daarbenewens word inligting op aanvraag verskaf en navrae in verband met navorsing in die geesteswetenskappe word aan verskeie oorsese organisasies en owerhede gerig.

## OPLEIDING

Navorsers ontvang indiensopleiding onder toesig van ervare senior navorsers. Gebruik word ook gemaak van spesiale opleidingskursusse byvoorbeeld in statistiek wat deur universiteite aangebied word, spesiale kursusse in programmering en dataverwerking deur IBM aangebied, studiekonferensies en seminare wat deur universiteite, navorsingsorganisasies en die Nasionale Ontwikkelings- en Bestuurstigting gereël word en besoeke aan buitelandse navorsingsinstansies.

Beurse om met die oog op gevorderde grade voltyds aan plaaslike universiteite te studeer en navorsing te doen, word volgens verdienstelikheid aan Suid-Afrikaanse studente toegeken wie se akademiese loopbaan en belangstelling daarop dui dat hulle, met behoorlike opleiding, bekwame navorsers sal word. Die beurse is soos volg beskikbaar:

| | |
|---|---|
| Honneursgrade: | R600 |
| Meestersgrade: | R700 |
| Doktorsgrade: | R1 000 |

'n Beperkte aantal beurse vir na-meestersgraadstudie en opleiding in navorsingswerk aan oorsese universiteite en navorsingsinstitute maak spesifiek voorsiening vir gespesialiseerde opleiding in navorsingswerk op terreine van die geesteswetenskappe waarvoor daar geen of onvoldoende opleidingsgeriewe in Suid-Afrika bestaan.

## NAVORSING

Empiriese gegewens word deur Institute van die RGN van 'n groot verskeidenheid van segmente van die bevolking verkry, bv. primêre en hoërskoolleerlinge, studente, onderwysers, lektore, gegradueerdes in verskeie professies, huisvroue, bejaardes e.d.m.

Afgesien van die navorsingswerk wat sy eie institute doen, stel die RGN uit fondse wat vir toelaes en beurse afgesonder word, geld ter beskikking van navorsingspanne aan universiteite of navorsingsinstitute, navorsingsorganisasies soos die Afrika-Instituut, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Staatsbiblioteek, die Suid-Afrikaanse Biblioteek, en individue vir goedgekeurde projekte. Die bedrag van R369 000 is vir hierdie doel in 1971/1972 beskikbaar gestel.

## PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Publikasies van die RGN word onder die verskillende Institute aangegee. 'n Volledige lys van publikasies en prysopgawes verskyn ook agter in hierdie gids en die jongste publikasielyste is op aanvraag verkrygbaar van:

Die President, RGN, Privaatsak X41, Pretoria.

## INSTITUTE VAN DIE RGN

### I N S T I T U U T V I R G E S K I E D E N I S N A V O R S I N G

<u>Direkteur:</u> Dr. C.M. Bakkes

<u>Vakkundige personeel:</u> 12

<u>Aard van navorsing:</u> Hierdie Instituut onderneem navorsing op die gebied van die genealogie, geskiedenis en verwante terreine en is verantwoordelik vir die samestelling van die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek.

<u>Navorsingsprojekte wat aan die gang is</u>

- Die Dagboek van H.C. Bredell. Hierdie projek behels die transkripsie

van, inleiding oor en historiese aantekeninge by die dagboek van H.C. Bredell, lyfwag van president S.J.P. Kruger

- Die Herinneringskrif van genl. J.H. de la Rey. Hierdie projek behels die transkripsie van, inleiding oor en historiese aantekeninge by die herinneringskrif en geselekteerde oorlogsdokumente van genl. J.H. de la Rey. Dit dek die periode van die Tweede Anglo-Boereoorlog

- Die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek. Dit behels die finalisering van die tweede deel en die samestelling van deel III van die SABW

- Die Stamregister van die Eloffs in Suid-Afrika. Die vakkundige en tegniese versorging van J.H. van Dyk se stamregister van die Eloffs in Suid-Afrika.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

G - 1 VAN DYK, J.H. <u>Stamregister van die Eloffs in Suid-Afrika.</u> 1972.

<u>Resensies</u>

BAKKES, C.M. <u>Genl. Louis Botha op die Natalse Front 1899-1900 deur C.J. Barnard.</u> <u>In:</u> Humanitas, 1 (2), 1971: 181.

BAKKES, C.M. <u>Genl. Louis Botha op die Natalse Front 1899-1900 deur C.J. Barnard.</u> <u>In</u>: Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 12(1), Maart 1972: 30-31.

<u>Voordragte</u>

- Prof. D.W. Krüger het die Suid-Afrikaanse Genealogiese Genootskap toegespreek in verband met genealogiese navorsing wat deur die Instituut vir Geskiedenisnavorsing onderneem word.

- Prof. D.W. Krüger het 'n reeks radiopraatjies in verband met Paul Kruger in ballingskap gelewer.

## INSTITUUT VIR INLIGTING EN SPESIALE DIENSTE

<u>Direkteur:</u> Dr. C.E. Prinsloo

<u>Vakkundige personeel:</u> 16

<u>Funksies:</u> Hierdie Instituut is, benewens ander dinge, verantwoordelik vir die volgende bedrywighede

- die opstel en gereelde hersiening van 'n inligtingsreeks wat insluit skedules van beurse vir universitêre opleiding, 'n gids van navorsingsorganisasies, en publikasies oor onderwys en onderwysfasiliteite in Suid-Afrika

- die beantwoording van navrae aangaande onderwys en die geesteswetenskappe afkomstig van persone en liggame in Suid-Afrika sowel as van oorsese lande

- die waardebepaling van oorsese en Suid-Afrikaanse opvoedkundige kwalifikasies

- die redigering en vertaling van navorsings- en ander verslae van Institute van die RGN

- die tref van reëlings vir die druk van alle RGN-publikasies

die verskaffing van biblioteekfasiliteite en dokumentasiedienste aan die personeel van die Raad

- die verskaffing van interne en eksterne skakeldienste aan die RGN.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

- 'n JAARVERSLAG oor die aktiwiteite van die RGN
- HUMANITAS, Tydskrif vir Navorsing in die Geesteswetenskappe, wat ten minste twee keer per jaar verskyn teen R1,50 per eksemplaar
- 'n Maandelikse Nuusbrief wat die jongste inligting oor navorsing deur die RGN bevat, word gratis versprei.

RGN-Nuusbrief

No.

| | |
|---|---|
| 11 April 1970 | Navorsing wat deur die RGN deur middel van groter toekennings ondersteun word |
| 12 Mei 1970 | Die Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie nader voltooiing |
| 13 Junie 1970 | Talentopname |
| 14 Julie 1970 | Gesinsgroottes: Verwagte nuwe tendense |
| 15 Augustus 1970 | Genealogiese navorsing |
| 16 September 1970 | Die radio as massakommunikasiemedium |
| 17 Oktober 1970 | Koëdukasie |
| 18 November 1970 | Persoonlikheid: 'n Vergelykende ondersoek |
| 19 Januarie 1971 | Psigometriese navorsing ten opsigte van Indiërleerlinge in Suid-Afrika |
| 20 Februarie 1971 | Onderwysuitgawes |
| 21 Maart 1971 | Ingenieurs |
| 22 April 1971 | Mannekrag, 1973 |
| 23 Mei 1971 | Geskiedenisnavorsing deur die RGN |
| 24 Junie 1971 | Blanke manlike dowes in Transvaal |
| 25 Julie 1971 | Toekomsnavorsing |
| 26 Augustus 1971 | Sielkundige en skolastiese toetse van die RGN |
| 27 September 1971 | Dokumentasiewerksaamhede van die RGN |
| 28 Oktober 1971 | Die onderrig van Aardrykskunde aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole |
| 29 November 1971 | Loonstruktuur van hooggekwalifiseerde mannekrag |
| 30 Januarie 1972 | Studie- en beroepsvoorligting |
| 31 Februarie 1972 | Die bevolkingsontploffing |
| 32 Maart 1972 | Talentopname |

IN - 1 FOURIE, E.C. Register van huidige navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika - 1968 - Register of current research in the human sciences in South Africa. 1969.

IN - 2 GEGGUS, C. Toekennings beskikbaar vir voorgraadse studie aan Suid-Afrikaanse universiteite I (UOVS, UPE, PU vir CHO, UP, RAU, US, UNISA en ALGEMEEN). 1969.

IN - 3 GEGGUS, C. Awards available for undergraduate study at South African universities II (UCT, UN, UPE, RU, UNISA, WITS and GENERAL). 1969.

IN - 4 WAARDEBEPALING van Suid-Afrikaanse en buitelandse opvoedkundige kwalifikasies. 1972.

IN - 5 EVALUATION of South African and foreign educational qualifications. 1972.

IN - 6 SAUER, G. and GEGGUS, C. Directory of research organizations in the human sciences in South Africa, 1969. 1970.

IN - 6 SAUER, G. en GEGGUS, C. Gids van navorsingsorganisasies in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika, 1969. 1970.

IN - 8 STIMIE, C.M. Algemene Inligting. 1971.

IN - 9 STIMIE, C.M. General Information. 1971.

IN - 10 FOURIE, E.C. Register van navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika - 1969 - Register of research in the human sciences in South Africa. 1970.

IN - 11 GEGGUS, C. and STIMIE, C.M. Training after Standard Ten excluding university training. 1971.

IN - 12 GEGGUS, C. en STIMIE, C.M. Opleiding na standerd tien uitgesonderd universiteitsopleiding. 1971.

IN - 13 STIMIE, C.M. Education in the Republic of South Africa. 1970.

IN - 14 GEGGUS, C. Toekennings beskikbaar vir nagraadse studie in die Republiek van Suid-Afrika en in die buiteland/Awards available for post-graduate study in the Republic of South Africa and overseas. 1971.

IN - 15 STIMIE, C.M., GEGGUS, C. en COETZEE, C.J.S. Universiteitsopleiding en beroepsmoontlikhede/University training and career possibilities. 1972.

IN - 16 STIMIE, C.M. and GEGGUS, C. University Education in the Republic of South Africa. 1972.

## I N S T I T U U T V I R K O M M U N I K A S I E N A V O R S I N G

Direkteur: Mnr. H.J. Barnard

Vakkundige personeel: 8

Aard van navorsing: Hierdie Instituut onderneem basiese en toegepaste navorsing in verband met die sielkundige, sosiologiese en volkekundige faktore wat met kommunikasie en massakommunikasie gemoeid is. Dit ondersoek ook die aanwending en ontwikkeling van kommunikasiemedia en onderneem die meting van die effek van kommunikasie.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

Verskeie projekte oor die invloed van die instelling van televisie in die Republiek van Suid-Afrika wat die volgende terreine behels:

- Waardestruktuur
- Verwagtinge oor die aard, omvang en inhoud van televisie
- Tydsbenuttingspatrone
- Invloed van televisie op ander massamedia.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

KOMM - 1 ERASMUS, P.F. Die Radio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na die situasie in Suid-Afrika. 1970.

KOMM - 2 ERASMUS, P.F. Beeldradio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na die moontlike instelling van sodanige diens in Suid-Afrika. 1971.

## I N S T I T U U T V I R M A N N E K R A G N A V O R S I N G

Direkteur: Mnr. W. Verhoef

Vakkundige personeel: 24

Aard van navorsing: Die Instituut bepaal hom hoofsaaklik by vraagstukke op die gebied van mannekragbenutting, die vraag na en aanbod van mannekrag, mannekragpotensiaal en die ontwikkeling daarvan. Dit sluit ook in navorsing oor die verwagte groei in die vraag na en aanbod van mannekrag vir verskeie beroepe.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Talentopname, 'n omvattende projek, met die oog daarop om 'n beeld van die mannekragpotensiaal van die land te verkry en gegewens beskikbaar te stel wat sal bydra om hierdie potensiaal tot die maksimum te ontwikkel, met besondere aandag aan begaafdes, vroeë skoolverlaters en onderpresteerders
- Die vraag na en aanbod van tegnici, ingenieurs, argitekte, natuurwetenskaplikes en geesteswetenskaplikes
- Die vraag na en aanbod van Blanke, Kleurling-, Indiër- en Bantoemannekrag in 1980, met verwysing na beroepe en onderwyspeil
- 'n Nasionale register van Natuur- en Geesteswetenskaplikes
- 'n Verkenningstudie na die akkulturasie van die Zoeloe-ondernemer in die Natalse Bantoetuislande
- Opname van werkgeleenthede en gepaardgaande kwalifikasievereistes in grensgebiednywerhede
- Die benutting van deeltydse vrouearbeid
- Menslike faktore:

- Die invloed van die heersende kulturele milieu op die ontwikkeling van entrepreneurskap by die Tswana
- Die arbeidsgesindheid van manlike Tswana-werksoekers by arbeidsburo's in die Tswanatuisland naby Rustenburg

- Die inkomstepatroon van Blankes in die Republiek van Suid-Afrika, met verwysing na beroep en onderwyspeil
- Die rol van lone:
  - Die byvoordele van hooggekwalifiseerde werknemers
  - Faktore wat die loon van hooggekwalifiseerde werknemers beïnvloed
  - Die inkomstestruktuur van persone wat die 12 professies beoefen
- Benutting van mannekrag in die Staatsdiens.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

MM - 1 TERBLANCHE, S.S. Die Vraag na en aanbod van stads- en streekbeplanners. 1969.

MM - 2 TERBLANCHE, S.S. Die Vraag na en aanbod van medici. 1969.

MM - 3 TERBLANCHE, S.S. Die Beroepsomstandighede van 'n groep pasgegradueerdes. 1969.

MM - 4 REDELINGHUYS, H.J. 'n Verkenningstudie van die Bantoe-ondernemer in die Tswanatuisland. 1969.

MM - 12 EBERSOHN, D. Die Nasionale register van natuur- en geesteswetenskaplikes soos op 30 September 1967. 1970.

MM - 13 TERBLANCHE, S.S. en VAN DER WESTHUIZEN, A.I. Die Vraag na en aanbod van Kleurlingmannekrag, 1973. 1970. (uit druk).

MM - 14 WOLMARANS, C.P. Die Plek en funksie van navorsing op die gebied van Publieke Administrasie in die Instituut vir Mannekragnavorsing. 1970. (uit druk).

MM - 15 MEIJ, L.R. Die Bestudering van die menslike faktore wat 'n rol speel in die ekonomiese ontwikkeling van die Bantoetuislande. 1970.

MM - 16 TERBLANCHE, S.S. Die Verband tussen inkomsteverskille, beroep en onderwyspeil van ekonomies bedrywige Blankes in 1960. 1971. (uit druk).

MM - 17 TERBLANCHE, S.S. Die Vraag na en aanbod van ingenieurs, 1973 en 1980. 1971.

MM - 18 BOSHOFF, F. Die Rol van lone in die volkshuishouding. 1971. (uit druk).

MM - 22 WESSELS, D.M. Deeltydse werk vir getroude vroue. 1971.

MM - 24 TERBLANCHE, S.S. en HARTMAN, P. Werkgeleenthede in die Rosslynse grensnywerheidsgebied in 1970. 1971. (uit druk).

MM - 25 TERBLANCHE, S.S. en VAN DER WESTHUIZEN, A.I. Die Vraag na en aanbod van Blanke mannekrag, 1973. (uit druk).

MM - 27 BOSHOFF, F. Die Loonstruktuur van hooggekwalifiseerde Blanke werknemers soos op 1 Maart 1971. 1971.

MM - 29 BOSHOFF, F. Werkgeleenthede in die Noord-Sothogrensgebiede. 1972.

MM - 30 HARTMAN, P. Werkgeleenthede in die grensgebiede naby die Tswanatuisland. 1972.

MM - 31 WESSELS, D.M. Die Arbeidsaanbod van gegradueerde huisvroue in die PWV-gebied. Deel I: Deeltydse werk. 1972.

MT - 1 VERHOEF, W. en ROOS, W.L. Die Doel en eksperimentele opset van Projek Talentopname. 1970.

MT - 2 ROOS, W.L. Die 1965- Talentopnametoetsprogram. 1970.

MT - 3 ROOS, W.L. Die Intellektueel-superieure leerling: 'n Agtergrondbeskrywing op standerd ses-vlak. 1970.

MT - 4 STRYDOM, A.E. Sportdeelname, skoolprestasie en aanpassing van standerd ses-seuns. 1970.

MT - 5 SMITH, F.B. Die Enigste kind in die gesin: 'n Vergelykende studie. 1970.

MT - 6 STRIJDOM, H.G. Sosiale status en die verband daarvan met vryetydsaktiwiteite, houdings en aspirasies van Afrikaanssprekende standerd ses-seuns. 1971.

MT - 7 SMITH, F.B. Die Epileptiese leerling in standerd ses wat nie spesiale onderrig ontvang nie. 1971.

MT - 8 SMITH, F.B. Die Ondergemiddelde leerling: 'n Agtergrondbeskrywing op standerd ses-vlak. 1971.

Artikels in tydskrifte gepubliseer

TERBLANCHE, S.S. Die Arbeidspotensiaal van uitdiensgetrede gegradueerdes. Tydskrif vir Publieke Administrasie. 5 (1), 1969: 42-52.

VERHOEF, W. en BOSHOFF, F. Die Kwalifikasievereistes van hoëvlakmannekrag in die private sektor. Monografieë van die Sielkundige Instituut van die R.S.A. 94, 1969.

VERHOEF, W. Die Blanke mannekragposisie in Suid-Afrika. Memorandum 70/6 van SABRA. 1970.

WESSELS, D.M. Deeltydse werk vir getroude vroue. Handhaaf, Junie 1971.

WESSELS, D.M. Die Huisvrou en die arbeidsmark. Die S.A. Werker. Sept. 1971.

Referate deur beamptes van die Instituut gelewer

MARAIS, F.A.J. 'n Tipering van asmalyers in standerd ses. Referaat gelewer by SIRSA - kongres, Stellenbosch, September 1971.

VERHOEF, W. Die Invloed van skoolverwisseling op skoolprestasie. Referaat gelewer by SIRSA-kongres, Stellenbosch, September 1971.

Afgesien van die bogemelde publikasies het hierdie Instituut 'n aantal navorsingsverslae van vertroulike aard uitgebring wat nie vir algemene publikasie vrygestel is nie.

## INSTITUUT VIR NAVORSINGSONTWIKKELING

Direkteur: Dr. A.B. Fourie

Vakkundige personeel: 3

Aard van navorsing: Hierdie Instituut beheer, koördineer en bevorder alle navorsing wat deur universiteite, ander liggame en persone onderneem en deur die RGN gefinansier word en onderneem navorsing in hierdie verband. Die Instituut publiseer die RGN-Navorsingsbulletin, wat alle lopende navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika dek en ondersoek alle aspekte van navorsingsbeleid. Die Instituut onderneem ook Toekomsnavorsing.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

NORD - 1 FOURIE, E.C. Supplement to the 1969 register of research in the human sciences in South Africa- 1970 - Aanvulling tot die 1969-register van navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika. 1971.

Die RGN-Navorsingsbulletin verskyn 10 keer per jaar en word gratis versprei.

Vol. 1 Nos. 1 - 3 1971
Vol. 2 Nos. 1 - 10 1972.

## INSTITUUT VIR OPVOEDKUNDIGE NAVORSING

Direkteur: Mnr. J.B. Haasbroek

Assistent-direkteur: Mnr. C.R. Liebenberg

Vakkundige personeel: 18

Aard van navorsing: Die navorsing in hierdie Instituut is gerig op die breë veld van die pedagogiek en sluit die didaktiese, psigologiese, sosio-,beroepskundige en vergelykende pedagogiek in.

Onderwysbeplanning ten aansien van pre-primêre, primêre, sekondêre en tersiêre onderwysvlakke word onderneem ten einde in sowel die behoeftes van die kind as in die land se vraag na mannekrag te voorsien. Navorsing word op die volgende gebiede onderneem: Die onderrig van skoolvakke op primêre en sekondêre onderwysvlak; organisatoriese probleme van die onderwys; die werwing, keuring, opleiding en diensvoorwaardes van onderwysers; die skoolvoorligtingsdiens in primêre en sekondêre skole; en die onderwys vir gestremde leerlinge.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Die plek wat aan die ouergemeenskap in die onderwys toegeken moet word
- Die plek van amptelike erkende onderwysersverenigings in onderwysbeplanning
- Die doeltreffendste wyse van evaluering (onder andere eksaminering en toetsing) van pre-primêre, primêre en sekondêre skoolleerlinge, en die doeltreffendste wyse van bevordering van leerlinge op hierdie onderwysvlakke en op tersiêre onderwysvlak (universiteite uitgesluit)
- Leer as verskynsel by die skoolgaande kind

- Die gewenste stadium vir die invoering van 'n derde en vierde taal op skool
- Die wenslikheid van die toekenning van grade deur inrigtings vir tersiêre onderwys (universiteite uitgesluit)
- Onderwys vir dowe leerlinge
- Onderwys vir swakhorende leerlinge
- Onderwys vir blinde leerlinge
- Onderwys vir swaksiende leerlinge
- Onderwys vir epileptiese leerlinge
- Onderwys vir verstandelik-vertraagde leerlinge
- Onderwys vir liggaamlik-gestremde leerlinge
- Onderwys vir serebraal-gestremde leerlinge
- Die onderrig van Wiskunde aan primêre en sekondêre skole in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika
- Die skrywe, samestelling, inbinding, beskikbaarstelling en evaluering van handboeke vir leerlinge en onderwysers.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE


O - 1 VERSLAG van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na skoolvoorligting as 'n geïntegreerde diens van die onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika Deel I. 1970.

O - 2 VERSLAG van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale pre-primêre opvoedingsprogram vir die Republiek van Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika Deel II. 1971.

O - 3 VISSER, P.S. 'n Studie van die voorligtingstelsels van die onderwysdepartemente in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika. 1970.

O - 4 SPIES, P.G. van Z. 'n Studie van voorligtingstelsels in die Republiek van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en in enkele oorsese lande met verwysing na doelstellings en terminologie. 1970.

O - 5 HAASBROEK, J.B. Die Opleiding van voorligters in die Republiek van Suid-Afrika en in enkele oorsese lande. 1970.

O - 6 OOSTHUIZEN, J.H.C. Die Voertaal (medium van onderrig) in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys. 1970.

O - 7 STRYDOM, A.E. Die Wenslikheid en/of noodsaaklikheid al dan nie van 'n langer skooldag vir elke skooltipe en die leerlinge se program dienooreenkomstig. 1971. (Vertroulike verslag vir die Nasionale Onderwysraad.)

O - 8 HATTINGH, D.L. Die Onderrig van Aardrykskunde aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole: 'n Verkorte weergawe van 'n opname in die jaar 1966. 1971.


O - 8 HATTINGH, D.L. Die Onderrig van Aardrykskunde aan Suid-Afrikaanse

sekondêre skole: 'n Volledige weergawe van 'n opname in die jaar 1966. 1971.

0 - 9 VENTER, H.C.A. Die Plek van die skoolbiblioteek in die onderwys. 1971.

0 - 10 HAASBROEK, J.B. en VENTER, H.C.A. Koördinasie op nasionale grondslag van leerplanne, kursusse en eksamenstandaarde en navorsing, ondersoek en beplanning op die gebied van die onderwys. 1971. (Vertroulike verslag vir die Nasionale Onderwysraad.)

0- 11 LIEBENBERG, C.R. Die Onderrig van Geskiedenis aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole: 'n Verkorte weergawe van 'n opname in die jaar 1966. 1971.

0 - 11 LIEBENBERG, C.R. Die Onderrig van Geskiedenis aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole: 'n Volledige weergawe van 'n opname in die jaar 1966. 1971.

## I N S T I T U U T V I R P S I G O M E T R I E S E N A V O R S I N G

Direkteur: Dr. J.H. Robbertse

Assistent-direkteure: Mnr. J.D. van Staden en mnr. I.R. Wahl

Vakkundige personeel: 48

Aard van navorsing: Basiese en toegepaste navorsing op die gebied van sielkundige meting word onderneem. Toetsbatterye wat bestaan uit intelligensie-, aanleg-, bekwaamheids-, skolastiese prestasie- en ander persoonlikheidstoetse sowel as belangstellings- en ander persoonlikheidsvraelyste word gestandaardiseer en die betroubaarheid en geldigheid daarvan bepaal. Dit word ten opsigte van tien volksgroepe in die Republiek van Suid-Afrika gedoen. Navorsingsprogramme met die oog op die ontwikkeling van meetinstrumente vir die doel van diagnose, voorligting, keuring en plasing word onderneem, en kriteria vir die geldigheidsbepaling van toetse word ontwikkel. Die aard en funksionering van die persoonlikheid word ook ondersoek.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

Projekte vir die Bantoe

- Hersiening van die bestaande Skolastiese Aanlegtoets vir Bantoeleerlinge in standerd 6
- Keuring van begaafde Bantoeleerlinge in standerd vyf vir versnelde bevordering
- Opvolgstudie van die bestaande Skolastiese Aanlegtoets vir Bantoeleerlinge in standerds 1 en 2 en die aanpassing daarvan in Tsonga
- Opvolgstudie van die Skolastiese Aanlegtoets vir Bantoeleerlinge in standerd 6
- Opvolgstudie van die Aanlegtoets vir Junior Sekondêre Bantoeleerlinge in vorm I
- Die standaardisering van 'n Belangstellingsvraelys vir Bantoeleerlinge in vorms I tot V
- Die standaardisering van 'n Skoolrypheidstoets vir Bantoeleerlinge in Sub A en Sub B

- 'n Toetsbattery vir die Departement van Arbeid van die Republiek van Suid-Afrika, vir doeleindes van keuring, plasing en voorligting
- 'n Keurings- en voorligtingsbattery vir Blindes en Swaksiendes
- 'n Toetsbattery vir doeleindes van klassifikasie van rekrute in die Suid-Afrikaanse Polisie
- Voorligtingsbattery - beginnende op st. 8-vlak

- Hersiening van die bestaande Groeptoets vir 5/6-jariges
- Opvolgstudies van die volgende word onderneem:
  - Die Akademiese Bekwaamheidsbattery
  - Die Negentienveld-belangstellingsvraelys
  - Die Persoonlike, Huislike, Sosiale en Formele Verhoudingsvraelys
  - Die Skolastiese Bekwaamheidsbattery
  - Die Senior Aanlegtoetse
  - Belangstellingsprofiele vir 34 beroepsgroepe
- Navorsing in verband met die ontwikkeling van keurings- en klassifikasie-prosedures in die Suid-Afrikaanse weermag
- Keuring van applikante vir weerstasies te Antarktika en die eilande Marion, Gough en Tristan da Cunha.

Toetse sedert 1969 vrygestel

Toetse vir die Bantoe

- 'n Aanlegtoets vir Junior Sekondêre Bantoeleerlinge in vorm I
- 'n Voorligtingstoets vir Bantoeleerlinge in vorm III

Toetse vir die Kleurling

- 'n Akademies-Tegniese Aanlegtoets vir Kleurlingleerlinge in standerds 6 tot 8
- 'n Groeptoets vir Kleurlingskoliere in standerds 4 tot 6
- 'n Groeptoets vir Kleurlingskoliere in standerds 6 tot 8

Toetse vir Indiër-Suid-Afrikaners

- 'n Aanlegtoetsbattery vir Indiërleerlinge in standerds 6 tot 8
- Toetse in Rekenkunde en Engels (taal) vir Indiërleerlinge in standerds 6 tot 8
- 'n Individuele Intelligensieskaal vir Indiërleerlinge
- 'n Junior groeptoets vir Indiërleerlinge (bepaling van norms vir die ouderdomme 10 tot 13 jaar)
- 'n Senior groeptoets vir Indiërleerlinge (normberekening)

Toetse vir Blankes

- 'n Akademiese Bekwaamheidsbattery
- IPAT - Angsskaal
- Senior Aanlegtoetse
- 'n Skolastiese Bekwaamheidsbattery
- 'n 19-Veld-Belangstellingsvraelys
- PHSF - Verhoudingevraelys

Spesiale fasiliteite: Hierdie Instituut hou 'n volledige biblioteek in stand van sielkundige en skolastiese toetse, asook inligting in verband daarmee. Toetskatalogusse van uitgewers in Groot-Brittanje, Europa, Australië en Amerika word gereeld nagegaan en nuwe toetse bekom. Inligting oor toetse en aanverwante aangeleenthede word gereeld van Educational Testing Service, Princeton, en soortgelyke organisasies ontvang. Toetsmateriaal en literatuur word ter beskikking gestel van navorsingsbeamptes en nagraadse studente wat navorsingswerk doen.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

KATALOGUS. Toetse vir Nie-Blanke Volksgroepe. 1970.

KATALOGUS. Toetse vir Blankes. 1972.

P - 1 MADGE, E.M. en VAN DER WESTHUIZEN, J.G. Die Nuwe Suid-Afrikaanse Individuele Skaal as kliniese hulpmiddel. 1971.

P - 3 OWEN, K. Opstelling en standaardisering van die Akademies-Tegniese Aanlegtoetse vir Kleurlinge (ATA). 1971.

P - 4 MADGE, E.M. Angs by psigopatiese en nie-psigopatiese gevangenes. 1971.

P - 5 OOSTHUIZEN, S. Ontwerp en standaardisering van die Junior Aanlegtoetsbattery vir Indiër-Suid-Afrikaners in standerds ses tot agt. 1972.

P - 6 MADGE, E.M. 'n Ondersoek na die konstantheid van angs en ekstroversie as tweede-orde-faktore in verskillende kulture. 1972.

Artikels in tydskrifte gepubliseer

DU PREEZ, J.P.A. Dieptesielkunde en jeugverskynsels. SIRSA-biblioteek. nr. 10, Pretoria, Van Schaik, 1969.

DU PREEZ, J.P.A. Ontwikkelingsielkunde. SIRSA-biblioteek. nr. 17, Pretoria, Van Schaik, 1971.

GERICKE, F.W. Watter vraagsoorte kan die onderwyser gebruik? Wenke na aanleiding van Bloom se taksonomie. Onderwysblad. LXXIX (838), Jan. 1972.

GERICKE, F.W. Die Meting van leesbaarheid met spesiale verwysing na die sluitingsmetode. Klasgids. 6(3), Nov. 1971: 69.

HEINICHEN, F.W.O. Intelligence Test (1) Fiat Lux. 7(1), Feb. 1972: 30-31.

HEINICHEN, F.W.O. Intelligence Test (2) Fiat Lux. 7(2), Maart 1972: 26-27.

HEINICHEN, F.W.O. Intelligence Test (3). Fiat Lux. 7(3), April 1972: 28-29.

MADGE, E.M. Die Verband tussen angs, ekstroversie, intelligensie en skoolprestasie. Humanitas. 1(2), 1971: 97-109.

STEYN, D.P. Die Eenheid van die mens na liggaam, siel en gees. Humanitas. 1(3), 1972: 201-209.

STRAUSS, B.P.A. Begripsvorming by die onderrig van Rekenkunde. Spectrum. 9, 1971: 3.

Referate deur beamptes van die Instituut gelewer van April 1969 af

DU TOIT, L.B.H. Die Verband tussen studiegewoontes en die akademiese prestasie van Hoërskoolleerlinge. Referaat gelewer by SIRSA-kongres, Stellenbosch, September 1971.

ENGELBRECHT, G. Educational objectives and evaluation. Vergadering van inspekteurs en hoofde van sekondêre skole van die Departement van Bantoe-onderwys, Port Elizabeth, Julie 1970.

ENGELBRECHT, G. Educational and psychological measurement - its place in Bantu edcation. Vergadering van inspekteurs en hoofde van sekondêre skole van die Departement van Bantoe-onderwys, Port Elizabeth, Julie 1970

ENGELBRECHT, G. Evaluation in the classroom. Vergadering van inspekteurs en hoofde van sekondêre skole van die Departement van Bantoeonderwys, Port Elizabeth, Julie 1970.

ENGELBRECHT, G. The Human Sciences Research Council — Research on behalf of the Department of Bantu Education. Vergadering van inspekteurs en hoofde van sekondêre skole van die Departement van Bantoe-onderwys, Port Elizabeth, Julie 1970.

FOUCHE, F.A. Die Kwantitatiewe benadering in sielkundige meting. Referaat gelewer by SIRSA-kongres, Portchefstroom, September 1969.

HEINICHEN, F.W.O. Die Indiërs in Suid-Afrika. Praatjie gelewer by 'n byeenkoms van die Rapportryersklub, Potchefstroom, September 1970.

HEINICHEN, F.W.O. Testing, evaluation and classification of pupils. Referaat gelewer by oriënteringskursus vir hoofde en vise-hoofde van hoërskole onder beheer van die Departement van Indiërsake. Mei 1972.

LIGHTHELM, G.J. Tegniese aspekte van nuwe antwoordblaaie ontwerp deur die RGN vir die Departement van Bantoe-onderwys. Opleidingskursus vir skoolvoorligters van die Afdeling Sielkundige Dienste van die Departement van Bantoe-onderwys, Indiensopleidingsentrum, Vlakfontein, Julie 1971.

LIGHTHELM, G.J. Die Toepassing en nasien van die AJB se skryfspoed- en koördinasietoetse. Opleidingskursus vir skoolvoorligters van die Afdeling Sielkundige Dienste van die Departement van Bantoe-onderwys, Indiensopleidingsentrum, Vlakfontein, Julie 1971.

MADGE, E.M. Die Faktorstruktuur van die Nuwe Suid-Afrikaanse Individuele Skaal vir normale vyftienjarige leerlinge in standerd agt. Referaat gelewer by die Pretoriase tak van SIRSA. Augustus 1971.

PRINSLOO, R.J. Norms, normberekening en die interpretasie van norms. Opleidingskursus vir skoolvoorligters van die Afdeling Sielkundige Dienste van die Departement van Bantoe-onderwys, Indiensopleidingsentrum, Vlakfontein, Julie 1971.

STEYN, D,P. Die Selfkonsep. Die Departement van Gevangeniswese, Pretoria, Oktober 1971.

STEYN, D.P. Aanvaarding en verwerping. Departement van Gevangeniswese en Vroue Hulpdienste, N.G. Kerk, Pretoria, Januarie 1971.

STEYN, D.P. The Self-concept as belief with special reference to the self-concept and the school. Opleidingskursus vir skoolvoorligters van die Afdeling Sielkundige Dienste van die Departement van Bantoe-onderwys, Indiensopleidingsentrum, Vlakfontein, Julie 1971.

SWANEPOEL, H.F. The Concept of validity and an elucidation thereof by means of a validity study of the Scholastic Aptitude Test for Std 1 and Std. 2 Bantu Pupils. Opleidingskursus vir skoolvoorligters van die Afdeling Sielkundige Dienste van die Departement van Bantoe-onderwys, Indiensopleidingsentrum, Vlakfontein, Julie 1971.

VAN DER WESTHUIZEN, J.G. Die Kwalitatiewe interpretasie van die Nuwe Suid-Afrikaanse Individuele Skaal. Referaat gelewer by die Pretoriase tak van SIRSA, Augustus, 1971.

VAN STADEN, J.D. Gifted children, their identification and the possible implications for the Bantu. Opleidingskursus vir skoolvoorligters van die Afdeling Sielkundige Dienste van die Departement van Bantoe-onderwys, Indiensopleidingsentrum, Vlakfontein, Julie 1971.

## I N S T I T U U T   V I R   S O S I O L O G I E S E   N A V O R S I N G

Direkteur: Dr. J.M. Lötter

Assistent-direkteur: Dr. C.M. Rip

Vakkundige personeel: 20

Aard van navorsing: Die Instituut onderneem 'n verskeidenheid van projekte, soos byvoorbeeld sosio-ekonomiese opnames op 'n streeks- of nasionale grondslag met betrekking tot alle volksgroepe in die Republiek, navorsing met betrekking tot demografiese probleme en verskynsels, navorsing insake welsynsprobleme en spesifieke kategorieë van persone (bejaardes, immigrante, gestremdes en hulpbehoewendes) en navorsing in verband met sosiaal-patologiese verskynsels. Ten einde sy funksie te kan vervul, is die Instituut ingedeel in vyf afdelings, naamlik vir sosiologiese, sosiografiese, demografiese, kriminologiese en sosiaal-antropologiese navorsing. Hoewel elk van die afdelings op sy eie gebied spesialiseer, werk hulle ten nouste saam.

Navorsing word oorwegend ten behoewe van staatsdepartemente, welsynsorganisasies en ander instansies onderneem.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Die lewensomstandighede van blindes
- Die sosio-ekonomiese posisie van Indiërs in Transvaal
- Die drinkpatroon van die Bantoe in stedelike gebiede
- Tsjeggo-Slowaakse vlugtelinge in Pretoria
- Vryetydsbesteding en -behoeftes van jeugdiges in Kemptonpark
- Die gesinsbouproses by Blankes: Fase 2
- Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Pretoria

- Die gesinsbouproses by Bantoes in Soweto
- Die gesinsbouproses van Bantoes in landelike gebiede
- Die houding van Bantoemans met betrekking tot gesinsbeplanning
- Die gesinsbouproses van Indiërs in Durban
- Egskeidingstendense
- Die gesinsbouproses by landelike Kleurlinge
- Stratifikasie in 'n stedelike Bantoegemeenskap
- Die sosio-ekonomiese posisie van die bewoners van dorpsgemeenskappe in Bantoegebiede met spesiale verwysing na die leefbaarheid van dié gemeenskappe
- Die sorgbehoewende kind in die kinderhuis
- 'n Ontleding van misdaadstatistiek
- Verblyf in hoëdigtheidsareas.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE


S - 1 VAN DER MERWE, C.F. Die Afrikaanse landelike en stedelike gesin: 'n Vergelykende ondersoek. 1969.

S - 2 KELLERMAN, A.P.R., BOTHA, A.J. en DE VOS, H. van N. Die Arbeidspatroon van Kleurlinge in Oos- en Noord-Kaapland: Statistiese gegewens. 1969.

S - 3 KELLERMAN, A.P.R. Ondersoek na die leefbaarheid van sekere plattelandse kerns in die opvanggebied van die Hendrik Verwoerddam. 1969.

S - 4 GROVÈ, D. Werkskuheid onder die Kleurlinge. 1969.

S - 5 KELLERMAN, A.P.R. en VAN DER WESTHUIZEN, N.J. Die Arbeidspatroon van Kleurlinge in Transvaal: Statistiese gegewens. 1970.

S - 6 VAN DER WALT, Tj. Kleurlingvroue met Bantoemans. 1970.

S - 7 STRIJDOM, H.G. en VAN TONDER, Joan. 'n Handleiding by die bepaling van die onderhoudskoste van 'n gesin. 1970.

S - 8 KELLERMAN, A.P.R. Kontak van Kleurlinge met Bantoes in die Kaapse Skiereiland met besondere verwysing na die werksituasie. 1971.

S - 9 MOSTERT, W.P. 'n Ondersoek na die gesinsbouproses by Afrikaanssprekende egpare. Fase 1: Fertiliteitsbegeertes en gesinsbeplanning by pasgetroudes. 1970.

S - 10 STRIJDOM, H.G. Blanke manlike dowes in Transvaal. 1971.

S - 11 TRYTSMAN, D.F. en BESTER, C.W. Health education: a bibliography. 1970.

S - 14 MOSTERT, W.P. Die Gesinsbouproses by Kleurlinge in die metropolitaanse gebied van Kaapstad. 1971.

S - 15 MOSTERT, W.P. en ENGELBRECHT, J. Die Gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Kaapstad. 1972.

S - 16 MOSTERT, W.P. Die Gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse

gebied van Durban. 1972.

S - 19 RIP, C.M. Coloured early school leavers in the Western Cape: A sociological study. 1971.

## I N S T I T U U T  V I R  S T A T I S T I E S E  N A V O R S I N G

Direkteur: Dr. J.D. Kies

Vakkundige personeel: 14

Aard van navorsing: Hierdie Instituut doen navorsing in verband met statistiese en wiskundige modelle in die geesteswetenskappe, programmeringstale, elektroniese hulpmiddels en steekproefteorie en -tegnieke. Verder word die versamelde gegewens wat deur die verskillende institute van die RGN empiries verkry is, verwerk en/of ontleed. Die interpretasie van onderwysstatistiek en die beantwoording van statistiese navrae is ook 'n belangrike deel van die Instituut se werksaamhede. Daarbenewens word aandag gegee aan die outomatisering van onderwysstatistiek op indiwiduele grondslag.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Ontwikkeling van wiskundige modelle van die onderwysstelsel
- Ontwikkeling van komperprogramme vir gebruik in geesteswetenskaplike navorsing
- Ontwikkeling van krommepassingstegnieke
- Die verskuiwing en kwalifikasies van onderwysers: tendense word statisties ondersoek
- Bestudering en ontwikkeling van steekproeftegnieke
- Samestelling en interpretasie van onderwysstatistiek sedert 1910
- Ontwerp en uittoets van 'n indiwiduele-datastelsel van onderwysstatistiek op ge-outomatiseerde grondslag vir primêre, sekondêre en tersiêre onderwys.

Spesiale geriewe: Hierdie Instituut beskik oor 'n aantal elektroniese tafelrekenmasjiene, 'n IBM 1230-nasienmasjien en het toegang tot 'n IBM 360-Komper (model 40) vir dataverwerking vir die RGN as geheel.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

WS - 1 KIES, J.D. Verantwoorde onderwysstatistiek. 1971.

WS - 2 BASSON, J.D. 'n Ontleding van die onderwysfinansies in die Republiek van Suid-Afrika. 1972.

WS - 3 VAN RENSBURG, F.A.J. Gradueringstendense aan Suid-Afrikaanse universiteite. (Nie-Blankes). 1972.

WS - 4 UYS, C.J. Gradueringstendense aan Suid-Afrikaanse universiteite. (Blankes). 1972.

WS - 5 VAN RENSBURG, F.A.J. en STEENKAMP, C.J. Vooruitskatting van die bevolking van onderwysinrigtings in Suid-Afrika. 1972.

gebied van Durban. 1972.

S - 19 RIP, C.M. Coloured early school leavers in the Western Cape: A sociological study. 1971.

## INSTITUUT VIR STATISTIESE NAVORSING

Direkteur: Dr. J.D. Kies

Vakkundige personeel: 14

Aard van navorsing: Hierdie Instituut doen navorsing in verband met statistiese en wiskundige modelle in die geesteswetenskappe, programmeringstale, elektroniese hulpmiddels en steekproefteorie en -tegnieke. Verder word die versamelde gegewens wat deur die verskillende institute van die RGN empiries verkry is, verwerk en/of ontleed. Die interpretasie van onderwysstatistiek en die beantwoording van statistiese navrae is ook 'n belangrike deel van die Instituut se werksaamhede. Daarbenewens word aandag gegee aan die outomatisering van onderwysstatistiek op indiwiduele grondslag.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Ontwikkeling van wiskundige modelle van die onderwysstelsel
- Ontwikkeling van komperprogramme vir gebruik in geesteswetenskaplike navorsing
- Ontwikkeling van krommepassingstegnieke
- Die verskuiwing en kwalifikasies van onderwysers: tendense word statisties ondersoek
- Bestudering en ontwikkeling van steekproeftegnieke
- Samestelling en interpretasie van onderwysstatistiek sedert 1910
- Ontwerp en uittoets van 'n indiwiduele-datastelsel van onderwysstatistiek op ge-outomatiseerde grondslag vir primêre, sekondêre en tersiêre onderwys.

Spesiale geriewe: Hierdie Instituut beskik oor 'n aantal elektroniese tafelrekenmasjiene, 'n IBM 1230-nasienmasjien en het toegang tot 'n IBM 360-Komper (model 40) vir dataverwerking vir die RGN as geheel.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

WS - 1 KIES, J.D. Verantwoorde onderwysstatistiek. 1971.

WS - 2 BASSON, J.D. 'n Ontleding van die onderwysfinansies in die Republiek van Suid-Afrika. 1972.

WS - 3 VAN RENSBURG, F.A.J. Graduseringstendense aan Suid-Afrikaanse universiteite. (Nie-Blankes). 1972.

WS - 4 UYS, C.J. Graduseringstendense aan Suid-Afrikaanse universiteite. (Blankes). 1972.

WS - 5 VAN RENSBURG, F.A.J. en STEENKAMP, C.J. Vooruitskatting van die bevolking van onderwysinrigtings in Suid-Afrika. 1972.

gebied van Durban. 1972.

S - 19 RIP, C.M. Coloured early school leavers in the Western Cape: A sociological study. 1971.

## INSTITUUT VIR STATISTIESE NAVORSING

Direkteur: Dr. J.D. Kies

Vakkundige personeel: 14

Aard van navorsing: Hierdie Instituut doen navorsing in verband met statistiese en wiskundige modelle in die geesteswetenskappe, programmeringstale, elektroniese hulpmiddels en steekproefteorie en -tegnieke. Verder word die versamelde gegewens wat deur die verskillende institute van die RGN empiries verkry is, verwerk en/of ontleed. Die interpretasie van onderwysstatistiek en die beantwoording van statistiese navrae is ook 'n belangrike deel van die Instituut se werksaamhede. Daarbenewens word aandag gegee aan die outomatisering van onderwysstatistiek op indiwiduele grondslag.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Ontwikkeling van wiskundige modelle van die onderwysstelsel
- Ontwikkeling van komperprogramme vir gebruik in geesteswetenskaplike navorsing
- Ontwikkeling van krommepassingstegnieke
- Die verskuiwing en kwalifikasies van onderwysers: tendense word statisties ondersoek
- Bestudering en ontwikkeling van steekproeftegnieke
- Samestelling en interpretasie van onderwysstatistiek sedert 1910
- Ontwerp en uittoets van 'n indiwiduele-datastelsel van onderwysstatistiek op ge-outomatiseerde grondslag vir primêre, sekondêre en tersiêre onderwys.

Spesiale geriewe: Hierdie Instituut beskik oor 'n aantal elektroniese tafelrekenmasjiene, 'n IBM 1230-nasienmasjien en het toegang tot 'n IBM 360-Komper (model 40) vir dataverwerking vir die RGN as geheel.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

WS - 1 KIES, J.D. Verantwoorde onderwysstatistiek. 1971.

WS - 2 BASSON, J.D. 'n Ontleding van die onderwysfinansies in die Republiek van Suid-Afrika. 1972.

WS - 3 VAN RENSBURG, F.A.J. Gradueringstendense aan Suid-Afrikaanse universiteite. (Nie-Blankes). 1972.

WS - 4 UYS, C.J. Gradueringstendense aan Suid-Afrikaanse universiteite. (Blankes). 1972.

WS - 5 VAN RENSBURG, F.A.J. en STEENKAMP, C.J. Vooruitskatting van die bevolking van onderwysinrigtings in Suid-Afrika. 1972.

WS - 7 UYS, C.J. Graduation trends at South African universities (Whites). 1972.

KIES, J.D. en VAN WYK, G.C. 'n Nuwe insamelingsmetode vir onderwysstatistiek. Humanitas. 1(2), 1971: 137-146.

## INSTITUUT VIR TAAL, LETTERE EN KUNS

Direkteur: Dr. P.G. du Plessis

Vakkundige personeel: 16

Aard van navorsing: Hierdie Instituut bestaan uit die Nasionale Dokumentasiesentra vir Taal en Lettere, Musiek, Beeldende Kunste, Vertolkende Kunste; 'n afdeling vir Sosiolinguistiek; die Suid-Afrikaanse Naamkundesentrum, en die Musiekensiklopedie.

Die Nasionale Dokumentasiesentra is gestig om navorsing op die bogenoemde gebiede te bevorder en beoog om mettertyd so ingerig te wees dat die nodige materiaal vir navorsing op die genoemde terreine beskikbaar gestel kan word.

Die doel van die Suid-Afrikaanse Naamkundesentrum is om die oorsprong en geskiedenis van alle Suid-Afrikaanse plek- en persoonsname na te spoor, op te teken en beskikbaar te stel.

Die navorsingsterrein van die afdeling Sosiolinguistiek is 'n ondersoek na die stand van die twee amptelike landstale in die Republiek van Suid-Afrika.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Bronnegids 1971 vir Musiek
- Die uitbreiding en op datum bring van dr. F.Z. van der Merwe se Suid-Afrikaanse Musiekbibliografie
- Bronnegids 1971 vir Vertolkende Kunste
- Die geskiedenis van die Nasionale Toneelorganisasie
- Bronnegids 1971 vir Taal en Lettere
- N.P. van Wyk Louw in Beeld
- Bronnegids 1971 vir Beeldende Kunste
- Suid-Afrikaanse Toponimie-bibliografie
- Bronnegids 1971 vir Naamkunde
- Naamkunde-handleiding
- Woordeboek van Hottentotse plekname—in medewerking met prof. G.S. Nienaber
- 'n Studie van die oorsprong van Suid-Afrikaanse stasiename
- Vraelysprojek in verband met Naamkunde-navorsing:
  - Streekname
  - Plaasname in tien distrikte in die Vrystaat

- Plekname van Khoisan-oorsprong

- Handleiding by naamgewing en skryfwyses van dubbeltalige plekname

- Die tweetaligheid van Afrikaanstalige en Engelstalige Blankes in die Republiek, en hul ingesteldhede teenoor die tweede taal

- South African English Dialect: a sociolinguistic survey

- Ondersoek na die stand van die Afrikaanse boek en die Suid-Afrikaanse boek in Engels.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

BOTHA, R. Bronnegids vir Toneel, Ballet, Rolprente en Hoorspele. Deel I. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers (Ter perse.)

BOTHA, T.J.R. Watername in Natal. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers. (Ter perse.)

COETZEE, Louisa. Bronnegids by die studie van die Afrikaanse taal en letterkunde. Nuwe reeks. Deel I. 1970.

DU PLESSIS, E.J. Suid-Afrikaanse Berg- en Riviername. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers. (Ter perse.)

FANAROFF, D.A. South African English Dialect-a literature survey. Pretoria, RGN, 1972.

NIENABER, P.J. Pleknaamwoordeboek. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers. (Ter perse.)

NIENABER, P.J. Dr. O'Kulis se oogdruppels. (Ter perse.)

PRINSLOO, K.P. Die Tweetaligheid van twee groepe universiteitstudente, en hul ingesteldhede teenoor die tweede taal- 'n vooronderscek tot 'n landswye opname. Pretoria, RGN, 1972.

RAPER, P.E. Naamkunde - bronnegids 1970. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers,(Ter perse.)

RAPER, P.E. Streekname in Suid-Afrika en Suidwes. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers. (Ter perse.)

SCHMIDT, K.H. Bronnegids 1969. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1972.

Ander publikasies

NIENABER, P.J. Vader Kestell. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1971.

NIENABER, P.J. Bibliografie van Afrikaanse boeke. Deel 7. 1971.

PRINSLOO, K.P. Die Republiek van Suid-Afrika as tweetalige land. Lantern. 20(3), 1971:57-61.

RAPER, P.E. Bergpasse in die Kaap. Bondgenoot. 17(3), Nov. 1971: 6-9.

RAPER, P.E. Die Oorsprong van streekname in Suid-Afrika. Tydskrif vir Geesteswetenskappe. 11(2), Jun. 1971: 127-135.

RAPER, P.E. Streke vernoem na inboorlingstamme. Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal. 27(4), Okt. 1971: 18-31.

## A D M I N I S T R A S I E

Sekretaris: Mej. K.M. Henshall

Personeel: 35

Funksies: Hierdie Departement is verantwoordelik vir die algemene administrasie van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

## S U I D - A F R I K A A N S E   R E S E R W E B A N K

EKONOMIESE AFDELING

Posbus 427, Pretoria

Telefoon: 29581
Telegramme: RESBANK

Hoof: Dr. B. van Staden

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Ekonomiese Afdeling is in 1946 ingestel om navorsing in Bankwese en Ekonomie te doen.

Funksies en beleid: Die Afdeling verskaf statistiese en ander feitelike inligting wat nodig is vir die formulering van 'n monetêre beleid, en tree as Ekonomiese Adviseur vir die Regering op.

Beheer en administrasie: Die Ekonomiese Afdeling word deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank beheer. Die Bank word bestuur deur twaalf direkteure wat bestaan uit 'n president, drie vise-presidente en twee ander direkteure wat deur die President van die Republiek van Suid-Afrika aangestel word, benewens ses direkteure wat deur die aandeelhouers verkies word.

Die President is iemand met beproefde bankondervinding. Van die direkteure wat deur die aandeelhouers gekies word, is drie persone wat in die eerste plek aktief in die handel en die finansiewese betrokke is of was, een is iemand wat in die landbou betrokke is of was en twee is persone wat in nywerheidsbedrywighede betrokke is of was.

Navorsingsprojekte word binne die Bank en die Afdeling geloods en geformuleer.

Struktuur: Hierdie navorsingsafdeling word ruweg in vier seksies verdeel, t.w. Bankwese en Finansies, die Kapitaalmark, Betalingsbalans, en Nasionale Rekeninge.

Personeel: Daar is 47 voltydse personeellede insluitende 11 administratiewe personeellede.

Finansiering: Die Ekonomiese Afdeling gebruik sy eie fondse vir navorsing.

Fasiliteite: Die Afdeling beskik oor rekenaartyd wat deur die WNNR verskaf word en 'n ponsbandmasjien. Die biblioteek van die Suid-Afrikaanse Reserwebank het 12 500 boeke, 4 300 pamflette, 355 tydskrifte en 'n spesiale versameling verslae van sentrale banke.

Skakeling: Die Ekonomiese Afdeling het skakeling verkry met die Departement van Statistiek en die universiteite met die oog op gesamentlike navorsingsondernemings sowel as basiese navorsing.

OPLEIDING

Die Afdeling moedig opleiding aan deur skenkings aan personeel beskikbaar te stel.

NAVORSING

Die Ekonomiese Afdeling werk met die Departement van Statistiek, banke en ander finansiële instellings saam om gegewens te verkry.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Afdeling gee 'n Kwartaallikse Bulletin en 'n Ekonomiese Jaarverslag uit.

## SUID-AFRIKAANSE WETENSKAPLIKE EN NYWERHEID-NAVORSINGSRAAD

INLIGTINGS- EN NAVORSINGSDIENSTE (IND)

Posbus 395, Pretoria

Telefoon: 74-6011
Telegramme: NAVORSLIG

Direkteur: Mnr. D.G. Kingwill

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Inligtings- en Navorsingsdienste (IND) is 'n groep dienste wat verantwoordelik is vir die WNNR se statutêre funksies met betrekking tot die versameling, ordening en verspreiding van wetenskaplike en tegniese inligting, skakeling met wetenskaplike organisasies op nasionale en internasionale vlak en die algemene bevordering van die wetenskap in Suid-Afrika. Die IND is ook verantwoordelik vir Tegno-ekonomiese en ander dienste wat gerig is op die ontwikkeling van navorsing vir die nywerheid.

Die IND is 'n uitvloeisel van die Biblioteek- en Skakelafdeling van die WNNR wat in 1945 gestig is.

Beheer en administrasie: Die IND word deur die Suid-Afrikaanse Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad beheer. Die Raad bestaan uit 'n voltydse president, wat die uitvoerende hoofbeampte is, en elf lede wat uit hoofde van hul leidende rolle in die nywerheid of hulle intieme kennis van navorsing aan die universiteite en elders verkies word. Die aktiwiteite van die Raad word beheer deur 'n Hoofbestuur, bestaande uit die President, 'n adjunk-president en drie vise-presidente. Die Raad doen aan die Parlement verslag deur 'n aangewese minister, tans die Minister van Beplanning. Die Raad beplan, beheer en evalueer die werk van sy navorsingsorganisasies, en besluit oor beleid, beplanning, uitbreiding en ontwikkeling.

Navorsingsprojekte word geloods en geformuleer deur die Direkteur van Inligtings- en Navorsingsdienste en senior personeellede van die betrokke afdelings. Navorsingsprojekte vloei voort uit die diensaktiwiteite van die IND en het as sulks almal betrekking op kommunikasie in die natuurwetenskappe en die tegnologie of op die verskaffing van agtergrondinligting vir die beplanning van navorsing en ontwikkeling. 'n Aantal groter projekte word ook onderneem in samewerking met liggame soos die Wetenskaplike Adviesraad en die Nasionale Biblioteekadviesraad, asook met private nywerheidsondernemings.

Struktuur: Die hoofafdelings van die Inligtings- en Navorsingsdienste is:

- Groep vir Wetenskaplike en Tegniese Inligting - bestaande uit

    Sentrale Biblioteek

    Literatuurnaslaandiens

Tegniese Inligtingsdiens

Inligtingsdiens vir Vreemde Tale

Ontwikkelingsdiens vir Dokumentasiestelsels

- Groep vir Publikasie-, Publisiteits- en Skakeldienste - bestaande uit

  Publikasie-afdeling

  Publisiteitsafdeling

  Konferensie- en Skakelafdeling

- Groep vir Universiteits- en Internasionale Betrekkinge - bestaande uit

  Afdeling Wetenskaplike Samewerking

  Buitelandse kantore

  Afdeling Navorsingstoekennings

- Groep vir die Ontwikkeling van Nywerheidsnavorsing - bestaande uit

  Afdeling Tegno-ekonomie

  Afdeling Navorsingsekonomie

  Sekretariaat vir Advieskomitee vir Nywerheidnavorsingsontwikkeling.

Personeel: Altesaam 21 personeellede van die IND is betrokke by navorsings- of ontwikkelingswerk van een of ander aard, hoofsaaklik op 'n deeltydse grondslag en aanvullend by hul diensfunksies.

Die totale Blanke personeel van die IND (insluitende alle vakkundige en klerklike personeel) is 178.

Finansiering: Fondse word verkry uit 'n Parlementêre toekenning, toekennings van openbare en private liggame en inkomste uit kontrakwerk.

Syfers vir navorsingsuitgawes (slegs vir groter projekte):

| | | |
|---|---|---|
| Tegno-ekonomiese opnames | ± | R23 200 |
| Navorsingsekonomie (opnames van besteding aan navorsing) | | R14 200 |
| Ontwikkeling van dokumentasiestelsels | | R17 000 |
| Ontwikkeling van literatuurbronne | | R 4 000 |

Geen spesifieke voorsiening word gemaak vir ander navorsingsaktiwiteite waarna verwys is nie, aangesien hulle deel uitmaak van die diensaktiwiteite.

Fasiliteite: Die IND het toegang tot 'n IBM 360/65-rekenaar van die Nasionale Navorsingsinstituut vir Wiskundige Wetenskappe van die WNNR.

Die WNNR se Sentrale Biblioteek het ongeveer 50 000 boeke, 50 000 tydskrifbande, 16 000 pamflette, 3 413 lopende tydskrifte, 'n internasionale versameling (dit wil sê publikasies wat deur middel van lidmaatskap van internasionale wetenskaplike organisasies ontvang word), 'n spesiale versameling van vreemdetaalwoordeboeke en 'n versameling van oor die 600 jaarverslae.

Inligting word versprei deur die verskillende inligtingsdienste wat die IND uitmaak, tesame met gespesialiseerde inligtingsdienste in verskeie nasionale navorsingsinstitute

van die WNNR.

Skakeling: Daar is skakeling bewerkstellig met universiteite, staatsdepartemente, statutêre liggame, nywerheidsorganisasies en organisasies sonder winsbejag wat by soortgelyke aktiwiteite in Suid-Afrika en in die buiteland betrokke is. Die IND ruil hoofsaaklik inligting met hierdie liggame uit.

## OPLEIDING

Opleiding bestaan uit indiensopleiding van personeel en deelname van tyd tot tyd aan kort kursusse in biblioteek- en inligtingswerk.

Die WNNR voorsien beurse vir die opleiding van navorsers in die natuurwetenskappe en tegnologie. 'n Aantal beurse vir nagraadse studies in Biblioteekkunde (ná verwerwing van die graad B.Sc.) word ook toegeken.

## NAVORSING

Aktiwiteite, gegroepeer onder breë gebiede van navorsing en ontwikkeling, is soos volg:

### Tegno-ekonomie

Tegno-ekonomiese studies in verband met die wetenskaplike en tegnologiese navorsingsprogramme van die WNNR.

Huidige studies sluit in:

- Tegno-ekonomiese opnames van die chemiese nywerheid, die druk- en publikasiebedryf, die Bantoebiernywerheid, die veselnywerheid, die verfnywerheid en die suikerverwerkingsnywerheid in Suid-Afrika
- 'n kostestudie van die saagmeulbedryf
- navorsing oor tegno-ekonomiese tegnieke - ondersoek na die metodes van tegnologiese vooruitskatting
- 'n opname van die toepassing van automatisering in die fabrieksektor in Suid-Afrika.

(Gedoen deur navorsers in die Afdeling Tegno-ekonomie.)

### Navorsingsekonomie

- Opnames van uitgawe aan navorsing en ontwikkeling in Suid-Afrika wat van jaar tot jaar kragtens kontrak ten behoewe van die kantoor van die Wetenskaplike Raadgewer uitgevoer word met die doel om 'n basis vir studie van die verhouding tussen navorsing en ekonomiese groei te voorsien as hulpmiddel by die beplanning van navorsing.

(Gedoen deur navorsers in die Afdeling Navorsingsekonomie.)

### Kommunikasiestudies

- 'n Opname van die nasionale boekevoorraad gerig op die uitbouing van literatuurbronne in die Republiek

(Uitgevoer ten behoewe van die Nasionale Biblioteekadviesraad)

- Opnames en studies deur die inligtingpersoneel wat gerig is op 'n beter begrip van die oordrag van inligting op verskeie vlakke van wetenskaplike en tegniese bevatlikheid.

Hantering en verwerking van inligting

- Opname van gemeganiseerde biblioteek- en inligtingsdienste in Suid-Afrika

- Ontwikkeling van tegnieke vir die hantering en verspreiding van wetenskaplike en tegniese inligting (insluitende biblioteekmeganisasie en tegnieke vir berging, herkryging en verspreiding van inligting op wetenskaplike en tegniese gebied).

  (Uitgevoer deur personeel met wetenskaplike, ingenieurs-, tegniese of biblioteekkwalifikasies, in samewerking met navorsingspersoneel in gespesialiseerde navorsingsgroepe in die WNNR.)

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Daar word in breë trekke oor die aktiwiteite van die Inligtings- en Navorsingsdienste verslag gedoen in die jaarverslag wat deur die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad gepubliseer word.

Oor sekere navorsingsaktiwiteite word in die WNNR-Navorsingsverslagreeks verslag gedoen.

Bevindings word in interne/komiteeverslae, navorsingsverslae en tydskrifartikels opgeteken en referate word by konferensies/simposiums voorgedra.

Die volgende studies is, wat die toepassing betref, hoofsaaklik van belang vir die natuurwetenskappe en tegnologie deurdat hulle almal gerig is op verbetering van die dienste wat deur die verskillende afdelings van die IND gelewer word. Akademies gesproke, kan hulle egter ook van belang vir die geesteswetenskappe wees en word hulle derhalwe by hierdie gids ingesluit.

Onlangse publikasies

Tegno-ekonomie

AFDELING TEGNO-EKONOMIE. Quinquennial Report of the Timber Research Unit for the period April 1965 to March 1970. 1970.

ANDERSON, E.R. Quinquennial review of the Fishing Industry Research Institute - The economic aspects. Maart 1970.

ANDERSON, E.R. en HEYL, L.J. Supply and Demand Characteristics of Softwood Sawn Timber. 1970.

ANDERSON, E.R. Automation - Its general use in the manufacturing sector. Jan. 1971.

DE JAGER, J.I. The Research Needs of the Basic Chemical Industry in South Africa - A Techno-economic Survey. Maart 1971.

NEETHLING, P.J. Oorsig van die Bantoebiernywerheid op die nabye Wes-Rand. Nov. 1970.

NEETHLING, P.J. Report on the activities of the Bantu Beer Unit for submission to the Quinquennial Reviewing Committee. Junie 1970.

NIENABER, J.J., VENTER, S.J.M. en VAN VUUREN, M.J.C. The Research Needs of the Pulp, Paper and Paperboard Manufacturing Industry in South Africa. 1970.

THERON, M.J. Forecasting Technology with the Delphi Technique. April 1970.

THERON, M.J. Quinquennial Review of the South African Foundry Research Foundation - The Economic Aspects. April 1971.

VAN VUUREN, M.J.C. Technological Forecasting for Industry. 1970.

VISSER, J.H. en FOURIE, L.H. Suid-Afrika in 1990. Junie 1967.

Kommunikasiestudie

MASSON, D.R. The cycle of knowledge - a study of the communication of scientific information between research scientists in South Africa. 1970.

Benewens die bogemelde publikasies is verskeie referate oor verskillende aspekte van wetenskaplike en tegniese dokumentasie en inligting by simposiums en konferensies voorgedra.

## S U I D - A F R I K A A N S E  W E T E N S K A P L I K E  E N  N Y W E R H E I D - N A V O R S I N G S R A A D

### NASIONALE INSTITUUT VIR PERSONEELNAVORSING (NIPN)

Posbus 10319, Johannesburg

Telefoon: 724-1861
Telegramme: NAVORSPERS

Direkteur: Mnr. D.J.M. Vorster

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die NIPN is 'n personeelnavorsingsorganisasie waarvan die hoofgebiede van navorsing en belangstelling die volgende is: Toegepaste Sielkunde, Psigometrika, Fisiologiese Sielkunde, Eksperimentele Sielkunde, Ontwikkelings- en Vergelykende Sielkunde, Sosiale Sielkunde, Industriële Sielkunde.

Die Instituut is in 1946 gestig. Dit het uit die Geskiktheidstoetsafdeling van die Suid-Afrikaanse Lugmag voortgevloei. Hierdie afdeling het sodanige sukses gedurende die Tweede Wêreldoorlog behaal dat daar besluit is om 'n klein personeelnavorsingsinstituut by die nuutgestigte WNNR in te sluit. Daar is begin met 'n personeel van agt.

Beheer en administrasie: Die NIPN word deur die Suid-Afrikaanse Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad beheer. Die Raad bestaan uit 'n voltydse president, wat die hoof-uitvoerende beampte is, en elf lede wat uit hoofde van hul leidende rolle in die nywerheid of hulle intieme kennis van navorsing aan die universiteite en elders verkies word. Die aktiwiteite van die Raad word beheer deur 'n Uitvoerende Bestuur, bestaande uit die President, 'n adjunk-president en drie vise-presidente. Die Raad doen aan die Parlement verslag deur 'n aangewese minister, tans die Minister van Beplanning. Die Raad beplan, beheer en evalueer die werk van sy navorsingsorganisasies. Dit besluit oor beleid, beplanning, uitbreiding en ontwikkeling.

Navorsing word deur die Direkteur en sy senior navorsingspersoneel (programleiers) geloods en geformuleer. Hierdie projekte kan basies of toegepas wees en kan afkomstig wees vanuit die Instituut self of van steunliggame in die nywerheid, handel en publieke administrasie.

Die Instituut word deur 'n Direkteur beheer, wat deur 'n Advieskomitee aan die President van die WNNR verantwoordelik is.

Struktuur: Die werkseenheid in die Instituut is die Afdeling. Twee of meer afdelings wat nou verbonde aan mekaar is, word saam gegroepeer in 'n "program", onder 'n programleier. By tye mag 'n program slegs uit een afdeling bestaan.

Die afdelings en programme is:

Personeel- en Organisasieontwikkeling

Werkstudie en Opleiding

Personeelkeuring en Beroepsvoorligting, Johannesburg

WNNR-Personeelkeuring en Beroepsvoorligting

Toegepaste Sosiale Sielkunde

Sielkunde van die Leerproses

Fisiologiese Sielkunde

Neuropsigologie

Sensories-Motoriese Navorsing

Psigometrika

Psigometrika

Komper en Outomatisasie

Komper en Outomatisasie

Menslike Aanpasbaarheid

Temperament- en Persoonlikheidsnavorsing

Industriële Etnologie

'n Sesde program wat oor verdedigingsnavorsing handel, gebruik die dienste van verskeie afdelings. Diensafdelings is die rekenaarafdeling, die administratiewe afdeling, die biblioteek en die skakel- en publikasieafdeling.

Personeel: Daar is 111 voltydse en deeltydse professionele personeellede en 27 administratiewe en klerklike personeellede.

Finansiering: Fondse vir navorsingsdoeleindes word uit 'n Parlementêre toekenning, kontrakwerk vir die nywerheid en konsultasiedienste verkry.

Die totale begroting vir 1971/72 beloop R834 000.

Fasiliteite: Die Instituut as geheel het die volgende fasiliteite: Groeptoetskamers en kleiner kamers vir onderhoude en individuele toetsing; 'n akoesties-behandelde lig-en klankdigte kamer; 'n klimaatskamer met 'n temperatuuromvang van 16°C tot 43°C droëbol, 11°C tot 38°C natbol, 'n wye omvang van windsnelhede en straling van mure en plafon; 'n werkswinkel; 'n donkerkamer; en geslotebaan-televisietoerusting met video-opnemer.

Individuele afdelings het die volgende fasiliteite:

- Werkstudie en Opleiding

  Apparaat vir die ontleding van mikrobeweging.

- Personeelkeuring en Beroepsvoorligting, Johannesburg

  Omvangryke psigomotoriese toerusting, hoofsaaklik bedoel om vaardighede

in geskoolde take te meet.

- WNNR-Personeelkeuring en Beroepsvoorligting

  Toetskamers en toerusting wat nodig is vir keuring van WNNR-personeel en voorsiening van beroepsvoorligting; en 'n taallaboratorium.

- Sielkunde van die Leerproses

  Verskeie tipes hand-bediende onderrigmasjiene; Philips Onderrigmasjien; Gajon Elektronika- onderrigbank; en 'n stel Philips draagbare opnemers vir gebruik in die taallaboratorium.

- Neuropsigologie

  Twee laboratoriums met kamers vir pasiënte of proefpersone. Die kamers is deur middel van eenrigtingspieëls met die laboratorium verbind; 'n volledig toegeruste mobiele laboratorium vir veldwerk; toerusting sluit in: 'n elektroënkefalograaf-poligraaf met 16 bane; drie ander elektroënkefalograwe; 'n outomatiese ontleder wat lae frekwensies integreer; twee magnetiese data-opnemers; 'n rekenaar wat gegewens aan 'n X-Y stipper, 'n tikmasjien en 'n bandponser lewer; en 'n verskeidenheid toerusting vir prikkeling en vir die meting van perseptuele en motoriese aktiwiteite.

- Psigometrika

  Verskeie moderne tafelrekenaars en spesiale toerusting vir navorsing insake objektiewe persoonlikheidstoetse, soos 'n Raam- en Stafieapparaat.

- Rekenaardienste

  Die Afdeling het toegang tot 'n IBM 360-rekenaar by die Universiteit van die Witwatersrand deur middel van vier IBM 2741-tikmasjienterminusse wat in die Instituut geplaas is; aandeel aan 'n IBM 1231-optiese Merk Bladleser by die Universiteit; een kaartponsmasjien en een toetsponsmasjien in die Instituut.

- Temperament- en Persoonlikheidsnavorsing

  Laboratoriumruimte vir werk op verskeie gebiede van eksperimentele sielkunde, soos kamers vir groep- en individuele toetsing. Apparaat sluit oudiometers, projektors en instrumente vir visuele en akoestiese stimulus- en reaksiemeting in.

Die NIPN-biblioteek het 7 500 boeke, 3 000 pamflette, 3 500 tydskrifbande, 100 mikrofilms en 350 mikrokaarte. Inligtings- en Navorsingsdienste te Scientia, Pretoria, voorsien inligtingsdienste aan die WNNR as geheel. Wetenskaplike skakelkantore bestaan in Londen, Washington, Cologne en Parys. In die NIPN word inligtingsdienste voorsien deur die skakelseksie, publikasieseksie en biblioteek.

Skakeling: Die NIPN het skakeling bewerkstellig met verskeie universiteite, staatsdepartemente, statutêre liggame, nywerheidsrade, nywerheidsorganisasies, Suid-Afrikaanse Weermag en die Internasionale Biologiese Program.

Aard van skakeling

- gesamentlike navorsingsondernemings bv. met die Suid-Afrikaanse Weermag, die Kamer van Mynwese van Suid-Afrika en in die Internasionale Biologiese Program

- gesamentlike gebruik van fasiliteite, bv. die gebruik deur die NIPN van 'n IBM 360-rekenaar aan die Universiteit van die Witwatersrand

- betaling vir geborgde werk

- die uitruil van 70 tydskrifte met lande so ver geleë as Japan en Taiwan, vir die tydskrif van die NIPN.

OPLEIDING

Die meeste nuutaangestelde personeellede ontvang indiensopleiding van senior navorsers. Spesiale kursusse word, waar nodig, gehou, bv. in werkanalise en werkevaluering. Gereelde seminare en colloquia oor navorsingsonderwerpe word in die Instituut deur lede van die personeel gehou. Lesings word deur personeellede vir nagraadse studente aan universiteite oor gespesialiseerde onderwerpe gehou, waar daar geen deskundige by die universiteit self beskikbaar is nie. Die Instituut neem gewoonlik vakansiestudente in diens en hulle ontvang ook indiensopleiding. Navorsingsbeurshouers word soms vir spesifieke projekte aangestel.

Die Suid-Afrikaanse Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad (WNNR) stel beurse beskikbaar vir voor- en nagraadse studie in die suiwer en toegepaste wetenskappe, farmasie, ingenieurswese, argitektuur en toegepaste sielkunde.

Nagraadse beurse word toegeken vir studie in Suid-Afrika of vir navorsing en studie oorsee.

Die volgende nagraadse beurse word aan voortreflike of bogemiddelde studente vir studie in Suid-Afrika toegeken: Na-B.Sc.-beurse, Na-B.Sc. (Hons.)-beurse, Na-M.Sc. -beurse, Na-doktorale Beurse en Senior Beurse.

'n Senior beurshouer moet 'n persoon van aansien wees en oor baie ervaring in navorsingswerk beskik. Die besit van 'n doktorsgraad is egter nie noodsaaklik nie.

Die volgende beurse word toegeken aan Suid-Afrikaanse studente en navorsers vir navorsing en studie aan goedgekeurde oorsese inrigtings: Na-M.Sc.-beurse, Na-doktorale Beurse en Senior Beurse.

Hierdie beurse word slegs toegeken waar fasiliteite vir verdere studie in Suid-Afrika ontoereikend is, of glad nie beskikbaar is nie.

Die WNNR stel ook drie spesiale merietebeurse jaarliks beskikbaar vir voortreflike studente vir voltydse doktorale studie aan Suid-Afrikaanse inrigtings.

NAVORSING

Die NIPN werk saam met die Weermag, die nywerheid, die universiteite en die algemene publiek om navorsingsgegewens te verkry.

Navorsingsgegewens word ingesamel tydens geborgde projekte of studies waaraan saamgewerk word of deur die toestemming van organisasies. Verwerking sal afhang van die aard van die versamelde gegewens asook die doel waarvoor dit ingesamel is.

PROGRAMME EN AFDELINGS VAN DIE NIPN 1971/72

Organisasie- en Personeelontwikkeling

Werkstudie en Opleiding

Hoof: J. van Rooyen

Navorsing wat aan die gang is

- Personeelstudies in die WNNR-administrasie
- Opleidingshandleiding vir toesighouers
- Opleidingshandleiding vir posontleders
- Bestuurder- en organisasie-ontwikkeling
- Doeltreffendheidskriteria vir navorsingspersoneel
- Vleisraad-poswaardering
- TMSA-poswaardering
- Rhodesiese Spoorweë: Poswaardering
- Die doeltreffendheid van die NIPN-Bantoeposwaarderingstelsel
- Motiveringsfaktore wat produktiwiteit beïnvloed
- O.K. Bazaars: Organisasie-studie.

Personeelkeuring en Beroepsvoorligting

Hoof: R.H. Blake

Navorsing wat aan die gang is

- Waardering van bestaande keuringsprosedures vir voorjongens
- Keuring en plasing van Nie-Blanke werknemers in sekondêre nywerheid
- Voorbereiding van spesifieke norme en normbeheer
- Die ontwikkeling van 'n handleiding vir die uitvoer van verrigtingsopnames
- 'n Waardering van die langtermyn voorspellingsgeldigheid van die myne se keuringsbattery en faktore wat dit beïnvloed
- Die bepaling van meganiese aanleg en vaardighede van Bantoenywerheidswerknemers.

WNNR-Personeelkeuring en Beroepsvoorligting

Hoof: R.F. Skawran

Navorsing wat aan die gang is

- Beroepsleidingopvolgstudie
- Doeltreffendheid en hersiening van die WNNR-toetsprosedures
- Personeelstudies in die WNNR-administrasie

- Keuring van motorbestuurders
- Projektiewe persoonlikheidstoetse vir die keur van wetenskaplikes.

Toegepaste Sosiale Sielkunde

Hoof: D.S. Goosen

Navorsing wat aan die gang is

- Die indiensneming van vroue in die handel en nywerheid in Suid-Afrika
- Houdingstudie van klein geïsoleerde groepe
- Menslike faktore in padveiligheid
  - Sielkundige eienskappe en bestuursvernuf van Blanke en Bantoe-manlike vragmotorbestuurders.

Sielkunde van die Leerproses

Hoof: T. Retief

Navorsing wat aan die gang is

- Geprogrammeerde onderrig
- Programmering van Wiskunde
- Geprogrammeerde toets vir elektronika-tegnici
- Navorsing m.b.t. taallaboratoriumtegnieke
- Tegnieke vir beroepsaanpassing by ontwikkelende gemeenskappe.

Fisiologiese Sielkunde

Neuropsigologie

Hoof: G.K. Nelson

Navorsing wat aan die gang is

- Differensiëring van vermoëns: ras, kultuur en breinfunksie
- Neuropsigologiese studies van misdadigers (voorheen: EEG by misdadigers)
- Die EEG, gedrag en breinbesering
- Normale gedrag en breinfunksie (voorheen: Breinfunksie en gedrag)
- Neuropsigologiese funksie met betrekking tot leesprestasie
- Dierestudies van hittesteek
- Ergonomiese studies
- EEG in personeelnavorsing
- Ontwikkeling van rekenaarverwerkingstelsel vir neuropsigologiese gegewens.

Sensories - Motoriese Navorsing

Hoof: D.R. de Wet

Navorsing wat aan die gang is

- Die ontwerp en toepassing van apparaattoetse
- Instandhouding, wysiging en ontwikkeling van toerusting.

Psigometriese Program

Psigometrika

Hoof: D.W. Steyn

Navorsing wat aan die gang is

- Studie van sielkundige dimensies
- Die ontwikkeling van 'n klassifikasietegniek om subgroepe te identifiseer
- Toestande wat die invariansie van faktorstrukture beïnvloed
- Statistiese aspekte van personeelkeuring (voorheen bekend as: Veelvuldige lineêre regressie)
- Ondersoek na die persoonlikheids- en gedragskorrelate van veld-afhanklikheid/onafhanklikheid
- Metingseienskappe van nie-kognitiewe toetse
- Hersiening en uitbreiding van NIPN-toetse
- Ontwikkeling van 'n redeneringstoets vir die aanduiding van Bantoewerkers se redeneringsvermoë (Vormreekstoets)
- Ontwikkeling van 'n aanlegindeks vir Sanlam
- Sielkundige differensiasie en bestuurstyl (voorheen: Die ontwikkeling van 'n projektiewe persoonlikheidstoets)
- Herstandaardisasie van die Algemene Aanpassingsbattery
- Konstruksie van 'n toetsbattery om die Algemene Aanpassingsbattery te vervang
- Die ontwikkeling van 'n toetsbattery vir bestuurskeuring (voorheen: Die ontwikkeling van 'n keuringsbattery vir toelating tot die MBA-kursus)
- Persoonlikheidsveranderinge in 'n klein groep mans onder toestande van isolasie in Antarktika
- Konstruksie van 'n skaal van outoritêre gedrag met die oog op personeelkeuring en bestuurderontwikkeling
- Konstruksie van 'n angsskaal vir gebruik in beroepsvoorligting en personeelkeuring
- Konstruksie van 'n toets van begripsverwerwing vir die keuring van programmeerders
- Konstruksie van 'n hoëvlak induktiewe redeneringstoets
- Differensiëring van vermoëns: Ondersoek van die invloed van opvoed-

kundige speelgoed op die kognitiewe ontwikkeling van Bantoekinders (Toetse)

- Ontwikkeling van 'n hoëvlak logiese redeneringstoets
- Ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse Persoonlikheids-evaluasie vraelys vir gebruik in personeelkeuring
- Samestelling van 'n hoëvlak differensiële aanlegbattery.

Rekenaar en Outomatisasie

Rekenaar

Hoof: R.S. Hall

Navorsing wat aan die gang is

- Studie van wiskundige en statistiese tegnieke
- Programmering
- Gespesialiseerde toepassing van rekenaars in gedragswetenskaplike navorsing
- Keuring van rekenaarpersoneel
- Personeelaspekte van die trefkrag van outomatisasie op 'n industriële gemeenskap.

Menslike Aanpasbaarheid

Temperament en Persoonlikheid

Hoof: H. Reuning

Navorsing wat aan die gang is

- Ontwikkeling van 'n projektiewe toets vir Bantoes met die Tematiese Appersepsietoets (TAT) as basis
- Meting van inspanning
- Differensiëring van vermoëns: Ontwikkeling van toetse vir tussen-kultuurse navorsing
- Vergelykende studie van visuele en akoestiese waarneming by verskillende rassegroepe
- 'n Nie-verbale toets van oorspronklikheid (Mosaïek-konstruksie) (voorheen: Patroonskepping as 'n maatstaf van oorspronklikheid en ander persoonlikheidsfaktore)
- Kreatiwiteitsfaktore en die meting daarvan
- 'n Prente-rangskikkingstoets vir Bantoenywerheidswerkers
- Differensiëring van vermoëns: Tussen-kultuurse studie van leertake
- Studie van tussen-kultuurse verskille by vertroue in beslissings
- Tussen-kultuurse studie van prikkelsoekende gedrag

- Differensiëring van vermoëns: Die invloed van opvoedkundige speelgoed op die kognitiewe ontwikkeling van Bantoekinders (Speelgoed)

- Toepassing; vasstelling van norme; geldigheid en betroubaarheid van toetse opgestel deur die Afdeling.

Industriële Etnologie

Hoof: S.K.P. Hall

Navorsing wat aan die gang is

- 'n Vergelykende studie van werkstabiliteit en produktiwiteit onder Bantoe in stedelike en grensnywerheidsgebiede

- Differensiëring van vermoëns: Die organisasie van verstandelike vermoëns van Bantoes

- Werkmotivering in een etniese groep in 'n proses van kulturele oorgang

- Die effek van opleiding op die verhouding tussen kognitiewe vermoëns

- Probleme van aanpassing by industrialisasie: Die Bantoevrou in die nywerheid.

## PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

'n Jaarverslag oor navorsingsaktiwiteite word per poslys versprei en is op aanvraag van die NIPN verkrygbaar.

Navorsingsresultate word gereeld in wetenskaplike tydskrifte gepubliseer. Sekere navorsingsverslae ten behoewe van steunliggame is vertroulik en word dus nie gepubliseer nie. Gegewens word òf op ponskaarte òf op magnetiese band bewaar en is vir navorsers van die NIPN maklik toeganklik.

Die Instituut publiseer 'n tydskrif, Psychologia Africana, wat met ongereelde tussenposes verskyn (R3,00 per deel van drie eksemplare).

Onlangse Publikasies

BENNETT, M. The Wire-Bending test applied to apprentice selection in Africa. Psychol. Afr. 13(2 and 3), 1970: 240-247.

BIESHEUVEL, S. Science, arts and the nature of man. Psychol. Afr. 13 (2 and 3), 1970: 73-86.

BLAKE, R.H. and MAUER, K.F. Report on an investigation into the feasibility of introducing selection and training procedures at Mooi River Textiles Limited. Confidential report. Johannesburg, SACSIR, NIPR, 1970.

BLAKE, R.H., et al. Labour turnover: an investigation conducted at Domani Stainless Steel (Pty) Ltd. Confidential report. Johannesburg, SACSIR, NIPR, 1970.

BOWDEN, E. Conflict between the research philosophies of science and industry and its effect on scientific productivity. Psychol. Afr. 13(2 and 3), 1970: 191-201.

BROWNE, M.W. A critical evaluation of some reduced-rank regression procedures. Research Bulletin, R.B. 70-21, (Draft report). Princeton, N.J., Educational Testing Service, 1970.

COULTER, M.A. A statistical re-analysis of the differences in mean performance on the GAB that exist between test centres, 1970. Submitted to the Chamber of Mines of South Africa. Confidential report. Johannesburg, SACSIR, NIPR, 1970.

DEPPE, A.H. Body image disturbance in air scuba diving. *Psychol. Afr.* 13 (2 and 3), 1970: 240-247.

DEPPE, A.H. VMA output in diver training. *Psychol. Afr.* 13 (2 and 3), 1970: 252-255.

DIRKS, H. Die Methodischen Grundlagen von Arbeits-Leistungs- und Persönlichkeitsbewertungssystemen. *Psychol. Afr.* 13 (2 and 3), 1970: 124-137.

FRANKL, V.E. Meaningless: A challenge to psychologists. *Psychol. Afr.* 13 (2 and 3), 1970: 87-95.

GEORG, I. en MAUER, E. *Blanke vrouearbeid in Suid-Afrika: 'n Bronnestudie.* Johannesburg, SAWNNR, NIPN, 1970.

GIESEKE, M. *'n Belangstellingsvraelys as tegniek vir die meting van motivering by militêre personeel.* Referaat gelewer by die jaarlike kongres van die Sielkundige Instituut van die Republiek van Suid-Afrika. Pretoria. Sept. 1970.

GIESEKE, M. *Overseas selection: Problems and required improvements.* Johannesburg, SACSIR, NIPR, 1970.

GIESEKE, M. Predicting the ability to learn a foreign language. *Psychol. Afr.* 13 (2 and 3), 1970: 218-221.

GRANT, G.V. *The Development and validation of a classification test battery constructed to replace the General Adaptability Battery.* Submitted to the Chamber of Mines of South Africa, Johannesburg, SACSIR, NIPR, 1970.

GRANT, G.V. Spatial thinking: A dimension in African intellect. *Psychol. Afr.* 13 (2 and 3), 1970: 222-239.

HALL, R.S. STEYN, D.W. and BLAKE, R.H. *Selection battery for programmers - second validation study.* Submitted to the Computer Society of South Africa. Johannesburg, SACSIR, NIPR, 1970.

HALL, S.K.P. and HARRIS, J. *Motivational patterns of a rural and urban group of adult male Vendas.* Contribution to the International Biological Programme. Johannesburg, SACSIR, NIPR, 1970.

LESSING, B.C. *Die Ontwikkeling van 'n geprogrammeerde handleiding vir die opleiding van eerstelyn toesighouers in 'n organisasie wat telekommunikasie-toerusting vervaardig.* Stellenbosch 1970. M. Com., Universiteit van Stellenbosch, Februarie 1970.

LESSING, B.C. *Classification of Bantu jobs at the Good Hope Textile Corporation (Pty) Ltd., King William's Town.* Confidential report. Johannesburg, SACSIR, NIPR, 1970.

LOURENS, P.J.D. *Die Opstel van 'n Suid-Afrikaanse belangstellingstoets.* Johannesburg 1970. D. Litt. et Phil. Randse Afrikaanse Universiteit.

LOURENS, P.J.D. Die Klassifikasie van waardes. *Psychol. Afr.* 13(2 en 3), 1970: 173-190.

LOURENS, P.J.D. Die Aard, funksies en tekortkominge van sielkundige meting. *Psychol. Afr.* 13 (2 en 3), 1970:149-172.

MARAIS, M.E. *Die Onvoltooide sinnetoets: 'n Verbeterde vorm.* Pretoria, SAWNNR, NIPN, 1970.

MAUER, K.F. *An Attempt to develop a weighted biographical data sheet for use in boss boy selection: An investigation into the validity of biographical and certain test variables for predicting boss boy performance.* Submitted to Personnel and Safety Panel, Chamber of Mines of South Africa. Confidential report. Johannesburg, SACSIR, NIPR, 1970.

MAUER, K.F. A Criterion of boss boy performance. Submitted to Personnel and Safety Panel, Chamber of Mines of South Africa. Confidential report. Johannesburg, SACSIR, NIPR, 1970.

MELAMED, L. MacCrone's race attitudes scale - thirty years after. Psychol. Afr. 13 (2 and 3), 1970: 202-208.

MOSS, C.H., KASS, G.V. and MAUGHAN-BROWN, E.A. Subroutines for the NIPR Batch Processing system. Revised edition. Guide to users. Johannesburg, SACSIR, NIPR, Febr. 1970.

MULLER, M.W. The NIPR Optical Mark Reader system. Johannesburg, SACSIR, NIPR, 1970.

OETTING, W. Wegbereiter für Afrikaans-Duits Kulturbeziehungen. Psychol. Afr. 13 (2 en 3), 1970: 66-68.

OSRIN, N. The NIPR organization development seminars. Johannesburg, SACSIR, NIPR, 1970.

OSRIN, N. What, when and how: O.D. in perspective. Personnel Management/Personeelbestuur. 21(3), 1970: 21-24.

OSRIN, N. and TRETHEWEY, N.D. Job evaluation study conducted for O.K. Bazaars Limited. Confidential report. Johannesburg, SACSIR, NIPR, 1970.

PETRILOWITSCH, N. Dialektische Psychotherapie. Psychol. Afr. 13 (2 and 3), 1970: 144-148.

RETIEF, T. et al. Eerste Afrikaans taalkursus vir immigrante. WNNR, Pretoria, Mei-Augustus 1970. Johannesburg, SAWNNR, NIPN, 1970.

RUPPERT, J.P. Vorrationale Voraussetzungen der Wissenschaftlichen Menschenerkenntnis und Personbeurteilung. Psychol. Afr. 13 (2 en 3), 1970: 96-102.

SCHMIDT, H.E. Spatial creativity in second year architecture students. Percept. Mot. Skills. 31, 1970: 561-562.

SCHMIDT, H.E. Note on the relationship between academic success, creativity and motivational factors in architecture students. Psychol. Afr. 13 (2 and 3), 1970: 209-214.

SCHMIDT, H.E. Taylor's manifest anxiety scale applied to two samples of White South African students. Psychol. Afr. 13(2 and 3) 1970: 215-217.

SKAWRAN, P.R. The Intelligence of the adult. II. The intelligence of the scientist. C. Intelligence and personality of the executive. Pretoria, SACSIR, NIPR, 1970.

SÜSSENGUTH, C.O.E. The Intelligence of the adult. III. The intelligence of the scientist. C. The intelligence of electrical engineers and mathematicians. Pretoria, SACSIR, NIPR, 1970.

VAN ROOYEN, J. The Evaluation of monthly paid staff at T.M.S.A. Submitted to Telephone Manufacturers of S.A. (Pty) Ltd. Springs. Confidential report. Johannesburg, SACSIR, NIPR, 1970.

VAN ROOYEN, J. Poswaarderingstudie. Voorgelê aan Federale Volksbeleggings Beperk. Vetroulike verslag. Johannesburg, SAWNNR, NIPN, 1970.

VETTER, A. Der Mensch im Betrieb. Psychol. Afr. 13 (2 en 3), 1970: 138-143.

VORSTER, D.J.M. Labour requirements for the 1970s. How can they be met? Paper presented at the 9th Business Outlook Conference of the National Development and Management Foundation, Johannesburg, October 1970.

U N I V E R S I T E I T   V A N   F O R T   H A R E

Pk. Fort Hare, K.P.    Telefoon: 281 Alice

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

Dekaan: Prof. T.M.D. Kruger

DEPARTEMENT AFRIKANISTIEK

Hoof: Prof. E.J. de Jager

Onlangse publikasies

BANGHART, P.D. Migrant labour in South-West Africa and its effects on Ovambo tribal life. Stellenbosch, 1969. M.A., Universiteit van Stellenbosch. Des. 1969.

BANGHART, P.D. Some aspects of Aztec religion and philosophy. Fort Hare Papers. 1970.

BANGHART, P.D. The Effects of migrant labour on the social structure of the Bantu homelands. Missiological Institute. 1970.

GITYWA, V.Z. The Arts and crafts of the Xhosa in the Ciskei: past and present. Fort Hare, 1970. M.A., Universiteit var Fort Hare. 1970.

GROENEWALD, D.M. Die Teoretiese agtergrond en ontwikkelingsverloop van plaaslike bestuur in Afrika. Stellenbosch, 1970.

FAKULTEIT LANDBOU

Dekaan: Prof. E.H. Graven

DEPARTEMENT LANDBOU-EKONOMIE

Hoof: Mnr. S.J. de Swardt

Navorsing wat aan die gang is

- Die uitvoerbaarheid van voordeel-koste-ontleding in hulpbronontwikkeling, soos gedemonstreer deur die Oranjerivierontwikkelingsprojek
- Die opstel en uittoets van 'n vraelys om die landbouproduksiepeil in die Bantoegebiede te bepaal.

Onlangse publikasies

DE SWARDT, S.J. Hulpbronontwikkeling met spesiale verwysing na 'n toepassingstudie in voordeel-koste-ontleding. Maart 1970.

DE SWARDT, S.J. Water economics. Mei 1970.

DE SWARDT, S.J. en KASSIER, W.E. Kwantitatiewe metodes vir die beplanning en ontwikkeling van besproeiingsprojekte. Nov. 1970.

## NAVORSINGSAFDELING VAN DIE DEPARTEMENT SIELKUNDE

Hoof van Departement: Prof. T.M.D. Kruger

### ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die organisasie is eintlik nog in wording. Dit het in Mei 1969 begin spesifiek om navorsing te onderneem insake die voorspelling van akademiese sukses. Vir dié doel is twee poste vir Navorsingsassistente deur die Raad van die Universiteit goedgekeur en dit is die enigste navorsingsposte in die Departement Sielkunde wat tans bestaan. In werklikheid funksioneer die navorsingsafdeling nog steeds as 'n integrale deel van die Departement Sielkunde en die beplanning van projekte bly steeds die verantwoordelikheid van dié Departement. Lede van die akademiese personeel word ook by die uitvoering van projekte ingeskakel.

Funksies en beleid: Die organisasie spits hom toe op navorsing insake die voorspelling van akademiese sukses by studente maar hierdie opdrag sal met verloop van tyd en na gelang van vordering breër word om ook probleme van studente-aanpassing in die algemeen en verder die Sielkunde van die Bantoe in te sluit.

Beheer en administrasie: Die Navorsingsafdeling word deur die Departement Sielkunde beheer.

Navorsingsprojekte word deur personeellede van die Departement Sielkunde beplan en uitgevoer.

Uitvoerende mag word deur die hoof van die Departement Sielkunde beoefen.

Personeel: Daar is twee professionele personeellede wat met navorsing gemoeid is. Personeellede van die Departement word ook toegelaat om vir nagraadse studie in te skryf.

Finansiering: Die Afdeling word uit die Universiteitsbegroting gefinansier. Die Afdeling ontvang R1600 vir salarisse. Ander benodigdhede kom uit die begroting van die Departement Sielkunde.

Fasiliteite: Die Universiteitsbiblioteek word gebruik waar nodig.

Skakeling: Geen formele skakeling word onderneem nie, dog die RGN en die NIPN word informeel geraadpleeg.

### NAVORSING

Gegewens word versamel in samewerking met die Departement Sielkunde en die Administratiewe Afdeling van die Universiteit. Toetse word afgeneem en nagesien deur die twee navorsingsassistente bygestaan deur en onder toesig van die Akademiese personeel. Ad hoc-reëlings word gemaak insake bewerking van gegewens, byvoorbeeld waar 'n rekenaar (dataverwerking) nodig is.

Navorsing wat aan die gang is

- Voorspelling van akademiese sukses van Fort Hare-studente
- Verleen hulp insake: Betroubaarheidsbepaling van die Bantoe-TAT.

### PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Verslae word in die Afdeling bewaar en die belangrikste bevindinge sal in vaktydskrifte gepubliseer word.

U N I V E R S I T E I T   V A N   F O R T   H A R E

F.S. MALAN-ANTROPOLOGIESE MUSEUM

Universiteit van Fort Hare,
Pk. Fort Hare, K.P.

Telefoon: Alice 281,
Uitbreiding Museum

Kurator: Mnr. V.Z. Gitywa

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Museum doen etnologiese navorsing. Dit spits hom veral toe op die tradisionele kultuur van die Bantoe, sowel as op Bantoekultuur onder moderne verkeersomstandighede; meer spesifiek die Suidelike Nguni (Xhosa-sprekende Bantoerasse) van die Transkei, Ciskei en Oos-Kaap.

Die Museum is in 1941 opgerig. Dit beslaan 4 250 vk. vt. (uitbreidings word beoog om dit te verdubbel) en het meer as 10 000 vertoonstukke byeengebring wat hoofsaaklik te doen het met die materiële kultuur van die Suidelike Nguni (Xhosa, Mpondo, Thembu, Fingo, Mpondomise, Bomvana ens.). Die Museum het by die Rykstentoonstelling in Johannesburg sowel as die Glasgow-tentoonstelling in 1937 uitgestal. Dit word beskou as een van die beste volkekundige versamelings in die land.

Beheer en administrasie: Die Museum word beheer deur die Komitee van Bantoestudies, wat 'n komitee van die Senaat van die Universiteit van Fort Hare is. Die Hoof van die Departement Antropologie is voorsitter (ex officio) van die Komitee. Die sekretaris van die Komitee is die Kurator (ex officio) van die Museum. Ander lede van die Komitee sluit in die personeel van die Departement Antropologie en verteenwoordigers van ander Departemente wat belang by die Bantoes en hul kultuur het, bv. die Departemente Opvoedkunde, Aardrykskunde, Geskiedenis, Sosiologie, ens.

Navorsingsprojekte word geloods en geformuleer deur die Komitee vir Bantoestudies. Bestuursmag berus by die Voorsitter van die Komitee en die Kurator van die Museum.

Struktuur: Die Museum bestaan uit drie Afdelings:

- Die gebied van Volkekundige navorsing, wat hoofsaaklik te doen het met die vestiging van die versameling van materiële kultuur;
- Argeologie, hoofsaaklik van die omliggende gebied;
- Kontemporêre Bantoekuns. Die Museum het vir hierdie doel 'n kunsgalery gestig.

Personeel: Die personeel bestaan uit die Kurator en Assistent-kurator van die Museum wat voltydse permanente personeellede is, en die personeel van die Departement Antropologie wat deeltydse navorsing in die Museum doen. Personeellede van ander Departemente help dikwels met museumprojekte.

Finansiering: Die Museum ontvang 'n toelae van die Universiteit van Fort Hare.

Fasiliteite: Die Museum het toegang tot die biblioteek van die Universiteit. Spesiale aandag word geskenk aan tydskrifte, boeke e.d.m. wat van besondere belang vir die Museum is.

NAVORSING

Gegewens word te velde van die bevolking van die Bantoegebiede verkry.

Slegs gedurende die afgelope drie jaar het die Museum ernstige aandag aan navorsingswerk begin bestee. Vantevore was dit hoofsaaklik gemoeid met die versameling, bewaring en uitstalling van stukke.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

Die volgende projekte, waarvan die eersgenoemde twee langtermynprojekte is, is aan die gang:

- 'n Studie van ritueel onder die Xhosa in moderne omstandighede
- Manlike inisiasie onder die Xhosa in moderne omstandighede
- 'n Studie van Xhosa-skoonheidsmiddels
- 'n Voortgesette ondersoek na geneeskundige en eetbare plante van die Xhosa.

Hierdie projekte word gesamentlik onderneem deur die Museumpersoneel (Kurator en Assistent-kurator) en die personeel van die Departement Antropologie (professor en senior lektor).

Die Jaarverslag van die Museum word nie gepubliseer nie, maar is op aanvraag verkrygbaar.

Die Universiteit van Fort Hare publiseer 'n joernaal genaamd The Fort Hare Papers, wat van tyd tot tyd verskyn namate materiaal beskikbaar word. Die meeste van die navorsingsbevindinge van die Museum verskyn in hierdie joernaal, wat teen 75c per eksemplaar beskikbaar is.

## U N I V E R S I T E I T   V A N   K A A P S T A D

Rondebosch, K.P.

Telefoon: 69-4351
Telegramme: UNIVERSITY RONDEBOSCH

FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE

Dekaan: Prof. M. Shackleton

DEPARTEMENT VAN NEDERLANDSE KULTUURGESKIEDENIS

Hoof: Prof. D. Bax

Navorsing wat aan die gang is

- Die kultuurgeskiedenis van Holland, Vlaandere en die Kaap, met spesiale verwysing na skone kunste, argitektuur en kunsvlyt.

SKOOL VAN AFRIKANISTIEK

DEPARTEMENT VAN SOSIALE ANTROPOLOGIE

Hoof: Prof. Monica Wilson

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Bantoekerke in Soweto

- Zoeloedenkpatrone en simbolisme
- Die Griekwanasie van Suid-Afrika
- Verandering in verwantskapstelsels, in aansluiting by veranderings in ekonomie en waardes
- Sosiale struktuur van die Kleurlingbevolking van die Suidelike Skiereiland
- Die Politieke-kulturele ontwikkeling van die Kleurlingnasie van 1900 tot 1970
- Universiteite en die politieke stelsel in Suid-Afrika
- Politieke ontwikkeling onder die Kleurlingnasie.

Onlangse publikasies

WELSH, David, Roots of segregation: a study in racial policy in Colonial Natal. London, Oxford University Press, 1971.

WELSH, David, The Growth of towns. In: WILSON, Monica and THOMPSON, Leonard. ed. The Oxford history of South Africa, Vol. II. Oxford, Clarendon Press, 1971.

WEST, M.E. Divided community. Cape Town, Balkema, 1971.

WHISSON, Michael and WEIL, W. Domestic servants - a microcosm of the 'Race Problem'. Johannesburg, S.A. Institute of Race Relations, 1971.

WHISSON, Michael, The Coloured People. In: RANDALL, P. ed. South Africa's Minorities. Johannesburg, SPROCAS, 1971. (SPROCAS. Occasional Papers, No. 2.)

WILSON, Monica and THOMPSON, Leonard. ed. The Oxford History of South Africa, Vol II. Oxford, Clarendon Press, 1971.

WILSON, Monica. ed. The Thousand years before Van Riebeeck. (Raymond Dart Lecture, 1969) Johannesburg, Witwatersrand University Press, 1970.

WILSON, Monica. Rituals of Kinship among the NyaKyusa. London, Oxford University Press for the International African Institute, 1970. (reprint).

WILSON, Monica. Communal rituals of the NyaKyusa. London, Oxford University Press for the International African Institute, 1970. (reprint).

WILSON, Monica. Religion and the transformation of society. (Scott Holland Lectures, Cambridge, 1969) Cambridge, Cambridge University Press, 1971.

FAKULTEIT VAN HANDEL

Dekaan: Prof. L. Kritzinger

BEDRYFSKOOL VIR GEGRADUEERDES

Hoof: Prof. R.G.A. Boland

Onlangse publikasies

FELDBERG, M. Marketing in South Africa. International Marketing Trends. Tokyo, Japan Productivity Centre, 1968.

WILLIAMS, A.T. Controlling stocks within a distribution system. Freight management-physical distribution economics. 11(8), Aug. 1968: 67-68.

DEPARTEMENT VAN BEDRYFSWETENSKAP

Hoof: Prof. J.D. Hampton

Onlangse publikasies

HAMPTON, J.D. Computer-based merchandising and Inventory Control. In: First National Conference for Operational Research, Johannesburg, 21-22 Nov. 1969.

HAMPTON, J.D. Some implications of methods of Inventory Control. S.A. Chartered Accountant.6 (4), 1970: 131-134.

DEPARTEMENT VAN REKENINGKUNDE

Hoof: Prof. L. Kritzinger

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Kapitale beleggingsbesluite onder onsekere toestande
- 'n Studie van inkomstebelasting deur hofsake en hofuitsprake.

Onlangse publikasies

KRITZINGER, L. Consolidated Accounts. S.A. Chartered Accountant. Vol. 4, 1968: 161 et seq., 204 et seq.

KRITZINGER, L. Some thoughts on consolidating foreign subsidiaries. S.A. Chartered Accountant. Vol. 4, 1968: 69 et seq.

KRITZINGER, L. Foreign consolidations reconsidered. S.A. Chartered Accountant. Vol. 4, 1968: 134 et seq.

KRITZINGER, L. Consolidated Accounts. The Accountant, London. 158 (4863), 1968: 272-277 and 158 (4864), 1968: 308-314.

KRITZINGER, L. and TAYLOR, I.R. The Principles and practice of Auditing. Cape Town, Juta, 1969.

KRITZINGER, L. ...... and another contentious balance sheet value. S.A. Chartered Accountant. 5, 1969: 403.

LANGHOUT, J. Analysis and interpretation of Accounts. Cape Town, S.A. Universities Press, Feb. 1968.

LANGHOUT, J. Aspects of inflation. S.A. Chartered Accountant. 4(2), Feb. 1968: 58-59.

LANGHOUT, J. A Case study of financial analysis. S.A. Chartered Accountant. 4(2), Feb. 1968: 59-62.

LANGHOUT, J. Rising capital. S.A. Chartered Accountant. 4 (4), April 1968: 115-116.

LANGHOUT, J. Economic development programming in South Africa. S.A. Chartered Accountant. 4 (6), June 1968: 177-179.

LANGHOUT, J. Underwriting Commission. S.A. Chartered Accountant. 4(10), Oct. 1968: 303.

LANGHOUT, J. Rules of professional conduct. S.A. Chartered Accountant. 4(10) Oct. 1968: 304-307.

LANGHOUT, J. Die Jong beroepsman. S.A. Chartered Accountant. 4(12), Dec. 1968: 368-369.

U N I V E R S I T E I T   V A N   K A A P S T A D

ABE BAILEY-INSTITUUT VIR RASSESTUDIES

Universiteit van Kaapstad,
Privaatsak, Rondebosch, K.P.

Telefoon: 69-8531 x 331
Telegramme: UNIVERSITY
RONDEBOSCH

Direkteur: Prof. H.W. van der Merwe

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Abe Bailey-Instituut vir Rassestudies is op 1 April 1968 met standplaas aan die Universiteit van Kaapstad gestig. Die Instituut word op die Groote Schuurkampus gehuisves, en hoewel dit formeel geen deel van die Universiteit uitmaak nie, werk dit nou daarmee saam.

Die Instituut word gefinansier deur die Abe Bailey-Trust, wat ingevolge sir Abe Bailey se testament gestig is. Dit is kragtens die Maatskappywet, 1926 (soos gewysig) as 'n deur waarborg beperkte maatskappy sonder aandelekapitaal geregistreer.

Funksies en beleid: Die vernaamste doelstelling van die Instituut is om navorsing aangaande intergroepverhoudings in Suid-Afrika te koördineer, te bevorder en te onderneem, veral verhoudings tussen ras- en taalgroepe. Die Instituut voorsien ook in die behoeftes van studente, akademiese personeel en navorsers hoofsaaklik van die Universiteit van Kaapstad, maar ook van ander inrigtings wat navorsing in rasseverhoudings onderneem.

Beheer en administrasie: Die werkprogram van die Instituut staan onder toesig van 'n Akademiese Advieskomitee bestaande uit die Prinsipaal en Vise-prinsipaal van die Universiteit van Kaapstad, die Direkteur van die Instituut en drie ander professore van die Universiteit. Hierdie Komitee adviseer die Raad van Beheer aangaande die aanstelling van personeel by die Instituut en die navorsings- en onderrigprogram wat vir die Instituut voorgestel word.

Personeel: Die personeel bestaan uit die Direkteur wat navorsingswerk en die administrasie onderneem en 'n sekretaris.

Finansiering: Die Instituut word gefinansier deur 'n jaarlikse toelae van die Abe Bailey-Trust wat voorsiening maak vir die salarisse van die Direkteur en die sekretaris asook vir die administrasie, maar nie vir navorsingsprojekte nie.

Fasiliteite: Die Instituut bied huisvesting en sekretariële dienste aan navorsers en het toegang tot die rekenaar van die Universiteit van Kaapstad, die universiteitsbiblioteke en ander noodsaaklike toerusting in verskillende departemente van die Universiteit.

Skakeling: Die Instituut het, met die oog op navorsing, skakeling met al die betrokke afdelings van die Universiteit van Kaapstad, die Universiteit van Wes-Kaapland, die Universiteit van Stellenbosch, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en die verskillende Staatsdepartemente bewerkstellig. Die Instituut versprei sy publikasies onder hierdie liggame asook ander universiteite in Suid-Afrika en in die buiteland.

NAVORSING

Die volgende navorsingsprojek wat onder beskerming van die Instituut uitgevoer is, is in 1971 voltooi:

- 'n Studie van Blanke Suid-Afrikaanse èlite met spesiale verwysing na hulle sosio-ekonomiese agtergrond, opvoedkundige sosialisering en politieke houdings.

Navorsingsprojek wat aan die gang is

- Die politieke en kulturele ontwikkeling van die Kleurlinge gedurende die 20ste eeu.

Hierdie projek word onder beskerming van die Instituut onderneem.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Instituut publiseer 'n jaarverslag waarvan 700 eksemplare aan universiteite in Suid-Afrika en in die buiteland, aan navorsingsinstitute en onderwysdepartemente in die sosiale wetenskappe, en 'n groot aantal belangstellendes gestuur word.

Onlangse publikasies

TOBIAS, P.V. Brain size, grey matter and race: Fact or fiction. The American Journal of Physical Anthropology. 32, Jan. 1970: 3-25.

SAUNDERS, C.C. Tile and the Thembu Church: Politics and independency on the Cape Eastern Frontier in the late nineteenth century. Journal of African History. 11, 1970: 553-570.

SLABBERT, F. VAN ZYL. Modernisation and Apartheid. In: RANDALL, Peter. ed. Anatomy of Apartheid. Johannesburg, SPROCAS: Occasional Publication No. 1, 1970.

WHISSON, M.G. The Coloured People. In: RANDALL, Peter. ed. South Africa's Minorities. Johannesburg, SPROCAS: Occasional Publication No. 2, 1971.

U N I V E R S I T E I T   V A N   N A T A L

King George V-laan, Durban

Telefoon:
Durban: 35-2461
Pietermaritzburg: 2-9531

Telegramme: UNIVERSITY

FAKULTEIT VAN LANDBOU

Dekaan: Prof. C.W. Abbott

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE

Privaatsak X9021, Pietermaritzburg

Telefoon: 29781
Telegramme: LANDBOU

Hoof: Prof. H.I. Behrmann

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

Meesterprojek: Ekonomiese Plaasbeplanning in die Natalse Streek, wat die volgende insluit:

- Ontleding van die resultate van plaasbestuur, verkry van studiegroepe in die ekonomie wat deur boere georganiseer is

- 'n Opname insake beesvleisboerdery in die Natalse Streek

- Die ekonomie van die boerdery in Oos-Griekwaland
- Ontwikkeling van adviserende tegnieke in plaasbestuur
- Lineêre programmering van individuele plase
- 'n Ontleding van die vraag na hulpbronne en die aanbod van opbrengs in die Suid-Afrikaanse landbou.

Onlangse publikasies

BEHRMANN, H.I. Observations on farm accounting services in Europe. Agrekon. 8(4), 1969: 5.

BEHRMANN, H.I. and COLLETT, B.H. Farmland prices in South Africa, 1939-1966. Agrekon. 9(4), 1970: 33-39.

GRAHAM, J.D. and GROENEWALD, J.A. Efficiency comparisons between milking parlours and sheds. Agrekon. 8(4), 1969: 11.

OLIVIER, J.L. and BEHRMANN, H.I. Planning of minimum costs with specific reference to the Pongola irrigation settlement. Agrekon. 8(3), 1969: 20.

## U N I V E R S I T E I T  V A N  N A T A L

DEPARTEMENT VAN EKONOMIE

King George V-laan, Durban

Professor in Ekonomie: Prof. G.J. Trotter

Senior Navorsingsbeampte: Mnr. G.G. Maasdorp

Telefoon: 352461
Telegramme: UNIVERSITY

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Sedert die William Hudson-Leerstoel in Ekonomie in 1932 gestig is, het die Universiteit daarna gestreef om 'n Departement van Ekonomie op te bou wat 'n gesonde balans tussen doseerwerk en navorsing sou handhaaf. Die navorsingswerk wat die Departement doen, val gerieflik in drie kategorieë - dié wat onder die Natalse Streeksopname gedoen word, dié wat deur die Departement self geloods word, en ad hoc-projekte wat in die Departement deur beursskenkings of op ander maniere deur buite-instansies geborg word.

Die Natalse Streeksopname is in 1944 gestig, toe die Universiteit (destyds nog die Natalse Universiteitskollege) ingewillig het om namens die Sosiale en Ekonomiese Beplanningsraad 'n langtermyn ekonomiese en sosiale opname van Natal te onderneem. Die grondlegger van die Streeksopname was wyle prof. H.R. Burrows, wat tot 1957 die William Hudson - professor in Ekonomie was. Bedrywighede het onder die leiding van die vorige hoof van die Departement, prof. O.P.F. Horwood uitgebrei.

Beheer en administrasie: Navorsing in die Departement word beheer deur die William Hudson-Leerstoel in Ekonomie.

Personeel: Die professionele personeel bestaan uit die Senior Navorsingsbeampte en drie navorsingsbeamptes. 'n Tikster dien in die administratiewe personeel.

Finansiering: Fondse vir navorsing word uit die Universiteitsbegroting en van openbare en private liggame sowel as navorsingstoekennings verkry.

Fasiliteite: Die Departement het teen interne tariewe toegang tot die elektroniese rekenaar van die Universiteit sowel as tot die Universiteitsbiblioteek.

## OPLEIDING

Navorsingsbeamptes word opgelei deur die toewysing aan hulle van spesifieke projekte. Die professionele personeel het ook deel aan die doseerprogram van die Departement van Ekonomie.

## NAVORSING

Die Departement werk saam met die regering, provinsiale en plaaslike owerhede, die handel, die nywerheid, universiteite en spesifieke seksies van die publiek om navorsingsgegewens te verkry.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Vervoer in Swaziland
- Die ekonomiese gevolge van die hervestiging van gemeenskappe in Suid-Afrika
- Klein- en groothandel in Zoeloeland
- Die lewensduurte van stedelike Bantoegesinne.

## PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Navorsingsbevindinge word in bande of as verslae uitgegee en is van die Departement van Ekonomie, Universiteit van Natal, verkrygbaar.

Onlangse publikasies van die Natalse Streeksopname

Volume 8 O'REAGAIN, Mary. The Hospital services of Natal. Durban, University of Natal, 1970.

Volume 14 UNIVERSITY OF NATAL. Department of Economics. The Umgeni-Umbilo-Umlazi rivers catchment areas; the Durban-Pietermaritzburg region: Part I: Resources and primary activities. Durban, 1967. Part II: Secondary and tertiary activities. Durban, 1969.

Additional Report no. 6.

PILLAY, P.N. and ELLISON, P.A. The Indian domestic budget. Durban, University of Natal. Department of Economics, 1969.

Occasional Paper No. 1

MAASDORP, G.G. The Attitudes of Indians to heavy manual work: A job study. Durban, University of Natal. Department of Economics, 1969.

Occasional Paper No. 2

MAASDORP, G.G. The Educational and employment position of Indian women in a Natal North Coast area. Durban, University of Natal. Department of Economics, 1969.

Die volgende studie is onderneem op versoek van die Stadsraad van Benoni:

MAASDORP, G.G. and PILLAY, P.N. The East Rand Indian Community. Durban, University of Natal. Department of Economics, 1970.

Ongepubliseerde verslae

Heelwat studies wat deur die Departement onderneem word, is vertroulik van aard en kan dus nie gepubliseer word nie. Hierdie studies behels dié wat vir die volgende liggame onderneem word: Regerings van Swaziland en Lesotho; stadsrade van Durban en Pietermaritzburg; Zululand Public Bodies Association; Durbanse Kamer van Koophandel; South African Indian Teachers' Society; en die Anglo-American Corporation of South Africa Limited.

## UNIVERSITEIT VAN NATAL


INSTITUUT VIR MAATSKAPLIKE NAVORSING

Telefoon: 35-9852
Telegramme: UNIVERSITY

Universiteit van Natal,
King George V-laan, Durban

Direkteur: Prof. H.L. Watts


### ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Instituut is in 1954 aan die Universiteit van Natal gestig. Dit is in wese 'n Instituut binne die Universiteit, waarvan die fundamentele belangstelling en doelstellings akademies van aard is. Sy terrein van navorsing en belangstelling is die Sosiale Wetenskappe in die breë. In die praktyk beteken dit gewoonlik die terreine van die Sosiologie, Psigologie, Sosiale Antropologie, Maatskaplike Werk, sowel as Menslike Geografie, met hul onderskeie aanvullende studieterreine. Van tyd tot tyd word 'n wyer reeks Sosiale Wetenskappe soos die Geskiedenis, Staatsleer en Stadsbeplanning ook betrek. Vir navorsing in die Ekonomie, as 'n sosiale wetenskap beskou, word spesifieke voorsiening aan die Universiteit gemaak deur middel van 'n Afdeling Ekonomiese Navorsing binne die Departement Ekonomie self.

Lidmaatskap van die Instituut is oop vir alle personeellede, navorsers en beurshouers aan die Universiteit. Af en toe kan belangstellendes van buite as lede toegelaat word. Die grondwet maak ook voorsiening vir die benoeming van besoekende en plaaslike raadgewers, en vir die toekenning van navorsingsbeurse en merietebeurse.

Funksies en beleid: Kragtens sy grondwet is die doelstellings en funksies van die Instituut soos volg:

- Om navorsing van teoretiese, metodologiese en praktiese betekenis op die breë gebied van die sosiale wetenskappe te loods en te onderneem; en om waar moontlik navorsing aan te moedig wat die gesamentlike pogings van deskundiges op twee of meer studieterreine van hierdie gebied behels

- om geldelike en ander geriewe te skep en te voorsien aan departemente of individue aan die Universiteit wat, apart of gesamentlik, navorsing onderneem en lei

- om die opleiding van beurshouers in sosiale navorsing aan te moedig en om, as dit vereis word, daarmee te help

- om in die algemeen vrye wetenskaplike ondersoek en die onbelemmerde uitruil van gedagtes binne die gekose belangstellingsrigting aan te moedig.

Die Instituut beskou dit as 'n grondbeginsel dat sy vernaamste verpligting teenoor die Universiteit en die akademiese wêreld is. Hy onderneem egter wel navorsing van praktiese betekenis vir persone van buite wat sodanige navorsing borg, en selekteer die navorsing

op grond van die praktiese waarde daarvan vir die gemeenskap en/of belangrike teoretiese implikasies wat dit mag hê. Die Instituut onderneem nie toegepaste navorsing op kontrakbasis afgesien van die aard daarvan nie, en vermy met opset aspekte van navorsing waarvoor voorsiening deur winsmakende navorsingsorganisasies op die gebied van die sosiale wetenskap gemaak word. Die Instituut probeer te alle tye om 'n balans tussen basiese en toegepaste navorsing te handhaaf.

Ter aanvulling van die besonderhede wat hieronder aangegee word, moet gemeld word dat, ten einde die saak van navorsing en opleiding te bevorder, die Instituut reeds vier landswye kongresse gereël het. Die verrigtinge van die jongste kongres wat in Julie 1968 plaasgevind het, getiteld "Focus on Cities" (Soeklig op Stede), is deur die Instituut gepubliseer.

Waar moontlik word multidissiplinêre en interdissiplinêre navorsing beklemtoon.

Beheer en administrasie: 'n Beheerkomitee, aangestel deur die Senaat van die Universiteit, bestuur die sake van die Instituut. Die Komitee bestaan uit die Prinsipaal van die Universiteit van Natal en die Direkteur, *ex officio*, en nie minder nie as ses ander lede wat jaarliks soos volg verkies word: Drie lede van die Instituut, benoem deur die Raad van die Fakulteit van Sosiale Wetenskappe en aangestel deur die Senaat; en drie lede (ten minste een van wie 'n lid van die akademiese personeel te Pietermaritzburg moet wees) deur lede van die Instituut by 'n jaarlikse algemene vergadering benoem en deur die Senaat aangestel. Die Beheerkomitee kan (onderhewig aan goedkeuring deur die Senaat) enige paslik gekwalifiseerde persone koöpteer wie se dienste tot voordeel van die Instituut sal wees.

Die funksie van die Beheerkomitee is om die breë algemene beleid van die Instituut kragtens sy grondwet te bepaal, om die Direkteur met die uitvoer van sodanige beleid by te staan en om in medewerking met die Direkteur die rigting te bepaal waarin navorsing met die meeste vrug gedoen kan word.

Die Komitee help ook met breë beleidsbeslissings aangaande die toekenning van fondse wat vir die Instituut beskikbaar is.

Dit is die verantwoordelikheid van die Beheerkomitee om by die Senaat en Raad van die Universiteit van Natal die instelling van betrekkings en die aanstelling of bevordering van permanente personeel in die Instituut aan te beveel. Deur die Direkteur is dit verantwoordelik vir die jaarlikse indiening by die Senaat en Raad van 'n verslag en 'n geldelike staat wat die stand van sake in die Instituut weerspieël.

Navorsingsprojekte word beplan, geformuleer en uitgevoer deur beide die permanente personeel van die Instituut en navorsingspersoneel wat op kontrakbasis by die Instituut aangestel is, asook lede van die akademiese departemente van die Universiteit wat verkies om lede van die Instituut te word en onder die beskerming daarvan te werk.

Uitvoerende mag word deur die Direkteur van die Instituut beoefen.

Personeel: Die Instituut het 'n klein permanente kernpersoneel en 'n groter wisselende tydelike personeel bestaande uit navorsingsassistente, tegniese assistente en navorsingsbeurshouers (fellows) wat van tyd tot tyd volgens behoefte op kontrakbasis aangestel word. Die permanente kern bestaan tans uit die Direkteur, die Senior Navorsingsbeurshouer, 'n Navorsingsbeurshouer (moet nog aangestel word), die Sekretaris/Administratiewe Beampte, 'n Tegniese Assistent en 'n tikster. Navorsingsbeurshouers aan wie beurse toegeken is om navorsing van akademiese aard te onderneem om hul opleiding voort te sit, waar toepaslik, moontlik met die oog op 'n graad, sowel as navorsingsassistente (wat as personeellede van die Instituut benoem word om met navorsing te help), word van tyd tot tyd, en indien fondse beskikbaar is, aangestel. Hierbenewens is daar lede van die doserende personeel van die Universiteit wat vrywillig verkies om lede van die Instituut te word. Hulle mag navorsing doen onder beskerming van die Instituut en van die administratiewe fasiliteite en die toerusting wat vir navorsing beskikbaar is gebruik maak.

Afgesien van die lede van die doserende personeel, is daar tans 5 professionele personeellede wat met navorsing besig is. Hierdie getal sal binnekort verhoog word,

aangesien daar in verband met verskeie aanstellings onderhandel word. Daar is tans 13 lede van die Instituut wat nie in die besoldigde personeel dien nie wat onder beskerming van die organisasie navorsing onderneem.

Finansies: Die Instituut word deur die Universiteit gefinansier. Kantoorruimte, en algemene bedryfskoste insluitend 'n klein departementele toekenning, word ook deur die Universiteit voorsien. Fondse vir navorsing word verkry van organisasies soos die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, openbare liggame en ander borge van navorsing.

Fasiliteite: Die Instituut het toegang tot die elektroniese rekenaar van die Universiteit. Dit besit ook 3 elektroniese tafelrekenaars, (een waarvan vir 30 stappe geprogrammeer kan word), 4 meganiese tafelrekenaars, 'n verskeidenheid bandopnemers, en fotografiese toerusting wat aan lede van die Instituut beskikbaar is, sowel as 'n motorvoertuig. Die Instituut het 'n eie klein biblioteek, hoofsaaklik bestaande uit werke wat dikwels geraadpleeg word. Origens word die groot biblioteek van die Universiteit van Natal gebruik.

Skakeling: Skakeling is bewerkstellig met die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en volgens hierdie Instituut is dit tans 'n baie belangrike en vrugbare skakeling. Dit het ook noue kontak met die Natalse Stads- en Streeksbeplanningskommissie, en die Durbanse en Pietermaritzburgse munisipaliteite. Daar word aan verskeie navorsingsprojekte met die Universiteit van die Witwatersrand saamgewerk, en daar word ook gepoog om skakeling uit te brei ten einde ander universiteite in te sluit. Daar word van tyd tot tyd kontak gemaak met die Universiteit van Durban-Westville en die Instituut van Sosiale en Ekonomiese Navorsing aan die Rhodes-universiteit. Die Jaarverslag van die Instituut en sy Lys van Publikasies word op 'n groter skaal aan al die departemente van sosiale wetenskap aan die universiteite binne die Republiek versprei en aan 'n versendingslys van meer as 400 inrigtings elders in Afrika en die wêreld.

Die aard van die skakeling hang van die betrokke organisasie af. In die geval van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en die Natalse Stads- en Streeksbeplanningskommissie, sowel as die munisipaliteite van Durban en Pietermaritzburg, is dit hoofsaaklik of geheel en al finansiële bystand wat deur hierdie liggame, aan die Instituut vir die doeleindes van navorsing verleen word. 'n Gesamentlike navorsingsprojek is met die Universiteit van die Witwatersrand onderneem, en 'n ander word tans beoog. Hulp is aan verskeie lede van die personeel van die Universiteit van Durban-Westville verleen, waar benodig. Publikasies word met 'n wye reeks organisasies in Afrika en oor die wêreld uitgeruil.

OPLEIDING

Wanneer daar geskikte kandidate is, word navorsingsbeamptes van tyd tot tyd deur die Instituut opgelei. Indiensopleiding word verskaf deur middel van navorsingsbeurse en navorsingsassistentskappe vir 'n tydperk wat in afsonderlike gevalle gewoonlik van 1 tot 3 jaar wissel. Daarbenewens word, wanneer vereis, besprekingsgroepe en kursusse aan studente op honneursvlak binne die Departemente van Sosiologie en ook Maatskaplike Werk aangebied. Die personeel van die Instituut is ook beskikbaar vir oorlegpleging met studente van die verskeie departemente binne die universiteit. Ten slotte word seminare, studiekonferensies en soms kort kursusse vir senior navorsingswerkers van tyd tot tyd op 'n ad hoc-basis deur die Instituut gereël.

NAVORSING

Die Instituut vir Maatskaplike Navorsing werk van tyd tot tyd met verskillende liggame saam om navorsingsgegewens te verkry. Die liggame sluit in ander universiteite, die Departement van Beplanning, die Departement van Statistiek, die Natalse Stads- en Streeksbeplanningskommissie, groot plaaslike owerhede, en die nywerheid. Aangesien die navorsing van die Instituut hoofsaaklik op Natal, en veral die gebied rondom Durban betrekking het, is die meeste kontakte binne hierdie geografiese gebied gemaak.

Die navorsingsgegewens word gewoonlik deur middel van veldopnames wat onderhoude met 'n steekproef van gevalle behels, versamel. Daarbenewens word verslaggegewens wat

betrekking het op 'n besondere studie van die betrokke bronne versamel. Tensy daar baie goeie redes vir die teendeel is, word die versamelde stof altyd met behulp van 'n rekenaar verwerk en aan kwantitatiewe ontleding onderwerp.

Navorsingsprojekte wat onlangs afgehandel is

- Sosiale organisasie en die mens se verhouding tot sy omgewing in Tongaland
- Die houdings van Blanke werkgewers teenoor die Indiër nywerheidswerker.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Studie van die beroepsprestige onder stedelike Blankes in Suid-Afrika
- Die Stedelike Geografie van Suid-Afrika
- Strukturele veranderings in die Sentrale Sakegebied van Durban, 1959-1966
- 'n Kort geskiedenis van Fisiese Beplanning
- 'n Streeks- grondlyn-opname van die streekgebied Empangeni-Richardsbaai-Felixton
- Die Durbanse Metropolitaanse Ontspanningsopname
- Oorsig van buitenshuise ontspanningsbehoeftes in Pietermaritzburg
- Probleme in verband met die vestiging van Indiërs in stede in Suid-Afrika
- 'n Studie van Suid-Afrikaanse metropolitaanse struktuur
- 'n Studie van stedelike Bantoehoudings
- 'n Waarnemingstudie van moeder-baba-wisselwerking gedurende die eerste lewensweek
- 'n Studie van waardes, houdings en aspirasies van Bantoeskooldogters in Durban
- 'n Studie van Zoeloegesinslewe in die Hammarsdalegebied
- 'n Studie van sosiale verandering in die Benede-Limpopovallei naby Joao Belo en in die Coolela Hoofskap naby Manjacaze, in Mosambiek
- Teenstrydige rolle van 'n saalsuster in 'n opleidingshospitaal as gevolg van oënskynlike onverenigbaarheid tussen burokratiese en professionele norme
- Hersiening van vroeëre navorsing insake onderwys in Suid-Afrika
- 'n Studie van die geskiedenis en metodes van die noodlenigingspraktyk in Durban
- 'n Studie van Bantoemans se kampongs in Durban
- 'n Ondersoek na die probleme en rol van die Bantoeverpleegster, met besondere verwysing na 'n sendinghospitaal, 'n nie-kerklike privaathospitaal en 'n staatshospitaal in die Durbanse gebied
- 'n Studie van die sosiale stelsel van die Va Ndau
- 'n Studie van die studente, personeel en gegradueerdes van die Mediese

Skool aan die Universiteit van Natal- 'n Evaluerende studie op die gebied van Mediese Opleiding

- 'n Sosio-politiese houdingstudie.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

'n Jaarverslag word deur die Instituut uitgegee en kan gratis van die Direkteur verkry word.

Die Instituut publiseer van tyd tot tyd in sy Monografie-reeks, Geleentheidspublikasiereeks (wat korter verslae as die Monografieë behels), Feitepublikasiereeks en 'n Toegepaste Navorsingsverslagreeks (Applied Research Report Series). Boeke is ook al deur middel van die Natal University Press of handelsuitgewers gepubliseer.

Onlangse publikasies

JOHNSTON, P.H.W. British emigration to Durban, South Africa: A sociological examination of Richardson's Conceptual Framework. Durban, University of Natal. Institute for Social Research, 1970. Occasional Paper, No. 13.

MEER, F. Portrait of Indian South Africans. Durban, Avon House, 1969.

WATTS, H.L. ed. Focus on cities: Proceedings of a conference on urbanization and urban problems, held at the University of Natal, July, 1968. Durban, University of Natal, Institute for Social Research, 1971.

WATTS, H.L. The Indian Community of Wyebank: A socio-economic survey in the borough of Kloof, Natal. Durban, University of Natal, Institute for Social Research, 1971.

## U N I V E R S I T E I T   V A N   D I E   N O O R D E

Pk. Sovenga, oor Pietersburg, Tvl.

Telefoon: Sovenga 33
34
Telegramme: UNIKOL

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

Dekaan: Prof. M.J. Louw

Navorsing wat aan die gang is

Die Departemente waarin die navorsingsprojekte uitgevoer word, word tussen hakies aangegee.

Individuele navorsing:

- Die Absurde soos dit tot uitdrukking kom in enkele Afrikaanse dramas (Afrikaans en Nederlands)
- 'n Vergelyking van die style van die verskillende vertalings van die Bybel in Afrikaans (Afrikaans en Nederlands)
- Generatiewe grammatika (Afrikaans en Nederlands)

- Eine vergleichende Untersuchung des deutschen und afrikaansen Konsonantismus (Duits)

- Wortbildung durch Suffixe im Deutschen und im Afrikaansen. Ein Vergleich (Duits)

- A tentative minimum vocabulary for use in South African schools with English as second language (Graded Spelling Lists) (Engels)

- Nathaniel Hawthorne: A study in alienation (Engels)

- A Comparative phonological description of South African English and Afrikaans English (Engels)

- 'n Geografies-korrelatiese studie van twee uitgesoekte gebiede in die Noord-Transvaal (Geografie)

- Potensiaal van die Bantoetuislande vir die ontwikkeling Buitelugontspanning vir die Bantoebevolking (Geografie)

- The geographic occupance of the Little Letaba Valley (Geografie)

- The British Humanitarians and the Cape Eastern Frontier (Geskiedenis)

- Die Gesindheid van die Boere in Transvaal teenoor die Bantoe, 1836-1860 (Geskiedenis)

- (1) Lucius Annaeus Florus - Sy historiese siening in die lig van 'n struktuuranalise van sy Epitome; (2) Die struktuur van die Nuwe Testamentiase brief (Klassieke Tale)

- Die T + infinitief - konstruksie by Lukas (Klassieke Tale)

- Ontwikkeling in verband met die Reg en Regspleging van die Bantoe: Oorsig vir 1970 (Naturellereg en Naturelleadministrasie)

- Die Gemeenregtelike Huwelik van die Bantoe in Suid-Afrika (Regsgeleerdheid)

- 'n Regsvergelykende studie van die tradisionele deliktereg en bewyslewering daarvan van die S A Bantoe (Regsgeleerdheid)

- Die reëls van Natuurlike Regverdigheid in die Administratiefreg (Regsgeleerdheid)

- 'n Gesindheidsbepaling van eerstejaarstudente aan 'n Bantoe-universiteit (Sielkunde)

- 'n Ondersoek na die huidige metodes vir die voorspelling van sukses in die Bantoe Junior Sekondêre Skool (Sielkunde)

- Die ontwikkeling van 'n 'Doeltreffende' organisasiestruktuur (Sielkunde)

- Die gebruik van die TAT in die meting van die 'prestasie-motief' onder Bantoestudente (Sielkunde)

- Inrigtingsversorging van die ongehude moeder met spesiale verwysing na Suid-Afrika (Sosiologie, Maatskaplike Werk en Kriminologie)

- Community Organization among the Southern Sotho (Sosiologie, Maatskaplike Werk en Kriminologie)

- Influence of urbanization on the role and status of husband and wife in the Tswana family (Sosiologie, Maatskaplike Werk en Kriminologie)

- The correlation between social change and the development of Sociology. A socio-political perspective, styled by the Sociology of Knowledge (Sosiologie, Maatskaplike Werk en Kriminologie)
- Motives and attitudes of foster parents (Sosiologie, Maatskaplike Werk en Kriminologie)
- A comparative study of Tsonga and Northern Sotho Idioms (Tsonga)
- The Compound Noun in Tsonga (Tsonga)
- Volkekundige bydraes oor die Nguni gedurende die negentiende eeu (Volkekunde)
- Die rol van magie in die regspleging van die Bantoe (Volkekunde)
- 'n Gekeurde bibliografie oor die Nguni (Volkekunde)
- Die Ovatjimba van SWA asook Etnobotaniese opname van die inboorlingvolke van SWA (Volkekunde)
- The body-subject, meaning and perception in the Philosophy of Maurice Merteau-Ponty (Wysbegeerte).

Gesamentlike navorsing:

- Die korrelasie van die prestasie van eerstejaarstudente op akademiese vlak in Afrikaans met hul bywoning van taalpraktika (Afrikaans en Nederlands)
- Ondersoek na behoefte aan buitelugontspanningsgeriewe in die Pietersburgomgewing (Geografie)
- Ontwikkeling in verband met die Reg en Regspleging van die Bantoe: Oorsig vir 1970 (Regsgeleerdheid, Naturellereg en Naturelleadministrasie)
- Die optekening van Vendareg (Regsgeleerdheid, Volkekunde, Naturellereg en-administrasie)
- Pers, Staat en Vryheid: 'n Handboek vir Studente (Regsgeleerdheid en Perswetenskap van die PU vir CHO)
- 'n Vergelykende studie van Rorschach-protokolle van Blanke en Bantoestudente (Sielkunde)
- Houdings ten opsigte van die huwelik onder universiteitstudente (Sosiologie)
- Sosio-ekonomiese opname van die Bantoe by Waterval (Elim)(Sosiologie)
- Die rolle van man en vrou in die gesin van die Malawiese trekarbeiders op die Zebedielalandgoed (Sosiologie)
- Phenomenological investigation of selected multi-linguistic expressions (Wysbegeerte).

- The correlation between social change and the development of Sociology. A socio-political perspective, styled by the Sociology of Knowledge (Sosiologie, Maatskaplike Werk en Kriminologie)

- Motives and attitudes of foster parents (Sosiologie, Maatskaplike Werk en Kriminologie)

- A comparative study of Tsonga and Northern Sotho Idioms (Tsonga)

- The Compound Noun in Tsonga (Tsonga)

- Volkekundige bydraes oor die Nguni gedurende die negentiende eeu (Volkekunde)

- Die rol van magie in die regspleging van die Bantoe (Volkekunde)

- 'n Gekeurde bibliografie oor die Nguni (Volkekunde)

- Die Ovatjimba van SWA asook Etnobotaniese opname van die inboorlingvolke van SWA (Volkekunde)

- The body-subject, meaning and perception in the Philosophy of Maurice Merteau-Ponty (Wysbegeerte).

Gesamentlike navorsing:

- Die korrelasie van die prestasie van eerstejaarstudente op akademiese vlak in Afrikaans met hul bywoning van taalpraktika (Afrikaans en Nederlands)

- Ondersoek na behoefte aan buitelugontspanningsgeriewe in die Pietersburgomgewing (Geografie)

- Ontwikkeling in verband met die Reg en Regspleging van die Bantoe: Oorsig vir 1970 (Regsgeleerdheid, Naturellereg en Naturelleadministrasie)

- Die optekening van Vendareg (Regsgeleerdheid, Volkekunde, Naturellereg en-administrasie)

- Pers, Staat en Vryheid: 'n Handboek vir Studente (Regsgeleerdheid en Perswetenskap van die PU vir CHO)

- 'n Vergelykende studie van Rorschach-protokolle van Blanke en Bantoestudente (Sielkunde)

- Houdings ten opsigte van die huwelik onder universiteitstudente (Sosiologie)

- Sosio-ekonomiese opname van die Bantoe by Waterval (Elim)(Sosiologie)

- Die rolle van man en vrou in die gesin van die Malawiese trekarbeiders op die Zebedielalandgoed (Sosiologie)

- Phenomenological investigation of selected multi-linguistic expressions (Wysbegeerte).

U N I V E R S I T E I T   V A N   D I E   O R A N J E - V R Y S T A A T

Posbus 339, Bloemfontein, O.V.S.   Telefoon: 89881

FAKULTEIT VAN NATUURWETENSKAPPE

Dekaan: Prof. A.P. Malan

DEPARTEMENT ARGITEKTUUR

Hoof: Prof. L. Roodt

NAVORSING

Navorsing word onderneem in opdrag van Staatsdepartemente.

Die Navorsingsprojek tans aan die gang is die beplanning van gevangenisse vir die Departement van Openbare Werke.

U N I V E R S I T E I T   V A N   D I E   O R A N J E - V R Y S T A A T

INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS

Privaatsak X0652, Bloemfontein

Direkteur: Prof. O. Geyser   Telefoon: 78801

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Instituut is in November 1970 gestig. Navorsingsprojekte in die eietydse Suid-Afrikaanse geskiedenis word onderneem. Met verloop van tyd sal die navorsingsveld verbreed word. Die volgende dissiplines word in die Instituut verteenwoordig: Geskiedenis, Staatsleer, Opvoedkunde, Sosiologie, Volkekunde, Publiekreg, Ekonomie.

Die Politieke Argief wat vyf jaar gelede aan die UOVS tot stand gekom het, vorm die sentrale argief van die Instituut.

Funksies en beleid: Dit is die taak van die Instituut om navorsing in verskeie velde te inisieer en te koördineer. Dit bied die geleentheid aan verskeie studierigtings of dissiplines om op raakpunte mekaar aan te vul en verder ook te sorg vir agtergrond en perspektief in navorsing. Die Instituut stel sy argief en uitgebreide koerantuitknipstelsel ter beskikking van navorsers van buite.

Beheer en administrasie: Die Instituut word deur die Bestuur van die Instituut beheer. Bestuurslede verteenwoordig hulle betrokke vakdissiplines wat by die Instituut ingeskakel is. Navorsingsprojekte word beplan, geformuleer en uitgevoer deur die betrokke departementshoofde in oorleg met die Direkteur. Uitvoerende mag word deur die Direkteur beoefen.

Struktuur: Die Instituut bestaan uit die Bestuur, die Direkteur en die volgende afdelings: Argief en Knipseldiens, Geskiedenis, Onderwys, Sosiologie, Staatsleer, Volkekunde, Publiekreg, Ekonomie, Staatsadministrasie.

Personeel: Die personeel in die afdeling Argief en Knipseldiens bestaan uit 'n

Argivaris, 'n Senior Vakkundige, 'n Vakkundige en twee tegniese assistente. Die afdeling Geskiedenis het 'n Senior Navorser en 'n Navorser. Administrasie wat direk onder die Direkteur ressorteer het 'n Administratiewe Beampte en 'n tikster.

Finansiering: Die Instituut word uit die Universiteitsbegroting gefinansier. Die begroting vir die jaar 1971 was R2 425.

Fasiliteite: Die Instituut beskik oor 'n kopieermasjien en 'n bandmasjien. Die Instituut het 'n Argief en 'n koerantuitknipstelsel en het toegang tot die biblioteek van die Universiteit.

Skakeling: Die Instituut skakel met die RGN (geldelike bystand). Skakeling met universiteite en ander liggame sal met verloop van tyd gedoen word ten opsigte van gesamentlike navorsingsondernemings.

## OPLEIDING

Aan navorsers word ruim geleentheid gebied om met die nuutste navorsingsmetodes kennis te maak. Gereelde seminare, algemene samesprekings in sake navorsing en deelname van navorsingspersoneel aan doseerwerk is op die Instituut se program.

## NAVORSING

Navorsingsgegewens word verkry deur bronne in die argief van die Instituut te raadpleeg; deur die Staatsargief; die Instituut se koerantuitknipstelsel en mondelinge navorsing.

Die jongste navorsingsmetodes in die veld van eietydse geskiedenis word gevolg.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Die Geskiedenis van die Nasionale Party
- Suid-Afrika en die Britse Statebond
- Verkiesingsuitslae ('n Kritiese ontleding)
- Politieke Briewe, 1910-1914. ('n Dokumente-publikasie)
- Register van Private Versamelings en Bibliografie van Politieke Geskiedenis sedert 1902.

## PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Instituut publiseer 'n jaarverslag wat aan alle belanghebbendes versprei word. Die jaarverslag is van die Instituut verkrygbaar.

Die Instituut publiseer ook 'n gereelde nuusbrief; die intekengeld sal later bepaal word.

Navorsingsbevindings word gepubliseer en sal te koop aangebied word. Die werwing van lede vir die Instituut geniet aandag. Publikasies sal dan teen 'n spesiale prys aan lede aangebied word.

U N I V E R S I T E I T   V A N   D I E   O R A N J E - V R Y S T A A T

INSTITUUT VIR SOSIALE EN EKONOMIESE NAVORSING

Posbus 339, Bloemfontein    Telefoon: 81352/89881

Direkteur: Prof. D.J.G. Smith

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Instituut is in Mei 1964 deur die Universiteitsraad gestig om Sosiale en Ekonomiese navorsing te onderneem.

Funksies en beleid: Die funksies is soos volg:

- Om op die gebied van die sosiale en ekonomiese wetenskappe inter-departementele navorsingsprogramme te koördineer en te help bevorder
- om spesifieke navorsingsprogramme op versoek van openbare en private instansies of op eie inisiatief te onderneem
- om fondse vir navorsing te help verkry om die doeltreffende organisasie van navorsing te bevorder
- om aantekeninge by te hou en akkuraat verslag te doen van alle navorsing onder sy toesig.

Beheer en administrasie: Die Instituut staan onder die bestuur van 'n voltydse Direkteur, en word deur 'n Bestuurskomitee beheer wat deur die Universiteitsraad benoem word.

Tans bestaan die Komitee uit die Rektor van die Universiteit, die Direkteur (tans die Professor in Bedryfsekonomie), en die Hoofde van die Departemente Ekonomie, Bedryfs-ekonomie, Sosiologie,Landbou-ekonomie, Staats- en Munisipale Administrasie en Statistiek. Die funksie van die Komitee is om te verseker dat die doelstellings van die Instituut bevorder word. Navorsingsprojekte word deur die Direkteur geloods en geformuleer en moet deur die Bestuurskomitee goedgekeur word.

Struktuur: Tans bestaan die Instituut uit die Departemente Ekonomie, Sosiologie, Bedryfsekonomie en Landbou-ekonomie. Wanneer dit nodig geag word, word verwante universiteitsdepartemente ingesluit.

Personeel: Daar is 9 voltydse en deeltydse vakkundiges en vyf administratiewe personeellede.

Finansiering: Die vernaamste bronne is die Navorsingsfonds van die Universiteit van die OVS, Staatsdepartemente, Provinsiale Administrasies, Streeksorganisasies, Stadsrade en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Fasiliteite: Die Instituut beskik oor 'n eie gebou wat met die Instituut vir Eietydse Geskiedenis gedeel word. Tafelrekenaars en 'n Programma P203 is beskikbaar en die Instituut het ook toegang tot die rekenaar van die Universiteit.

Skakeling: Daar is geskakel met die Provinsiale Administrasies van die OVS en die Kaapprovinsie, die stad Bloemfontein, Staatsdepartemente, private organisasies, streeksontwikkelingsorganisasies en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Die meeste van hierdie instansies het finansiële hulp aan die Instituut verleen.

OPLEIDING

Die Instituut speel 'n aktiewe rol op 'n nagraadse peil vir sover leiding gegee en hulp

verleen word in verband met die navorsingsprogramme van nagraadse studente van verskillende departemente, veral dié wat by die Instituut ingelyf is. In 'n mindere mate word voorgraadse lesings gehou.

## NAVORSING

Die Instituut werk onder andere saam met die Universiteit van die OVS, verskillende Staatsdepartemente, streeksontwikkelingsinstansies, ens. om navorsingsgegewens te verkry.

Navorsingsprojekte wat onlangs afgehandel is

- Die ekonomie van Griekwaland-Oos, met spesiale verwysing na die landbou
- Bloemfontein - 'n studie in historiese geografie
- Die struktuur en funksies van geregistreerde welsynsorganisasies in Bloemfontein
- Die Kleurlingarbeidpotensiaal van Bloemfontein en sy omland ('n Kort verslag is ook in dié verband opgestel.)
- Motivering as aktiwiteit van bestuur in kleiner ondernemings
- Vervoerekonomiese probleme in die droëvrugtebedryf met besondere verwysing na beheerde produkte
- Ontwikkelingsmoontlikhede vir die Herscheldistrik met besondere verwysing na die landbou
- Die toerismepotensiaal van die Hoër-Oranjestreek
- Die fisiografie en aspekte van bodembenutting in die Sentraal-Karoogebied: 'n geografiese studie na minimum afwykingstreke
- Die vervoerstelsel van die Noordwes-Vrystaat.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Die ruimtelike ontwikkeling van landelike gebiede in Suid-Afrika, met besondere verwysing na die Hoër-Oranjestreek en Noordwes-Vrystaat
- Die Stad Bloemfontein - Stedelike morfologie en funksionele struktuur
- 'n Ontleding van Bloemfontein se ekonomiese basis. Hierdie projek is onderverdeel in die volgende subprojekte:
  - 'n Bedryfsekonomiese studie van die motorhandel in Bloemfontein
  - 'n Ontleding van die inkomste- en bestedingspatrone van Blanke, Kleurling- en Bantoehuishoudings in Bloemfontein
  - 'n Ontleding van Bloemfontein se nywerheidsektor met spesiale verwysing na die huidige struktuur en plaaslike vestigingsfaktore
  - Die distribusiesektor van Bloemfontein met spesiale verwysing na die kleinhandel
- Personeelprobleme en -behoeftes in kleiner ondernemings in Bloemfontein
- 'n Sosio-ekonomiese studie van die Sentraal-Karoo, soos onderverdeel in die volgende subprojekte:

- Die demografie van die Sentraal-Karoo
- Die plaasprobleem, met besondere verwysing na die Sentraal-Karoo
- Die makro-ekonomiese struktuur van die Sentraal-Karoo
- Dienssentrums in die Sentraal-Karoo

- Subnasionale onderverdeling van die Republiek van Suid-Afrika volgens groeipatrone, ooreenkomstig verskillende komponente van omvang van ekonomiese groei
- 'n Teoretiese model van kriteria vir padbeplanning in die Oranje-Vrystaat
- Vrywilligers in welsynsdienste, met spesiale verwysing na die situasie in Bloemfontein.

## U N I V E R S I T E I T   V A N   P O R T   E L I Z A B E T H

INSTITUUT VIR BEPLANNINGSNAVORSING

Universiteit van Port Elizabeth,

Posbus 1600, Port Elizabeth

Telefoon: 27961
Telegramme: UNIPE

Direkteur: Prof. J.F. Potgieter

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Hoewel 'n integrale deel van die Universiteit, is die Instituut 'n onafhanklike organisasie sonder winsbejag wat ingestel is met die doel om basiese en toegepaste navorsing te doen met die oog daarop om sosio-ekonomiese inligting, hoofsaaklik op streeksgrondslag aan beplanners (regerings- en ander), te verskaf. Die Instituut is in 1967 gestig.

Funksies en beleid: Die funksies is soos volg:

- Om 'n beeld te vorm van die fisiese, sosio-ekonomiese en funksionele samestelling van die Port Elizabeth/Uitenhage kompleks
- Om op 'n voortgesette basis inligting te versamel in verband met alle onderliggende faktore wat ekonomiese groei of agteruitgang in die gebied ten grondslag lê
- Om navorsing van 'n praktiese aard te doen sodat die bevindings deur die handel, plaaslike en sentrale owerhede vir beplanningsdoeleindes aangewend kan word
- Om 'n statistiese inligtingsbron van navorsingsresultate en metodologie asook ander aanverwante feitemateriaal ten opsigte van die ekonomiese struktuur en die bevolking van hierdie gebied op te bou en beskikbaar te stel
- Om voor- en nagraadse studente op te lei in navorsingsmetodiek en ander praktiese fasette verbonde aan navorsing

- Om 'n medium te skep waardeur aanverwante navorsingsprojekte van dosente sowel as studente effektiewer uitgevoer en die resultate bekendgestel kan word

- Om waar die behoefte ontstaan, gespesialiseerde advies en leiding te gee aan junior dosente en studente in verwante vakke ten opsigte van hul navorsingsprojekte

- Om interdissiplinêre navorsing binne die opset van die Instituut aan die Universiteit te stimuleer en te koördineer.

In die proses van die uitvoer van die bogemelde ondernemings is dit die beleid van die Instituut om te help met die organiseer van interdissiplinêre navorsingsprojekte wat met die doelstellings van die Instituut verband hou, en die akademiese personeel van die Universiteit en nagraadse studente daarby te betrek; om die bevindings van navorsing wat deur die personeel van die Instituut gedoen word, of waarmee die Instituut help, te publiseer en vryelik beskikbaar te stel; om ten nouste met die Departement van Beplanning te skakel vir die bepaling van die aard en prioriteit van die navorsingsprogram; om met ander streeksnavorsingsorganisasies te skakel, bv. met Streeksontwikkelingskomitees en Streeksnavorsingsinstitute aan ander universiteite.

Beheer en administrasie: Beheer van die Instituut berus by die Bestuur wat bestaan uit die Rektor van die Universiteit; die Direkteur van die Instituut; professore van Maatskaplike Werk, Ekonomie, Sosiologie, Geografie en Argitektuur asook die Rekenmeester van die Universiteit.

Die funksies van die Bestuur is om kontrole uit te oefen en advies te verskaf aangaande die navorsingsprogram en sake wat die personeel van die Instituut, navorsingsfondse en die algemene administrasie van die Instituut raak.

Ad hoc-projekkomitees word saamgestel om aangaande navorsingsprojekte waarmee die Instituut besig is, raad te gee en kontrole uit te oefen. Projekkomitees is aan die Bestuur verantwoordelik. Die Bestuur kan ook Advieskomitees vir navorsing aanstel om met die onderneming van spesifieke navorsingsprojekte deur die Instituut raad te gee.

Navorsingsprojekte word deur die Direkteur bepaal, in samewerking met die Departement van Beplanning en die Bestuur van die Instituut.

Struktuur: Aan die hoof van die Instituut is 'n voltydse Direkteur. Hy word bygestaan deur voltydse navorsers in gespesialiseerde vakrigtings van die Ekonomie, Geografie en Sosiologie, navorsingsassistente op gegradueerde vlak, 'n tegniese assistent en administratiewe personeel.

Personeel:

- 1 Direkteur
- 3 Navorsingsassistente
- 1 Tegniese assistent
- 2 Administratiewe beamptes

Finansiering: Fondse word vanuit verskeie bronne voorsien, waarvan die vernaamste enkele bron die Departement van Beplanning is. Ander bronne is die Kaapse Provinsiale Administrasie, Stadsrade van Port Elizabeth, Uitenhage en Despatch, die Afdelingsrade van Port Elizabeth en Uitenhage, die Universiteit van Port Elizabeth en in 'n besondere mate 'n aantal nywerheids- en handelsondernemings. Die Universiteit se bydrae wissel van jaar tot jaar namate tekorte mag ontstaan.

Die jongste begroting het R46 000 beloop.

Fasiliteite Die verwerking van gegewens word hoofsaaklik op die Universiteit se rekenaar uitgevoer. Die Instituut het toegang tot die Universiteitsbiblioteek en is in

staat om vryelik van biblioteekfondse gebruik te maak om nuwe naslaanwerke te bekom.

Die Instituut is besig met die opbou van 'n omvattende inligting- en naslaanstelsel waardeur feitemateriaal wat oor die studiegebied handel, asook metodologiese literatuur, versamel en sistematies geklassifiseer en geïndekseer word. In hierdie stadium beskik die Instituut reeds oor 'n omvattende sleutelwoordindekseerstelsel. Terselfdertyd word sover as moontlik, inligting wat deur navorsing versamel is, op magnetiese band geplaas sodat dit maklik gestoor en vinnig deur die rekenaar onttrek kan word wanneer inligting benodig word.

Skakeling: Die Instituut is geskakel met die Staatsdepartemente van Beplanning en Statistiek, plaaslike owerhede, die Kaaplandse Provinsiale Administrasie, plaaslike regeringsdepartemente, universiteitsnavorsingsinstitute soos bv. die Instituut vir Ekonomiese en Sosiale Navorsing van die Rhodes-universiteit en die Instituut vir Maatskaplike Navorsing van die Natalse Universiteit, asook met plaaslike Kamers van Koophandel en Nywerheid. Sodanige skakeling is meestal met die doel om verwysingsmateriaal uit sekondêre bronne te verkry en navorsingstegnieke en publikasies uit te ruil.

## OPLEIDING

Afgesien van die normale navorsingsprogram van die Instituut wat deur sy voltydse navorsers uitgevoer word, word nagraadse studente in verskeie dissiplines aangemoedig om toepaslike navorsing, binne die doelstellings van die Instituut, uit te voer. Dit word gedoen deur tegniese hulpmiddels en fondse beskikbaar te stel.

Hierbenewens het die navorsingspersoneel van die Instituut 'n aantal kontakperiodes met (hoofsaaklik) nagraadse studente. Hierdie formele lesings stel die personeel in staat om op hoogte te bly met die teoretiese aspekte in hul onderskeie vakrigtings en terselfdertyd hul ondervinding van die meer praktiese aspekte aan die studente oor te dra.

Van tyd tot tyd word studente as tydelike assistente aangestel om met projekte behulpsaam te wees. Dit stel hulle in staat om met die praktiese fasette van navorsing in aanraking te kom.

Die Instituut onderneem om toepaslike navorsingsprojekte, verhandelings of proefskrifte namens die navorser te publiseer.

## NAVORSING

Die Instituut werk saam met die Handel en Nywerheid, regeringsdepartemente, plaaslike owerhede en die plaaslike bevolking om eksperimentele gegewens te verkry.

Die volgende projekte is onlangs afgehandel:

- Sekondêre Nywerheid in die Port Elizabeth/Uitenhage Gebied: 'n Ontleding van nywerheidsligging en grondgebruikspatrone in Port Elizabeth
- Atlas Navorsingsprojekte
- Behuising- en bevolkingstudie van die Blanke bevolking in Uitenhage
- Behuising- en bevolkingstudie van die Blanke bevolking in Despatch
- 'n Sosio-ekonomiese studie van die Kleurlingbevolking in die Port Elizabeth /Uitenhage/Despatch gebied
- Ondersoek na woonstelbehuising in Port Elizabeth.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Indiensneming en vloergebruikanalise in die Port Elizabeth/Uitenhage gebied

staat om vryelik van biblioteekfondse gebruik te maak om nuwe naslaanwerke te bekom.

Die Instituut is besig met die opbou van 'n omvattende inligting- en naslaanstelsel waardeur feitemateriaal wat oor die studiegebied handel, asook metodologiese literatuur, versamel en sistematies geklassifiseer en geïndekseer word. In hierdie stadium beskik die Instituut reeds oor 'n omvattende sleutelwoordindekseerstelsel. Terselfdertyd word sover as moontlik, inligting wat deur navorsing versamel is, op magnetiese band geplaas sodat dit maklik gestoor en vinnig deur die rekenaar onttrek kan word wanneer inligting benodig word.

Skakeling: Die Instituut is geskakel met die Staatsdepartemente van Beplanning en Statistiek, plaaslike owerhede, die Kaaplandse Provinsiale Administrasie, plaaslike regeringsdepartemente, universiteitsnavorsingsinstitute soos bv. die Instituut vir Ekonomiese en Sosiale Navorsing van die Rhodes-universiteit en die Instituut vir Maatskaplike Navorsing van die Natalse Universiteit, asook met plaaslike Kamers van Koophandel en Nywerheid. Sodanige skakeling is meestal met die doel om verwysingsmateriaal uit sekondêre bronne te verkry en navorsingstegnieke en publikasies uit te ruil.

## OPLEIDING

Afgesien van die normale navorsingsprogram van die Instituut wat deur sy voltydse navorsers uitgevoer word, word nagraadse studente in verskeie dissiplines aangemoedig om toepaslike navorsing, binne die doelstellings van die Instituut, uit te voer. Dit word gedoen deur tegniese hulpmiddels en fondse beskikbaar te stel.

Hierbenewens het die navorsingspersoneel van die Instituut 'n aantal kontakperiodes met (hoofsaaklik) nagraadse studente. Hierdie formele lesings stel die personeel in staat om op hoogte te bly met die teoretiese aspekte in hul onderskeie vakrigtings en terselfdertyd hul ondervinding van die meer praktiese aspekte aan die studente oor te dra.

Van tyd tot tyd word studente as tydelike assistente aangestel om met projekte behulpsaam te wees. Dit stel hulle in staat om met die praktiese fasette van navorsing in aanraking te kom.

Die Instituut onderneem om toepaslike navorsingsprojekte, verhandelings of proefskrifte namens die navorser te publiseer.

## NAVORSING

Die Instituut werk saam met die Handel en Nywerheid, regeringsdepartemente, plaaslike owerhede en die plaaslike bevolking om eksperimentele gegewens te verkry.

Die volgende projekte is onlangs afgehandel:

- Sekondêre Nywerheid in die Port Elizabeth/Uitenhage Gebied: 'n Ontleding van nywerheidsligging en grondgebruikspatrone in Port Elizabeth
- Atlas Navorsingsprojekte
- Behuising- en bevolkingstudie van die Blanke bevolking in Uitenhage
- Behuising- en bevolkingstudie van die Blanke bevolking in Despatch
- 'n Sosio-ekonomiese studie van die Kleurlingbevolking in die Port Elizabeth /Uitenhage/Despatch gebied
- Ondersoek na woonstelbehuising in Port Elizabeth.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Indiensneming en vloergebruikanalise in die Port Elizabeth/Uitenhage gebied

- Adreslys van nie-residensiële aktiwiteite in die Port Elizabeth/Uitenhage gebied
- Atlas toevoegings
- Terrein- en bodemgebruikanalise van die omstedelike Port Elizabeth/ Uitenhage/Despatch gebied
- Nywerheidsgrondgebruik en liggingsfaktore in die Port Elizabeth/Uitenhage gebied: 'n Herwaardering (Geografie/Ekonomie)
- 'n Kwantitatiewe ontleding van grond- en vloerruimte in besonderhede (Geografie)
- 'n Studie van die bounywerheid in die Port Elizabeth/Uitenhage gebied (Ekonomie)
- 'n Studie van toerisme in die Port Elizabeth/Uitenhage gebied (Sosiologie/ Ekonomie)
- Nywerheidsontwikkeling in die Port Elizabeth/Uitenhage gebied: 'n Herwaardering (Ekonomie/Geografie)
- 'n Stelsel van sosiale rekeninge vir die Port Elizabeth/Uitenhage gebied (Ekonomie)
- Aanpassingsprobleme van immigrante in Port Elizabeth (Sosiologie)
- Tsitsikammastreeknavorsing (Geografie/Ekonomie/Sosiologie)
- Kirkwood-Sondagsriviervallei streeknavorsing (Geografie/Ekonomie/Sosiologie).

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

'n Jaarverslag word gepubliseer en word aan belangstellende organisasies gratis verskaf. Dit is op aanvraag van die Instituut verkrygbaar.

'n Feitestuk-reeks en Inligtingsbulletin-reeks word van tyd tot tyd vrygestel. Die gegewens daarin vervat, handel oor inligting wat tydens die verloop van ondersoeke ingewin word. Dit is op aanvraag gratis van die Instituut verkrygbaar.

Alle bevindinge van navorsing word gepubliseer en is vryelik van die Instituut en die Departement van Beplanning verkrygbaar. Oorspronklike bevindinge word vir toekomstige verwysing op magnetiese band of ponskaarte bewaar. 'n Databank van toepaslike inligting word ook opgebou.

Onlangse navorsingsverslae

DU TOIT, A.S. Behuising- en bevolkingstudie van die Blanke bevolking in Uitenhage. Port Elizabeth, Instituut vir Beplanningsnavorsing, 1970. (Navorsingsverslag, no. 5.)

DU TOIT, A.S. Behuising- en bevolkingstudie van die Blanke bevolking in Despatch. Port Elizabeth, Instituut vir Beplanningsnavorsing, 1971. (Navorsingsverslag, no. 6.)

DU TOIT, A.S. Ondersoek na woonstelbehuising in Port Elizabeth. Port Elizabeth, Instituut vir Beplanningsnavorsing, 1971. (Navorsingsverslag, no. 8.)

ERWEE, J.A. Secondary Industry in the Port Elizabeth/Uitenhage Region: An analysis of industrial location and land-use patterns in Port Elizabeth. Port Elizabeth, Institute for Planning Research, 1970. (Research Report, No. 4.)

INSTITUUT VIR BEPLANNINGSNAVORSING. Atlas Navorsingsprojekte. Port Elizabeth, 1969.

PHILLIPS, B.D. A Socio-economic study of the Coloured population in the Port Elizabeth/ Uitenhage/Despatch area. Port Elizabeth, Institute for Planning Research, 1971. (Research Report, No. 7.)

Verhandeling

DAVIES, W.J. Patterns of Non-White population distribution in Port Elizabeth with special reference to the application of the Group Areas Act. Port Elizabeth, 1971. M.A., University of Port Elizabeth, 1971. (Reeks B, Spesiale publikasie, no. 1.)

## P O T C H E F S T R O O M S E U N I V E R S I T E I T V I R C H R I S T E L I K E H O ë R O N D E R W Y S

Potchefstroom, Tvl.

Telefoon: 3361
Telegramme: PU vir CHO

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

Dekaan: Prof. B.C. Schutte

Navorsing

Navorsingsprojekte word deur dosente en studente uitgevoer.

Onlangse publikasies van die personeel

COETSEE, A.G, VAN SCHOOR, M.C.E. en OBERHOLSTER, J.J. Senior Geskiedenis vir Suid-Afrikaanse skole. Parow, Nasau, 1970.

COETSEE, A.G. Senior Geskiedenis vir Suid-Afrikaanse skole. Parow, Nasau, Tweede druk, 1971.

DE WET, J.J. The Effects of the policy of apartheid on Education - a Review article. Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede. 20(3), Julie 1969.

DE WET, J.J. Enkele implikasies van interferensieteorieë vir die didaktiek - 'n kritiese samevatting en interpretasie. Tydskrif vir Geesteswetenskappe. 9(3,4), Sept./Des. 1969.

DE WET, J.J. Die Invloed van die struktuur van algebratoetsitems op interferensie. Paedagogische Studiën. 46 (7,8), Julie/Aug. 1969.

DE WET, J.J. Die Betekenis van enkele nuwe ontwikkelinge in die Sowjet-Psigologie vir die Didaktiek. I en II. Onderwysblad. 830, Jan. 1970, 831, April 1970.

DE WET, J.J. Enkele opvoedkundige dokumentasiesentrums in Wes-Europa - 'n oorsig. Onderwysblad. 833, Okt. 1970.

DE WET, J.J. Nuwe beskouinge oor die opvoedbaarheid van en die invloed van leer op die kind en die betekenis daarvan vir opvoeding en onderwys. Tydskrif vir Geesteswetenskappe. 11(1), Maart 1971.

SCHUTTE, B.C. Die Calvinistiese onderwysbeleid onder die soeklig van die atoomeeu. In: PU vir CHO. Die atoomeeu in U lig. Potchefstroom, Die Potchefstroom Herald, 1969.

SCHUTTE, B.C. Jeug en volwassenheid. In: Korps Veritas Vincet: In die dae van jou jonkheid. Potchefstroom, Pro Rege Pers, 1969.

SCHUTTE, B.C. Onderwys van die kind in die wêreld van vandag. In: INTERKERKLIKE KOMITEE VIR OPVOEDING EN ONDERWYS. 'n Volk besin oor sy opvoeding en onderwys. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1970.

SCHUTTE, B.C. Die antwoord van die Calvinistiese filosofie en praktyk van die opvoeding op die wysgerig-religieuse eise van die moderne tyd. Koers. Aug. 1969.

# P O T C H E F S T R O O M S E U N I V E R S I T E I T V I R C H R I S T E L I K E H O ë R O N D E R W Y S

## INSTITUUT VIR ADMINISTRATIEWE OUTOMATISASIE

PU vir CHO., Potchefstroom Telefoon: 3361

Direkteur: Prof. A.J.E. Sorgdrager

### ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Instituut wat in 1963 gestig is, onderneem uitbreiding en navorsing van administratiewe outomatisasie.

Beheer en administrasie: Die Instituut word beheer deur die Ekonomiese Navorsingsinstituut van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe. Navorsingsprojekte word beplan, geformuleer en uitgevoer deur die Direkteur deur wie die uitvoerende mag beoefen word.

Finansiering: Die Instituut verkry fondse uit universiteitsbronne.

Fasiliteite: Die Instituut het toegang tot die elektroniese rekenaar en biblioteek van die Universiteit.

### OPLEIDING

Die Instituut lei nagraadse studente op.

### NAVORSING

Die Instituut werk saam met die Handel en Nywerheid om navorsingsgegewens te verkry.

Deduktiewe en induktiewe metodes word gevolg by die insameling en verwerking van gegewens.

Navorsingsprojek wat afgehandel is

- Joint products, a study in costing and the maximization of returns.

Navorsingsprojek wat aan die gang is

- Voorraadlogistiek en optimasie

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die jaarverslag van die Instituut is by die Verslag van die Rektor van die Universiteit ingesluit.

Navorsingsbevindings word in die biblioteek geplaas.

P O T C H E F S T R O O M S E   U N I V E R S I T E I T   V I R   C H R I S T E L I K E   H O ë R   O N D E R W Y S

INSTITUUT VIR AFRIKANISTIEK

PU vir CHO, Potchefstroom Telefoon: 3361 x 306

Direkteur: Prof. J.H. Coetzee

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Oor die algemeen word die hele veld van Afrikanistiek en Bantoeïstiek gedek, maar in die praktyk is die omvang min of meer beperk tot Sosiale Antropologie, Staatsleer, Administrasie, Godsdiens, Kultuurveranderinge en Ekonomie. Die Instituut is eintlik in 1966 gestig, maar is voorafgegaan deur die Afrika-Seminaar wat in 1957 gestig is en deur die Departement van Volkekunde en Naturelle-administrasie geloods is.

Funksies en beleid: Die funksies en beleid van die Instituut is soos volg: Stimulering van wetenskaplike belangstelling in Afrika binne die Universiteit; kennismaking met, navorsing oor en bekendstelling van kennis oor Afrika; samewerking met ander akademiese inrigtings in en buite Suid-Afrika asook met kulturele, opvoedkundige en ander instansies.

Beheer en administrasie: Die Instituut word deur die Direkteur wat deur die Universiteitsraad aangestel is, onder toesig van 'n beheerkomitee, beheer. Bestuurslede is lede van Universiteitsdepartemente betrokke by die werksaamhede van die Instituut, te wete die Direkteur en lede van die beheerkomitee.

Die funksies van die beheerkomitee behels die bepaling van die algemene beleid en beplanning van die werksaamhede van die Instituut en toesig oor die werksaamhede. Navorsingsprojekte word deur die Direkteur beplan en geformuleer met die goedkeuring van die beheerkomitee en uitgevoer in samewerking met ad hoc-navorsers. Uitvoerende mag word deur die Direkteur beoefen.

Struktuur: Die Instituut is 'n interdepartementele en in sekere mate 'n interfakultêre inrigting waarby die departemente van Sosiale Antropologie (Volkekunde), Bantoe-administrasie, Aardrykskunde en Ekonomie hoofsaaklik betrokke is.

Personeel: Die personeel van die Instituut werk op 'n deeltydse basis daar hulle almal aan die Universiteitsdepartemente van Volkekunde en Naturelle-administrasie verbonde is. Die Instituut beskik oor een klerklike assistent.

Finansiering: Navorsingsfondse word uit die Universiteitsbegroting en navorsingstoekennings verkry.

Fasiliteite: Die Instituut het toegang tot die elektroniese rekenaar van die Universiteit en die Universiteitsbiblioteek. Besondere aandag word gegee aan die opbou van 'n Afrika-versameling. Die Instituut probeer om soveel koerante en tydskrifte

as moontlik uit Afrikalande te bekom vir 'n uitknipseldiens.

Die Instituut beskik oor ad hoc-gebruik van amptelike en nie-amptelike inligtingsdienste in die RSA en in die buiteland.

Skakeling: Daar word geskakel met die Afrika-instituut, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Staatsdepartemente en die ander Suid-Afrikaanse universiteite. Skakeling bestaan uit die gesamentlike gebruik van fasiliteite, die uitruil van publikasies en navorsingstoekennings van die RGN.

OPLEIDING

Die Instituut lei gereelde seminare, verskaf 'n nagraadse diplomakursus in Bantoeïstiek en organiseer studietoere na Afrika-gebiede.

NAVORSING

In elke spesifieke geval word navorsingsgegewens van die instansie wat daarby betrokke is, verkry. Hulle is gewoonlik staatsdepartemente, kerkorganisasies en so meer.

Navorsingsgegewens word meesal verwerk tot seminaarvoordragte vir latere publikasie of verhandelinge en proefskrifte in die betrokke departemente of vir publikasie in tydskrif- of ander vorm.

Navorsingsprojekte wat onlangs afgehandel is

- Seminare oor Suid-Afrikaanse tuislande (tans in die pers)
- 'n Reeks seminare oor Malawi (gereed vir druk teen Oktober 1971).

Navorsing wat aan die gang is

- Sosio-kulturele situasie van Bantoes op Blankes se plase (Wes-Transvaal)
- 'n Studie van vroeë kontakte tussen Blankes en Bantoes in die Westelike Transvaal (personeel)
- Studies oor nasiebou onder die Westelike Sotho, die Zoeloes en die Transkeise stamme (nagraadse studente)
- Die invloed van die radio op Bantoekultuur (nagraadse student)
- Die opvattings en houdings van Bantoeberoepsvroue ten opsigte van die huwelik en gesin.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

'n Jaarverslag word by die Verslag van die Rektor van die Universiteit ingesluit. Referate wat by seminare gelewer word, word jaarliks in die half-amptelike Universiteitsjoernaal, Koers (gewoonlik die Desemberuitgawe) of in 'n spesiale reeks Universiteitspublikasies uitgegee.

Die Instituut publiseer 'n populêre bulletin oor Afrika-aangeleenthede, Nuus oor Afrika. Tien nommers verskyn jaarliks en word gratis versprei.

'n Spesiale Universiteitsreeks wat navorsingsuitslae sal bevat, word in die nabye toekoms gepubliseer. Oorspronklike materiaal word bewaar in lêers en argiewe van die Instituut.

Die ander navorsingswerk is min of meer in verhandelinge opgeneem wat nie gepubliseer is nie, maar is in al die Suid-Afrikaanse Universiteitsbiblioteke beskikbaar.

Onlangse publikasies

COETZEE, J.H. Bevolkingssamestelling van Kenia. Bulletin van die Afrika-Instituut van Suid-Afrika. Pretoria, Afrika-Instituut, Maart 1970.

COETZEE, J.H. Volke van Nigerië. Bulletin van die Afrika-Instituut van Suid-Afrika. Pretoria, Afrika-Instituut, Mei 1970.

COETZEE, J.H. (i) Suid-Afrika en Rhodesië. (ii) Suid-Afrika en Suider-Afrika. Suid-Afrika en Suider-Afrika. Potchefstroom, PU vir CHO. Sentrum vir Internasionale Politiek, 1970.

## POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

INSTITUUT VIR DIE BEVORDERING VAN CALVINISME

PU vir CHO, Potchefstroom

Direkteur: Prof. S.C.W. Duvenage Telefoon: 3361

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Hierdie Instituut is in 1966 gestig om navorsing oor elke aspek van Calvinisme te doen, veral soos dit in die verskillende lewenskringe in Suid-Afrika toegepas word. Die Instituut het sy oorsprong te danke aan die gesamentlike belangstelling van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO en die Afrikaanse Calvinistiese Beweging in die Calvinisme as sodanig en die toepassing daarvan op die lewe in die algemeen.

Funksies en beleid: Die Instituut doen navorsing oor die Calvinisme en stel die navorsing daarvan, asook ander aktuele sake in verband met die toepassing van die Calvinisme in gepubliseerde vorm beskikbaar.

Beheer en administrasie: Die Instituut word deur 'n Raad van Beheer gelei. Die Beheerraad stel van sy lede en andere in 'n Navorsingskomitee aan, asook navorsingsassistente indien nodig.

Die funksies van die Beheerraad is om oor alle aktiwiteite van die Instituut, insluitende navorsing en publikasies, toesig te hou.

Navorsingsprojekte word deur die Navorsingskomitee geloods en geformuleer volgens 'n navorsingsplan wat deur die Beheerraad opgestel word.

Struktuur: Die Beheerraad van die Instituut bestaan uit die Rektor van die Universiteit, 'n ander afgevaardigde van die Universiteitsraad, twee afgevaardigdes van die Komitee van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging, die Direkteur van die Instituut, twee lede elk van die Departement van Interfakultêre Wysbegeerte en die Departement van Wysbegeerte, en een lid van elke Fakulteit van die Universiteit benoem deur elke Fakulteit.

Personeel: Die vakkundige personeel bestaan uit een deeltydse navorsingsassistent. Die administratiewe personeel bestaan uit drie deeltydse assistente en een deeltydse tikster.

Finansiering: Die Instituut word gefinansier deur die Universiteitsbegroting en 'n navorsingstoelae van die RGN.

Fasiliteite: Die Universiteitsbiblioteek is ter beskikking van die Instituut, met 'n besondere versameling van boek- en tydskrifindekse.

Skakeling: Gesamentlike navorsingsprojekte word met die Universiteit onderneem.

Die Afrikaanse Calvinistiese Beweging verleen administratiewe hulp en het gesamentlike belang by die navorsingsresultate.

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing verleen finansiële hulp by wyse van 'n navorsingstoekenning.

## OPLEIDING

Opleiding geskied deurdat navorsers vir voorgeskrewe projekte aangestel word.

## NAVORSING

Naas die samewerking met die Universiteit om navorsingsgegewens te verkry, word ook geskakel met die Staatsbiblioteek (Unie-katalogus) en alle Suid-Afrikaanse Universiteitsbiblioteke, benewens enkele ander biblioteke in Suid-Afrika. Samewerking is ook oorsee verkry by die Universiteit van Genéve en by enkele skakelpersone in verskeie ander lande (VSA, Europa, Japan, Australië).

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

Bibliografiese navorsing in Calviniana

- Die samestelling van 'n katalogus oor Calviniana in die biblioteek van die PU vir CHO en in ander biblioteke in Suid-Afrika met vermelding van waar die werke verkrygbaar is
- Die samestelling van 'n bibliografie van werke en tydskrifartikels wat in Suid-Afrika verskyn het oor Calvyn en die Calvinisme
- Die samestelling van 'n omvattende internasionale bibliografie van werke en tydskrifartikels oor Calvyn en Calvinisme wat vanaf 1959 tot 1969 verskyn het
- Samestelling van 'n onderwerpkatalogus en die beskikbaarstelling van die gegewens deur middel van 'n bulletin wat van tyd tot tyd verskyn en waarin werke en artikels uit Calvinistiese oogpunt oor sekere onderwerpe geïndekseer, gekoördineer en indien nodig, bespreek en opgesom sal word.

## PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die jaarlikse verslag van die Instituut word vervat in die Jaarverslag van die Rektor van die Universiteit en is verkrygbaar by die PU vir CHO.

Sedert 1966 verskyn maandeliks 'n kort studie oor 'n vooorafbepaalde onderwerp; 'n brosjure van groter formaat sesmaandeliks; en af en toe 'n bundel artikels deur verskillende deskundiges oor 'n verskeidenheid onderwerpe. Hierdie publikasies is by die kantoor van die Instituut, p/a PU vir CHO verkrygbaar.

Onlangse studiestukke

BEKKER, J. Die Problematiek ten opsigte van die Indiër-bevolkingsgroep in S.A.

CLAASSEN, J. Die Jongman in uniform.

COETZEE, J.H. Die Calvinisme en volkereverhoudinge.

DE KLERK, N.J. Die Calvinisme in Suid-Afrika - 'n toekomsperspektief.

DE KLERK, W.J. Die Calvinisme in 'n neutedop.

DU PLESSIS, J.A. Hartoorplanting.

DUVENAGE, A.P.C. Alkoholisme.

DUVENAGE, S.C.W. Die Humanisme as bedreiging van die Christelik-Nasionale lewens- en wêreldbeskouing van die Afrikaner.

ENGELBRECHT, B.J. Die Prinsipiële patroon van die Calvinisme in Suid-Afrika.

GROBLER, J. Die Misbruik van dwelmmiddels.

HEIBERG, P.J. Christelike opvoedings- en onderwyspraktyk en Christelike Opvoedkunde.

JOOSTE, C.J. Die Blanke se afhanklikheid van Nie-Blanke arbeid.

KRUGER, P.W.B. Verkeersproblematiek.

POSTMA, S. Die Doodstraf in oënskou.

POTGIETER, F.J. Buitelandse hulpverlening aan Afrika.

POTGIETER, F.J. Die Grensnywerheidskema in Suid-Afrika.

SCHUTTE, A.G. Die Studente-opstand, of die weiering om "normaal" te wees.

TREURNICHT, A.P. Die Praktiese belewing van die Calvinisme in Suid-Afrika.

VAN DEN BERGH, G.N. Die Posisie van die politieke partye in die Afrikaanse volkslewe.

VAN DER WALT, J.J.A. Die invloed van musiek op die mens.

VAN DER WALT, S.P. Huweliksnood.

VAN DER WALT, S.P. Die probleem van totale afskaffing.

VAN WYK, J.H. Fenomenologiese Pedagogiek.

VAN WYK, J.H. Die Oorlogvraagstuk - 'n oriëntasie.

VENTER, W.J. Belasting, prinsipieël beskou.

WEBER, H.J. Internasionale ekonomiese afhanklikheid van S.A.

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

INSTITUUT VIR KLEIN HANDELAARS

PU vir CHO, Potchefstroom Telefoon: 6797

Direkteur: Prof. N.J. Swart

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Instituut het op 1 April 1970 tot stand gekom en was die resultaat van spesifieke navorsing na die probleme van, en die metodes van hulpverlening aan die klein handelaars van die EEG, VSA en Suid-Afrika.

Die Instituut het ten doel:

- om 'n gesonde, doeltreffende en gebalanseerde distribusiestruktuur in die Republiek van Suid-Afrika te help ontwikkel
- om deur middel van regstreekse dienste en/of deur bemiddeling van ander erkende dienste deur privaat ondernemings, regeringsorganisasies, opvoedkundige instellings en ander organisasies 'n gesonde en mededingende handels- en gemeenskapspatroon te bevorder.

Funksie en beleid: Die algemene funksie van die Instituut bestaan hoofsaaklik uit:

- Verskaffing van advies oor tegniese, bestuurs-, finansiële, kommersiële en ander bedryfsaangeleenthede op 'n indiwiduele en streeksbasis aan middelgroot en klein handelaars
- inisiëring, uitvoering en koördinering van navorsing oor die handel in Suid-Afrika en die samestelling van inligting in sodanige vorm dat realistiese owerheidsbeslissings betreffende die handelstruktuur geneem kan word
- die instelling en aanbieding van kursusse, lesings, seminare en diplomas oor 'n verskeidenheid aspekte van die distribusiehandel, en
- inisiëring van en organisatoriese hulpverlening by die ontwikkeling van spesifieke projekte waardeur die belange van middelgroot en klein handelaars bevorder word.

Beheer en administrasie: Die Instituut word beheer deur die Raad van Beheer wat uit tien lede bestaan en as volg saamgestel is:

- 2 Verteenwoordigers van die Regering (betrokke staatsdepartemente)
- 2 Verteenwoordigers van die Afrikaanse Handelsinstituut
- 2 Verteenwoordigers van die Vereniging van Kamers van Koophandel
- Die dekaan van die Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe aan die PU vir CHO
- 1 Verteenwoordiger van die Raad van die PU vir CHO uit die Ekonomiese Fakulteit
- Die Direkteur van die Instituut wat as sekretaris van die Raad van Beheer optree
- Die Rektor as voorsitter.

Alle lede van die Raad van Beheer het gelyke status.

Die Raad van Beheer is verantwoordelik vir:

- die bepaling van die breë beleid van die Instituut
- die inisiëring en breë omskrywing van algemene en spesifieke projekte en dienste van die Instituut
- die verkryging en besteding van die fondse van die Instituut.

Navorsingsprojekte word beplan, geformuleer en uitgevoer deur die Direkteur in samewerking met die personeel met inagneming van die beleid soos bepaal is deur die Raad van Beheer. Uitvoerende mag word deur die Direkteur van die Instituut beoefen.

Struktuur: Die struktuur van die Instituut word saamgestel uit die Direkteur as hoof, voltydse konsultante, administratiewe en deeltydse personeel. Die konsultante is individueel en gesamentlik verantwoordelik vir bedryfs-, bemarkings- en opleidingsfunksies, asook rekeningkundige funksies.

Personeel:

- 1 Direkteur
- 4 Voltydse professionele personeellede
- 1 Administratiewe personeellid
- Deeltydse personeel word gebruik wanneer en soos benodig.

Finansiering: Die Instituut word gefinansier uit die Staatsbegroting, uit betaling vir werk op kontrak en deur donasies.

Fasiliteite: Die Instituut het toegang tot die elektroniese rekenaar van die Universiteit en die Universiteitsbiblioteek. Die Instituut beskik oor 'n versameling van literatuur oor kleinhandelsaangeleenthede.

Inligting word verkry van verskeie organisasies, verenigings en individue, plaaslik en oorsee aangaande aanverwante aangeleenthede.

Skakeling: Die Instituut skakel met verskeie organisasies en instansies, plaaslik en oorsee met die doel om publikasies te bekom, inligting te ruil, gesamentlike navorsing aan te pak of te ondersteun. Hierdie organisasies is wyd vertak in die distribusiehandel en konsultasiedienste.

OPLEIDING

Personeel word opgelei deur deelname aan projekte.

NAVORSING

Die Instituut werk saam met die Afrikaanse Handelsinstituut en ASSOCOM asook die klein handelaars in die besonder om navorsingsgegewens te verkry.

Met die insameling van gegewens word van primêre bronne, d.w.s. by die klein ondernemings self en sekondêre bronne dit wil sê van tydskrifte, ens. gebruik gemaak.

Navorsingsprojek wat onlangs afgehandel is

- An investigation into the wholesale selling of sugar - A survey undertaken on behalf of the South African Sugar Association.

Daar die Instituut hoofsaaklik 'n organisasie is vir die verskaffing van dienste aan studente, is dit vanselfsprekend dat dit net 'n beperkte bydrae tot navorsing kan lewer. Gevolglik onderneem personeellede net navorsingsprojekte wat betrekking het op die sielkundige en opvoedkundige dienste van die Instituut.

Funksies en beleid:

- Studente-inligtingsdienste: Universiteitsoriëntering oor die algemeen; vakkeuse en beplanning van studiekursusse; studiemetodes; en beroepsvoorligting (psigometriese toetsing ingesluit)

- Studentevoorligting/psigoterapie en bepaalde studenteprobleme: Aanpassingsprobleme; gedrags-/persoonlikheids-/emosionele probleme; spraak en leesprobleme.

Bogenoemde dienste word ook in 'n beperkte mate aan die algemene publiek aangebied.

- Navorsingsprojekte in verband met bogenoemde.

In die Instituut strewe die PU vir CHO om alle probleme wat opduik uit 'n breë perspektief en uit alle hoeke te beskou. Dosente in die Departemente van Sielkunde, Sosiologie, Maatskaplike Werk, Interfakultêre Wysbegeerte en Spraakleer en Drama en in die Fakulteit van Opvoedkunde, werk saam in die Instituut ten einde hulp, inligting en leiding aan studente en buitepersone wat aan die dienste behoefte het, te verskaf. Al hierdie afdelings kombineer waar nodig en uitvoerbaar en werk in noue skakeling met algemene mediese praktisyns, spesialiste, psigiaters, maatskaplike werkers en skole.

Die PU vir CHO is deur middel van die Instituut in staat om sy funksie van diens aan die studente en aan die gemeenskap te vervul.

Beheer en administrasie: Die Instituut word gelei deur 'n Raad van Beheer wat bestaan uit die Direkteur van die Instituut, Dekane van sekere fakulteite, sekere lede van die Administratiewe personeel (bv. die Studenteadviseur), die Departement van Ontwikkeling en lede van die Departemente van Sielkunde, Opvoedkunde, Sosiologie, Maatskaplike Werk, Interfakultêre Wysbegeerte en Spraakleer en Drama. Die lede van die Raad tree in raadgewende en beherende hoedanigheid op.

Navorsingsprojekte word geloods en geformuleer deur Universiteitsdosente wat aktief betrokke is by die dienste wat die Instituut aanbied.

Personeel: Die Instituut het geen voltydse vakkundiges nie. Al die personeellede beklee poste as dosente in die genoemde departemente (en nie al die dosente van die onderskeie departemente is in die Instituut werksaam nie). Die Instituut beskik oor die dienste van twee geregistreerde kliniese sielkundiges (dosente).

Die administratiewe personeel bestaan uit 'n sekretaresse/tikster.

Finansiering: Fondse vir navorsing word uit die Universiteitsbegroting verkry en word gebruik vir die aankoop van instrumente wat nodig is vir dienste wat gelewer is en vir navorsingswerk, hoofsaaklik in verband met spraakgebreke.

Fasiliteite: Die Instituut het toegang tot die elektroniese rekenaar en die biblioteek van die Universiteit. Die Instituut huur 'n Aurelle-apparaat(van Tomatis) vir die behandeling van hakkelaars. Die Instituut het ook ander gespesialiseerde instrumente, o.a. oudiometers, wat saam met bogenoemde gebruik word.

OPLEIDING

Personeellede van die Instituut word opgelei (tans baie informeel) bv. in die tegniek van onderhoudvoering, die toepassing en vertolking van psigometriese toetse en projeksietegnieke; die gebruik van die Aurelle-apparaat, ens. deur middel van praktiese demonstrasies, groepbesprekinge en konferensies. Op dieselfde wyse verleen personeellede hulp aan nagraadse studente in die Departement van Sielkunde en Fakulteit Opvoedkunde.

NAVORSING

Die Instituut werk saam met die Universiteitstudente en in 'n mindere mate die algemene publiek om eksperimentele gegewens te verkry.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Opvolgstudie van hakkelaars wat gedurende die afgelope drie jaar Aurelle-behandeling ontvang het (onderneem deur personeel van die Instituut).

'n Navorsingsprojek wat betrekking het op studiemetodes word tans beplan en sal deur personeel van die Instituut onderneem word.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

'n Jaarverslag van die Instituut se werksaamhede word by die Verslag van die Rektor van die Universiteit ingesluit.

Navorsingsuitslae word in bestaande tydskrifte gepubliseer.

Onlangse publikasies

GOUWS, L.A. Enkele aspekte rakende 'n ondersoek na die houdinge van manlike Bantoevoetgangers en -fietsryers ten opsigte van padgebruik. Die S.A. Sielkundige. Monografie no. 104, Aug. 1970.

GOUWS, L.A. O.H. Mowrer se siening van afwykende gedrag, psigoterapie en die rehabilitasie van verdowingsmiddel-verslaafdes. Rehabilitasie in Suid-Afrika. 14(3), Sept. 1970.

VAN DYK, T.A. Man and his work: With reference to certain aspects of a Christian employment psychology. Rehabilitation in South Africa. Dec. 1970.

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

INSTITUUT VIR STREEKSBEPLANNING

PU vir CHO, Potchefstroom Telefoon: 3361

Direkteur: Prof. F.J. Potgieter

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Instituut, wat in September 1965 gestig is, doen navorsing oor ruimtelike, ekonomiese en sosiale aspekte van stads- en streekbeplanning.

Beheer en administrasie: Die Instituut word beheer deur 'n Senaatskomitee van die Universiteit. Vir spesifieke projekte word deskundiges op dié besondere terreine gekoöpteer vir advies en aktiewe hulp. Navorsingsprojekte word deur die Direkteur geloods en geformuleer, hoofsaaklik op versoek van staatsdepartemente, streekontwikkelingsverenigings en plaaslike owerhede.

Personeel: Die personeel bestaan uit 'n Direkteur, wat hoof van die Departement van Beplanning aan hierdie universiteit is, en die Instituut op deeltydse grondslag dien;

'n wisselende getal voor- en nagraadse studente wat met finansiële hulp van die borg tydelik voltydse navorsingswerk doen; en 'n deeltydse sekretaresse.

Finansiering: Die Instituut verkry staatstoekennings vir spesifieke navorsingsprojekte vir die Staat, en ook van plaaslike owerhede, nywerheidsinstellings en streekontwikkelingsverenigings.

Fasiliteite: Die Instituut het beperkte toegang tot 'n elektroniese rekenaar. Rekenmasjiene is beskikbaar, asook al die nodige instrumente en apparaat. Die Universiteitsbiblioteek het 'n uitgebreide voorraad toepaslike boeke.

Skakeling: Daar word geskakel met die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, die Staatsdepartemente van Beplanning, Nasionale Opvoeding en Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, die Instituut vir Stads- en Streekbeplanning van Suid-Afrika, en ander Suid-Afrikaanse universiteite. Gesamentlike navorsingsprojekte is met ander universiteite onderneem. Navorsingstoekennings is van die RGN verkry, en projekte is uitgevoer in medewerking met die Departement van Beplanning en die Departement van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling.

## OPLEIDING

Die Instituut vul die opleidingsprogram wat aan die Universiteit vir Beplanningstudente aangebied word aan met seminare en/of simposiums.

## NAVORSING

Die werk van die Instituut kan ingedeel word onder twee groepe: navorsingswerk enersyds, en beplanning andersyds. Wanneer die navorsing spesifiek gedoen word met die oog op beplanningsvoorstelle, word al die navorsingsresultate nie noodwendig gepubliseer nie, maar hoofsaaklik as werkdokumente gebruik.

Navorsing wat aan die gang is

- Die opstel van beplanningsvoorstelle (hoofsaaklik op ekonomiese terrein) vir die gebied Klerksdorp/Orkney/Stilfontein met die oog op die verdwynende goudmynbedrywighede in die gebied
- Die opstel van 'n ruimtelike ontwikkelingsplan vir die dorp Potchefstroom.

## PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

'n Jaarverslag van die Instituut word jaarliks by die jaarverslag van die Rektor van die PU vir CHO ingesluit. Onder die naam Noord-Kaaplandse Streekstudie is die volgende bande wat die resultaat is van die werk van hierdie Instituut gepubliseer deur die Departement van Beplanning:

Volume II: 'n Ondersoek na grond- en watergebruik langs 'n gedeelte van Vaalrivier.

Volume III: 'n Oorsigtelike ekologiese studie van die plantegemeenskappe van die Vaalrivieroewers tussen Vaaldam en Skandinawiëdrif, met spesiale aandag aan die invloed van grasbedekking op die indringing en afloop van reënwater.

Volume IV: Die Streeksinkome van die Vaalrivieropvanggebied vir die jare 1954-1961/62 met 'n toekomsprojeksie tot die jaar 2000 gekorreleer met waterverbruik.

Volume VI: Bevolkings- en maatskaplike aspekte van Noord-Kaapland.

Volume VII: Die Fisiografie, klimaat, waterbronne, verkeer en toeristepotensiaal van Noord-Kaapland.

Volume VIII: Die Ekonomiese struktuur en ontwikkelingsmoontlikhede van Nood-Kaapland.

Volume IIA: Veranderde grondgebruik en die invloed daarvan op die afloop in die Vaalrivierbekken.

(Ontbrekende nommers in die reeks is gedoen deur persone buite die Instituut.)

Die volgende werk is gedoen onder beskerming van die Instituut, in afgerolde vorm gebind, en in uiters beperkte getalle beskikbaar ter insae:

VAN HELDEN, P. Die Invloedsfeer van Klerksdorp soos dit blyk uit verbintenisse met die omgewing (met kaarte).

HAVENGA, J.J.D. 'n Analise van enkele ekonomiese aspekte van die Klerksdorp- landdrosdistrik.

HAVENGA, J.J.D. Die Belangrikheid van die goudmynbedryf in die Klerksdorp-Orkney-Stilfonteindriehoek.

BOTHA, T.N. 'n Ruimtelike ontwikkelingsplan vir die metropolitaanse gebied Klerksdorp/Stilfontein/Orkney (met kaarte).

## POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

### INSTITUUT VIR SUID-AFRIKAANSE MUSIEK

PU vir CHO, Potchefstroom

Telefoon: 3347

Telegramme: ISAM, PU vir CHO Potchefstroom

Direkteur: Prof. J.J.A. van der Walt

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Instituut is 'n universiteitsnavorsingsorganisasie wat in 1960 gestig is om navorsing oor Suid-Afrikaanse Musiek te doen.

Beheer en administrasie: Die Direkteur beheer die Instituut en loods en formuleer navorsingsprojekte.

Personeel: Die personeel bestaan uit die Direkteur in deeltydse hoedanigheid aangesien hy Professor in Musiek aan die Universiteit is, en een of twee tydelike navorsers.

Finansiering: Fondse vir navorsing word uit die Universiteitsbegroting en by wyse van navorsingstoekennings verkry.

Fasiliteite: Die Instituut het toegang tot 'n elektroniese rekenaar, die leesmasjiene en die bandopnemers van die Universiteit. Die biblioteek van die Instituut bevat 1 800 bande waarby 'n besondere versameling van Suid-Afrikaanse musiek ingesluit is; 5 100 musiekpartiture; en 'n intekenlys van 33 tydskrifte. Inligtingsdienste word ook deur die biblioteek verskaf.

Skakeling: Daar word geskakel met die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing wat as die gewese Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing van die Instituut se navorsingsprojekte finansieel gesteun het.

OPLEIDING

Die Instituut lei formele opleidingskursusse en seminare en stel studentenavorsers aan om bepaalde projekte te onderneem. Die navorsingspersoneel van die Instituut dra by tot die onderrigprogram van die Universiteit.

NAVORSING

Die Instituut werk saam met die skole en universiteite om eksperimentele gegewens te verkry.

Navorsingsprojek wat onlangs afgehandel is

- Die musiekgeskiedenis van Wes-Transvaal, 1838-1960.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

'n Jaarverslag van die Instituut se werksaamhede is in die Verslag van die Rektor van die Universiteit ingesluit. Navorsingsuitslae word normaalweg in bundels gepubliseer (vlakdruk) en in die Universiteitsbiblioteek aangehou. Kopieë word na die ander universiteitsbiblioteke in Suid-Afrika gestuur.

U N I V E R S I T E I T  V A N  P R E T O R I A

Hillcrest, Pretoria

Telefoon: 746071

Telegramme: PUNIV

FAKULTEIT EKONOMIESE EN STAATSWETENSKAPPE

Dekaan: Prof. H.J.J. Reynders

DEPARTEMENT BEDRYFSEKONOMIE

Hoof: Prof. H.J.J. Reynders

Navorsing wat onlangs afgehandel is

- Topleiding-organisasie en -taakverdeling in Suid-Afrikaanse ondernemings
- Die praktyk van personeelbestuur in Suid-Afrikaanse ondernemings
- Die vestiging van nywerheidsondernemings in Bantoegebiede
- Die brou en verkoop van Bantoebier in die Bantoegebiede van Suid-Afrika
- Die drankkleinhandel in Suid-Afrika: Kengetalle vir doeleindes van bedryfsvergelyking.

Navorsing wat aan die gang is

- Die opleiding van personeelbestuurders in Suid-Afrika
- Finansiële bestuur van die onafhanklike algemene kleinhandelaars in die

RSA

- Die opleiding van verkoopspersoneel in Suid-Afrika
- Enkele aspekte van die kommersiële bestuur van die onafhanklike algemene handelaar op die platteland
- Ondersteuningsmotiewe van die verbruikers in 23 plattelandse dorpe.

Onlangse publikasies

MARX, F.W. Personeelbestuur: vandag en môre. Saipa. 5(1), Des. 1969: 53-60.

MARX, S. Interfirm comparative survey, the retail bottle store trade in South Africa, 1967. Pretoria, Universiteit van Pretoria. Buro vir Finansiële Analise. Verslag no. B.2, 1969.

MARX, F.W. Topleiding-organisasie en -taakverdeling in Suid-Afrika. Bedryfsleiding/Business Management. 1(1), Nov. 1969: 5-20.

MARX, F.W. Aspects of personnel management. Pretoria, 1969. (Universiteit van Pretoria-publikasies, Nuwe reeks, no. 54.)

MARX, F.W. Organisasie en taakverdeling van Suid-Afrikaanse maatskappye. Volkshandel. XXX (6), Aug. 1969: 75-81.

REYNDERS, H.J.J. Die Ingenieur en bestuurskennis. Munisipale Administrasie en Ingenieurswese. Feb. en Maart 1969.

REYNDERS, H.J.J. Training in marketing. The Chartered Secretary. July 1969.

REYNDERS, H.J.J. Uit het Buiteland. Maandblad voor Bedrijfsadministratie en -organisatie. 876, Maart 1970.

DEPARTEMENT PUBLIEKE ADMINISTRASIE

Hoof: Prof.J.J.N. Cloete

Navorsing wat tans aan die gang is

- Die tradisionele grondslae van die openbare administrasie in Suid-Afrika - hoof van die Departement.

Onlangse publikasies

CLOETE, J.J.N. Sentrale, provinsiale en munisipale instellings van Suid-Afrika. Derde en hersiene uitgawe. Pretoria, J.L. van Schaik, Jan. 1971.

CLOETE, J.J.N. Munisipale regering en administrasie van Suid-Afrika. Pretoria, J.L. van Schaik. (Ter perse.)

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

Dekaan: Prof. F. van der Stoep

Navorsing

Navorsingsprojekte word deur dosente en studente uitgevoer. Deur middel van die Kinderleidinginstituut word besondere geleentheid vir navorsing geskep.

Onlangse publikasies

Die Fakulteit publiseer 'n tydskrif Suid-Afrikaanse Tydskrif vir die Pedagogiek/South African Journal of Pedagogy wat twee keer per jaar verskyn. Dit word in Suid-Afrika en oorsee versprei. Intekengeld is R6,00 per jaar.

Publikasies van dosente verskyn onder andere in bogenoemde tydskrif en ook in die reeks Pedagogiekstudies van die Werkgemeenskap ter Bevordering van die Pedagogiek as Wetenskap.


DU PLESSIS, P.J.J. Individu en gemeenskap. In: SONNEKUS, M.C.H. red. Psychologia Pedagogica Sursum: Afskeidsbundel aangebied aan Barend Frederik Nel. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers, 1970.

DU TOIT, A.S. 'n Ortopedagogies-ortodidaktiese diagnostisering en hulpverlening aan 'n kind met lees- en spelmoeilikhede. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir die Pedagogiek. 3(2), Des. 1969: 6-25.

GOUWS, S.J.L. The Affective needs of the handicapped child. Opvoedkundige Studies. 61, 1969: 21-22.

GOUWS, S.J.L. Die Rol van die taal by die volwassewording van die kind. Nuusbrief van die S.A. Logopediese Vereniging. Okt. 1969.

JOUBERT, C.J. Beroepsoriënteringsterapie. S.A. Tydskrif vir die Pedagogiek. 4(1), Julie 1970.

KILIAN, C.J.G. 'n Fundamenteel-pedagogiese besinning oor aanspreek en aanhoor as pedagogiese synswyses. Opvoedkundige Studies. 61,1970.

KOTZè, J.M.A. Die Opvoeding van die breinbeskadigde kind as ortopedagogiese opgawe. S.A. Tydskrif vir die Pedagogiek. 3(1), Julie 1969.

KOTZè, J.M.A. Die Wêreld van die leermoeilike kind en die ortodidaktikus. Psigorama. 2(2), Aug. 1969.

LANDMAN, W.A. Pedagogiese kategorieë: Verantwoording. Paedagogische Studiën. 10, Sept. 1969: 461-472.

LANDMAN, W.A. My aanspreekvorm. In: POTGIETER, G.J. red. My Lewensnorme. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1969.

LANDMAN, W.A. Die Voorvolwassene (Puber en adolessent) en religie. Onderwysblad vir Christelike Nasionale Onderwys. Okt. 1969.

LANDMAN, W.A. Pedagogiese kriteria by die Gespreksterapie. In: SONNEKUS, M.C.H. red. Psychologia Pedagogica Sursum: Afskeidsbundel aangebied aan Barend Frederik Nel. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers, 1970.

LANDMAN, W.A. Enkele aksiologies-ontologiese momente in die voorvolwassenheidsbelewing - 'n Studie in die Wysgerige Antropologie. RGN Publikasiereeks, no. 10. Pretoria, N.G. Kerk Boekhandel, 1970.

LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J. Inleiding tot die fundamentele Pedagogiek. Kaapstad. Afrikaanse Pers Bpk, 1969.

LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R. Opvoedkunde en Opvoedingsleer vir beginners. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers, 1971.

LOUW, W.J. Die Skep van leeraktiwiteite in die lig van didaktiese grondvorme. Pretoria, Transvaal Onderwysersvereniging, Nuusbrief, Junie 1970.

LOUW, W.J., et al. Die Problematiek van skoolverlating. Opvoedkundige Studies. 64, 1970.

NEL, B.F. The Educational system of the Republic of South Africa. World Encyclopedia for Comparative Education. London, MacMillan, 1969.

NEL, B.F. The Phenomenon of disability in the child in historical perspective with reference to the responsibility of the community in this respect. In: Essays on the handicapped child. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1970. Opvoedkundige Studies, no. 60.

NEL, B.F. Die Ortopedagogiek as wetenskapsgebied van die Pedagogiek. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir die Pedagogiek, 3(1), Julie 1969.

NEL, B.F. Die Aard en betekenis van die affektiewe in die persoonswording van die kind. In: SONNEKUS, M.C.H. red. Psychologia Pedagogica Sursum: Afskeidsbundel aangebied aan Barend Frederik Nel. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers, 1970.

NEL, B.F. The Significance of situational factors in the act of becoming a person with special reference to socially disorientated youth. Proceedings of the International Congress of the International Association for the Advancement of Educational Research. Sept. 1969.

NEL, B.F. Persoonswording as Daseinsvoltrekking. Psychologia Africana. Junie 1970.

NEL, B.F. Die Ortopedagogiese aspek van die kind met minimale breinbeskadiging. Tijdschrift voor Orthopedagogiek. Junie 1970.

NEL, B.F. Die Krisis in die Psigologie. In: NEL, B.F. en MEYER, A.M.T. red. Die Wetenskap as Ontwerp. Academica, 1970, pp. 31-51.

NEL, B.F. Die Krisis in die Pedagogiek met verwysing na die opkoms van die Moderne Antropologiese Pedagogiek. In: NEL, B.F. en MEYER, A.M.T. red. Die Wetenskap as Ontwerp. Academica, 1970, pp. 52-69.

NEL, B.F. Humanistic Psychology and Pedagogy as introduced in the Faculty of Education, University of Pretoria. San Francisco, U.S.A. Association for Humanistic Psychology. News Letter, June 1970.

POTGIETER, F.J. Opvoedingsdoelleer in historiese perspektief. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1969.

POTGIETER, F.J. Godsdiens in die wording van die kind. Academica. 1970.

POTGIETER, F.J. Godsdiens in die kleuterskool. Kwartaalblad, Tvl. Kleuterskool. Junie 1970.

POTGIETER, F.J. Pedagogie en Epistemologie. In: SONNEKUS, M.C.H. red. Psychologia Pedagogica Sursum: Afskeidsbundel aangebied aan Barend Frederik Nel. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers, 1970.

PRETORIUS, J.W.M. Fenomenologiese Psigologie. Trek. 1969.

PRETORIUS, J.W.M. Kinderlike belewing: 'n Psigologies - pedagogiese perspektief. S.A. Tydskrif vir die Pedagogiek. 4(2), Des. 1970.

SONNEKUS, M.C.H. Die leerwêreld van die kind as beleweniswêreld. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers, 1969.

SONNEKUS, M.C.H. Die Vraagstuk van remediërende onderwys as ortopedagogiese aangeleentheid. S.A. Tydskrif vir die Pedagogiek. 3(1), Julie 1969: 30-48.

SONNEKUS, M.C.H. Die Samewerking tussen ouers en onderwysers in die leerhandeling van die kind. Onderwysblad. 828, Julie 1969: 143-154.

SONNEKUS, M.C.H. The Importance of parent-teacher, co-operation with regard to the child's learning. S.A. Tydskrif vir die Pedagogiek. 3(2), Des. 1969: 26-33.

SONNEKUS, M.C.H. A pedodiagnostical study of the handicapped child, with particular reference to his sensory, motor, perceptual and conceptual orientation. In: Essays on the handicapped child. Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1970. Opvoedkundige Studies, no. 60.

SONNEKUS, M.C.H. Die Kindervraag as Wordingspsigologiese verskynsel. In: SONNEKUS, M.C.H. red. Psychologia Pedagogica Sursum: Afskeidsbundel aangebied aan Barend Frederik Nel. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers, 1970.

SONNEKUS, M.C.H., NEL, B.F. en GARBERS, J.G. Grondslae van die Psigologie. Tweede druk, Stellenbosch, Universiteitsuitgewers, 1970.

SONNEKUS, M.C.H. et al. Die Leermoeilike kind. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers, 1971.

SWART, A. 'n Pedagogiese evaluering van spanorganisasie. Pretoria, Universiteit van Pretoria. Opvoedkundige Studies, no. 66, 1971.

VAN DER MERWE, C.A. Die aktualisering van intelligensie by die kind: 'n Psigologies-pedagogiese perspektief. Pedagogische Studiën, 47, 1970. Groningen, Wolters-Noordhof.

VAN DER MERWE, C.A. Die Aktualisering van intelligensie by die agterlike kind. Pretoria, Universiteit van Pretoria. Opvoedkundige Studies. no. 63, 1970.

VAN DER STOEP, F. Didaktiese grondvorme. Academica. 1969.

VAN DER STOEP, F. Struktuur vir 'n universiteitsdidaktiek. S.A. Tydskrif vir die Pedagogiek. 4(1), Julie 1970.

VAN DER STOEP, F. Die Betekenis van 'n kategoriale struktuur vir die didaktiese pedagogiek. In: SONNEKUS, M.C.H. red. Psychologia Pedagogica Sursum: Afskeidsbundel aangebied aan Barend Frederik Nel. Stellenbosch, Universiteitsuitgewers, 1970.

VAN DYK, C.J. Eksemplariese onderwys: Enkele moontlikhede vir vernuwing en bevrugting van die didaktiese praktyk. S.A. Tydskrif vir die Pedagogiek. Junie 1970.

VAN NIEKERK, P.A. Die Beleweniswêreld van die stokkiesdraaier. Pretoria, Universiteit van Pretoria. Opvoedkundige Studies, no. 64, 1970.

VAN WYK, S.H. 'n Pedo-kliniese evaluering van die Lowenfeldse Mosaiekprosedure by die ondersoek van kinders. Pretoria, Universiteit van Pretoria. Opvoedkundige Studies, no. 66, 1970.

U N I V E R S I T E I T   V A N   P R E T O R I A

BURO VIR FINANSIëLE ANALISE
Posbus 486, Pretoria

Telefoon: 483185

Hoofnavorsingsbeampte: Prof. A.P. Zevenbergen

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Buro vir Finansiële Analise is teen die einde van 1965 aan die Universiteit van Pretoria gestig as 'n integrale deel van die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe en die Instituut vir Bedryfsadministrasie wat reeds sedert 1949 bestaan. Die taak van die Buro is om aktief steun te verleen aan die bedryfslewe in sy strewe na doeltreffende bestuur. Hierdie steun sal hoofsaaklik die vorm aanneem van die bekendstelling en die gebruik van sekere nuwe bestuurshulpmiddele.

Funksies en beleid: Die doelstellings van die Buro is die volgende:

- Om bystand te verleen aan Suid-Afrikaanse industrieë en handelsondernemings in hulle strewe na die verhoging van produktiwiteit, deur die metode van bedryfsvergelyking bekend te stel, die gebruik daarvan aan te moedig en om self daartoe by te dra deur die versameling en publikasie van bedryfsvergelykende statistiek

- om die analise van finansiële en ander gegewens te onderneem en om die resultate daarvan bekend te stel

- om enige ander projekte uit te voer wat na die oordeel van die Adviesraad wenslik en raadsaam is vir die bevordering van die belange van die Buro en die uitvoering van sy doelstellings.

Die funksies van die Buro in verband met bedryfsvergelyking kan dus soos volg opgesom word:

- 'n Navorsingsfunksie word vervul deurdat navorsing gedoen word met betrekking tot bedryfsvergelyking in die algemeen en die toepassingsmoontlikhede op spesifieke bedryfstakke.

- 'n Uitvoerende funksie word vervul deur die praktiese toepassing van hierdie navorsing ná die afhandeling van 'n bedryfsvergelykende studie.

- 'n Opvoedkundige funksie word vervul deur die aanmoediging van die gebruik van hierdie bestuursmiddel deur die bestuur van individuele ondernemings en deur in die algemeen die kennis van die wese van bestuur te verruim.

Beheer en administrasie: Sentrale beheer word deur die Raad van die Universiteit van Pretoria uitgeoefen. Regstreekse kontrole berus by die Adviesraad van die Buro vir Finansiële Analise en die Dagbestuur. Die Adviesraad word saamgestel uit verteenwoordigers van die Universiteit van Pretoria en persone uit die bedryfslewe. Daar is hoogstens vier verteenwoordigers van die donateurs wat van tyd tot tyd deur die Universiteitsraad op aanbeveling van die Fakulteit van Ekonomiese en Staatswetenskappe vir 'n tydperk van drie jaar benoem word.

Die funksies van die Adviesraad is om in die algemeen, binne die raamwerk van die doelstellings van die Buro, die werksaamhede daarvan te bepaal en te beheer en in die besonder om

- Aanbevelings aan die Universiteitsraad te doen oor die navorsingsaktiwiteite van die Buro;

- rigting te gee aan die navorsing van die Buro en hieroor 'n wakende oog te hou;

- bystand te verleen by die insameling van fondse ten behoewe van die Buro; en

te dien as vernaamste skakel met die bedryfslewe.

Navorsingsprojekte word ook deur die Dagbestuur, personeellede, handelsorganisasies en individuele firmas geloods en geformuleer.

Enige sakeonderneming of organisasie wat ooreenkomstig die reglement van die Buro vaste jaarlikse bydraes tot die fondse van die Buro maak, sal as 'n donateurlid erken word.

Personeel: 8 Personeellede

1 Hoofnavorsingsbeampte met akademiese verantwoordelikhede

3 Senior navorsingsbeamptes met akademiese verantwoordelikhede

2 Navorsers

2 Tiksters/klerke

Finansiering: Die fondse vir die Buro word verkry deur:

Toekennings deur die Raad van die Universiteit van Pretoria

toekennings deur die Navorsings- en Publikasiekomitee van die Universiteit

inkomste uit publikasies en ad hoc-navorsing en

bydraes deur donateurlede.

Fasiliteite: Die Buro het die gebruik van elektroniese rekenaars. Die Universiteitsbiblioteek is tot sy beskikking asook omtrent 10 000 gepubliseerde finansiële verslae van Suid-Afrikaanse maatskappye.

Skakeling: Die Buro skakel met die Departement van Statistiek van die Universiteit van Pretoria, die Suid-Afrikaanse Reserwebank, verskeie plaaslike handelsorganisasies, die Staatsdepartement van Statistiek en verskeie oorsese navorsingsinstitute. Gesamentlike navorsingsprojekte word onderneem en publikasies word uitgeruil.

## OPLEIDING

Navorsers word deur middel van seminare opgelei. Hulle dra ook by tot die onderrigprogram van die Universiteit. Lektore wat in die Buro werk, verleen ook hulp aan studentenavorsers met hulle graadkursusse. Navorsers word ook aangestel om spesifieke projekte uit te voer. Die Buro is ook deel van die Instituut vir Bedryfsadministrasie en speel 'n aktiewe rol in die Bedryfskool.

Donateurlede is geregtig om lede van hulle personeel na die Buro te stuur vir onderrig in die juiste gebruik van bedryfsvergelykende statistiek.

## NAVORSING

Gegewens vir navorsing word van die industrie, die handel, die beroepe, nasionale organisasies en openbare instansies verkry.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

Onafhanklike kleinhandel in plattelandse gebiede 1969 - bedryfsvergelykende studie

Wynkoöperatiewe maatskappye 1969 - bedryfsvergelykende produktiwiteitstudie

- Mediese fondse 1968 - vergelykende studie van koste en voordele

- Verhoudingsanalise van genoteerde nywerheidsmaatskappye 1962 - 1968

- Yster en Staalgieterybedryf in Suid-Afrika. Produktiwiteitstudie

- Botter- en kaasvervaardigers. Bedryfsvergelykende studie

- Aptekersbedryf. Bedryfsvergelykende studie

- Algemene onafhanklike kleinhandelaars op die platteland. Bedryfsvergelykende studie met betrekking tot die bestuursfunksie, kommersiële funksie en verbruikersgedrag

- Hotelbedryf in Suid-Afrika. Bedryfsvergelykende studie

- Algemene ontleding van jaarverslae en finansiële verslaggewing van genoteerde maatskappye

- Salarisstruktuur van professionele ingenieurs

- Argitekte-, Bourekenaars- en Ingenieursvergoeding in die boubedryf in Suid-Afrika

- Korttermynversekeraars. Bedryfsvergelykende studie.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Buro publiseer 'n jaarverslag wat van die Buro vir Finansiële Analise verkrygbaar is.

Onlangse publikasies

Bedryfsvergelykende studie

THE DENTAL profession in South Africa, 1969. Report No. B.5.

VERHOUDINGSANALISE van genoteerde maatskappye 1962 - 1969:

| | |
|---|---|
| Drank en Hotelle | Verslag no. C.1 |
| Suiker en Chemikalië | Verslag no. C.2 |
| Boubedryf | Verslag no. C.3 |
| Klerasie, Skoeisel en Tekstiel | Verslag no. C.4 |
| Groot- en Kleinhandelwinkels | Verslag no. C.5 |
| Meubels en Voedsel | Verslag no. C.6 |
| Visserye en Tabak | Verslag no. C.7 |
| Yster, Staal, Ingenieurswese en Elektries | Verslag no. C.8 |
| Motors en Vervoer | Verslag no. C.9 |
| Farmaseuties en Medies en Algemeen | Verslag no. C.10 |

U N I V E R S I T E I T   V A N   P R E T O R I A

STUDENTEVOORLIGTINGSBURO

Universiteit van Pretoria, Pretoria

Voorligtingsbeampte: Dr. J.A.J. van Vuuren

Telefoon: 746071
Telegramme: PUNIV

ALGEMENE INLIGTING

Aard van organisasie: Die Buro is in 1957 gestig met die doel om loopbaanvoorligting, akademiese en sielkundige voorligting aan die hand van sielkundige toetse aan studente te verskaf en om navorsing in hierdie verband te onderneem.

Beheer en administrasie: Die Buro word deur die Universiteit beheer. Navorsingsprojekte word deur die Voorligtingsbeampte en personeel van die Buro geloods en geformuleer na gelang van die eise van die oriëntasieprosedures aangaande eerstejaarstudente.

Personeel:

- Voorligtingsbeampte
- Assistent-voorligtingsbeampte
- Psigometrikus
- Sekretaresse.

Finansiering: Fondse word uit die universiteitsbegroting verkry.

Fasiliteite: Die Buro het toegang tot die elektroniese rekenaar en die biblioteek van die Universiteit en beskik oor studentetoetsmateriaal.

Skakeling: Daar word geskakel met universiteite en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Skakeling met die universiteite geskied deur middel van gesamentlike navorsing en gebruik van fasiliteite. Die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing wat nou by die RGN ingelyf is, het navorsingstoekennings voorsien.

OPLEIDING

Na gelang van die behoefte van hulle eie navorsing word navorsingspersoneel van die Buro opgelei deur aan nagraadse studiestukke te werk. Hulle verleen ook hulp aan nagraadse studente.

NAVORSING

Die Buro werk saam met universiteite, skole en die nywerheid om navorsingsgegewens te verkry.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Die standaardisering van 'n Groep-Rorschachtoets vir die gebruik in studentevoorligtingsituasies
- Die samestelling van 'n toetsbattery vir die keuring van ingenieurswese-studente aan 'n universiteit
- 'n Geldigheidstudie van die Myers-Briggs Persoonlikheidstoets vir die aanwysing van studierigtings volgens die persoonsprofiel soos deur die toets gemeet

- Standaardisering van 'n motiveringstoets vir universiteitstudente.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Buro publiseer 'n interne jaarverslag oor navorsingsaktiwiteite.

Die personeel van die Buro het referate oor hulle navorsingswerk by konferensies van die Sielkundige Instituut van Suid-Afrika (SIRSA) gelewer. Hierdie referate word deur SIRSA in die vorm van monografieë in 'n pamflet getitel Die Suid-Afrikaanse Sielkundige uitgegee.

Ander navorsingsuitslae van die Buro is as verhandelinge vir graaddoeleindes gepubliseer.

Onlangse publikasie

GOUS, H.T. 'n Verstandsvermoëtoets vir voornemende Afrikaanssprekende eerstejaarstudente. Pretoria, 1970, D.Phil., Universiteit van Pretoria, 1970.

## R A N D S E A F R I K A A N S E U N I V E R S I T E I T

Posbus 524, Johannesburg

Telefoon: 44-7151
Telegramme: RAUNIV

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

Dekaan: Prof. H.O. Mönnig

DEPARTEMENT KUNSGESKIEDENIS

Hoof: Dr. E.P. Engel

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Departement Kunsgeskiedenis is in Januarie 1970 gestig. Navorsingsaktiwiteite sluit in dokumentasie van Beeldende Kuns, Argitektuur en verwante kunste vir Kunshistoriese navorsing met betrekking tot Suid-Afrika.

Spesialisasiegebiede behels

- Suid-Afrikaanse Beeldende Kuns
- Suid-Afrikaanse Argitektuur
- 'n Algemene kunshistoriese versameling vir agtergrondstudies.

Funksies en beleid: Die Dokumentasiesentrum beoog om studiemateriaal te verskaf na aanleiding waarvan Kunshistoriese navorsing uitgevoer kan word.

Die beleid is om so 'n volledig moontlike fotografiese beeld op te bou van die studiemateriaal in bogenoemde spesialisasiegebiede en dit met verdere gegewens aan te vul.

Fasiliteite: Die Departement beskik oor 'n Kunsdokumentasie van meer as 5000 foto's en prente en 'n Kunsbiblioteek met 6000 bande, 26 tydskrifte, 5500 kleurskyfies.

Navorsing

Die Departement werk saam met Kuns- en Kultuurhistoriese Museumargiewe, Kunshandel en versamelaars om navorsingsgegewens te verkry.

Volledige besonderhede tesame met foto's van kunswerke word saamgestel en gesistematiseer vir rekorddoeleindes.

Navorsing wat aan die gang is

- Franse Kuns uit die 19de eeu in Suid-Afrika in openbare besit
- Die argitektuur van die binnestad van Johannesburg, van die begin tot 1920.

GESKIEDENISNAVORSINGSPROJEK: DIE GESKIEDENIS VAN DIE AFRIKANER AAN DIE RAND 1886-1961

Telefoon: 31-5200

Projekleier: Dr. E.L.P. Stals

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Geskiedenisnavorsingsprojek het teen die helfte van 1968 met sy werksaamhede begin. Dit het ten doel om die geskiedenis van die Afrikaner aan die Witwatersrand tot 1961 volledig na te vors. Alle aspekte van die onderwerp sal gedek word, bv. politiek, ekonomies, godsdienstig, kultureel, sosiaal, ens.

Beheer en administrasie: Afgesien van die feit dat die Projek 'n deel van die Geskiedenisdepartement aan die RAU uitmaak en daarom onder algemene universiteitsbeheer staan, word daar ook 'n beheerkomitee aangewys, bestaande uit vyf lede, wat direk toesig oor die werk van die Projek uitoefen. Daar bestaan 'n Breë Advieskomitee, wat die Projek gelanseer het en ook as skakel met die publiek dien. 'n Groot verskeidenheid van instansies is daarop verteenwoordig.

Finansiering: Die projek word gefinansier uit fondse van die RGN verkry en uit die universiteitsbegroting. Vir 1971/72 is begroot vir 'n totale bedrag van R18 908,40.

Fasiliteite: Die Projek beskik oor drie transistorbandopnemers, asook twee groter bandmasjiene vir die doel van mondelinge onderhoude. Vir die kopiëring van bronnemateriaal, soos bv. dokumente en koerantberigte, beskik die Projek oor twee draagbare 3M-kopieermasjiene.

Daar is 'n argief verbonde aan die Projek waarin skenkings van private dokumente bewaar word vir gebruik tydens die navorsing. Ook materiaal wat elders gekopieer word, asook die oorspronklike bandopnames van onderhoude en die afgetikte en geredigeerde weergawe daarvan word in die argief bewaar.

Die argief van die Projek is oop vir navorsers. Sommige van die private dokumenteskenkings is onderhewig aan gebruiksbeperkings deur die skenkers self bepaal. 'n Volledige kaartjiekatalogus vir literatuur rakende die navorsingsonderwerp word tans afgerond en sal vir navorsers toeganklik wees. Dié katalogus sal ongeveer 4 000 items bevat.

Skakeling: Skakeling is bewerkstellig met die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging-Volkskultuurstigting, Johannesburg, en die Instituut vir Eietydse Geskiedenis aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Die skakeling behels die wedersydse gebruik van geriewe.

NAVORSING

Die samewerking van 'n groot verskeidenheid van instansies word gesoek en is reeds

verkry met die oog op die versameling van navorsingsgegewens. Onder hulle tel kultuurorganisasies, finansiële instellings, onderwysinrigtings, kerklike instansies, politieke organisasies, mediese verenigings, plaaslike besture, en dergelike meer.

Mondelinge onderhoude word gevoer; dokumente van private persone en instansies word ingesamel, gekopieer of geraadpleeg; amptelike dokumente en koerantberigte wat ter sake is, word gekopieer; gepubliseerde werke en ongepubliseerde manuskripte word deurgewerk. Al dié bronnemateriaal word in die Argief byeengebring. Daarvandaan word dit volgens onderwerp op inligtingskaarte oorgewerk met die oog op die finale skryfwerk. Katalogusse van relevante kaarte en foto's word saamgestel vir gebruik tydens die navorsing en verwerking van die gegewens.

Navorsing wat onlangs afgehandel is

- Die geskiedenis van die Hoërskole Helpmekaar, 1921 - 1971.

PUBLIKASIES

Die navorsing sal uitkristalliseer in 'n reeks van vyf boekdele wat deur die Universiteit gepubliseer sal word.

Een kleiner publikasie het reeds as neweproduk by die navorsing verskyn:

GEYSER, O. Gedenktak Christo Beyers: Historiese oorsig, 1939 - 1969. Johannesburg, Randse Afrikaanse Universiteit, 1969. (Publikasiereeks: Die Geskiedenis van die Afrikaner aan die Rand, no. D1.)

## RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

BURO VIR HOëR ONDERWYS

Posbus 524, Johannesburg

Telefoon: 44-7151
Telegramme: RAUNIV

Hoof: Prof. J.R. Pauw

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Buro is in Februarie 1968 aan die Universiteit gestig.

Funksies en beleid: Die Buro het die volgende funksies:

- Die versameling van inligting, dokumentasie en die opbou en onderhou van kontak met soortgelyke instansies
- die beplanning en uitvoering (waar nodig met die hulp van departemente) van opnames, ondersoeke en eksperimente in verband met aspekte van hoër onderwys
- die voorlê van gegewens, ondersoekresultate en voorstelle aan die Onderrigkomitee
- die reël van konferensies en kursusse vir dosente in verband met universitêre onderrig
- die aanskaf, toetsing, beskikbaarstelling en demonstrasie aan dosente van hulpmiddels by onderrig

die kwartaallikse uitgee van die Bulletin vir Dosente, waarin inligting oor Hoër Onderwys en literatuur-ekserpte onder die personeel versprei word

die aanbieding van 'n taaldiens wat die volgende behels:

organisasie van en beheer oor taallaboratoriumdienste

hulp aan studente en dosente wat op hulle eie ekstra-kurrikulêre selfonderrig-kursusse in vreemde tale wil volg.

remediërende hulp aan studente wat probleme in die twee landstale ondervind

inisiëring of aanbeveling van navorsing in verband met taalprobleme van studente.

Beheer en administrasie: Die Buro word beheer deur 'n Senaatskomitee bestaande uit die volgende persone: Die Rektor, die Hoof van die Buro (wat ampshalwe die voorsitter is), die senior navorser (wat ampshalwe sekretaris is), die Hoof van die Taaldiens, Dekaan van Opvoedkunde, die Voorsitter van die Onderrigkomitee, die Voorsitter van die Leerganggroep Tale (of 'n verteenwoordiger deur die leerganggroep benoem), en 'n addisionele lid benoem deur die Onderrigkomitee met dien verstande dat indien die Voorsitter van die Onderrigkomitee 'n geesteswetenskaplike is, moet die addisionele lid 'n natuurwetenskaplike wees en omgekeerd.

Struktuur: Die Buro bestaan uit 'n navorsingsafdeling, 'n afdeling vir didaktiese advies, en 'n afdeling vir taaldiens en taalremediëring.

Personeel: Die personeel bestaan uit die Hoof, 'n Senior Navorser, Hoof van die Taaldiens en 'n Tegniese Assistente.

Finansiering: Navorsingsfondse word uit die Universiteitsbegroting verkry. 'n Bedrag word deur die Navorsingskomitee van die Senaat toegewys.

Fasiliteite: Die Universiteitsbiblioteek het ongeveer 500 boekdele in 'n spesiale afdeling van die biblioteek. Ongeveer 20 tydskrifte oor aspekte van hoër onderwys word gereeld ontvang.

## R A N D S E A F R I K A A N S E U N I V E R S I T E I T

### INSTITUUT VIR KINDER- EN VOLWASSENELEIDING

Posbus 524, Johannesburg

Direkteur: Prof. C.D. Roode

Telefoon: 44-7151
31-3287
Telegramme: RAUNIV

### ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Instituut vir Kinder- en Volwasseneleiding het sy ontstaan aan die Randse Afrikaanse Universiteit in 1970 gehad. Die Instituut poog om op interdissiplinêre vlak in die eerste instansie opleidings- en navorsingsfasiliteite daar te stel. Waar nodig word kliniese dienste na buite gelewer, maar dit word altyd ondergeskik aan die opleidings- en navorsingsaard van die Instituut gestel. Op die huidige oomblik dien die Instituut hoofsaaklik as opleidingsinstansie vir die M.A. Kliniese Sielkunde-program van die Departement Sielkunde, terwyl raadgewing in verband

met studieprobleme en aanverwante aspekte aan voornemende en ingeskrewe studente ook 'n deel uitmaak van die huidige funksies van hierdie Instituut.

Beheer en administrasie: Die beheer oor die Instituut word uitgeoefen deur 'n Beheerkomitee wat saamgestel word uit verteenwoordigers van die deelnemende departemente, te wete Sielkunde, Sosiologie, Maatskaplike Werk en Opvoedkunde. Hierdie verteenwoordigers verkies uit eie geledere 'n voorsitter vir 'n tydperk van 3 jaar. Hierdie Beheerkomitee doen jaarliks verslag van sy werksaamhede aan die Raad en Senaat van die Universiteit deur die betrokke fakulteit en leerganggroepe.

Die funksies van die Beheerkomitee is om die nodige koördinering ten opsigte van die gemeenskaplike opleidings- en navorsingsdoelstellings van die deelnemende departemente te inisieer en te bewerkstellig en om ander aspekte van 'n meer huishoudelike aard te hanteer.

Navorsingsprojekte kan beplan, geformuleer en uitgevoer word deur studente wat dit vir graadverwerwingsdoeleindes, skripsies en verhandelinge moet voltooi; deur personeel wat verbonde is aan die Instituut en sy funksies of deur enige ander persoon wat indirek skakel met die Instituut vir Kinder- en Volwasseneleiding. In alle gevalle word hierdie navorsingsprojekte deur die Beheerkomitee gekoördineer.

Die tydelike uitvoerende mag van die Instituut word uitgeoefen deur die voorsitter, prof. C.D. Roode, wat die funksie van Direkteur vervul.

Personeel: Afgesien van studente wat besig is met skripsies en verhandelinge en personeel wat met opleiding en kliniese werk gemoeid is, is daar geen voorsiening gemaak vir persone om in voltydse hoedanigheid navorsing te verrig nie. In die toekoms mag hierdie situasie moontlik verander. Alle personeellede en studente is in elk geval besig met navorsingsprojekte op deeltydse basis.

Die Instituut het tans 'n voltydse sekretaresse/tikster/ontvangsdame.

Finansiering: Op die huidige oomblik word die Instituut se werksaamhede uitsluitlik gefinansier uit universiteitsfondse. Die moontlikheid word tans ondersoek vir die verkryging van fondse uit die private sektor vir die totstandbrenging van 'n gekoördineerde navorsingsprojek oor kinders met leergebreke.

Fasiliteite: Die Instituut maak gebruik van die Universiteit se navorsingsfasiliteite en biblioteek.

Skakeling: Daar word tans gepoog om die "Illinois Test of Psycho-linguistic Abilities" in Afrikaans te vertaal en vir Suid-Afrikaanse omstandighede aan te pas. Met die oog hierop is skakeling met die departemente van Sielkunde aan die Afrikaanse universiteite, asook die RGN en NIPN bewerkstellig.

OPLEIDING

Opleiding in navorsingstegnieke vorm 'n integrale deel van die M.A. Kliniese Sielkundeprogram wat aan die Instituut vir Kinder- en Volwasseneleiding plaasvind. Navorsingseminare en voorlegging van skripsie- en verhandelingsonderwerpe deur studente, in die vorm van seminare, dien as leerskole in die algemene navorsingsmetodologie.

NAVORSING

Normale navorsingsprosedures vir die inskakeling en verwerking van gegewens word gevolg, te wete toetsing van 'n voorafbepaalde steekproef en verwerking van gegewens deur middel van rekenoutomate wanneer benodig.

Navorsingsprojek wat onlangs afgehandel is

- Breinfunksie en die liggaamsbeeld.

met studieprobleme en aanverwante aspekte aan voornemende en ingeskrewe studente ook 'n deel uitmaak van die huidige funksies van hierdie Instituut.

Beheer en administrasie: Die beheer oor die Instituut word uitgeoefen deur 'n Beheerkomitee wat saamgestel word uit verteenwoordigers van die deelnemende departemente, te wete Sielkunde, Sosiologie, Maatskaplike Werk en Opvoedkunde. Hierdie verteenwoordigers verkies uit eie geledere 'n voorsitter vir 'n tydperk van 3 jaar. Hierdie Beheerkomitee doen jaarliks verslag van sy werksaamhede aan die Raad en Senaat van die Universiteit deur die betrokke fakulteit en leerganggroepe.

Die funksies van die Beheerkomitee is om die nodige koördinering ten opsigte van die gemeenskaplike opleidings- en navorsingsdoelstellings van die deelnemende departemente te inisieer en te bewerkstellig en om ander aspekte van 'n meer huishoudelike aard te hanteer.

Navorsingsprojekte kan beplan, geformuleer en uitgevoer word deur studente wat dit vir graadverwerwingsdoeleindes, skripsies en verhandelinge moet voltooi; deur personeel wat verbonde is aan die Instituut en sy funksies of deur enige ander persoon wat indirek skakel met die Instituut vir Kinder- en Volwasseneleiding. In alle gevalle word hierdie navorsingsprojekte deur die Beheerkomitee gekoördineer.

Die tydelike uitvoerende mag van die Instituut word uitgeoefen deur die voorsitter, prof. C.D. Roode, wat die funksie van Direkteur vervul.

Personeel: Afgesien van studente wat besig is met skripsies en verhandelinge en personeel wat met opleiding en kliniese werk gemoeid is, is daar geen voorsiening gemaak vir persone om in voltydse hoedanigheid navorsing te verrig nie. In die toekoms mag hierdie situasie moontlik verander. Alle personeellede en studente is in elk geval besig met navorsingsprojekte op deeltydse basis.

Die Instituut het tans 'n voltydse sekretaresse/tikster/ontvangsdame.

Finansiering: Op die huidige oomblik word die Instituut se werksaamhede uitsluitlik gefinansier uit universiteitsfondse. Die moontlikheid word tans ondersoek vir die verkryging van fondse uit die private sektor vir die totstandbrenging van 'n gekoördineerde navorsingsprojek oor kinders met leergebreke.

Fasiliteite: Die Instituut maak gebruik van die Universiteit se navorsingsfasiliteite en biblioteek.

Skakeling: Daar word tans gepoog om die "Illinois Test of Psycho-linguistic Abilities" in Afrikaans te vertaal en vir Suid-Afrikaanse omstandighede aan te pas. Met die oog hierop is skakeling met die departemente van Sielkunde aan die Afrikaanse universiteite, asook die RGN en NIPN bewerkstellig.

## OPLEIDING

Opleiding in navorsingstegnieke vorm 'n integrale deel van die M.A. Kliniese Sielkundeprogram wat aan die Instituut vir Kinder- en Volwasseneleiding plaasvind. Navorsingseminare en voorlegging van skripsie- en verhandelingsonderwerpe deur studente, in die vorm van seminare, dien as leerskole in die algemene navorsingsmetodologie.

## NAVORSING

Normale navorsingsprosedures vir die inskakeling en verwerking van gegewens word gevolg, te wete toetsing van 'n voorafbepaalde steekproef en verwerking van gegewens deur middel van rekenoutomate wanneer benodig.

Navorsingsprojek wat onlangs afgehandel is

- Breinfunksie en die liggaamsbeeld.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Angs en liggaamsbeeld by reumatiese artritis
- Aggressie en onttrekking by emosioneel versteurde kinders
- 'n Ondersoek na die bruikbaarheid van die Kirschner-apparaat vir die remediëring van senso-motoriese gebreke by kinders
- Die aard en omvang van kognitiewe beheer oor die emosionele ontwikkeling by spastiese en athetotiese serebraal-gestremde kinders
- Standaardisering vir Suid-Afrikaanse omstandighede van die "Illinois Test of Psycho-linguistic Abilities"
- Ander losstaande projekte oor liggaamsbeeld, organiese indikators by die Rorschach en aanverwante kliniese onderwerpe wat nog behoorlik geformuleer en gekoördineer moet word.

R A N D S E   A F R I K A A N S E   U N I V E R S I T E I T

INSTITUUT VIR ONTWIKKELINGSTUDIES

Posbus 524, Johannesburg

Telefoon: 44-7151
Telegramme: RAUNIV

Direkteur: Vakant

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Instituut is in 1970 gestig met die doel om heeltydse navorsing op 'n interdissiplinêre grondslag te doen oor die ontwikkelingsprobleem in minder ontwikkelde gebiede, waarby inbegrepe die Bantoetuislande in Suid-Afrika.

Funksies en beleid: In die reglement van die Instituut word sy funksies soos volg uiteengesit:

- Om die praktiese opleiding op multi-dissiplinêre grondslag op voor- en nagraadse vlak van ontwikkelingsdeskundiges te organiseer en te behartig binne graad- en diplomaleergange goedgekeur deur die Senaat
- om korter kursusse vir opleiding of verfrissing van persone wat reeds in diens is te organiseer en te behartig
- om studie en navorsing op interdissiplinêre grondslag te onderneem oor ontwikkelingsvraagstukke hoofsaaklik in verband met minder-ontwikkelde gebiede
- om by te dra tot 'n beter begrip en oplossing van ontwikkelingsvraagstukke deur die reël van konferensies en simposia en die bekendstelling deur middel van publikasies of andersins van die resultate van sy werksaamhede
- om instansies betrokke by ontwikkeling deur advies en konsultasie behulpsaam te wees.

Beheer en administrasie: Die Instituut word beheer deur die Raad van die Randse Afrikaanse Universiteit, handelende op advies van 'n Beheerkomitee waaraan die Raad ook sekere bevoegdhede kan delegeer.

Die Beheerkomitee bestaan uit die Rektor van die Universiteit (voorsitter), die Direkteur van die Instituut, twee persone benoem deur die Senaat en twee persone benoem deur die Raad van die RAU vir 'n tydperk van 4 jaar.

Die funksies van die Beheerkomitee behels die beheer oor die beleid en die breë werkprogram van die Instituut, die koördinering van navorsing deur die Instituut met verwante navorsing elders in die Universiteit en die administratiewe, finansiële en personeelsake van die Instituut.

By die beplanning en formulering van navorsingsprojekte sal betrokke wees die personeel van die Instituut, die Beheerkomitee asook 'n Adviesraad wat deur die Universiteitsraad benoem word, in oorleg met die Beheerkomitee, om die Beheerkomitee te adviseer oor die uitoefening van die Instituut se funksies en die bevordering van sy doelstelling. Die uitvoering van navorsingsprojekte sal berus by die personeel van die Instituut, waarby inbegrepe personeellede van akademiese departemente van die Universiteit met gedeeltelike navorsingsopdragte in die Instituut.

Uitvoerende mag word deur die Direkteur van die Instituut beoefen.

Struktuur: Die hoof van die Instituut is die Direkteur, wat 'n lid is van die Universiteit se akademiese personeel en wat onder die algemene beheer van die Rektor die Instituut bestuur. Origens kan die personeel van die Instituut bestaan uit dosente, navorsers, administratiewe en tegniese beamptes.

Personeellede van akademiese departemente van die Universiteit kan ook gedeeltelike navorsings- of leeropdragte binne die Instituut opgelê word, en personeellede van die Instituut gedeeltelike leeropdragte in akademiese departemente van die Universiteit.

Finansiering: Die Instituut doen aansoek op aanbeveling van die Beheerkomitee by die Raad om fondse vir akademiese en navorsingspersoneel, toerusting, biblioteekmateriaal, en navorsing deur middel van respektiewelik die Uitvoerende Komitee van die Senaat, Toerustingskomitee, Biblioteekkomitee en Navorsingskomitee. Die Beheerkomitee kan ook volgens 'n begroting deur die Raad goedgekeur, beskik oor fondse wat spesifiek vir die Instituut verwerf is en wat deur die Registrateur (Finansies en Bedryf) bestuur word. Die Beheerkomitee doen jaarliks verslag aan die Raad oor hierdie fondse.

Fasiliteite: Die Instituut het toegang tot die elektroniese rekenaar van die Universiteit en die Universiteitsbiblioteek. Die totale boekevoorraad van die biblioteek is 130 000.

OPLEIDING

Daar is 'n spesiale driejarige graadleergang in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die Universiteit ingestel vir die opleiding van ontwikkelingsdeskundiges. Die akademiese beheer oor die leergang, leerplanne en eksamens in verband met Ontwikkelingstudies berus by die Senaat op advies van die betrokke Fakulteite en 'n Leerganggroep Ontwikkelingstudies, saamgestel uit die Direkteur van die Instituut en verteenwoordigers van die Departemente Volkekunde, Ekonomie, Staatsleer, Sosiologie en Ontwikkelingsadministrasie. Benewens die oplegging van gedeeltelike leeropdragte in akademiese departemente aan personeellede van die Instituut moet die Instituut die verantwoordelikheid neem vir 'n interdissiplinêre praktikum wat 'n verpligte deel uitmaak van al drie studiejare in die leergang Ontwikkelingstudies asook van die vak Ontwikkelingsadministrasie.

Beurse is vir 1971 deur die Staatsdienskommissie, namens die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, beskikbaar gestel spesifiek vir die opleiding van ontwikkelingsdeskundiges in die opleidingsprogram hierbo genoem.

R A N D S E   A F R I K A A N S E   U N I V E R S I T E I T

INSTITUUT VIR STEDELIKE STUDIES

Posbus 524, Johannesburg.

Telefoon: 44-7151
Telegramme: RAUNIV

Direkteur: Vakant

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Randse Afrikaanse Universiteit het in 1970 'n Instituut vir Stedelike Studies in die lewe geroep om navorsing, veral interdissiplinêr, oor vraagstukke in verband met die grootstad te stimuleer en te koördineer. 'n Afsonderlike instituut is nodig geag eerstens omdat die verwagte omvang en aard van die navorsing meer sal behels as wat normaalweg deur die gewone akademiese personeel in die betrokke studiedepartemente behartig kan word, sodat vir spesiale addisionele navorsingspersoneel vir hierdie besondere doel voorsiening gemaak moet word, en tweedens om 'n orgaan daar te stel wat die samewerking en koördinasie tussen die verskillende dissiplines t.o.v. grootstedelike probleme kan verseker. Die gedagte is dat die Instituut vir sy projekte dosente uit die bestaande departemente sal betrek, maar op sy beurt ook weer van sy navorsingspersoneel beskikbaar sal stel vir projekte wat deur bepaalde afsonderlike departemente aangepak word.

Funksies en beleid: Die doelstellings van die Instituut is voorlopig soos volg geformuleer:

- Om navorsing - van teoretiese en praktiese waarde - op wetenskaplike gebiede wat vir die doeleindes van stedelike studies in die wydste sin van nut kan wees, te onderneem en te bevorder

- om interdissiplinêre navorsingsprojekte te loods, te organiseer en te finansier

- om individuele sowel as interdepartementele navorsing te koördineer

- om dosente met navorsingswerk behulpsaam te wees, en om met nagraadse studieprogramme behulpsaam te wees deur studente die geleentheid te bied om op praktiese wyse vertroud te raak met navorsingsmetodes en navorsingsprobleme.

Die Randse Afrikaanse Universiteit beskou homself as die eerste Afrikaanse Universiteit wat werklik in 'n stedelike kompleks geplaas is. Die Universiteit het dus 'n verantwoordelikheid om die Afrikaanse gemeenskap, wat hy in die besonder wil dien, te help om tot 'n beter begrip van die probleme van die grootstad te kom en om hom beter daarby aan te pas en die geleenthede en uitdagings van die grootstad doeltreffender aan te gryp. Terselfdertyd bied die Universiteit se plasing binne die metropolitaanse gebied van Johannesburg en die Witwatersrand die geleentheid om dringend en van naby die vraagstukke van die enigste werklike grootstedelike kompleks in die Republiek te bestudeer. Sodoende kan 'n betekenisvolle bydrae gemaak word tot ons kennis en begrip ook van toekomstige grootstedelike ontwikkeling en vraagstukke in Suid-Afrika.

Dit is die gedagte om die navorsingswerk so aan te pak dat 'n geheelbeeld van die grootstad met sy funksioneel onderling afhanklike dele behoue sal bly, maar dat daar tog nog ruimte is vir toespitsing op die besondere probleme van die stadslewe. Daar word verwag dat die eerste taak van die Instituut sal wees 'n redelik breë oriëntering en verkenning oor die problematiek van die grootstad as 'n geheel.

Beheer en administrasie: Die Instituut word beheer deur die Raad van die Universiteit deur 'n Bestuurskomitee van die Instituut. Bestuurslede word deur die Raad van die Universiteit aangestel.

Die basiese funksies van die Bestuurskomitee is die volgende:

- Die goedkeuring van, en toesig en beheer oor, projekte
- die aanwys van loodskomitees vir die onderskeie projekte
- die behartiging van die interne organisasie van die Instituut
- aanbevelings t.o.v. poste en die aanstelling van die personeel
- die insameling van fondse in noue koördinasie met die Skakelafdeling van die Randse Afrikaanse Universiteit
- die opstel van 'n jaarlikse verslag aan die Raad en Senaat van die Randse Afrikaanse Universiteit oor die Instituut se werksaamhede.

Navorsingsprojekte word beplan, geformuleer en uitgevoer deur die Bestuurskomitee van die Instituut.

Uitvoerende mag word deur die Direkteur van die Instituut beoefen.

Struktuur: Die volgende interne struktuur word in vooruitsig gestel:

'n Direkteur, senior navorsers, navorsers, navorsingsassistente en administratiewe personeel.

Finansiering: Die Instituut word uit 'n Universiteitstoelae en donasies van sakeondernemings en plaaslike owerhede gefinansier.

Fasiliteite: Rekenaarfasiliteite is beskikbaar. Die Instituut het toegang tot die Universiteitsbiblioteek wat 'n spesiale toekenning vir literatuur oor stedelike studies ontvang het.

Skakeling: Skakeling is aan die gang met die RGN, Staatsdepartemente, plaaslike owerhede en sakeondernemings.

Die skakeling behels geldelike bystand, inligting en gesamentlike navorsing.

OPLEIDING

Opleiding van navorsers is een van die spesifieke doelstellings van die Instituut.

NAVORSING

Navorsing tans aan die gang word deur doserende personeel onderneem.

Navorsing wat aan die gang is

- 'n Studie oor die bevordering van publieke vervoer in Suid-Afrikaanse stede, met spesiale verwysing na bus- en huurmotorvervoer aan die Witwatersrand (word deur die Departement Vervoerekonomie onderneem)
- 'n Studie oor oorsese navorsingsinstellings op die terrein van stedelike studies: benadering tot, bestek en metodes van navorsing
- 'n Geselekteerde Bibliografie van Stedelike Studies in enkele westerse lande.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

'n Jaarverslag word publiseer, maar word nog nie versprei nie.

## R A N D S E   A F R I K A A N S E   U N I V E R S I T E I T

### MUSEUM VIR ARGEOLOGIE EN ANTROPOLOGIE

Posbus 524, Johannesburg — Telefoon: 44-7151; Telegramme: RAUNIV

Departementele Voorsitter: Prof. H.O. Mönnig

#### ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Museum, wat in 1968 gestig is, versamel voorwerpe wat betrekking het op die materiële kultuur van die inheemse rasse van Suidelike Afrika sowel as argeologiese materiaal in Suidelike Afrika. Die doel is om fasiliteite te skep vir onderrig asook vir navorsing. Tans word bepaalde aandag gegee aan versamelinge onder stamme in die Transvaal, maar verskeie ander versamelinge is ook al ontvang.

Beheer en administrasie: Die Museum word deur personeellede van die Departement van Volkekunde onder leiding van die Departementele Voorsitter beheer.

Personeel: Al die personeellede word eerstens in doserende poste aangestel en onderneem museumwerk en navorsing ter aanvulling. Tans is daar drie deeltydse vakkundige personeellede.

Finansiering: Afgesien van private skenkings, (meestal in die vorm van versamelings) word al die fondse deur die Universiteitsraad geskenk, en is sodanige fondse van 'n begroting afhanklik.

Fasiliteite: Die Museumpersoneel het toegang tot die Universiteitsbiblioteek.

#### NAVORSING

Die personeel is tans almal besig met individuele navorsing waarby die museum gedeeltelik geïntegreer is.

Navorsing word gedoen in verband met die versameling van voorwerpe uit die materiële kultuur van die Bantoe.

#### PUBLIKASIES

Publikasies van navorsinguitslae sal sporadies wees.

## R H O D E S - U N I V E R S I T E I T

### INSTITUUT VIR SOSIALE EN EKONOMIESE NAVORSING

Rhodes-universiteit, Grahamstad — Telefoon: 2420

Direkteur: Prof. D. Hobart Houghton

#### ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Instituut is in 1954 gestig, met die doel om samewerking met betrekking tot navorsing tussen die verskillende departemente van sosiale wetenskappe aan die Rhodes-universiteit te bevorder, om bronnemateriaal saam te voeg en om 'n

koördinerende sentrum vir dié projekte wat 'n aantal deeldissiplines behels, te voorsien. Grahamstad is baie geskik vir maatskaplike en historiese navorsing, aangesien die Oostelike Kaapprovinsie die gebied is waar die belangrikste rasse van Suid-Afrika vir die langste tydperk - byna twee eeue reeds - met mekaar noue kontak het. Dit is binne bereik van die nywerheidsentrum Port Elizabeth en Oos-Londen, die Blanke boerderygebiede van die Karoo en die Bantoegebiede van die Ciskei en Transkei. Die ontwikkeling van 'n mate van selfregering verleen besondere belang aan laasgenoemde gebied, terwyl die multimiljoenrand Oranje/Visrivierskema nuwe moontlikhede vir die ontwikkeling van die Kaapse Middellande en die Karoogebied daarstel.

'n Ruim toelae van $50 000, wat in 1954 van die Carnegie-korporasie ontvang is, het die stigting van die instituut moontlik gemaak.

Beheer en administrasie: Die Instituut word beheer deur 'n Bestuursraad, bestaande uit 'n komitee van die Senaat van die Rhodes-universiteit.

Die Raad bestaan uit die Vise-kanselier, die Vise-rektor en die Hoofde van die Departemente Afrikanistiek, Handel, Ekonomie, Opvoedkunde, Geskiedenis, Toegepaste Wiskunde, Staatsleer, Sielkunde en Sosiologie, die Professor in Kerkgeskiedenis, die Registrateur en die Direkteur van die Instituut.

Die Direkteur is aan die Raad vir die administrasie van die Instituut verantwoordelik.

Groter navorsingsprojekte of groepe projekte word onder beheer van spesiale komitees, wat aan die Bestuursraad verantwoordelik is, geplaas. Kleiner projekte staan onder die beheer van individuele toesighouers.

Navorsingsprojekte word op versoek van buite-instansies bv. Karoo en Kaap Middellandse Ontwikkelingsvereniging en die Suid-Oostelike Vereniging van Publieke Instansies, of Staatsdepartemente, of individue van die verskillende akademiese departemente aan die Rhodes-universiteit, of van oorsese universiteite aangepak.

Personeel: Die toesighouers oor navorsingsprojekte is professore in die Ekonomie, Geskiedenis, Opvoedkunde, Aardrykskunde, Afrikanistiek, Sosiologie, Sielkunde en Handel. Benewens die toesighouers, is daar 28 navorsingspersoneellede aan die Instituut verbonde. Daar is drie klerklike personeellede en een litografiese operateur.

Finansiering: Finansiële ondersteuning word van 'n verskeidenheid bronne verkry, o.a. die Universiteitsraad, Staatsdepartemente, die Kaaplandse administrasie, liefdadigheidstigtings en verskeie plaaslike owerhede.

Fasiliteite: Die Instituut beskik oor 'n litografiese drukpers vir die druk van publikasies en vraelyste van die Instituut. Die pers word bedien deur vier elektriese tikmasjiene. Daar is twee rekenmasjiene tot die beskikking van lede van die Instituut, wat ook toegang het tot die rekenaarsentrum van die Universiteit.

Die Instituut beskik ook oor kampgereedskap vir diegene wat veldwerk onderneem en vervoer kan van die Universiteit se gesamentlike vervoergeriewe verkry word.

Die Instituut het toegang tot die Universiteitsbiblioteek, wat 165,000 bande bevat. 'n Vakkatalogus van die Universiteit se voorraad boeke en pamflette oor Afrika is vir studente beskikbaar. Lede van die Instituut het ook toegang tot die Cory-biblioteek vir Historiese Navorsing en stappe word gedoen om die versameling publikasies van ander Afrikalande op te bou. Kontak is ook met die Afrika-Instituut te Pretoria gemaak, met die oog op die uitruil van inligting insake aanwinste en om beskikbaarheid in die kaartindeks aan te dui.

Skakeling: Die Instituut skakel met die Universiteit van Port Elizabeth en die Universiteit van Fort Hare, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en Staatsdepartemente. Skakeling geskied in die vorm van finansiële steun en die uitruil van publikasies. Besprekings ten opsigte van navorsing word met bogenoemde universiteite gevoer.

NAVORSING

Die Instituut werk saam met universiteite, die nywerheid en spesifieke groepe van die publiek om eksperimentele gegewens te verkry.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

Projek waarin meer as een departement betrek is

- Sosio-ekonomiese gebiedsopname van die Kaapse Middellande en Karoo (uitgevoer deur die Departemente van Afrikanistiek, Handel, Ekonomie, Opvoedkunde, Aardrykskunde, Geskiedenis, Liggaamlike Opvoeding en Sosiologie)

Navorsing in die Departement Afrikanistiek

- Bantoemiddelklas-elite (besoekende geleerde)
- Godsdiens en towerkuns onder die Ndlambe (etnoloog by die Oos-Londense Museum)
- Die proses van besluitneming in 'n landelike gemeenskap: Lesotho (lid van die navorsingspersoneel)
- 'n Volkekundige studie van die Sjinese gemeenskap in Port Elizabeth (lid van die navorsingspersoneel)

Navorsing in die Departement Ekonomie

- Verspreiding van inkomste en ekonomiese groei in Suid-Afrika sedert 1910 (lid van die navorsingspersoneel)
- Bronnestudie oor Suid-Afrikaanse ekonomie (Direkteur en lid van die navorsingspersoneel)
- Bantoe-ondernemersaktiwiteit met spesiale verwysing na die Transkei en Ciskei (lid van die navorsingspersoneel)

Navorsing in die Departement Geskiedenis

- Geskiedenis van Rhodesië en die Federasie 1945-1965 (lid van die navorsingspersoneel)

Navorsing in die Departement Godgeleerdheid

- Geskiedenis van die Metodistekerk in Suid-Afrika (lid van die navorsingspersoneel)

Navorsing in die Departement Sielkunde

- 'n Kruiskulturele Studie van Persepsie (navorsingspan van die Departement Sielkunde)

Navorsing in die Departement Sosiologie

- Sosiologiese studie van die Bantoepers (lid van die navorsingspersoneel)

Navorsing in die Departement Staatsleer

- Die graad en omvang van die verskuiwing van meer gevorderde werkgeleenthede na Transkeiburgers (lid van die navorsingspersoneel)

Ander navorsingsprojekte

- Geskiedenis van die regiment "Kaffrarian Rifles" (lid van die navorsingspersoneel).

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Instituut publiseer 'n jaarverslag, wat by die Instituut verkrygbaar is. Navorsingsresultate word in boekvorm of in die reeks Occasional Papers gepubliseer.

Onlangse publikasies (Occasional Papers)

WATTS, H.L. and AGAR-HAMILTON, J.A.I. Border Port: a study of East London South Africa. Grahamstown, Institute of Social and Economic Research, 1970. Rhodes University. (Occasional Paper, No. Thirteen.)

BANACH, J.A. The Cape Midlands; its demography (1911-1960) and regional income (1954/55 - 1959/60). Grahamstown. Institute of Social and Economic Research, 1970 Rhodes University. (Occasional Paper, No. Fourteen.)

*Xhosa in Town-reeks*

II MAYER, Philip. Townsmen or Tribesmen. Cape Town, Oxford University Press, 1965. (Sagteband, 1971.)

R H O D E S - U N I V E R S I T E I T

INSTITUTE FOR THE STUDY OF ENGLISH IN AFRICA
(INSTITUUT VIR DIE STUDIE VAN ENGELS IN AFRIKA)

Rhodes-universiteit, Posbus 94, Grahamstad Telefoon: 3823

Direkteur: Prof. W.R.G. Branford

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Instituut is in Julie 1964 aan die Rhodes-universiteit, Grahamstad, gestig. Dit het sy oorsprong te danke aan 'n toespraak wat in 1961 deur professor F.G. Butler by geleentheid van 'n samekoms van die South African Council for English Education in Kaapstad, gehou is. Hierin het hy die stigting van so 'n Instituut voorgestel, met die doel om die probleme ten opsigte van Engels in Afrika, en in die Republiek in die besonder, as moedertaal, amptelike taal en tweede taal te bestudeer; hoe dit deur die belangrikste taalgroepe gepraat en geskryf word; hoe dit onderrig word; om swakhede in die huidige stelsels op te spoor en middele te vind om hulle die hoof te bied - 'n navorsingsinstituut, dus, met 'n sterk praktiese inslag.

Funksies en beleid: Die Instituut sal navorsing steun, inligting versamel, met Suid-Afrikaanse en oorsese vakkenners skakel en konferensies en opleidingskursusse vir onderwysers en ander belangstellendes op die breë terrein van die studie van Engels in Afrika reël.

Die doelstelling van die Instituut is om die standaard van gesproke en geskrewe Engels vir alle dele van die gemeenskap te verbeter. Die Instituut glo dat baie van die pogings wat tans aangewend word, doelloos en ondoeltreffend is, as gevolg van 'n gebrek aan kennis van die aard en funksionering van Engels in ons ingewikkelde taalmilieu. Daar is 'n behoefte om die swakhede in die huidige onderwysstelsel vas te stel en te definieer en om oplossings op 'n stewige teoretiese en proefondervindelike grondslag te vind. Die Instituut lê hom veral daarop toe om die probleme van diegene wie se huistaal nie Engels is nie, te verlig.

Beheer en administrasie: Die Instituut word beheer deur 'n Raad, bestaande uit 'n komitee van die Senaat, wat 'n lid van die Universiteitsraad insluit. Dit het die reg om te

koöpteer, word aangestel deur en is verantwoordelik aan die Senaat van die Universiteit, met 'n Direkteur wat aan die Raad verantwoordelik is. Daar bestaan 'n subkomitee vir die Verkenningstudie vir die Dictionary of South African English.

Die Raad bestaan uit die volgende persone: Die Vise-kanselier, die Vise-prinsipaal, 'n lid van die Universiteitsraad, die Hoofde van die Departemente Engels, Afrikaans/ Nederlands, Opvoedkunde en Sosiale Antropologie, die Professor van Engelse Taal en die Direkteur van die Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing.

Die Raad hou deur middel van sy Direkteur toesig oor die bedrywighede van die Instituut, en hersien uitgawes en beleid op die jaarvergaderings.

Gewone navorsingsprojekte word deur persone wat van voorneme is om hulle te onderneem, voorgestel. Sekere projekte is op versoek van die English Academy onderneem en een op versoek van die Liturgiese komitee van die Church of the Province of South Africa. Ander projekte, soos die Woordeboekprojek en die Konsephandleiding van Sintaksis, word deur die Raad geloods en as deel van Instituutbeleid uitgevoer.

Struktuur: Die Instituut werk, onder die algemene toesig van die Direkteur.

Personeel: Benewens die Direkteur, wat Professor van Engelse Taal aan die Universiteit is, is daar tans twee voltydse navorsers, ses deeltydse professioneel gekwalifiseerde navorsers en twee deeltydse assistente, een gegradueerd en die ander ongegradueerd. Daar is 'n voltydse sekretaresse.

Finansiering: 'n Jaarlikse toelae van R5 500 word van die Rhodes-universiteitsraad ontvang. Ander fondse is afkomstig uit bydraes deur private instansies; veral die Anglo-American Corporation, South African Associated Newspapers en Argus Newspapers. The Dictionary of South African English on Historical Principles en sekere ander projekte word tans deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ondersteun.

Fasiliteite: Die Instituut het toegang tot die rekenaar en kaartsorteringstoerusting van die Rhodes-universiteit. Die biblioteek van die Universiteit ($\frac{1}{2}$m. bande) is versterk deur die aankoop vir die Instituut van lang reekse linguistiese tydskrifte en ander gespesialiseerde materiaal. Die Cory-biblioteek vir Historiese Navorsing bevat unieke bronnemateriaal vir die vroeë geskiedenis van Suid-Afrikaanse Engels.

Die Instituut voer gereelde briefwisseling met die Language Teaching Information Centre (State House, High Holborn, London), die English Teaching Centre of the University of Michigan, vir wie dit toetse toepas, en met 'n aantal departemente van Engels en navorsingsinstansies in Brittanje, die Verenigde State en Israel.

Skakeling: Die Instituut skakel met die English Academy of Southern Africa. Dit het navorsing vir die Academy onderneem, gehelp om publikasies te finansier en in 1966 aan die Academy se konferensie oor Engels as Kommunikasie deelgeneem. Die Instituut het ook die Academy se konferensie oor South African Writing in English, and its place in the School and University, in Julie 1969 in Grahamstad gereël.

## OPLEIDING

Die Instituut het 'n aantal navorsers opgelei, beide deur middel van die deelname van personeel van die Instituut aan die program vir die Interdepartementele Honneursgraad in Linguistiese Studies en deur die aanstelling van navorsingsbeurshouers en navorsers vir spesifieke projekte.

## NAVORSING

Die Instituut het navorsingsgegewens van skole bekom, met die samewerking van die vier provinsiale onderwysdepartemente en die Departement van Bantoe-onderwys. Die Instituut het ook eksperimentele gegewens van kwekelinge aan teologiese kolleges verkry.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- A Dictionary of South African English on Historical Principles saam met 'n Pocket Dictionary wat op dieselfde inhoud gebaseer is
- 'n Konsephandleiding van Engelse sinstruktuur
- 'n Studie van die onderrig van Engelse grammatika aan Engelssprekende leerlinge in Suid-Afrikaanse hoërskole
- Engels in die onderwysstelsel van die Kaapprovinsie: 'n Sosio-taalkundige studie
- 'n Vergelykende fonologiese beskrywing van Suid-Afrikaanse Engels en Afrikaanse Engels.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

'n Jaarverslag oor die bedrywighede van die Instituut is van die kantoor van die Instituut verkrygbaar.

Navorsingsbevindinge is in 'n reeks ISEA-verslae beskikbaar en 'n aantal publikasies deur lede van die Instituut het ook in letterkundige en taalkundige blaaie verskyn.

Onlangse publikasies deur lede van die Instituut

ALDRIDGE, M.V. The Interpretation of will and shall. Taalfasette. 14, 1971.

BRANFORD, Jean. Making a South African English dictionary. UCT. 12, 1971.

BRANFORD, Jean. An Experiment in translation and a note on some Afrikaans congates as a guide to the interpretation of Old English. In: ROBERTS, Gildas, ed. Seven Studies in English. Cape Town, Purnell, 1971.

BRANFORD, William. Literature as semi-sentences. Taalfasette. 15, 1971.

BRANFORD, William. Dictionary of South African English on Historical Principles. Grahamstown, Rhodes University, Institute for the Study of English in Africa. 1970. Report No. 1, 15 June 1970.

BRANFORD, William. Dictionary of South African English on historical principles. Grahamstown, Rhodes University. Institute for the Study of English in Africa. 1970. Report No. 2, 15 Aug. 1970.

BRANFORD, William. A note on the English of John Ayliff's 'Journal'. In: HINCHCLIFF, Peter, ed. The Journal of John Ayliff. Cape Town, A.A. Balkema, 1971.

BRANFORD, William. Aardvark to Zwarthout: Social and historical aspects of the South African English vocabulary. In: ROBERTS, Gildas, ed. Seven Studies in English. Cape Town, Purnell, 1971.

VENTER, M.G. The Psychology of grammar. Education. May 1971.

VENTER, M.G. and WALKER, John. Dictionaries of South African English usage. Education. Feb. 1971.

VENTER, M.G. and WALKER, John. An Aggravating situation. Education. July 1971.

U N I V E R S I T E I T   V A N   S T E L L E N B O S C H

BURO VIR EKONOMIESE ONDERSOEK

Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch          Telefoon: 3003

Direkteur: Prof. C.G.W. Schumann

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Buro vir Ekonomiese Ondersoek is in 1944 gestig. Terwyl die historiese ontleding van bedryfsiklusse tot in die vroeë vyftigerjare die hooftema was, is bedryfsvooruitskatting sedertdien in toenemende mate gedoen.

Die doelstellings van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek (BEO) is soos volg:

- om ekonomiese toestande in die land te bestudeer, met besondere verwysing na diagnose en prognose van die bedryfsiklus, strukturele veranderinge in die Suid-Afrikaanse ekonomie en aparte sektore van bedrywigheid

- om ekonomiese statistiese gegewens te versamel en te ontleed

- om besondere navorsingsprojekte van ekonomiese aard waarom publieke of private instansies vra, te onderneem.

Funksies en beleid: Bevindinge van die BEO se navorsing op die gebied van die ontleding van ekonomiese toestande en vooruitskatting is tot hulp vir private sakeondernemings, die regering en ander in die bepaling van beleid. Die BEO probeer veral om private sakeondernemings tot hulp in hierdie opsig te wees. Hierdie doelstelling word in die aanbieding van navorsingsbevindinge in gedagte gehou. Deur ondersoeke wat deur staatsdepartemente, private sakeondernemings en ander aan hom opgedra word, te onderneem, dien die BEO as 'n onafhanklike navorsingsliggaam wat oor die nodige skoling beskik om sodanige ondersoeke uit te voer. Onbevooroordeeldheid en 'n hoë standaard van wetenskaplike objektiwiteit is voorwaardes vir enige navorsing, maar veral vir navorsing wat in opdrag uitgevoer word.

Beheer en administrasie: Beheer van die Buro berus by die Beheerkomitee en die Advieskomitee. Die Beheerkomitee bestaan uit die Direkteur, wat deur die Senaat van die Universiteit van Stellenbosch aangestel word, die Hoofekonoom, die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, die Hoof van die Departement Ekonomie aan die Universiteit, die Hoof van die Departement Wiskundige Statistiek aan die Universiteit, en twee ander persone wat deur die Senaat van die Universiteit vir 'n tydperk van drie jaar aangestel word.

Die Advieskomitee bestaan uit die lede van die Beheerkomitee saam met verteenwoordigers van die sakegemeenskap en ekonome. Moontlike lede word deur die Beheerkomitee gevra om in die Advieskomitee te dien.

Die Beheerkomitee is verantwoordelik vir die formulering van en toesig oor navorsingsbeleid en -projekte, beskik oor die bevindinge van navorsingsprojekte, help met die insameling en toewysing van fondse, en doen aanbevelings by die Universiteit betreffende die aanstelling van personeel.

Die Advieskomitee dien as 'n liggaam wat breë riglyne in verband met navorsingsbeleid en die toewysing van fondse vir navorsingsprojekte aandui.

Navorsingsprojekte word deur die Beheerkomitee in oorleg met die Advieskomitee geloods en geformuleer.

Private en openbare instansies dra gereeld besondere ondersoeke aan die BEO op.

Personeel: Die voltydse navorsingspersoneel van die BEO bestaan tans uit vyf lede,

t.w. die Hoofekonoom, 'n senior ekonoom, twee ekonome en 'n tegniese assistent.

Die deeltydse vakkundige personeel van die Buro bestaan uit drie lede wat in voltydse hoedanigheid in die diens van die Departemente Wiskundige Statistiek en Ekonomie van die Universiteit van Stellenbosch staan.

Die Buro het vir administratiewe doeleindes drie tiksters/klerke in diens. Die Administrasie van fondse (boekhou, uitbetalings, ontvangste, mediese hulp, pensioenfonds, ens.) word deur die administratiewe afdeling van die Universiteit van Stellenbosch behartig.

Finansiering: In orde van belangrikheid is die bronne van die Buro se fondse soos volg:

- Donasies deur private firmas en publieke korporasies
- Inkomste uit ondersoeke wat in opdrag uitgevoer word
- Die universiteitsbegroting
- Navorsingstoekennings
- Intekengeld en die verkoop van boeke.

Fasiliteite: Die BEO het gratis toegang tot die rekenaarfasiliteite van die Universiteit van Stellenbosch. Die biblioteek omvat 5 000 bande, 68 tydskrifte, 300 Bloueboeke, talle pamflette oor Suid-Afrikaanse en buitelandse ekonomie, en maatskappyverslae.

Die BEO het sowat 3 250 firmas in die nywerheid, die groothandel, kleinhandel, motorhandel en die bounywerheid op sy poslys. Hierdie korrespondente voltooi gereeld sy opnamevraelyste.

Skakeling: Skakeling vir navorsingsdoeleindes is bewerkstellig met:

- Ciret (International Contact of Business Tendency Surveys) -(die uitruil van navorsingsbevindinge en die bywoning van twee jaarlikse konferensies)
- Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (navorsingstoelaes)
- Die Departement van Beplanning (ondersoeke wat opgedra word)
- Die Nasionale Ontwikkelingsfonds vir die Bounywerheid (die kwartaallikse opname van ekonomiese toestande in die bounywerheid)
- Die Suid-Afrikaanse Gefedereerde Kamer van Nywerhede, die Verenigings van Kamers van Koophandel van Suid-Afrika, en die Afrikaanse Handelsinstituut (die uitvoer van opnames van ekonomiese toestande in handel en nywerheid).

Publikasies word met die volgende navorsingsorganisasies uitgeruil:

Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing, Universiteit van die OVS.
Instituut vir Maatskaplike Navorsing, Universiteit van Natal.
Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing, Rhodes-universiteit
Buro vir Marknavorsing, Universiteit van Suid-Afrika
Instituut vir Beplanningsnavorsing, Universiteit van Port Elizabeth
IFO-Institut für Wirtschaftsforschung, München, Wes-Duitsland
Institut für Wirtschaftsforschung, Eidgenössischen Technischen Hochschule, Zurich
Hamburgisches Weltwirtschafts-Archiv, Hamburg
Nationale Bank van België, Brussels
Confederation of British Industries, Londen
The National Institute of Social and Economic Research, Londen

OPLEIDING

Navorsers word opgelei deur die aanstelling van voltydse of deeltydse navorsingsbeamptes met minimum kwalifikasie 'n honneursgraad in Ekonomie of Statistiek vir opleiding as navorsingspersoneel.

Navorsingspersoneel van die Buro dra by tot die doseerprogram van die Universiteit en lektore van die Universiteit verleen op deeltydse basis hulp met navorsingsprojekte van die Buro. Daarbenewens dra die toegang wat lede van die doserende personeel, ander universiteitspersoneel en studente tot die navorsingsfasiliteite van die Buro het, tot die opleiding van navorsers by.

NAVORSING

Die Buro se vraelyste word deur firmas in die vervaardigingsnywerheid, die bounywerheid en die handel voltooi. Vir hierdie doel bestaan daar besondere verhoudings tussen die BEO, die Nasionale Ontwikkelingsfonds vir die Bounywerheid, die Gefedereerde Kamer van Nywerhede, die Verenigings van Kamers van Koophandel van Suid-Afrika en die Afrikaanse Handelsinstituut.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Kwartaallikse opname van saketoestande in nywerheid en handel (navorsingswerkers)
- "Vooruitsigte vir 19 ...." (navorsingswerkers)
- "Medium-termynvooruitskatting" (navorsers en een ekonoom in die diens van 'n private sakeonderneming as mede-outeur)
- "Kwartaallikse opname van ekonomiese toestande in die bounywerheid" (navorsers)
- 'n Ondersoek na die metodes wat deur die BEO in die opstel van sy kwartaallikse, jaarlikse en medium-termynvooruitskatting toegepas word (navorsers en doserende personeel)
- Navorsing in verband met die teoretiese en statistiese tendense en verbande wat die verloop van nasionale rekeningstatistieke bepaal met die uiteindelike doelstelling om ekonometriese vooruitskattingsmodelle vir die Suid-Afrikaanse ekonomie te konstrueer (navorsers en doserende personeel)
- Siklusse in die Bounywerheid (doserende personeel)
- Groei, strukturele veranderinge en fluktuasies in die Suid-Afrikaanse Ekonomie, 1910-1967 (Direkteur, doserende personeel en ekonome van ander universiteite (U.P. en Unisa) en die Suid-Afrikaanse Reserwebank).

Voorwaardes vir die gebruik van bevindings van ondersoeke wat opgedra word, word deur die liggame bepaal wat sodanige ondersoeke aan die Buro opdra. Twee jaar na die voltooiing van sodanige navorsingsprojekte word die bevindings vir algemene gebruik beskikbaar.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Alle navorsingsbevindinge word as verslae gepubliseer, en is soos volg beskikbaar:

> Kwartaallikse Opinie-Opnameverslae, Vooruitsigte vir 19 ....., en Medium-termynvooruitskatting teen intekengeld R20 per jaar en gratis aan sekere firmas, terwyl die kwartaallikse verslag Saketoestande in die Boubedryf teen R10 per jaar beskikbaar is.

Verslae van ondersoeke in opdrag uitgevoer, is verkrygbaar op voorwaardes soos deur die kliënte bepaal.

Verslae oor ander navorsingsprojekte is teen pryse soos opgegee beskikbaar.

Onlangse verslae en boeke:

Ekonomiese Vooruitskatting

DE VRIES, A.J.M., Hupkes, G.J. en DICKMAN, A.B. Prospects for 1970.

DE VRIES, A.J.M. en SMITH, S.C. Opname van Voorgenome Investering 1970-1971.

DE VRIES, A.J.M. en VAN WALSEM, D.J. Prospects for 1971.

Intended Quarterly survey of Building Activity

TRUU, M.L. 'n Demografiese oorsig van die Kaapse Skiereiland.

Tesis

WIEHAHN, H. Sekulêre Groei, Konjunktuurskommelinge en Prysbewegings in V.S.A. en Brittanje, 1945-1965. Stellenbosch, 1971. M.Com., Universiteit van Stellenbosch.

Ondersoeke in opdrag uitgevoer

The construction industry in South Africa (Preliminary Report) 1970.

The construction industry in the Western Cape (Final Report) 1970.

## UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

SENTRUM VIR VERVOERNAVORSING

Departement van Vervoerekonomie,

Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch Telefoon: 4434

Direkteur: Prof. C.G.W. Schumann

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Voor die Sentrum vir Vervoernavorsing in Augustus 1965 gestig is, is navorsing op die gebied van vervoer 'n aantal jare lank in die Departement van Vervoerekonomie en die Buro vir Ekonomiese Navorsing van die Universiteit van Stellenbosch gedoen.

In die loop van hierdie ondersoeke het dit duidelik geword dat wyer en dieper navorsing nodig sou wees om baie van die vervoerprobleme in die Republiek te ontleed. Dit was ook duidelik dat hierdie navorsing deur 'n akademiese inrigting onderneem sou moes word as die benadering objektief moes wees. Die Sentrum vir Vervoernavorsing is derhalwe tot stand gebring om basiese navorsing in vervoerekonomie te doen, met besondere verwysing na Suid-Afrika, en 'n driejaarprojek oor "Vervoer en Ontwikkeling" is aangepak.

Die ondersoek omvat die beplanning van toereikende vervoergeriewe met die oog op die bevordering van ekonomiese en sosiale welvaart in plattelandse en stedelike gebiede.

'n Ontleding is ook gemaak van die verband tussen vervoerontwikkeling en die groei van ekonomiese bedrywighede in Suid-Afrika, met die doel om die toekomstige aanvraag na vervoer in Suid-Afrika vooruit te skat.

Op hierdie vooruitskattings gebaseer, en met inagneming van die tendensies in die gebruik van verskillende soorte vervoermiddels, word navorsing ook onderneem om die bydrae te bepaal wat pad-, spoor- en ander geriewe waarskynlik sal lewer om die vraag na vervoer in die jare wat voorlê, te bevredig.

Vanweë die dringende probleme van stedelike vervoer in die Republiek, word besondere aandag gewy aan die vervoeraspekte van metropolitaanse groei.

Die Sentrum het ook opdragte van die Staatsdepartement van Beplanning aanvaar om vervoertoestande in verskillende streke te bestudeer en verslag te doen oor die regverdiging vir voorgestelde verbeterings in spoor-, pad-, hawe- en ander vervoergeriewe. Ander opdragte sluit in 'n vervoerondersoek in Lesotho, op versoek van die Regering van Lesotho.

Funksies en beleid: Die funksies en beleid van die Sentrum is soos volg:

- om ondersoeke in vervoerekonomie te doen met betrekking tot:
    - die verband tussen vervoergeriewe en ekonomiese ontwikkeling
    - die aangeleentheid van die koördinasie van Suid-Afrikaanse vervoer
    - die ekonomiese aspekte van padbou in Suid-Afrika
    - die aangeleentheid van stedelike vervoerbehoeftes in Suid-Afrika
    - besondere ondersoeke van verskillende vervoersektore
- om ekonomies-statistiese gegewens in verband met Suid-Afrikaanse vervoer te versamel en te verwerk
- om besondere projekte in opdrag van openbare en private liggame te onderneem
- om aan nagraadse studente die geleentheid te verskaf om ondervinding in vervoernavorsing op te doen, en om doserende personeel met navorsing by te staan.

Beheer en administrasie: Die bestuur van die Sentrum berus by 'n Beheerraad wat aan die Senaat van die Universiteit verantwoordelik is. Die Beheerraad word deur 'n Advieskomitee bygestaan. Die daaglikse bestuur en leiding wat die bedrywighede van die Sentrum betref, berus by die Direkteur en die Hoofnavorsingsbeampte, wat lede van die Beheerraad is.

Die Beheerraad is 'n spesiale komitee van die Senaat van die Universiteit. Lede van die Advieskomitee word deur die Beheerraad uit vooraanstaande persone in die handel en nywerheid uitgesoek.

Die funksies van die Beheerraad is soos volg:

- aanvaarding en uitvoering van navorsingsprojekte
- publikasie van navorsingswerk
- die insameling van en beheer oor fondse
- aanbevelings by die Senaat en Raad van die Universiteit betreffende aanstellings by die Sentrum.

- voorlegging van 'n jaarverslag aan die Senaat en die Raad van die Universiteit
- enige ander sake wat die Sentrum raak.

Die funksies van die Advieskomitee is om advies oor navorsingsprojekte te verskaf en om voeling met die nywerheid te behou.

Navorsingsprojekte word op die inisiatief van die Beheerraad en op versoek van private of openbare liggame in oorleg met die Beheerraad geloods en geformuleer.

Personeel: Drie voltydse personeellede is met navorsing besig. Na gelang van omstandighede verleen deeltydse lede hulp met navorsing. 'n Sekretaris is ook aan die navorsingsorganisasie verbonde.

Finansiering: Fondse vir navorsingsdoeleindes word verkry van donasies, algemene en ad hoc-toekennings, toelaes van die Universiteit en gelde vir besondere opdragte.

Fasiliteite: Die Sentrum het toegang tot die elektroniese rekenaar van die Universiteit. Die Carnegiebiblioteek, Fakulteitsbiblioteek en die Sentrum vir Vervoernavorsing se biblioteek is tot sy beskikking, en toegang tot ander biblioteke is deur middel van die interbiblioteekdienste moontlik. Literatuur word ook van verskeie inligtingsdienste ontvang, bv. die Staatsdepartement van Statistiek.

Skakeling: Die Sentrum ruil inligting, navorsingsgegewens en publikasies met verskeie staats- en private liggame uit.

## OPLEIDING

Die navorsingspersoneel van die Sentrum dra tot die doseerprogram van die Universiteit by en verleen hulp met graadkursusse. Ander opleidingsbedrywighede sluit in die toewysing aan navorsingsbeurshouers van besondere projekte en die voorsiening van kort kursusse vir die opleiding van persone uit die nywerheid.

## NAVORSING

Na gelang van omstandighede werk die Sentrum saam met universiteite, openbare en private liggame en die algemene publiek om navorsingsgegewens te verkry.

Die volgende navorsingsprojekte is, onder andere tans aan die gang:

- Die stedelike vervoerprobleem in Suid-Afrika (navorser)
- Vervoerondersoek in Lesotho (navorser).

## PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

'n Jaarverslag word vir borge, donateurs en die Universiteitsraad opgestel. Afskrifte van alle navorsingstukke en verslae word bewaar.

Onlangse publikasies

FLOOR, B.C. The Urban transportation problem in South Africa: an introductory monograph.

VERBURGH, C. Road transport of goods in South Africa.

VERBURGH, C. South African Transportation Policy.

VERBURGH, C. Ekonomiese konsekwensies van vermypaaie.

The USE and ownership of motor vehicles in South Africa.

Verskeie publikasies met beperkte sirkulasie is ook uitgegee.

U N I V E R S I T E I T   V A N   S U I D - A F R I K A

BURO VIR MARKNAVORSING

Posbus 392, Pretoria

Telefoon: 482819
Telegramme: BURO VIR MARK-NAVORSING, UNISA

Direkteur: Prof. F.E. Rädel

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Buro vir Marknavorsing is die enigste universitêre navorsingsinstituut in die Republiek van Suid-Afrika wat basiese marknavorsing doen. Die Buro is in 1960 deur die Universiteit van Suid-Afrika gestig en funksioneer nog onder die beskerming van UNISA.

Funksies en beleid: Die funksies van die Buro is om basiese marknavorsing te bevorder; om basiese navorsing ten opsigte van probleme rakende bemarkingsbestuur, bemarkingsnavorsing, reklame en beleidsformulering te doen; om enige navorsing wat kan bydra tot die verbetering van bestaande navorsingsmetodes en tegnieke in marknavorsing en/of die ontwikkeling van nuwe metodes te onderneem; en om wetenskaplike studie en navorsing op die terrein van bemarking en bemarkingsnavorsing deur middel van publikasies, lesings, kort kursusse, studie en opleiding te bevorder.

Beheer en administrasie: Die Administratiewe Raad, bestaande uit die Direkteur van die Buro (ex officio), die Rektor van Unisa, die Registrateur van Unisa, die Adjunk-direkteur van die Buro en die voorsitters van die Ledeprojekte- en Primêreprojekte-komitees, vorm die hoofbeheer van die Buro vir Marknavorsing. Die Ledeprojektekomitee, die Primêreprojektekomitee en die Navorsings- en Publikasiekomitee ressorteer onder die Administratiewe Raad.

Die lede van die Administratiewe Raad is soos hierbo aangedui, behalwe dat die verkose voorsitters van die Ledeprojekte- en Primêreprojektekomitee in die Raad dien. Lede van die Ledeprojektekomitee word deur die algemene jaarvergadering van die Buro vir Marknavorsing verkies, terwyl twee lede van die Primêreprojektekomitee deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing genomineer word.

Bostaande komitees beheer die navorsing en administrasie van die Buro vir Marknavorsing.

Navorsingsprojekte word deur die Primêreprojektekomitee en die Ledeprojektekomitee van die Buro geloods en geformuleer.

Personeel: Die vakkundige personeel bestaan uit 13 voltydse en 3 deeltydse lede. Die administratiewe personeel bestaan uit 17 personeellede.

Finansiering: Die Buro word gefinansier deur privaatondernemings by wyse van bydraes van lede en deur die Universiteit van Suid-Afrika o.a. by wyse van die voorsiening van kantoorruimte en administratiewe en tegniese fasiliteite.

Addisionele inkomste word deur ad hoc-navorsing ten behoewe van spesifieke lede van die Buro, asook deur die verkoop van navorsingsverslae aan die publiek, verkry.

Gedurende 1971 het die besteding aan navorsing R155 331 beloop.

Fasiliteite: Die Buro vir Marknavorsing het toegang tot die elektroniese rekenaar van die Universiteit van Suid-Afrika, die biblioteek en naslaanbiblioteek, asook die produksiesentrum.

Die navorsingsinrigting administreer 'n klein naslaanbiblioteek wat tydskrifte oor marknavorsing bevat. Daar is ook 'n spesiale statistiese inligtingsdiens wat inligting aan lede van die organisasie verstrek. Die statistiese verrekeningskantoor bevat jaarverslae en ander publikasies bestaande uit statistiese gegewens wat deur bedryfsinrigtings en staatsdepartemente gepubliseer word.

Skakeling: Skakeling is bewerkstellig met die Buro vir Ekonomiese Navorsing in Stellenbosch, die Suid-Afrikaanse Marknavorsingsvereniging, die Instituut vir Bemarkingsbestuur, die GfK in Nürnberg, ESOMAR, die American Marketing Association, die British Marketing Association en die International Marketing Federation. Skakeling behels die deel van gesamentlike fasiliteite en aktiwiteite en die uitruil van publikasies. Skakeling is ook bewerkstellig met die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing, tans ingelyf by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

OPLEIDING

Die Buro lei navorsers op deur middel van 'n reeks seminare en 'n informele opleidingskursus. Navorsingspersoneel van belanghebbende instansies mag ook personeel na die Buro sekondeer. Die Buro verleen verder hulp aan studentenavorsers met graadkursusse. Die Universiteit van Suid-Afrika maak ook spesifiek voorsiening vir 'n Diploma in Marknavorsing en Advertensiewese.

NAVORSING

Die Buro werk saam met spesifieke dele van die publiek, die handel, die nywerheid en die universiteite om gegewens vir navorsing te verkry. Die volgende navorsingsprojekte is tans by die Buro aan die gang en word deur die navorsingspersoneel onderneem:

- Inkomste- en bestedingspatrone van stedelike Nie-Blanke bevolkingsgroepe
- Die gebruik van modelle in reklame vir die Bantoe
- Motiverende faktore in die Bantoe se reaksie op advertensies
- Markpotensiale van verbruiksgoedere in die belangrikste stedelike gebiede, 1968
- Markpotensiale van verbruiksgoedere in die belangrikste stedelike gebiede, 1970
- Regionale bevolkingsprojeksies
- Regionale verspreiding van persoonlike inkome
- Inkome-elastisiteite
- Intervoorstedelike koopkragvloei van Groter Pretoria
- Inkome- en bestedingspatrone van plattelandse Bantoes
- Industriële marknavorsing
- Bywerk van die Nywerheidsgids (volledige register van alle sekondêre nywerheidsinstellings volgens SIC, grootte en streek).

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Buro gee die volgende publikasies uit:

- Navorsingsverslae (op aanvraag verkrygbaar by die Sekretaris)
- Kwartaallikse tydskrif Navorsing vir Bemarking (intekengeld R2,50 p.j.)
- Jaarverslae (op aanvraag verkrygbaar by die Sekretaris).

Die Staatsbiblioteek in Pretoria, die Natalse Biblioteek in Pietermaritzburg, die Openbare Biblioteek, Bloemfontein en die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad ontvang

kopieë van alle navorsingspublikasies wat deur die Buro uitgegee word, ooreenkomstig die Wet op Kopiereg.

Onlangse navorsingsverslae

No. 22: MARAIS, G. The Future of manufacturing industry in Johannesburg and the demand for industrial land.

No. 23: NEL, P.A. Calculation of market potentials of consumer goods and development of regional general market potential indices.

No. 24: LUCAS, G.H.G. Die Kleinhandelstruktuur van Groter Pretoria.

No. 25: VAN DER REIS, MRS A.P. The Interpretation of illustrations in advertisements by the Bantu.

No. 26: LOUBSER, M. The Market potential of consumer goods in selected urban areas of the Republic of South Africa, according to population group.

## U N I V E R S I T E I T V A N S U I D - A F R I K A

BURO VIR UNIVERSITEITSNAVORSING

Posbus 392, Pretoria

Telefoon: 35681
Telegramme: UNISA

Direkteur: Prof. G.H.A. Steyn

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Buro vir Universiteitsnavorsing is in Januarie 1970 gestig. Die Buro het as instellingsbehoefte ontwikkel vir die Universiteit van Suid-Afrika veral om navorsing en onderrig te doen oor tersiêre onderwys en spesifiek die afstandsonderrigsmetode van die Universiteit van Suid-Afrika voor 1970.

Funksies en beleid: Die funksies van die Buro is om navorsing te doen en onderrig te voorsien oor die universiteitswese in die algemeen, universiteitsdidaktiek in besonder, veral afstandsonderrig asook die studenteproblematiek.

Beheer en administrasie: Die Buro word deur die Universiteit van Suid-Afrika beheer. Navorsingsprojekte word deur die Buro vir Universiteitsnavorsing met goedkeuring deur die Senaat van die Universiteit, geformuleer en uitgevoer. Uitvoerende mag word deur die Direkteur beoefen.

Struktuur: Die funksies van die Buro word deur die hoof daarvan gekoördineer. Twee navorsers as die senior lektore is gemoeid met die didaktiese aspek van die universiteit en studenteproblematiek onderskeidelik.

Personeel: Die personeel bestaan uit drie voltydse professionele personeel, d.w.s. die professor en twee senior lektore, en 'n sekretaresse.

Finansiering: Fondse word uit die Universiteitsbegroting verkry. Die totale bedrag gedurende 1971 vir salarisse, meubels en toerusting, tydelike hulp en buitefasiliteite was R26 139.

Fasiliteite: Die Buro het toegang tot die Universiteit se rekenaar en biblioteek. Die Buro beskik self oor 'n versameling van nagenoeg 50 boeke en 300 tydskrifte en pamflette. Daar is ook vakreferente in die Universiteitsbiblioteek vir die betrokke vakgebiede om bronne na te spoor.

Inligtingsdienste word deur die Universiteitsbiblioteek en Departement van Ontwikkeling van die Universiteit verskaf.

Skakeling: Die Buro skakel met alle plaaslike universiteite asook heelwat in die buiteland, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, die WNNR, onderwysdepartemente en Staatsdepartemente, bv. Departement van Inligting. Aard van die skakeling behels tans uitruil van publikasies.

OPLEIDING

Opleiding is moontlik en sal geskied deur middel van formele kursusse, lesings, studiekonferensies, seminare, doseerwerk, hulp aan senior studente en steun vir spesifieke projekte asook beskikbaarstelling van eie hulpbronne.

NAVORSING

Die Buro werk saam met onderwysinstansies soos universiteite en skole in die besonder om navorsingsgegewens te verkry.

Die volgende prosedures word met die insameling en verwerking van gegewens gevolg:

Projekbeplanning, verkryging van gegewens deur vraelyste en sielkundige toetse, eksamenresultate in verwerkte en onverwerkte vorm van onderwysinstansies, die bymekaarstelling en evaluasie van genoemde gegewens, berekenings en afleidings met verdere formulering en beplanning.

Navorsingsprojekte wat onlangs afgehandel is

- Die versameling van universiteitstatistieke

- 'n Ondersoek na en evaluasie van die vakansieskool van die Universiteit van Suid-Afrika.

Navorsing wat aan die gang is

- 'n Ondersoek na prestasiefaktore aan die universiteit, spesifiek direk verwant aan die eksamen

- Universiteitsdidaktiek met spesifieke verwysing na afstandsonderrig en die gebruik van oudio-visuele hulpmiddele.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

'n Interne jaarverslag word aan die Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika voorgelê.

Die Buro publiseer 'n tydskrif, Iter, maar dit is hoofsaaklik vir interne verspreiding aan die doserende personeel van die Universiteit en belangstellende instansies. Die tydskrif word gratis voorsien.

Verslae word opgestel en na betrokke instansies, universiteitsowerhede en ander belanghebbendes en die universiteitsbiblioteek (Universiteit van Suid-Afrika) vir insae en bewaring versprei.

Onlangse publikasies

GOUS, H.T. Die Hedendaagse Suid-Afrikaanse student. Unisa. 1970.

STEYN, G.H.A. Mannekrag en Suid-Afrikaanse universiteite. Unisa. 1970.

U N I V E R S I T E I T   V A N   S U I D - A F R I K A

INSTITUUT VIR BUITELANDSE REG EN REGSVERGELYKING


Posbus 392, Pretoria

Telefoon: 37112
23375
23358

Direkteur: Prof. W.A. Joubert

Telegramme: REGSINSTITUUT UNISA


ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Instituut funksioneer sedert 1 November 1964 binne die Fakulteit Regsgeleerdheid van die Universiteit van Suid-Afrika as 'n sentrum vir gevorderde navorsing in die regte.

Die hoofdoelstellings van die Instituut is:

- om navorsing te onderneem in enige vertakking van die regte en regswetenskap waar die vergelykende metode aangewend kan word;
- om inligting insake buitelandse reg en internasionale privaatreg aan regspraktisyns, staatsdepartemente en kommissies, statutêre liggame, parlementêre komitees, finansiële instellings, die handel en nywerheid, immigrante en ander belanghebbende groepe te verstrek, mits die Instituut nie hierdeur inbreuk maak op die gebied van die regsprofessie nie;
- om, onderworpe aan dieselfde voorbehoud, inligting ten opsigte van Suid-Afrikaanse Reg aan buitelandse prokureurs, sakeondernemings, diplomatieke verteenwoordigers, ens. te verstrek;
- om kontak te behou en stukke uit te ruil met soortgelyke institute, regsfakulteite en regsnavorsers in ander lande;
- om navorsingsfasiliteite vir Suid-Afrikaanse en buitelandse senior regstudente, regsdosente en ander regsgeleerdes te voorsien; en
- om 'n omvattende biblioteek oor buitelandse, vergelykende en internasionale privaatreg tot voordeel van die hele land te ontwikkel.

Waar hierdie oorspronklike doelstellings hoofsaaklik betrekking het op die nasionale regstelsels van ander lande, is die Instituut tans besig om die VerLoren van Themaat-Sentrum vir Internasionale Reg as 'n tak van dieselfde organisasie te ontwikkel, met navorsingsfunksies en 'n gespesialiseerde biblioteek oor alle terreine van die internasionale reg.

Beheer en administrasie: Die Instituut word deur die volgende beheer

- Raad van Beskermhere
- Raad van die Universiteit van Suid-Afrika
- Raad van die Regsfakulteit
- Beheerkomitee van die Instituut

- Dagbestuur van die Instituut

Die Beheerkomitee bestaan uit: Die Direkteur van die Instituut (Voorsitter); 'n regter van die Hooggeregshof van Suid-Afrika; die Vise-kanselier en Rektor en die Registrateur van die Universiteit van Suid-Afrika; ten minste een verteenwoordiger van die Universiteitsbiblioteek; een verteenwoordiger van die Balie en een van die Sybalie; lede van die Regsfakulteit en senior navorsers van die Instituut; verteenwoordigers van ander fakulteite; die redakteurs van die Comparative and International Law Journal of Southern Africa.

Die Dagbestuur, wat deur die Beheerkomitee uit sy lede gekies word, sluit onder andere die Direkteur (Voorsitter), die Assistent-direkteur, die redakteure van CILSA en senior navorsers van die Instituut in.

Die Beheerkomitee, wat deur die Raad van die Fakulteit aangestel word, bepaal langtermynbeleid, keur die jaarverslag wat aan die Raad van die Fakulteit voorgelê word, goed, kies en gee opdragte aan die Dagbestuur en stel die Direkteur en ander ereampsdraers van die Instituut aan.

Behoudens die goedkeuring van die Beheerkomitee, word navorsingsprojekte deur die Dagbestuur geloods en geformuleer. Hierdie navorsing kan voorgestel word van binne die fakulteit of deur instansies van buite, soos, byvoorbeeld, regskommissies of die redakteurs van die International Encyclopaedia of Comparative Law.

Struktuur: Die aktiwiteite van die Instituut word uitgevoer deur die navorsingspersoneel en die sekretariaat, onder toesig van die Direkteur en die Dagbestuur.

Met die opstel van verslae of opinies en met die saamstel van vergelykende opnames word hulp soms verleen deur lede van die Fakulteit ("wetenskaplike medewerkers") en/of deur persone van buite, d.w.s. Suid-Afrikaanse of buitelandse regsgeleerdes wat nie in diens van die Universiteit van Suid-Afrika is nie ("korrespondensielede").

Verantwoordelikheid vir die publikasie van die Comparative and International Law Journal of Southern Africa berus by 'n redaksionele raad onder die voorsitterskap van die Direkteur.

Individue, prokureursfirmas of rekenmeesters en ander organisasies word as lede of seniorlede van die Instituut ingeskryf.

Beskermhere, lewenslange lede en erelede kan deur die Beheerkomitee aangestel word.

Die VerLoren van Themaat-Sentrum vir Internasionale Reg sal as 'n afsonderlike eenheid binne die Instituut ontwikkel word.

Personeel: Die vakkundige personeel bestaan uit vier voltydse navorsers (insluitende stipendiahouers). Sedert 1967 is daar voorsiening gemaak vir een buitelandse deskundige op die gebied van Vergelykende en Internasionale Privaatreg as voltydse navorser. Die administratiewe personeel bestaan uit een sekretaris en een of twee tiksters.

Finansiering: Fondse word verkry uit die Universiteitsbegroting, skenkings, honoraria gevra vir regsverslae en opinies, ledegelde, beurse deur buitelandse stigtings geskenk, en donasies.

Fasiliteite: Die Instituut se biblioteek van buitelandse, vergelykende en internasionale reg, wat terselfdertyd deel van die Regsbiblioteek van die Universiteit en van die Regsfakulteit is, word deur die Universiteitsbiblioteek geadministreer en word hoofsaaklik uit biblioteekfondse van die Universiteit ontwikkel. Dit word verder uitgebrei deur boekdonasies wat die Instituut van buitelandse regerings, stigtings en privaatorganisasies ontvang. Die Regsbiblioteek bevat in die geheel 16 000 boeke en 180 tydskrifte. Spesiale versamelings wat ontwikkel word: lug- en ruimtereg; menseregte, beskerming van minderhede, selfbeskikking van volke. Inligting betreffende buitelandse en private, asook publieke internasionale reg, word op versoek verskaf.

Skakeling: Permanente kontak word met Suid-Afrikaanse regeringsdepartemente en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing behou. Kontak deur middel van briefwisseling

en persoonlike besoeke is met heelwat buitelandse regsinrigtings, fakulteite en individuele navorsers bewerkstellig (ad hoc-inligting word onderling verskaf wanneer benodig en publikasies word in baie gevalle gereeld uitgeruil). Langtermynsamewerking is ten opsigte van die International Encyclopaedia of Comparative Law bewerkstellig.

## OPLEIDING

Navorsers van die Instituut verleen dikwels hulp aan Suid-Afrikaanse en buitelandse regstudente, veral met doktorale studies. Hulle dra by tot simposiums wat deur die Regsfakulteit gehou word en hou lesings hier ter plaatse en by ander universiteite oor Buitelandse, Privaat-, Internasionale en Vergelykende Reg. Besoekende regsgeleerdes word uitgenooi om lesings te hou en die Instituut organiseer sy eie simposiums. Navorsingsbeurshouers word aangestel om aan spesifieke projekte te werk.

## NAVORSING

### Navorsingsprojekte wat aan die gang is

Die Instituut dra een hoofstuk by tot die International Encyclopaedia of Comparative Law ("Transmission of Decedent's Property" in die band oor Erfreg), wat deur die International Association of Legal Science (Association Internationale des Sciences Juridiques) saamgestel word. Die werk word deur navorsers in die Instituut gedoen, met die Direkteur as die Algemene Verslaggewer en met die samewerking van navorsers in oorsese institute. Al die vernaamste regstelsels van die wêreld sal in verband met bogenoemde onderwerp ondersoek moet word.

- Menseregte, minderheidsregte, en selfbeskikking - in Suid-Afrika en elders Vergelykende studies in Konstitusionele en Publieke Internasionale Reg ('n navorser van die Instituut)

- Eienaarskap van woonstelle. Vergelykende studies insake bestaande oorsese wette en voorgestelde amendemente tot die Wet op Suid-Afrikaanse Seksionele Titels (navorsingspersoneel van die Instituut)

- Suid-Afrikaanse stakingsreg, vergeleke met stakingswette in ander lande (navorsingspersoneel van die Instituut).

## PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Instituut gee The Comparative and International Law Journal of Southern Africa (CILSA) uit; drie uitgawes, ongeveer 530 pp. per jaar, jaarlikse intekengeld R9,00 in Suidelike Afrika, R9,50 (VSA $ 13,30) vir intekenaars in ander lande, R6,50 vir regstudente aan erkende inrigtings. Die Internasionale Adviserende Raad vir hierdie tydskrif bestaan uit vooraanstaande regsgeleerdes in baie lande. 'n Jaarlikse opname van Suid-Afrikaanse ekonomiese reg word sedert 1967 vir die lede van die Suid-Afrikaanse Duitse Kamer van Koophandel, Johannesburg, kosteloos saamgestel. Aparte uitgawes is in Engels en Duits verkrygbaar.

In 1966 en 1967, d.w.s. voor die totstandkoming van CILSA, het die Instituut Excerpta Varia as aanvulling tot Codicillus, tydskrif van die Regsfakulteit van UNISA, gepubliseer.

Navorsingsbevindings van algemene belang word òf in die Instituut se eie tydskrif, CILSA, òf in ander tydskrifte gepubliseer. Regsopinies, verslae of geskrewe inligting op aanvraag word gewoonweg slegs aan konsultante verskaf en kopieë word in die sekretariaat van die Instituut op lêer geplaas. Vergelykende opnames, monografieë, ens. wat navorsingsbevindings bevat, sal van tyd tot tyd as afsonderlike publikasies uitgegee word.

Navorsers van die Instituut het verskeie artikels in regstydskrifte gepubliseer.

U N I V E R S I T E I T   V A N   W E S - K A A P L A N D

BURO VIR SOSIAAL-WETENSKAPLIKE NAVORSING

Universiteit van Wes-Kaapland,

Privaatsak, Bellville

Telefoon: 97-6161
Telegramme: UNIBELL

Senior Vakkundige Beampte: Mnr. O.D.J. Stuart

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Buro is gedurende April 1968 op versoek van die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte (Departement van Sosiologie) van die Universiteitskollege van Wes-Kaapland tot stand gebring. Die Buro het tot dusver ad hoc-navorsing onderneem wat op fundamentele probleme en verskynsels betreffende die Kleurlingbevolkingsgroep betrekking het. Die doelstellings van die Buro is tans as volg:

- Om 'n voortdurende studie van sosio-ekonomiese toestande in die Kleurling-gemeenskappe in die Kaapse Skiereiland te maak
- Om dosente met navorsingswerk behulpsaam te wees en aan ingeskrewe studente 'n geleentheid te bied om vertroud te raak met veral sosiologiese en ekonomiese navorsing
- Om spesifieke navorsingsprojekte soos aangevra deur staatsliggame, of private instansies, te onderneem
- Om ekonomiese en sosiologiese statistieke, veral insake die Kleurling-bevolking te versamel en te verwerk
- Om 'n volledige bibliografie van publikasies en navorsingsverslae rakende die Kleurlingbevolking daar te stel.

Funksies en beleid: Die Buro beoog om hom in die toekoms toe te spits op gemeenskapstudies in Kleurlingbuurtes van veral die Kaapse Skiereiland. Daar word gemeen dat sodanige navorsing van veel nut kan wees vir, onder andere, beplanningsdoeleindes van Staats- en ander instansies. Verder word langs hierdie weg inligting beskikbaar gestel aan persone wat meer diepgaande studies wil onderneem en basiese data daarvoor nodig het.

Beheer en administrasie: Die bedrywighede van die Buro word beheer deur 'n Beheerraad en 'n Dagbestuur. Lede van die Beheerraad en Dagbestuur word as volg aangestel:

Beheerraad

| | | |
|---|---|---|
| Voorsitter | : | Die Rektor van die Universiteit |
| Sekretaris | : | Die Hoof van die Buro |
| Ander lede | : | Drie verteenwoordigers van die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte, een verteenwoordiger van die Fakulteit van Natuurwetenskappe, een verteenwoordiger van die Fakulteit van Handel, Publieke Administrasie en Regte, een verteenwoordiger van die Fakulteit van Opvoedkunde, twee verteenwoordigers van die Administrasie van Kleurlingsake, een verteenwoordiger van die Departement Kleurlingbetrekkinge en Rehobothaangeleenthede, en hoogstens twee addisionele assessorlede. |

Dagbestuur

| | | |
|---|---|---|
| Voorsitter | : | Die Rektor van die Universiteit |

Sekretaris : Die Hoof van die Buro

Ander lede : Vyf persone wat uit die lede van die Beheerraad verkies word. Hierdie getal lede kan vermeerder word tot hoogstens sewe deur die benoeming van assessorlede.

Die Beheerraad vergader twee keer per jaar om oor die navorsingsprogram te besluit. Die Dagbestuur vergader minstens een keer per kwartaal. Hierdie bestuur is vir regstreekse beheer van, en toesig oor, die navorsingsprogram en bedrywighede van die Buro verantwoordelik.

Navorsingsprojekte wat in die vooruitsig gestel word, sal hoofsaaklik geloods word deur lede van die personeel van die Universiteit, Staatsdepartemente en private organisasies.

Alle projekte sal aan die goedkeuring van die Beheerraad onderhewig wees wat, indien nodig, 'n voorkeurlys sal opstel. Bestuursmagte berus by die Beheerraad.

Personeel:

- Een senior vakkundige beampte
- Een tikster/klerk

Finansiering: 'n Bedrag gelyk aan een persent van die totale salarisse wat aan die doserende personeel van die Universiteit betaal word, word jaarliks vir navorsing aan die Buro toegewys. Begroting vir 1971/72 : R5 467.

Fasiliteite: Die Buro beskik oor 'n elektroniese tafelrekenaar en 'n IBM 29 ponsmasjien. Rekenaartyd kan gehuur word by die Rekensentrum, Universiteit van Stellenbosch.

Die Buro het toegang tot die biblioteek van die Universiteit. Die biblioteek beskik in totaal oor sowat 48 000 bande en teken in op ongeveer 500 tydskrifte.

Skakeling: Die Buro skakel met die volgende instansies:

- Administrasie van Kleurlingsake
- Departement van Kleurlingbetrekkinge en Rehobothaangeleenthede
- Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
- Buro vir Ekonomiese Ondersoek, Stellenbosch.

Skakeling bestaan tot dusver meestal uit die uitruil van publikasies.

## OPLEIDING

Studente in Sosiale Wetenskappe word as veldwerkers opgelei. Voorsiening is in die konstitusie van die Buro gemaak vir formele voorlesings in navorsingsmetodes deur die Hoof van die Buro. Tegniese hulp word aan nagraadse studente verskaf wat met navorsing vir graaddoeleindes besig is.

## NAVORSING

Instansies waarmee saamgewerk word vir die verkryging van navorsingsgegewens, sal afhang van die spesifieke projek waaraan gewerk word.

Gegewens word meestal ingesamel deur lede van die personeel van die Universiteit of senior studente. Die gegewens word verwerk deur die personeel van die Buro.

Navorsingsprojekte wat onlangs afgehandel is

- Sielkundige toetsing van eerstejaarstudente aan die Universiteit van Wes-Kaapland, 1970
- Die huislike en sosiale omstandighede van die studente aan die Universiteitskollege van Wes-Kaapland
- Aspekte van die akademiese prestasies van studente aan die Universiteit van Wes-Kaapland
- Faktore wat die aanwesigheid van Kleurlingvroue in die klerasiebedryf van die Kaapse Skiereiland beïnvloed.

Navorsing wat aan die gang is

- Die verhouding tussen die Kleurlingonderwyser en sy gemeenskap
- Die gesinslewe van die Kleurling in Bellville-Suid
- 'n Ondersoek na arbeid by motorhawens in die Kaapse Skiereiland
- Die verband tussen verbale subtoetse en stilleestoetse vir laerskoolleerlinge.

## U N I V E R S I T E I T   V A N   D I E   W I T W A T E R S R A N D

Jan Smutslaan, Johannesburg

Telefoon: 724 - 1311
Telegramme: UNIVERSITY

FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE

Dekaan: Prof. D.T. Cole

DEPARTEMENT VAN AARDRYKSKUNDE EN OMGEWINGSTUDIES

Hoof: Prof. P.D. Tyson

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Stedelike klimatologie van Johannesburg
- Reënvalveranderings in Suid-Afrika
- Oorsig insake Kaapstadse winkelsentrum
- Karst geomorfologie van Transvaalse Dolomiet
- Suid-Afrikaanse klimate
- Geotaksonomiese differensiasie van stedelike plekke
- Wisseling van grondwaardes in Johannesburg.

Publikasies

Die Departement van Aardrykskunde en Omgewingstudies publiseer 'n tydskrif, Environmental

Studies in die vorm van geleentheidspublikasies. Navorsingsbevindinge word in professionele tydskrifte gepubliseer.

Onlangse publikasies


BEAVON, K.S.O. Land use patterns in Port Elizabeth. Cape Town, A.A. Balkema, 1970.

BEAVON, K.S.O. An Alternative approach to the classification of urban hierarchies. S.A. Geog. Jour. 52, 1970: 129-133.

BEAVON, K.S.O. Factors affecting the growth and form of Port Elizabeth 1820-1963: A study in historical urban geography. In: WATTS, H.L. ed. Focus on Cities. Durban, University of Natal, Institute for Social Research, 1971, pp 160-169.

BEAVON, K.S.O., BUTTERWORTH, D.S. and DEWAR, N. A Procedure for estimating cut-off points for bivariate data: With particular reference to delimitation procedures in urban geography. Jour. for Geography. 3, 1970: 559-576.

HART, G.H.T. The Structure of Braamfontein: Its nodes and surfaces. S.A. Geog. Jour. 51, 1969: 73-87.

HART, G.H.T. Contribution to: HORWOOD, O.P.F. ed. The Natal Regional Survey, Vol. 15. The Port of Durban. Durban, University of Natal, 1969.

HART, G.H.T. Low level temperature inversions in Southern Johannesburg. In: THE CLIMATE OF JOHANNESBURG. Environmental Studies. Johannesburg, University of the Witwatersrand. Department of Geography and Environmental Studies,1971. (Occasional Paper, No. 4.)

HART, G.H.T. and HOLZNER, L. Cultural genetic aspects of Bantu urbanization in South Africa. Professional Geographer. 22, 1970: 67-73.

KEEN, C.S. and TYSON, P.D. Some observations of velocity spectra in mountain and valley winds. S.A. Geog. Jour. 52, 1970: 58-66.

MARKER, Margaret E. A Fieldwork approach to fluvial geomorphology. Paper read to T.E.D. Geography Teachers Refresher Course. 1969.

MARKER, Margaret E. Some problems of a karst area in the Eastern Transvaal. T.I.B.G. 50, 1970: 106-113.

MARKER, Margaret E. School geography through fieldwork. Journal for Geography. III (7), 1970: 773-778.

MARKER, Margaret E. Waterfall tufas: A facet of karst geomorphology in South Africa. Zeitung für Geomorphology. (in die pers).

MARKER, M.E. and BROOK, G.A. Echo Cave: A tentative quartering chronology for the Eastern Transvaal. Environmental Studies. Johannesburg, University of the Witwatersrand. Department of Geography and Environmental Studies, 1970. (Occassional Paper, No. 3.)

MARKER, M.E. and MOON, B.P. Cave levels and erosion surfaces in the Transvaal, South Africa. South African Geographical Journal. 51, 1969: 106-113.

TYSON, P.D. Towards a regional model of local topographically-induced wind systems in Natal. South African Journal of Science. 65, 1969: 201-215.

TYSON, P.D. A Statistical model of the mountain wind over Pietermaritzburg. South African Journal of Science. 65, 1969: 267-272.

TYSON, P.D. Time series: A problem of numerical analysis in geography. Environmental Studies. Johannesburg, University of the Witwatersrand. Department of Geography and Environmental Studies, 1969. (Occasional Paper, No. 1.)

TYSON, P.D. Time series: A problem of numerical analysis in geography. Journal for Geography. III (5), 1969: 451-460.

TYSON, P.D. Atmospheric circulation and precipitation over South Africa. Environmental Studies. Johannesburg, University of the Witwatersrand. Department of Geography and Environmental Studies, 1969. (Occasional Paper, No. 2.)

TYSON, P.D. Air pollution fumigation conditions associated with the dissipation of the mountain wind and the onset of the valley wind over Pietermaritzburg South African Geographical Journal. 51, 1969 : 99-105.

TYSON, P.D. Urban climatology: A problem of Environmental Studies: inaugural lecture. Johannesburg, Witwatersrand University Press, 1970.

TYSON, P.D. Rainfall fluctuations over South Africa during the period of meteorological records. Paper read to International Convention: Water for the future. Pretoria, 1970.

TYSON, P.D. A Review of South African geography, 1969: Some impressions of past and present research at English-speaking universities. South African Studies. (Report of the Symposium held at the School of Oriental and African Studies, University of London, 24 Sept. 1969) special issue of Bulletin of the African Studies Association of the U.K. 1970: 58-70.

TYSON, P.D. and JACKSON, S.P. Climate and weather. Standard Encyclopaedia of Southern Africa. 3, 1971: 258-269.

TYSON, P.D. and WILCOCKS, J.R.N. Rainfall variations over Johannesburg. Environmental Studies. Johannesburg, University of the Witwatersrand. Department of Geography and Environmental Studies, 1971. (Occasional Paper No. 4.)

## D E P A R T E M E N T   V A N   A F R I K A A N S   E N   N E D E R L A N D S

Hoof: Prof. E. van Heerden

### Navorsing

Navorsing word deur personeellede en studente gedoen. Studentenavorsing behels projekte vir die verkryging van hoër grade.

### Onlangse publikasies

CLUVER, A.D. de V. Inleiding tot die historiesvergelykende Taalkunde en tot die Transformasionele Grammatika. Potchefstroom, Potchefstroom Herald, 1970.

CLUVER, A.D. de V. Werkboek by die Transformasionele Grammatika. Potchefstroom, Potchefstroom Herald, 1970.

COETZEE, A.J. The Amazing achievement of Afrikaans literature. The Star. Literary Review. 18 April 1970: 8-9

COETZEE, A.J. Die drama na 1900. In: Lindenberg, E. red. Inleiding tot die Afrikaanse Letterkunde. Pretoria, Academica, 1970, pp. 109-135.

COETZEE, A.J. 'n Tweede Egidiuslied. Standpunte. 23, 1970: 46-54.

MARÉ, E.A. Poëtiese gestaltes en vergestalting: 'n Ondersoek na Marthinus Nijhoff se teorie en praktyk. Johannesburg, 1971. Ph.D. Universiteit van die Witwatersrand, 1971.

NIENABER, P.J. Mede-redakteur: Hertzog-Annale
Mede-redakteur: Tydskrif vir Geesteswetenskappe.

NIENABER, P.J. Die Vroeëre Afrikaanse Letterkunde: intreerede. Johannesburg, Witwatersrand University Press, 1969.

VAN HEERDEN, E. Mede-redakteur: Standpunte.

VAN HEERDEN, E. Die Ander Werklikheid-letterkundige beskouings. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1969.

VAN HEERDEN, E. Nasionalisme en Literatuur: intreerede. Johannesburg, Witwatersrand University Press, 1969.

VAN HEERDEN, E. Die Apostroof in "Awater", Standpunte. 81, 1969: 1-3.

VAN HEERDEN, E. Language and Literature in South Africa. South African Scope. March 1969: 6-9.

VAN HEERDEN, E. New maturity in Afrikaans. South African Digest. 24 Jan. 1969: 8-11.

VAN HEERDEN, E. N.P. van Wyk Louw as digter en mens. Suid-Afrikaanse Panorama. 15 (8), 1970: 12-15.

## DEPARTEMENT VAN ARGEOLOGIE

Hoof: Prof. R.J. Mason

Navorsing wat onlangs afgehandel is

- 'n Boekie oor die Prehistoriese mens by Melville Koppies, Meervariante Ontleding van grot van vuurherde Middel Steentydperk versamelings.

Navorsing wat aan die gang is

- Transvaalse Ystertydperk en Senosoïese Ekologieprojek.

Publikasies

Die Departement publiseer Geleentheidspublikasies.

Slegs 300 kopieë word aan hoofbiblioteke en inrigtings oor die wêreld versprei.

Onlangse geleentheidspublikasies

FRIEDE, H. Cenozoic palynology studies in the Oppermansdrif area, Vaal Basin.

MASON, R.J. The Oppermansdrif Dam archaeological project - Vaal Basin. Feb. 1969.

MASON, R.J. The Cenozoic Ecology Group. Nov. 1969.

MASON, R.J. Experimental attribute analysis of Later Stone Age artefact assemblages from Munro's Site A E 200-250, Oppermansdrift and Olieboompoort Bed 3, Western Transvaal. Nov. 1969.

MASON, R.J. et al. Prehistoric Man in Johannesburg series. The Archaeology and human ecology of Melville Koppies Nature Reserve. March 1971.

TURTON, K. The Application of three Cluster Analysis programmes to archaeological data from Munro's Site and Olieboompoort. Nov. 1969.

WELBOURNE, R.G. Report on Cenozoic Ecology Work 1968-1969. Relationships of Prehistoric animals, man and environment in Vaal-Limpopo Basins

Ander onlangse publikasies

MASON, R.J. Prehistory of the Transvaal: a record of human activity. Johannesburg, Witwatersrand University Press. repr. 1969.

MASON, R.J. Iron Age stone artefacts at Olifantspoort, Rustenburg District and Kaditshwene, Zeerust District. S. Afr. J. Sci. 65 (2), 1969: 41-43.

## D E P A R T E M E N T V A N B A N T O E T A L E

Hoof: Prof. D.T. Cole

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Vergelykende Bantoegrammatika
- Verbale uitbreidings in Bantoe
- 'n Vergelykende studie van Bantoeraaisels
- Engels - Suid-Sotho Woordeboek
- Linguistiese studies van verskeie individuele tale.

Publikasies

Die Departement publiseer 'n driemaandelikse tydskrif, African Studies, Witwatersrand University Press. Intekengeld is R5 p.j. Navorsingsbevindinge word gepubliseer.

Onlangse publikasies

COLE, D.T. Tonal morphology in Tswana. In: Ethnological and linguistic studies in honour of N.J. van Warmelo. Pretoria, 1969.

COLE, D.T. Bantu linguistic studies in South Africa. African Studies. 28 (3), 1969.

COLE, D.T. O Bala O Kwalê Setswana. Vol.1.Johannesburg, Bureau of Literacy and Literature, 1970. (Vols. 2-4 ter perse.)

COLE, D.T The History of African Linguistics to 1945. In press for Current Linguistics, Vol. 7. Linguistics in Sub - Sahara - Africa.

COLE, D.T. Fredoux's sketch of Tswana grammar. African Studies. 30 (3,4), 1971.

GOWLETT, D.F. Verbal extensions in Mbuunda. African Studies. 29 (3), 1970.

GOWLETT, D.F. A Selection of Lozi folktales and riddles. African Studies. 30 (1,2), 1971.

## D E P A R T E M E N T   V A N   D U I T S E   S T U D I E S

Hoof: Prof. Karl Tober

Navorsing wat aan die gang is

Navorsing wat deur lede van die personeel onderneem word:

- Die begrip van diens in die digkuns van Walther von der Vogelweide
- Zeitgeist und Zeitgeschehen als Gestaltungskräfte bei Grillparzer und Hebbel
- Teorie van die letterkunde en beginsels van kritiek
- Strukture in prosa van die 20ste eeu
- Enkele sosiologiese aspekte van die letterkunde
- Die 'simbolistiese' gedig
- Hugo van Hofmannsthal

Voorlopige resultate van al hierdie projekte is reeds in die vorm van artikels of boeke gepubliseer.

Publikasies

Die Hoof van die Departement, Prof. K. Tober, is die redakteur van die jaarboek Acta Germanica van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Duitse Studies. Die tydskrif bied die belangrikste navorsingstendense van Duitse studies in Suid-Afrika aan. Prof. K. Tober is ook mede-redakteur van Colloquia Germanica.

Navorsingsresultate word òf in boekvorm òf in akademiese tydskrifte in ander lande gepubliseer.

Onlangse publikasies


BRÜCKL, O. Das Bild des Weges bei Walther von der Vogelweide. Opsomming van referaat wat in Julie 1969 tydens die 2de Nasionale Kongres van die SAGV in Durban gelewer is. Acta Germanica. 4, 1970: 178-179.

SMITH, M.E. Konvensie en moderniteit in die onderrig van Duits. Onderwysblad. 76, 1969: 828.

SMITH, M.E. Die Onderrig van Duits in vier nie-Duitstalige Europese lande. Acta Germanica. 4, 1970: 157-174.

SMITH, M.E. Review: A Companion to the study of German by M. Schmidt-Ihms. Acta Germanica. 4, 1970: 191-196.

SMITH, M.E. Review: Grillparzer im Ausland by Arthur Burkhard. Acta Germanica. 4, 1970: 185-187.

SMITH, M.E. en KRAMER, M.W. Zwischen Alpen und Nordsee. Johannesburg, Afrikaanse Pers, 1971.

SMITH, M.E. Aus deutscher Erzählkunst: A collection of German Novellen and short stories for school use. Johannesburg. Perskor, 1971.

TOBER, K. Urteile und Vorurteile über Literatur. Stuttgart, W. Kohlhammer Verlag 1970. (Sprache und Literatur 60).

TOBER, K. Einleitung zur internationalen Rezensions - Bibliographie. Acta Germanica. 4, 1969: 176.

TOBER, K. Das Epochenproblem im Lichte der neueren Literaturwissenschaft. (Zusammenfassung des Referats bei der 2. Südafrikanischen Germanisten - Tagung). Acta Germanica 4, 1969: 177-178.

TOBER, K. Review: Deutsches Literatur - Lexikon. Biographisch - bibliographisches Handbuch, begründet von W. Kosch. Dritte völlig neu bearbeitete Auflage 1. Band, Bern, München, Francke Verlag, 1968, XII. Colloquia Germanica 1, 1970: 122-127.

## D E P A R T E M E N T   V A N   G E S K I E D E N I S

Hoof: Prof. N.G. Garson

Navorsingsprojekte wat onlangs afgehandel is

- Uittreksels uit die korrespondensie van J.X. Merriman
- Die politieke optrede van die Britse bevolking van die Transvaal 1902-1907.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Studie van die partypolitiek in Suid-Afrika 1910-1924 - Hoof van die Departement
- Biografie van J.X. Merriman - Senior lektor
- Studie van die politiek in die Brittanje onder Koning Edward - Senior Lektor
- Geannoteerde uitgawe, met inleiding, van Eerw. Thomas Hodgson se Joernaal, 1821 - 1831 - lektor.

Onlangse publikasies

GARSON, N.G. Louis Botha or John X. Merriman: the choice of South Africa's first Prime Minister, London, University of London, 1969. (Commonwealth Papers Series No. 12.)

GARSON, N.G. History in the English-speaking universities of South Africa. Southern African Studies. 1970: 12-17, a special issue of the Bulletin of the African Studies Association of the U.K. 1970.

GARSON, N.G. Party politics and the plural society: South Africa 1910-1924. In: UNIVERSITY OF LONDON. Collected Seminar Papers: Societies of Southern Africa (1971, pending).

GARSON, N.G. South African history: a new look. African Studies. 29 (4), 1970: 287-292.

GORDON, C.T. The Boer opposition to Kruger. Cape Town. O.U.P., 1970.

LEWSEN, Phyllis. Selections from the correspondence of J.X. Merriman 1906-1926, Vol. IV. Cape Town, Van Riebeeck Society, 1969. (Van Riebeeck Society Publication 50).

LEWSEN, Phyllis. The Cape liberal tradition - myth or reality? Johannesburg. Institute for the study of Man in Africa, 1969. (Isma publication, Series No. 26).

## D E P A R T E M E N T   V A N   G O D G E L E E R D H E I D

Hoof: Prof. A.S. Geyser

Navorsing wat onlangs afgehandel is

- Die Joods-Christelike Sekte van die Ebioniete aan die begin van die Christelike jaartelling - hoof van die Departement.

Navorsing wat aan die gang is

- Onlangse ontwikkelings in die dialoog van die gelowe.

Onlangse publikasies

GEYSER, A.S. The Semeion at Cana of the Galilee in Studies in John, Leyden, E.J. Brill, 1970.

Hierdie publikasie is aan Prof. dr. J.N. Sevenster oorhandig by geleentheid van sy sewentigste verjaarsdag.

ENGELBRECHT, B. A.A. van Ruler, Moderne Teokraat. Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif. Jun. 1971: 188-211.

## D E P A R T E M E N T   V A N   I N T E R N A S I O N A L E   V E R H O U D I N G S

Hoof: Prof. M.H.H. Louw

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

Navorsingsprojekte van personeellede:

- Geselekteerde internasionale dokumente(multilaterale verdrae, belangrike verklarings, ens.)
- Wetenskap en tegnologie in internasionale verhoudinge
- Samewerking in Afrika
- Besluitneming in internasionale aangeleenthede
- Ontwikkelende regionalisme in Suidelike Afrika
- Probleme van verteenwoordigende regering in kultureel- en etniespluralistiese gemeenskappe.

PUBLIKASIES

Private reëlings word getref met die Suid-Afrikaanse Instituut van Internasionale aangeleenthede, die Universiteits- of Handelsuitgewers om navorsingsresultate te bewaar en te versprei.

Verhandelings word deur die Instituut uitgegee.

# DEPARTEMENT VAN ROMAANSE STUDIES

Hoof: Prof. Dorothy S. Blair

## AFDELING FRANS

Navorsing wat onlangs afgehandel is

- Les Humanistes français du XVI$^{e}$ siècle et l'idée de la tolérance.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Die oorsprong, ontwikkeling en kritiese waardering van skeppende skryfkuns in Frans deur Bantoes - Hoof van die Afdeling Frans

- 'n Kommentaar en waardering van "Les Cinq Grandes Odes" deur Paul Claudel - Senior Lektor in Frans.

Publikasies

Die pasgestigte "Association for French Studies in Southern Africa" (AFSSA) waarvan Professor D.S. Blair die eerste President is, is van plan om 'n tydskrif met die titel "AFSSA" (Cahiers de l'Association des Etudes Françaises en Afrique Australe) te publiseer. Die redakteur van hierdie tydskrif is mnr. C.J. Greshoff, Senior Lektor in Frans aan die Universiteit van Kaapstad.

## AFDELING PORTUGEES

Hoof: Mnr. L. Ferraz

Navorsing wat onlangs afgehandel is

- 'n Intensiewe kursus in Portugees vir lugwaardinne van die Suid-Afrikaanse Lugdiens.

Navorsingprojekte wat aan die gang is

- 'n Linguistiese ontleding van die Portugese Kreool van St. Thomas-eiland

- 'n Linguistiese ontleding van die Portugese Kreool van Prinseiland

- 'n Linguistiese ontleding van die Angolaanse Portugese Kreool van St. Thomas-eiland

- 'n Ontleding van Portugese leenwoorde in Ronga

- Voorbereiding van Portugese onderwysmiddels om verouderde bestaande middels te vervang.

Onlangse Publikasies

FERRAZ, L. An Intensive Portuguese course for Air Travel. Johannesburg, University of the Witwatersrand, 1970.

FERRAZ, L. Review of L. Polanah's Possessão Sagrada em Mocambique. African Studies. 29 March 1970.

FERRAZ, L. Review of Escultura africana no Museu de Etnologia do Ultramar. African Studies. 29 March 1970.

D E P A R T E M E N T   V A N   S I E L K U N D E

Hoof: Prof. J.W. Mann

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Eksperimente oor verbale gedrag
- Eksperimente oor fisiologiese sielkunde
- Eksperimente oor die gedrag van nagapies
- Studies van industriële organisasie.

Onlangse publikasies


BROMLEY, D.V. and HOLDSTOCK, T.L. Effects of septal stimulation on heart rate in vagotomozed rats. Physiology and Behaviour. 4, 1969: 413-415.

CHALMERS, B. and HOLDSTOCK, T.L. Effects of atropine on heart rate and hippocampal EEG following septal stimulation in rats. Psychonomic Science. 16, 1969: 145-147.

DOYLE, G.A, ANDERSSON, A. and BEARDER, S.K. Maternal behaviour in the lesser bushbaby (Galago senegalensis moholi) under semi-natural conditions. Folia Primatologica. 11, 1969: 215-238.

EDELSON, A. and HOLDSTOCK, T.L. A Printed circuit swivel for recording from freely moving animals. Electroenceph. Clin. Neurophysiol. 27, 1969: 209-210.

HOLDSTOCk, T.L. Autonomic reactivity following septal and amygdaloid lesions in white rats. Physiology and Behaviour. 4, 1969: 603-608.

HOLDSTOCK, T.L. Plasticity of autonomic functions in rats with septal lesions. Neuropsychologia. 8, 1970: 147-160.

HOLDSTOCK, T.L. and EDELSON, A. Retention of a geotaxic discrimination task following septal lesions in rats. Psychonomic Science. 15, 1969: 169-170.

HOLDSTOCK, T.L. and INGLE, H.B. The Effect of atropine and methyl atropine on the heart rate of rats. Psychonomic Science. 16, 1969: 149-151.

MANN, J.W. Denial in defining intensified adjectives, Journal of Verbal Learning and Verbal Behavior. 8, 1969: 143-147.

MELAMED, L. Friendship in a multi-racial South African classroom. Journal of Behavioral Science. 1, 1969: 26-32.

ROCK, R.A. Integrative complexity and nonspecific set as determinants of performance in the complex problem solving task. Journal of Behavioral Science. 1, 1969: 17-25.

## D E P A R T E M E N T   V A N   S O S I A L E   A N T R O P O L O G I E

Hoof: Prof. W.D. Hammond-Tooke

Navorsingsprojekte wat onlangs afgehandel is

- Huisbediendes in Johannesburg
- Godsdiens onder die Tshwa Mocambique
- Sosiale stelsels van die Hampuhushu
- Die musiek van die Kaapse Nguni
- Die musiek van die Shangaan
- Joodse identiteit in Johannesburg
- Die sosiale struktuur van die Chopi, Portugees-Oos-Afrika.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Die studie van die Bokaagemeenskap, Botswana
- Vooruitstrewende boerdery in Swaziland
- Die studie van Bantoe-onderwyseresse.

Onlangse publikasies


BLACKING, J. Process and product in human society: inaugural lecture. Johannesburg, Witwatersrand University Press, 1969.

BLACKING, J. Initiation and the balance of power - the Tshikanda girls' initiation school of the Venda of the Northern Transvaal. In: Ethnological and linguistic studies in Honour of N.J. van Warmelo. Pretoria, Department of Bantu Administration and Development, 1969, pp. 21-38.(Ethnological Publications No. 52).

BLACKING, J. Songs, dances, mimes and symbolism of Venda girls' initiation schools. African Studies. 28, 1969: 1-4.

DUBB, A.A. Jewish - Gentile intermarriage in a South African city. African Studies, 29, 1970: 111-127.

HAMMOND-TOOKE, W.D. The 'Other Side' of frontier history: A model of Cape Nguni political process: In: THOMPSON, L. ed. African societies in Southern Africa. London, Heinemann, 1970.

HAMMOND-TOOKE, W.D. Urbanization and the interpretation of misfortune. Africa. 40 (1), 1970: 25-39.

HAMMOND-TOOKE, W.D. The Present state of Cape Nguni ethnographic studies. In: Ethnological and Linguistic Studies. Pretoria, Government Printer, 1969.

JEFFREYS, M.D.W. Africanderisms. III Africana Notes and News. 19, 1970: 29-41.

JEFFREYS, M.D.W. The Gold miners of Monomotapa: new information. Nada. 10, 1969:73.

JEFFREYS, M.D.W. Ibo miscellany. Nigerian Field. 35, 1970: 91-92.

JEFFREYS, M.D.W. A loop-dagger: South Africa. Ethnos. 1 (4), 1969: 67-69.

JEFFREYS, M.D.W. Maize names round the Indian Ocean. Anthropological Journal of Canada. 8, 1970: 2-15.

JEFFREYS, M.D.W. The Monsterian Core. Nada. 10, 1970: 16-17.

JEFFREYS, M.D.W. A Neolithic site in southern Cameroons. Nigerian Field. 35, 1970: 3-11.

JEFFREYS, M.D.W. Pottery bellied bellows. Authrop. J. Canada. 7, 1969: 24-26.

LARSON, T.J. Tales from the Okavango. Cape Town, Howard Timmins, 1970.

LARSON, T.J. Brass-rubbing. Art Look. 31, 1969: 34-35.

LARSON, T.J. Peten jungles. Explorer's Journal. 47, 1969: 242-250.

FAKULTEIT VAN HANDEL

Dekaan: Prof. B.J.S. Wimble

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN TOEGEPASTE EKONOMIE

Hoof: Dr. R.N. Brits

Onlangse publikasies

BRITS, R.N. Consumer behaviour. Rand, Witwatersrand Commerce Students magazine, 1969.

BRITS, R.N. Production and marketing of South African maize since 1910. South African Journal of Economics. 1969.

REGSSKOOL

Mede-hoofde: Professors E. Kahn, P.Q.R. Boberg en C.J.R. Dugard.

Navorsing

Navorsingsmateriaal word gebruik om artikels en boeke oor regsonderwerpe te skryf.

Onlangse publikasies

Die Regsskool is verantwoordelik vir die publikasie, Annual Survey of South African Law. Die Dekaan van die Regsfakulteit, Professor Ellison Kahn, is die redakteur van die South African Law Journal, en hoewel hierdie publikasie nie 'n publikasie van die Regsskool is nie, lewer lede daarvan gereeld bydraes.

BOBERG, P.Q.R. Law of Delict. Annual Survey of South African Law. 1969: 139-168.

DUGARD, C.J.R. The Courts and Section 6 of the Terrorism Act. South African Law Journal. 87,1970: 289-293.

DUGARD, C.J.R. Foreign affairs and public international law. Annual Survey of South African Law. 1969: 48-63.

DUGARD, C.J.R. South West Africa and the "terrorist trial". American Journal of International Law. 64, 1970: 19-41.

ISAKOW, L.E. Law of landlord and tenant. Annual Survey of South African Law. 1969: 107-119.

KAHN, E. Conflict of laws. Annual Survey of South African Law. 1969: 407-425.

KAHN, E. Constitutional and administrative law. Annual Survey of South African Law. 1969: 1-47.

KAHN, E. The Death Penalty in South Africa. Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg. 33, 1970: 108-141.

KAHN, E. More light on a minor constitutional mystery. South African Law Journal. 87, 1970: 106-107.

KAHN, E. The 'Territorial and Comity School' of the conflict of laws of the Roman-Dutch era. Huldigingsbundel Daniel Pont. pp. 219-239.

KAHN, E. Thomas Phipson's feud against the Natal judges. South African Law Journal. 87, 1970: 364-374.

KAHN, E. What happens in a conflicts case when the governing foreign law is not proved? South African Law Journal. 87, 1970: 145-149.

MCLENNAN, J.S. General principles of contract. Annual Survey of South African Law. 1969: 82-99.

MCLENNAN, J.S. Law of Agency. Annual Survey of South African Law. 1969: 100-103.

MCLENNAN, J.S. Take-over bids and the court's discretion. South African Law Journal. 86, 1969: 400-417.

PETERSEN, J.D. Law of negotiable instruments. Annual Survey of South African Law. 1969: 258-261.

ROSENTHAL, D. The administration of justice, law reform and jurisprudence. Annual Survey of South African Law. 1969: 441-477.

SCHOLTENS, J.E. The Actio contraria of the negotiorum gestor and his duty to account. South African Law Journal. 87, 1970: 284-288.

SCHOLTENS, J.E. Law of Property. Annual Survey of South African Law. 1969: 131-138.

SCHOLTENS, J.E. Unjust enrichment. Annual Survey of South African Law. 1969: 131-138.

TAGER, L.A. The Aquilian action at whose instance? South African Law Journal. 87, 1970: 6-12.

TAGER, L.A. Safety accessories - should they affect apportionment? South African Law Journal. 87, 1970: 156-161.

VAN NIEKERK, B.v.D. Calling a king a monkey - sedition? South African Law Journal. 87, 1970: 299-302.

VAN NIEKERK, B.v.D. Hanged by the neck until you are dead. South African Law Journal. 86, 1969: 457-475 and concluded in ib. 87, 1970: 60-75.

VAN NIEKERK, B.v.D. Miscellaneous contracts Annual Survey of South African Law. 1969: 120-126.

VAN NIEKERK, B.v.D. The 'third sex' Act. South African Law Journal. 87, 1970: 87-93.

ZEFFERT, D.T. Interdicting adultery. South African Law Journal. 87, 1970: 107.

ZEFFERT, D.T. A Lacuna in our criminal procedure? South African Law Journal. 87, 1970: 23-24.

ZEFFERT, D.T. Law of Evidence. Annual Survey of South African Law. 1969: 358-381.

ZEFFERT, D.T. The rule in Hollington v. Hewthorn revisited. South African Law Journal. 87, 1970: 325-337.

ZEFFERT, D.T. Venia aetatis, release from tutelage and emancipation. South African Law Journal. 86, 1969: 407-412.

U N I V E R S I T E I T   V A N   D I E   W I T W A T E R S R A N D

DEPARTEMENT VAN SPRAAKPATOLOGIE EN OUDIOLOGIE

SPRAAK-, STEM- EN GEHOORKLINIEK
Jan Smutslaan, Johannesburg

Hoof van die Departement: Dr. M.L. Aron

Telefoon: 724-1311
bylyn 260

ALGEMENE INLIGTING

Struktuur: 'n Groot Spraak-, Stem- en Gehoorkliniek is aan die Departement van Spraakpatologie en Oudiologie verbonde ten einde voor- en nagraadse studente op te lei in diagnose en terapie by gevalle met verskeie kommunikasiegebreke.

Personeel: Benewens hul doserende pligte hou tien personeellede toesig oor voor- en nagraadse navorsingsprojekte of voer self navorsingsprojekte uit.

Finansiering: Die Departement voorsien die Kliniek van die nodige toerusting. 'n Navorsingstoekenning is van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ontvang.

Skakeling: Skakeling is met die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing bewerkstellig.

NAVORSING

Navorsingsgegewens word van laerskole, spesifieke inrigtings bv. Ouetehuise, skole vir breinbeseerde of verstandelik vertraagde kinders of dowes, verkry.

Navorsing wat onlangs afgehandel is

- Die uitwerking van terapie, wat in 'n ander taal gegee word, op die huistaal van die tweetalige of meertalige volwasse spraaklose.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Die ontwikkeling van gevallestudieskedules (insluitend diagnose) vir kommunikasiegebreke met die doel om inligting terug te win
- Voorlopige ondersoek vir die standaardisering van die "Illinois Test of Psycho-linguistic Abilities."
- Gedragreaksie op gehoor in 'n kleuterbevolking
- 'n Ontleding van die sekondêre simptome onder wisselende toestande (om hul relatiewe gewoontesterktes te bepaal)
- 'n Ondersoek om feite met betrekking tot stotter en serebrale verlamming te korreleer
- Aspekte van die toepassing van teorieë van Psigolinguistiek wat diagnosties en terapeuties gebruik kan word by gevalle wat aan taalgebrek ly
- Terapieprogramme vir die kind met 'n taalgebrek, gebaseer op teorieë van transformasionele grammatika
- 'n Ondersoek na die gehoorfunksie in 'n geriatriese bevolking.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

MARKS, M. Stuttering viewed as a sequence of responses. In: GRAY, B.B. and ENGLAND, G. eds. Stuttering and the Conditioning Therapies. Monterey,

California, Institute for Speech and Hearing. 1969.

U N I V E R S I T E I T   V A N   D I E   W I T W A T E R S R A N D

ERNEST OPPENHEIMER - INSTITUUT VIR PORTUGESE STUDIES

Jan Smutslaan, Johannesburg

Telefoon: 724-1311
Telegramme: UNIVERSITY,
JOHANNESBURG

Direkteur: Dr S.P. Jackson

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Instituut is in 1953 gestig, op grond van 'n jaarlikse toekenning vir twaalf jaar van 'n plaaslike nywerheidsgroep. Die toekenning is daarna hernieu.Die Instituut onderneem navorsing op die terrein van Portugese Studies.

Beheer en administrasie: Die Instituut word deur 'n Beheerraad, wie se lede deur die Universiteitsraad aangestel word, bestuur. Die Raad is verantwoordelik vir die algemene en finansiële beheer en vir die goedkeuring van navorsingsprogramme.

Navorsingsprojekte word geloods en geformuleer deur die Beheerraad of individue wat om navorsingsfondse aansoek doen.

Struktuur: Die Instituut is formeel verbonde aan die Departement Romaanse Studies.

Personeel: Twee deeltydse personeellede is met navorsing besig. Besoekende professore of lektore word periodiek aangestel om navorsing te doen en om op hulle besondere vakgebiede lesings op die gebied van Portugese Studies te hou. Klerklike werk word deur die Administrasie van die Universiteit onderneem.

Finansiering: Fondse vir navorsing word uit donasies verkry.

Fasiliteite: Die biblioteek van die Instituut het ongeveer 3 000 bande en 500 tydskrifnommers. 'n Handlys van die biblioteekversameling is in 1965 gepubliseer.

Skakeling: Die Instituut het skakeling met die Calouste Gulbenkian-stigting, Lissabon, bewerkstellig. Die stigting het finansiële hulp aan die Instituut verleen.

NAVORSING

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Die voorbereiding van 'n reeks boeke oor Portugees in Suidoos-Afrika. 1488-1891 (navorsers, deeltyds).

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Navorsingsresultate word in boek- of pamfletvorm gepubliseer.

California, Institute for Speech and Hearing. 1969.

U N I V E R S I T E I T   V A N   D I E   W I T W A T E R S R A N D

ERNEST OPPENHEIMER - INSTITUUT VIR PORTUGESE STUDIES

Jan Smutslaan, Johannesburg

Telefoon: 724-1311
Telegramme: UNIVERSITY, JOHANNESBURG

Direkteur: Dr S.P. Jackson

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Instituut is in 1953 gestig, op grond van 'n jaarlikse toekenning vir twaalf jaar van 'n plaaslike nywerheidsgroep. Die toekenning is daarna hernieu.Die Instituut onderneem navorsing op die terrein van Portugese Studies.

Beheer en administrasie: Die Instituut word deur 'n Beheerraad, wie se lede deur die Universiteitsraad aangestel word, bestuur. Die Raad is verantwoordelik vir die algemene en finansiële beheer en vir die goedkeuring van navorsingsprogramme.

Navorsingsprojekte word geloods en geformuleer deur die Beheerraad of individue wat om navorsingsfondse aansoek doen.

Struktuur: Die Instituut is formeel verbonde aan die Departement Romaanse Studies.

Personeel: Twee deeltydse personeellede is met navorsing besig. Besoekende professore of lektore word periodiek aangestel om navorsing te doen en om op hulle besondere vakgebiede lesings op die gebied van Portugese Studies te hou. Klerklike werk word deur die Administrasie van die Universiteit onderneem.

Finansiering: Fondse vir navorsing word uit donasies verkry.

Fasiliteite: Die biblioteek van die Instituut het ongeveer 3 000 bande en 500 tydskrifnommers. 'n Handlys van die biblioteekversameling is in 1965 gepubliseer.

Skakeling: Die Instituut het skakeling met die Calouste Gulbenkian-stigting, Lissabon, bewerkstellig. Die stigting het finansiële hulp aan die Instituut verleen.

NAVORSING

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Die voorbereiding van 'n reeks boeke oor Portugees in Suidoos-Afrika. 1488-1891 (navorsers, deeltyds).

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Navorsingsresultate word in boek- of pamfletvorm gepubliseer.

U N I V E R S I T E I T   V A N   Z O E L O E L A N D

Privaatsak, Kwa-Dlangezwa, oor Empangeni

Telefoon: 5
Telegramme: UNIZUL

FAKULTEIT EKONOMIESE EN STAATSWETENSKAPPE

Dekaan: Prof. L.J. Fourie

Navorsing wat aan die gang is

- Die koste- en kosprysontleding tot by die katoenvesel in die katoennywerheid in SA met spesiale verwysing na Natal- senior lektor
- Die toepassing en beoordeling van proseskosteberekening in Suid-Afrika— senior lektor
- Die Staatsfilosofiese grondslae van politieke medeseggenskap in die Regstaat-senior lektor
- Nasionalisme in die Kommunistiese ideologie-lektor
- Interafhanklikheid tussen ekonomiese en konstitusionele ontwikkeling in ekonomies-onderontwikkelde gebiede soos Zoeloeland en die Transkei— senior lektor
- Die ontwikkeling van 'n vakvoorligtingstoets vir eerstejaarstudente aan die Universiteit van Zoeloeland-lektor
- Die ondersoek van die Zoeloe-arbeider as produksiefaktor by 'n inmaakfabriek.

INTERNATIONAL CONSUMER RESEARCH COMPANY (PTY) LTD./ (EDMS) BPK

Posbus 11260, Johannesburg

Telefoon: 836-6342
836-6391
Telegramme: INCONSEARCH

Besturende Direkteur: Mej. I.J. Grobbelaar

Direkteur: Mev. D.R. Shatz

Direkteur: Mev. J. Sharp

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Maatskappy is in Januarie 1959 deur die huidige direkteure van stapel gestuur. Die Hoofkantoor is in Johannesburg en daar is takkantore in Kaapstad, Durban en Port Elizabeth.

Die Maatskappy spesialiseer in alle tipes navorsing, insluitend ondersoeke op die terrein van Blanke- en Bantoestudies, Mannekragstudies, Beplanning, Staatsleer, Sielkunde, Publieke Administrasie, Maatskaplike Werk, Sosiologie en die Geesteswetenskappe in die algemeen. Spesiale dienste sluit omnibusopnames/panele asook voortdurende Bantoe-sosiologiese en -sielkundige analises in. Die Maatskappy het nou ook na die terrein van Landbounavorsing uitgebrei.

Beheer en administrasie: Die Maatskappy word beheer deur 'n Raad wat uit drie Direkteure bestaan. Die funksie van die Raad is om al die fasette van die Raad se werksaamhede te koördineer - verkope, veldwerk, produksie en die uiteindelike versiening van verslae. Navorsingsprojekte word deur lede van die Uitvoerende Navorsingspersoneel geloods en geformuleer, in oorleg met die kliënt vir wie die werk gedoen moet word.

Struktuur: Die Maatskappy word in drie algemene seksies verdeel, naamlik die Tegniese, Veld- en Produksieseksies. Die Tegniese seksie loods die navorsingsprojek in oorleg met die spesifieke kliënt wat 'n besondere probleem het. 'n Voorstel, waarin besonderhede oor die metode waarvolgens die probleem aan die verbruiker blootgelê sal word, word dan aan die kliënt voorgelê. Indien die kliënt die voorstel aanvaar, word die projek na die Veldseksie deurgestuur, wat al die feite verkry en die projek na die Dataverwerkingsdepartement deurstuur.

Op grond van die inligting wat van vraelyste verkry word, word 'n verslag opgestel en aan die kliënt voorgelê.

Elke Direkteur staan aan die hoof van 'n spesifieke afdeling van die Maatskappy se organisasie.

Die Maatskappy het twee filiale wat gespesialiseerde navorsing onderneem:

Media & Communications Research (Edms) Beperk, wat navorsing insake Reklamemedia en Kommunikasie onderneem; en IPR (Edms) Beperk, wat navorsing insake die gebruik van farmaseutiese middels doen.

Personeel: Die Maatskappy het 13 voltydse lede op die bestuurs- en uitvoerende personeel; 32 voltydse en 17 deeltydse personeellede; 52 voltydse ondervraers, van wie 40 Blank en 12 Nie-Blank is, en 27 deeltydse ondervraers; 9 voltydse gekwalifiseerde sielkundige ondervraers; 2 doktore in die Sielkunde en een ekonoom.

Finansiering: Fondse vir navorsingsdoeleindes word van die kliënte namens wie die navorsing onderneem word, verkry.

Fasiliteite: Die Maatskappy gebruik 'n IBM 101-Statistiese Sorteerder en het toegang tot 'n ICL 1900-Elektroniese Rekenaar.

Die Maatskappy se biblioteek het 280 bande en ontvang gereeld tydskrifte wat die jongste beskikbare inligting oor Marknavorsing in Europa en Amerika bevat.

Die Biblioteek-inligtingsdiens en/of Lessenaarnavorsing is vir kliënte teen 'n spesifieke tarieweskaal beskikbaar.

Skakeling: Die Maatskappy het skakeling met Staatsdepartemente, die Buro vir Marknavorsing en ROC International vir die uitruil en gebruik van statistiek bewerkstellig.

OPLEIDING

Alle personeel word deur die Maatskappy deur middel van die Personeelopleidingseksie opgelei.

Nuwe lede van die Veld- en Produksieseksie word deur senior lede van die seksie opgelei. Enige dame wat graag by die Tegniese personeel wil aansluit moet 'n B.A.-graad in Sielkunde of Sosiale Wetenskap besit en dit word verder van haar verwag om 'n twee-jaar-opleidingskursus by die Maatskappy te deurloop. Gedurende hierdie tydperk moet sy tyd daaraan bestee om kennis op te doen van die veldwerk, dataverwerking en statistiese werk voordat sy 'n Uitvoerende Kwekeling kan word.

NAVORSING

Navorsing word namens kliënte vir onmiddellike gebruik gedoen maar dit is vir die besondere kliënt streng vertroulik. Navorsingsresultate kan gevolglik nie aan die publiek beskikbaar gestel word nie.

## K A M E R   V A N   M Y N W E S E   V A N   S U I D - A F R I K A

LABORATORIUM VIR LEWENSWETENSKAPPE

Posbus 809, Johannesburg

Telefoon: 35-9341
Telegramme: BULLION

Navorsingsadviseur: Dr. W.S. Rapson

Direkteur van Laboratorium: Dr. C.H. Wyndham

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Laboratorium het in 1950 tot stand gekom. Dit is verantwoordelik vir fisiologiese en sielkundige navorsing in die goudmynbedryf. Die Direkteur van die Laboratorium hou toesig oor mediese navorsing wat deur ander agentskappe onder kontrak vir die Kamer van Mynwese uitgevoer word. Die Fisiologie-afdeling is gemoeid met akklimatisering aan hitte; faktore verantwoordelik vir hittetoleransie; metodes om hittespanning in werkplekke vas te stel en om menslike reaksies op hitte, veral die waarskynlikheid van hittesteek, te voorspel; die bepaling van die fisiese werkvermoë van mynwerkers en metodes om hulle vir fisiese werk te kondisioneer; die bepaling van die energiekoste van handearbeid in myne en die invloed op energiebesteding van verskillende fisiese faktore in mynbouverband; die verligting van werkplekke en die gesigskerpte en aanpassing aan die donker van Bantoearbeiders. Dit was in die verlede gemoeid met die voeding van die Bantoemynwerkers en die verband tussen fisiese werkvermoë en werkverrigting.

Die Sielkunde-afdeling, wat in 1963 ingestel is, is gemoeid met die ontwikkeling van nuwe metodes van keuring van Bantoemynwerkers vir meganiese take en vir leierskap; met

'n evaluering van huidige metodes van opleiding in produksiemetodes en veiligheid en van die funksies van personeeldepartemente; met die houding en motivering van die produksiespan; met die oorsaaklike faktore by ongelukke.

Mediese navorsing word onder kontrak deur verskillende agentskappe vir die Kamer oor die volgende aangeleenthede uitgevoer: die kliniese aspekte van hittesteek; beroepsdermatitis; faktore wat gepaard gaan met hoë teringrisiko; die verband tussen blootstelling aan stof en die voorkoms van silikose; en die gehoorskerpte van Bantoemynwerkers. Skakeling word met die Pneumokoniosenavorsingseenheid van die MNR gehandhaaf.

Funksies en beleid: Die funksies van die Laboratorium behels navorsing op die gebied van produktiwiteit en nywerheidsgesondheid en die verskaffing van dienste op hierdie gebiede ten behoewe van goudmyne en Myngroepe, wat lede van die Kamer is.

Beheer en administrasie: Die Laboratorium vir Lewenswetenskappe word beheer deur die Navorsingsadvieskomitee van die Kamer van Mynwese en deur Fisiologie-, Sielkunde- en Mediese panele.

Die lede van die Navorsingsadvieskomitee is raadgewende ingenieurs wat deur die Myngroepe benoem word. Lede van die Panele is genomineerdes van die Groepe.

Die Navorsingsadvieskomitee hou algemene toesig oor navorsing vir die goudmynbedryf. Die Panele adviseer die Direkteur ten opsigte van fisiologiese, sielkundige en mediese navorsing.

Projekte word hoofsaaklik deur die Direkteur in samewerking met die verskillende Panele geloods en geformuleer, maar ook deur ander liggame wat aan die Kamer van Mynwese verbonde is.

Struktuur: Die Laboratorium vir Lewenswetenskappe het twee afdelings, een in Toegepaste Fisiologie en een in Toegepaste Sielkunde. Daar is 'n hoof vir elke afdeling. Binne elke afdeling is daar verskeie seksiehoofde en binne elke seksie 'n aantal projekleiers. Geen regstreekse mediese navorsing word deur die Laboratorium uitgevoer nie maar die Direkteur hou toesig oor kontrakwerk wat vir die Kamer gedoen word.

Personeel: Die Laboratorium het 27 wetenskaplike personeellede, waarvan 17 fisioloë en 10 sielkundiges is. Daar is ook 5 administratiewe en klerklike personeellede en 9 tegnici.

Finansiering: Die bronne waaruit fondse vir navorsingsdoeleindes verkry word, is fondse wat gestem word uit subskripsies van lede van die Kamer, heffings op myne wat akklimatisering toepas om die onkoste aan advies en bystand wat in verband met die funksionering van hulle akklimatiseringsentrums verleen is, te dek, en werk wat onder kontrak vir buiteinstansies gedoen word.

Fasiliteite: Die Fisiologie-afdeling het unieke fasiliteite om hitteoordrag deur straling, konveksie en verdamping van 'n man wat werk, regstreeks te meet. Hierdie instrumente word in 'n windtonnel met 'n lae temperatuur gehou, waarin die lugtemperatuur, humiditeit, windsnelheid en temperatuur van omringende oppervlaktes baie noukeurig gekontroleer kan word. Die afdeling het ook 'n mensekalorimeter om hitteoordrag van 'n man baie noukeurig te meet, asook toerusting om die stralingsgebiedoppervlakte van 'n man in enige posisie vinnig en akkuraat te bepaal. Die afdeling het ook twee elektroniese tweesiklusergometers, twee trapmeule en apparaat om die verbruik van suurstof en koolsuurgaswisseling by mans wat werk, te meet. Die chemiese afdeling is in staat om melk- en pirodruiwesure in die bloed, elektroliete in sweet en ander biologiese vloeistowwe te meet.

Die biblioteek het 1 600 boeke en 400 tydskrifte (insluitend bande).

Die Navorsingsorganisasie publiseer 'n jaarlikse oorsig van navorsing en lewer 'n aansienlike bydrae tot wetenskaplike lektuur. Verslaggewing word gewoonlik beperk tot lede van die Kamer van Mynwese. Inligting aan buiteinstansies word op versoek verskaf.

Skakeling: Die Laboratorium het skakeling met die Departemente Meganiese Ingenieurswese, Mynbou en Fisiologie van die Universiteit van die Witwatersrand; die Nasionale

Navorsingsinstituut vir Meganiese Ingenieurswese van die WNNR; die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing, en die Menslike Aanpassingsafdeling van die Internasionale Biologiese Program bewerkstellig.

Die Direkteur van die Laboratorium is Ere-professor in Ergonomie in die Departement Meganiese Ingenieurswese en lektor van die wetenskaplike personeel in Ergonomie en Hittefisiologie aan die Universiteit van die Witwatersrand. Mnr. T. Hodgson, Hoof van die Hitteoordragafdeling van NNIMI is raadgewende ingenieur aan die Laboratorium; die Direkteur van die Laboratorium is 'n lid van die WNNR se Menslike Aanpassingsub-komitee en is ook raadgewer aan die sameroeper (in Londen) ten opsigte van studies in verband met Hittetoleransie.

## OPLEIDING

Die wetenskaplike personeel hou lesings in Ergonomie en Hittefisiologie vir nagraadse kursusse in die Departemente Meganiese Ingenieurswese en Mynbou aan die Universiteit van die Witwatersrand.

## NAVORSING

Die Sielkunde-afdeling het gesamentlike projekte met die NIPN en die Anglo American-korporasie oor die ontwikkeling van nuwe keuringstoetse vir meganiese vaardighede en leierskap onder die Bantoe. Die Fisiologie-afdeling werk saam met die NIPN, ens. aan studies van plattelandse en stedelike Bantoes in die Suid-Afrikaanse Internasionale Biologiese Program.

Navorsingsresultate is streng van toepassing op die goudmynbedryf.

### Navorsingsdoelwitte

#### Fisiologie-afdeling

- Om akklimatisering te verbeter deur die doeltreffendheid daarvan te verhoog, die tydperk te verkort en dit by nuwe mynboumetodes aan te pas
- Om werkers wat minder weerstand teen hitte bied, as ander op te spoor en te voorkom dat hulle aangewys word om in warm gebiede van myne te werk
- Om werkers teen oormatige blootstelling aan hitte te beskerm deur die bepaling van geskikte hittetoestande
- Beraming van hittesteekrisiko op verskillende vlakke van hittespanning vir 'n basiese kennis van hitteoordrag en regulering van temperatuur by die mens
- Om 'n mikro-klimaat om 'n werker tot stand te bring, wat hom ten volle teen hitte sal beskerm en nie sy bewegings sal strem nie
- Om produktiwiteit te verbeter en die gesondheid van werkers te beskerm deur die toepassing van die beginsels van werkfisiologie op die keuring en opleiding van werkers en die bepaling van produksiestandaarde
- Om die veiligheid en doeltreffendheid van sekere myntake te verhoog deur Bantoes met swak gesigsvermoë uit te ken en hulle by take wat 'n hoë mate van gesigskerpte vereis, uit te skakel.

#### Sielkunde-afdeling

- Toepassing van personeelnavorsingsbevindings om die produktiwiteit van 'n goudmyn te verhoog
- Standaardisering van die nuwe klassifikasie-toetsbattery en die bepaling van die invloed wat hertoetsing en ondervinding in mynbou op toetstellings het

- Bepaling van die gevolge en oorsake van afwesighede, omset en beweging by mynwerkers

- Opname in die mynnywerheid van die houding teenoor mynbou-ingenieurswese as loopbaan

- Bepaling van die oorsake van die hoë omset van leerling-mynwerkers aan die Staatsopleidingskool vir mynwerkers

- Bepaling van die implikasies van mannekragtendense en vereistes in die mynbounywerheid vir 1970-1980.

- Ontwikkeling van 'n gebruikskode vir kontrole van masjiniste van lokomotiewe met die oog op die vermindering van lokomotiefongelukke.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die LLW publiseer 'n Annual Review of Research, wat by die Kamer van Mynwese verkrygbaar is. Navorsingsresultate word in interne verslae van die Kamer van Mynwese en in openbare wetenskaplike tydskrifte gepubliseer.

'n Lys van internasionale en plaaslike publikasies, en 'n lys van plaaslike wetenskaplike tydskrifte waarin die navorsingsresultate van die LLW gepubliseer is, is op aanvraag verkrygbaar.

L O P E X L T D. L O N D O N

MARKET RESEARCH AFRICA (PTY) LTD.

Posbus 10483, Johannesburg

Telefoon: 28-2863
Telegramme: MARKSEARCH

Voorsitter: Mnr. W. Langschmidt

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die maatskappy is 'n filiaal van Lopex Ltd., Londen, en die Suid-Afrikaanse Lid van INRA (New York). Die maatskappy funksioneer as 'n handelsmarknavorsingsagentskap en bestaan sedert Mei 1959.

Beheer en administrasie: Die maatskappy word beheer deur 'n Raad van Direkteure.

Struktuur: Die maatskappy funksioneer onder sy Raad van Direkteure deur middel van 'n span navorsingsbeamptes en kwekeling-navorsingsbeamptes, gesteun deur uitvoerende departemente soos Veldkontrole, Kodifisering en Redigering, Pons en Verifiëring, Rekenaaranalise, ens. tesame met gewone klerklike, rekeninge- en tikpersoneel.

Gespesialiseerde afdelings sluit Etiese Verdowingsmiddelontleding, Nywerheidnavorsing, Beplanning en Ontwikkeling, Reklamenavorsing, Reklametrefkragindeks, Kledingindeks, Duursaamheidsindeks, ens. in.

Personeel: Daar is 30 voltydse vakkundige personeellede en 140 administratiewe, klerklike en veldpersoneel (voltyds).

Finansiering: Die organisasie verkry sy fondse uit betalings wat deur maatskappye en ander instansies wat werkopdragte gee, gedoen word.

Fasiliteite: Die maatskappy beskik oor al die fasiliteite vir handels- en nywerheidnavorsing. 'n IBM 360/40-rekenaar word gebruik.

Skakeling: Die aard van die maatskappy se werksaamhede noodsaak gewoonweg geen skakeling met nie-kommersiële navorsingsorganisasies nie, maar die maatskappy is lid van die Buro vir Marknavorsing (Universiteit van S.A.). Navorsing word gedoen vir staatsdepartemente, beheerrade, plaaslike owerhede, ens.

OPLEIDING

Navorsers word binne die maatskappy opgelei en werk vir tydperke in elke departement. Beurse word nie voorsien nie. Boektoelaes is beskikbaar aan werknemers vir die aankoop van boeke vir deeltydse graadkursusse of vir tegniese en professionele boeke wat oor Marknavorsing handel.

NAVORSING

Navorsing word namens maatskappye en ander instansies wat werkopdragte gee, gedoen en resultate is dus vertroulik.

## PUTCO OPERATING AND TECHNICAL SERVICES BPK

INDUSTRIëLE SIELKUNDIGE DIENSTE

Posbus 9571, Johannesburg

Telefoon: 40-1211
40-5274
Telegramme: BUSUTILITY

Bestuurder: Mev. L. Shaw

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Industrial Psychological Services is basies nie 'n navorsingsinstituut nie - dit is 'n liggaam wat raadgewende dienste ten opsigte van die keuring van personeel en die voorkoming van ongelukke (padongelukke) verskaf. IPS het egter alreeds 'n groot hoeveelheid navorsing oor die sielkunde van die Bantoe, die ontwikkeling van sielkundige toetse vir die keuring van personeel en oor die persoonlike faktor by padongelukke uitgevoer.

IPS voer ook van tyd tot tyd gesteunde navorsing ten behoewe van ander liggame op aanvraag uit.

Beheer en administrasie: Die raad van die moederliggaam, Putco Operating and Technical Services, beheer IPS, alhoewel die kontrole in 'n groot mate maar net in naam is. Lede word deur die Maatskappydirekteure en Bestuurders aangestel. Die Bestuurder van Industrial Psychological Services loods en formuleer navorsingsprojekte.

Struktuur: Die eenheid werk as span onder leiding van die Bestuurder.

Personeel: Daar is ses personeellede (vier Blank en twee Nie-Blank) wat deeltydse navorsing doen wanneer hulle ander pligte dit toelaat. Daar is drie administratiewe personeellede.

Finansiering: Geen fondse word spesifiek vir navorsing toegeken nie, aangesien dit

gedoen moet word as deel van die werkroetine van 'n werkende sielkundige toetseenheid. Die volgende spesifieke fondse is egter aan IPS beskikbaar gestel deur die Shellmaatskappy en die Suid-Afrikaanse Padveiligheidsraad om sekere navorsingsprojekte uit te voer.

Toekennings

1960 R4 000 aan die IPS deur die Shellmaatskappy van Suid-Afrika geskenk om sielkundige toetse vir die keuring van Nie-Blankes te ontwikkel en om ongeluksnavoring te doen.

1965 R1 500 aan die Bestuurder deur die S.A. Padveiligheidsraad geskenk om Europa te besoek ten einde ongeluksnavorsing te bestudeer.

1965 R7 000 aan die Bestuurder deur die Shellmaatskappy geskenk om die Verenigde State te besoek ten einde ongeluksnavorsing en bestuurdersbeheermetodes te bestudeer.

Fasiliteite: IPS het toegang tot 'n rekenaar en beskik ook oor sy eie privaatbiblioteek. Die organisasie het die voordeel dat daar 'n groot aantal onderwerpe waaroor navorsing gedoen kan word geredelik beskikbaar is. Vir ongeluksnavorsing gebruik IPS die inligtingsdiens wat deur die S.A. Padveiligheidsraad verskaf word, asook die hoflikheidsdiens wat aan die organisasie deur die National Highway Safety Bureau verskaf word. IPS gebruik die biblioteke van die Universiteit van die Witwatersrand en die NIPN vir sielkundige navorsing.

Skakeling: IPS het noue kontak met 'n aantal liggame wat navorsing oor padongelukke doen:

- Die navorsingsafdeling van die S.A. Padveiligheidsraad
- Die British Road Research Laboratory
- Die Institute of Psychiatry, Londense Universiteit
- Al die groot navorsingseenhede wat hul met padongelukke besig hou, soos die Harvard School of Public Health, Columbia-universiteit, UCLA California, die Traffic Institute of Northwestern University, die California-Motor Vehicle Department, ens.
- Al die groot navorsingsinrigtings in Holland, Wes-Duitsland, Oostenryk, Finland, ens.
- Wat die Engelse liggame betref, neem skakeling die vorm van gesamentlike navorsing aan. Daar word publikasies en inligting betreffende nuwe ontwikkeling op die gebied van navorsing oor padongelukke met die ander liggame uitgeruil.

OPLEIDING

Navorsers word op versoek en teen betaling van gelde opgelei. Die opleiding, wat informeel en individueel is, staan gewoonlik in verband met:

- Die organisasie van personeeleenhede;
- opleiding in die gebruik van projeksiepersoonlikheidstoetse; en
- navorsing oor die menslike faktor by padongelukke.

NAVORSING

Eksperimentele gegewens word geredelik verkry, aangesien IPS met die publiek werk, hoofsaaklik met mense wat òf werk soek òf alreeds in diens van sekere firmas is.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

Die volgende navorsingsprogramme is voortdurend aan die gang

- Die persoonlikheid van die Bantoe en die Kleurling

- Die ontwikkeling van toetse vir die keuring van personeel

- Navorsing oor die menslike faktor by die oorsake van ongelukke

- Die verband tussen persoonlikheid en waargenome gedrag van bestuurders (in samewerking met die British Road Research Laboratory - en die London Institute of Psychiatry - die proefpersone is lede van die Britse publiek).

Alle projekte word deur lede van die personeel uitgevoer, onder leiding van die Bestuurder van IPS.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Navorsingsresultate word in boeke of tydskrifte gepubliseer -

SHAW, L. and SICHEL, H.S. Accident Proneness. Londen, Pergamon Press, 1971.
Hierdie boek is geskryf op uitnodiging van professor H.J. Eysenck in sy hoedanigheid as Redakteur van 'n reeks, "International Monographs on Experimental Psychology."

## S U I D - A F R I K A A N S E   B U R O   V I R   R A S S E A A N G E L E E N T H E D E

Posbus 2768, Pretoria

Telefoon: 485964
Telegramme: BUSARA

Direkteur: Dr. C.J. Jooste

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Aan die begin van 1947 het 'n aantal dosente van die Universiteit van Stellenbosch (veral van die Departement van Bantoekunde) hulle begin beywer vir die stigting van 'n organisasie wat as doel sou hê die wetenskaplike bestudering van die rassevraagstukke van ons land en die propagering van 'n gesonde rassebeleid en optrede in verband met rasseaangeleenthede. 'n Persverklaring wat die stigting van so 'n organisasie in die vooruitsig gestel het, is uitgereik en dadelik is daar deur ander persone, kollegas en organisasies gereageer. Na samesprekings in Johannesburg en Pretoria, is besluit om 'n landswye organisasie in die lewe te roep. Die formele stigting het op 23 September 1948 in Kaapstad plaasgevind toe die Statute aangeneem en 'n Uitvoerende Komitee aangewys is. SABRA is op 1 Desember 1948 geregistreer, ingevolge die Maatskappyewet, 1926 (Wet No. 46 van 1926) as 'n maatskappy sonder winsbejag.

SABRA is geheel-en-al onafhanklik van enige ander organisasie of politieke party.

Funksies en beleid: Die algemene strewe van die Buro is om die vreedsame naasbestaan van die onderskeie volkseenhede op die subkontinent te bevorder. Dit aanvaar die beginsel van afsonderlike of veelrassige ontwikkeling in Suid-Afrika en beywer hom in twee rigtings om hierdie algemene strewe te verwesenlik.

In die eerste plek spits die Buro hom toe op wetenskaplike studie van die probleme wat neig om goeie verhoudings tussen die volksgemeenskappe te versteur en wat implementering van die beginsel van afsonderlike ontwikkeling ondermyn of belemmer.

Tweedens, het die Buro 'n opvoedkundige taak om inligting, hier ter lande en oorsee, ten opsigte van die gebied en sy mense en verskeie aspekte van die beginsel en praktyk van afsonderlike ontwikkeling te versprei.

Die Buro onderneem navorsingsprojekte wat dié van die Staat en ander instansies aanvul. Opnames word gedoen deur die personeel van die Buro en lede van sy beheerliggame of deur universiteitsdepartemente of deur universiteitspersoneellede wat ingevolge spesiale ooreenkomste met die Buro saamwerk.

Beheer en administrasie: Die Statute maak voorsiening vir privaatlede, lewenslede, skenkerlede en geaffilieerde lede.

Die Buro word beheer deur 'n Raad wat uit die volgende persone bestaan, wat lede van die Buro moet wees en wat tweejaarliks op die algemene vergadering van lede deur die aanwesiges daartoe verkies word:

- Voorsitter van die Buro
- Ondervoorsitter van die Buro
- drie verteenwoordigers uit Kaapland
- drie verteenwoordigers uit Transvaal
- een verteenwoordiger uit die Oranje-Vrystaat
- een verteenwoordiger uit Natal
- een verteenwoordiger uit Oos-Kaapland
- een verteenwoordiger uit Suidwes-Afrika
- soveel gekoöpteerde lede as waarop die Raad van tyd tot tyd mag besluit
- Direkteur van die Buro (ex officio).

Die administratiewe en uitvoerende magte en die funksies en beheer van die Buro, die bepaling van sy beleid en die beheer oor alle sake en aangeleenthede wat die Buro raak, berus by die Raad, wat op sy beurt vir al sy handelinge verantwoordelik is aan die algemene ledevergadering wat die hoogste liggaam is.

Daarbenewens word 'n Uitvoerende Komitee jaarliks deur die Raad verkies.

Die Uitvoerende Komitee stel, onder andere, 'n Sekretaris vir die Buro aan en loods en formuleer navorsingsprojekte.

Die Direkteur is die hoof-uitvoerende beampte van die Buro en is in alle sake deur die Uitvoerende Komitee aan die Raad verantwoordelik.

Personeel: Die personeel bestaan uit die Direkteur en die Sekretaris. Die getal deeltydse personeellede wissel na gelang van die aantal navorsingsprojekte wat onderneem word. Vrywillige hulp speel 'n belangrike rol.

Daar is 10 administratiewe en klerklike personeellede.

Finansiering: Fondse vir navorsingsdoeleindes word uit donasies verkry.

Skakeling: Die Buro het skakeling met die universiteite bewerkstellig. Dit onderneem gesamentlike navorsingsprojekte in samewerking met die universiteite en verleen finansiële en ander bystand.

NAVORSING

Die Buro werk saam met die nywerheid, plaaslike owerhede en organisasies wat in 'n spesifieke belangstellingsveld funksioneer om gegewens in verband met navorsing te verkry.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Verspreiding van Nie-Blanke werkers in Suidwes-Kaapland (gesamentlike projek)
- 'n Sosio-ekonomiese opname van die Kleurlingbevolking van Noord-Kaapland
- Die Bantoe in Blanke stedelike gebiede en die stelsel van trekarbeid
- Ontwikkeling van die Bantoetuislande.

PUBLIKASIES

Die Buro publiseer 'n kwartaallikse tydskrif, Tydskrif vir Rasseaangeleenthede (R4,00 p.j. oorsee; R3,00 p.j. in die RSA en SWA), wat die resultate van empiriese studies sowel as ander opvoedkundige materiaal vir plaaslike en oorsese verspreiding bevat; 'n Jaarboek; en ad hoc-monografieë en brosjures.

## SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VAN INTERNASIONALE AANGELEENTHEDE

Posbus 31596, Braamfontein, Johannesburg

Telefoon: 724-9459
Telegramme: INSINTAFF

Direkteur: Mnr. C.J.A. Barratt

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Suid-Afrikaanse Instituut van Internasionale Aangeleenthede is in 1934 in Kaapstad gestig, en was een van 'n aantal institute in die Statebond wat by die Royal Institute of International Affairs (Chatham House) in Londen geaffilieer was. Gedurende 1944 is die hoofkwartier van die Instituut na Johannesburg verskuif. In Mei 1960 het 'n belangrike ontwikkeling in sy geskiedenis plaasgevind toe sy kantore en biblioteek na die nuutgeboude Jan Smuts-huis op die terrein van die Universiteit van die Witwatersrand, oorgeplaas is. Toe Suid-Afrika in 1961 uit die Statebond getree het, is die affiliasie van die Instituut by Chathman House ook beëindig. Skakeling is egter met hierdie liggaam asook met ander soortgelyke Institute in ander lande, behou.

Jan Smuts-huis is deur die Smuts-Gedenktrust opgerig om as 'n sentrum vir internasionale studies en 'n blywende aandenking aan generaal J.C. Smuts te dien. Benewens die Instituut se hoofkwartier en die biblioteek, huisves hierdie sentrum ook die Universiteit se Departement van Internasionale Verhoudings met die Smuts-professor aan die hoof daarvan. Hierdie nuwe Leerstoel van Internasionale Verhoudings is in samewerking met die Universiteit deur die Trust ingestel.

Daar is noue samewerking tussen die Departement van Internasionale Verhoudings en die Instituut, wat onafhanklik van die Universiteit bly ten opsigte van die bevordering van studie en navorsing op die gebied van internasionale betrekkinge.

Die Smuts-professor en die senior lektor in die Departement is die Instituut se akademiese raadgewers.

As nasionale liggaam het die Instituut lede oor die hele Republiek, met Takke in Johannesburg, Pretoria, Kaapstad, Stellenbosch, Port Elizabeth en Durban.

Funksies en beleid: Soos in die Grondwet omskryf, is die Instituut gestig met die doel om deur middel van studie, bespreking, lesings, openbare toesprake, die instandhouding van 'n inligtingsdiens of enige ander middele waartoe die Nasionale Uitvoerende Raad goedkeuring sou verleen, 'n begrip van internasionale vraagstukke en probleme te bevorder.

Ingevolge die Grondwet mag die Instituut, hetsy by wyse van 'n besluit of op enige ander wyse, nie sy mening oor enige aspek van enige vraagstuk of probleem binne sy bestek uitspreek nie. Hierdie beperking is van toepassing op en bindend vir die Nasionale Uitvoerende Raad en vir elke Tak van die Instituut.

Die Instituut is binne hierdie opdrag in staat om 'n konstruktiewe rol in die Suid-Afrikaanse huishouding te vervul as 'n onafhanklike, nie-politieke en onpartydige liggaam wat met internasionale aangeleenthede in die algemeen en Suid-Afrika se buitelandse betrekking in die besonder gemoeid is.

Die Instituut poog in al sy ondernemings om by te dra tot 'n wyer begrip onder alle Suid-Afrikaners van die belangrikheid van internasionale aangeleenthede; tot 'n groter bewustheid van Suid-Afrika se rol in die wêreld en in Afrika; en tot 'n opbouende belangstelling by die publiek in die ontwikkeling van Suid-Afrika se buitelandse betrekkinge.

Beheer en administrasie: Die Nasionale Uitvoerende Raad is die beleidmakende liggaam van die Instituut. 'n Administratiewe Komitee hanteer die sake van die Instituut tussen Raadsvergaderings en besit al die magte en funksies van die Raad, met uitsondering van die mag om die Grondwet te verander.

Elke Tak van die Instituut tree outonoom op vir sover dit sy eie lede en aktiwiteite raak, en beskik oor sy eie verkose Uitvoerende Komitee.

Die lede van die Nasionale Uitvoerende Komitee word deur die Takke van die Instituut verkies en elke Tak is geregtig op 'n gespesifiseerde aantal verteenwoordigers. Die Administratiewe Komitee bestaan uit alle lede van die Raad.

Die Nasionale Raad, of die Administratiewe Komitee wat vir die Raad waarneem, bepaal die beleid en is verantwoordelik vir al die sake (insluitend finansiële sake) van die Instituut op nasionale vlak.

Navorsingsprojekte word beplan, geformuleer en uitgevoer deur die Direkteur en personeel van die Instituut, insluitend die akademiese raadgewers. Samewerking betreffende navorsingsprojekte mag ook met akademici aan ander universiteite of verwante organisasies, asook met lede van die Instituut in ander beroepe nagestreef word.

Bestuursmag berus by die Direkteur van die Instituut, mnr. C.J.A. Barratt, wat verantwoordelik is aan die Nasionale Raad, onder die voorsitterskap van mnr. Leif Egeland. Elke tak het sy eie Voorsitter en Sekretaris wat die sake van die Tak bestuur.

Struktuur: Die Instituut se personeel is aan die Direkteur verantwoordelik. Daar is met die uitsondering van die biblioteek, geen afsonderlike afdelings in die Instituut nie.

Personeel: Die Professionele personeel bestaan uit die Direkteur, een professionele assistent en die akademiese raadgewers van die Departement van Internasionale Verhoudings van die Universiteit. Die administratiewe personeel bestaan uit een Bibliotekaris, een Biblioteek-assistent, vier voltydse en twee deeltydse administratiewe en klerklike personeellede.

Finansiering: Die inkomste van die Instituut word uit privaatbronne verkry, naamlik sy volle lede (Suid-Afrikaanse maatskappye), individuele lede en skenkers, sowel as uit

spesiale toekennings deur die Smuts-Gedenktrust. Spesiale skenkings word verkry uit dieselfde bronne vir bepaalde projekte, soos byvoorbeeld die konferensie wat in 1970 gehou is.

Fasiliteite: Die biblioteek beskik oor ongeveer 6 000 boeke en 2 000 tydskrifbande asook amptelike publikasies en amptelike dokumente van die VVO. Die private biblioteek van wyle generaal J.C. Smuts word in Jan Smuts-huis bewaar.

Inligtingsdienste word aan volle en individuele lede verskaf.

Skakeling: Die Instituut het skakeling met die Departement van Internasionale Verhoudings van die Universiteit van die Witwatersrand bewerkstellig. Verdere skakeling geskied deur middel van gesamentlike navorsingsprojekte, voorbereiding van publikasies, beplanning van konferensies, simposiums, ens.

## NAVORSING

Ten einde navorsingsgegewens te bekom, werk die Instituut saam met Universiteite, die Afrika-Instituut, Staatsdepartemente en die pers. Die prosedure wat gevolg word, is hoofsaaklik die versameling en klassifisering van gepubliseerde materiaal, en onderhoude.

### Navorsingsprojekte wat onlangs afgehandel is

- Navorsing en voorbereiding van materiaal vir konferensie gehou in Junie/Julie 1970, oor "Die Uitwerking van die Bevolkingsontploffing op Internasionale Betrekkinge". Verslag sal in 1971 gepubliseer word.

- Publikasie in 1970 van verslag oor Simposium gehou deur die Instituut oor 'Verenigde State se Buitelandse Beleid in Streeksverband'.

### Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Navorsing en voorbereiding van materiaal vir 'n konferensie wat in 1972 oor aspekte van ontwikkeling in Suidelike Afrika gehou word en ook vir

- 'n simposium wat laat in 1971 of 1972 gehou sal word oor die gebruik en beskerming van natuurlike hulpbronne in Suidelike Afrika.

- 'n Versameling van die belangrikste dokumente oor Suid-Afrika se buitelandse politiek word tans in samewerking met die Departement van Internasionale Verhoudings onderneem.

- Aspekte van Suid-Afrikaanse buitelandse beleid.

## PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

'n Jaarverslag word uitgegee en is van die Instituut verkrygbaar. 'n Kwartaallikse nuusbrief word ook gepubliseer en versprei aan alle volle en individuele lede van die Instituut, asook aan verwante institute en ander organisasies in Suid-Afrika en oorsee.

Navorsingsbevindings word beskikbaar gestel òf in mededelings aan lede van die Instituut, òf in die vorm van gedrukte publikasies en verslae.

### Onlangse publikasies

BARRATT, John and LOUW, Michael. ed. International Aspects of Overpopulation. Proceedings of a Conference held in Johannesburg by the SAIIA. London, MacMillan, 1971.

HAARHOFF, T.J. Smuts the Humanist: A Personal Reminiscence. Oxford, Basil Blackwell 1970.

S U I D - A F R I K A A N S E   I N S T I T U U T   V I R   P U B L I E K E
A D M I N I S T R A S I E

Posbus 2752, Pretoria Telefoon: 2-3184

Direkteur: Prof. J.J.N. Cloete

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Instituut is 'n professionele vereniging wat in 1963 gestig is. Universiteite, publieke instansies op alle regeringsvlakke en individue is as lede ingeskryf. Navorsingsbelangstellinge dek die wye veld van publieke administrasie.

Funksies en beleid: Dit behels die verbetering van publieke administrasie in Suid-Afrika deur middel van onderwys, navorsing en openbare lesingvergaderings.

Beheer en administrasie: Die Instituut word beheer deur die Raad van die Instituut en die Uitvoerende Komitee van die Raad.

Lede van die Raad verteenwoordig die verskillende lede of groepe lede, bv. die sentrale staatsdepartemente, die provinsies, Suidwes-Afrika, die Suid-Afrikaanse Spoorweë, die munisipale owerhede en gewone lede. Die Raad keur die begroting, werkprogramme en die aanstelling van personeel goed.

Navorsingsprojekte word geloods en geformuleer deur die Uitvoerende Komitee op advies van die Direkteur van die Instituut en adviserende navorsingsubkomitees wat van tyd tot tyd aangestel word.

Struktuur: Die Instituut is nog 'n klein organisasie. Die Raad, wat uit 30 lede bestaan, vergader jaarliks en het al sy uitvoerende magte aan die Uitvoerende Komitee van nege lede gedelegeer. Die Uitvoerende Komitee vergader wanneer nodig om sy sake te verrig en het 'n Subkomitee vir Navorsing aangestel om die Direkteur van die Instituut en die Uitvoerende Komitee oor vraagstukke van navorsing te adviseer.

Personeel: Die vakkundige personeel bestaan uit die Direkteur, in 'n deeltydse hoedanigheid, aangesien hy Professor in Publieke Administrasie aan die Universiteit van Pretoria is, en een voltydse assistent. Daar is een tikster/klerk wat op 'n deeltydse basis werk.

Finansiering: Die Instituut verkry sy fondse uit ledegelde.

Fasiliteite: Toegang tot spesiale navorsingsfasiliteite kan deur verskillende lede van die Instituut verkry word. Die biblioteke van die universiteite en van instansielede van die Instituut is tot sy beskikking. Die Instituut beskik ook oor 'n klein aantal eie boeke.

Skakeling: Skakeling is met die universiteite, staatsdepartemente, provinsiale en munisipale owerhede en 'n groot aantal ander publieke instansies bewerkstellig.

Alhoewel skakeling ten opsigte van navorsingsaktiwiteite op 'n klein skaal plaasvind, het uitruiling van publikasies met hierdie instansies alreeds moontlik geword. Gesamentlike ondernemings en kontrakprojekte word tans oorweeg.

OPLEIDING

Navorsingsassistente ontvang indiensopleiding deur die Direkteur, wat spesifieke projekte aan navorsingsassistente toeken.

NAVORSING

Die Instituut werk saam met staatsdepartemente, provinsiale en munisipale owerhede en

ander publieke instansies om eksperimentele gegewens te verkry.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- Die toepassing van die stelsel van taakstellingsbegroting of ander van die nuwe begrotingstelsels
- Watervoorsiening vir stedelike gebiede in die Republiek van Suid-Afrika (en/of Suidwes-Afrika) met verwysing na die hergebruik van water in kleiner dorpe
- In watter mate het plaaslike owerhede hul oorspronklikheid en skeppingskrag in die bestuur en administrasie van plaaslike sake aan die hoër owerheidsvlakke ingeboet?
- Die voor- en nadele wat nywerheidsontwikkeling vir plaaslike gemeenskappe inhou
- Beheer oor en gebruik van Bantoe-arbeid deur plaaslike owerhede, die grense van moontlike meganisasie, standaardisasie en aansporingstelsels
- Die Bantoe in openbare diens (administrasie) met spesiale verwysing na die feit dat sy kultuur en tradisies van dié van die Blankes verskil
- Suid-Afrikaanse wetgewende instellings
- Staatskorporasies in Suid-Afrika
- Die Suid-Afrikaanse Staatsdiens
- Beplanning in Suid-Afrika
- 'n Evaluering van die funksieverdeling van die Staatsdienskommissie se Inspektoraat sover dit die Departement van Binnelandse Inkomste betref
- Die kwalifikasies van volksraadslede, provinsiale raadslede en munisipale raadslede met verwysing na praktyke in Suid-Afrika
- Die voor- en nadele van die Wet op Vrydom van Belasting op Staatseiendom, 1931 (No. 32 van 1931)
- Die bepaling op nasionale vlak van die behuisingsbehoeftes van die verskillende rassegroepe
- 'n Evaluering van die stelsel van bestuurskomitees vir Kleurlinge en Indiërs met besondere verwysing na die verhoudings tussen sodanige komitees en die munisipale rade waaronder hulle ressorteer
- Die wenslikheid van verkeersbeheer deur die Suid-Afrikaanse Polisie
- 'n Beskrywende en ontledende opname van die reëlings vir die administrasie van plaaslike aangeleenthede in die landdrosdistrik (Afdelingsraadsdistrik) Ladismith, Kaap
- Die verband tussen die Johannesburgse Stadsraad, die Kleurlingbestuurskomitee, die Stedelike Bantoerade en ander soortgelyke liggame wat vir die Nie-Blanke bevolking gestig kan word
- Die voordeligste voorsiening van O. - en M.- dienste aan munisipale owerhede in Suid-Afrika: 'n Evaluering van die bestaande reëlings en voorstelle vir die toekoms
- Die rol van openbare amptenare in leidende hoedanighede in Suid-Afrika

- Verkiesingstelsels wat met die staatkundige ontwikkeling van die Bantoe tred sal hou

- Die verpligtinge van die stadsklerk as hoof-administratiewe amptenaar op die wetgewende en administratiewe terreine

- 'n Kritiese ontleding van die staat se beleid ten opsigte van die finansiering van wetenskaplike en in die besonder natuurwetenskaplike navorsing

- Beheer oor die Staatsdienskommissie deur die Wetgewende Gesag

- Interowerheidsverhoudings

- Minimumvereistes vir doeltreffende hospitaalbeplanning: die wetenskaplike voorspelling van behoeftes vir die verskillende dienste (soos vir buite-pasiënte, ongevalle en teaters) en huishoudelike dienste (soos sentrale sterilisasie, wasserye, kombuismeganisasie, ens.)

- Die werwing en opleiding van geskikte personeel vir hoër poste in die munisipale diens met spesiale verwysing na die afdelings slagpale en lewende hawe

- Die verskille in die bepalings van die ordonnansies van die vier provinsies met betrekking tot die beheer oor plaaslike owerhede.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

SAIPA, Die Tydskrif vir Publieke Administrasie, word gratis aan lede van die Instituut verskaf en beskikbaar gestel aan die vyf kopieregbiblioteke in Suid-Afrika, die Britse Museum, die Library of Congress (Washington, D.C.) en aan universiteite in Suid-Afrika en oorsee.

## SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VIR RASSEVERHOUDINGS

Posbus 97, Johannesburg

Telefoon: 724-4441
Telegramme: UBUNTU

Direkteur: Mnr. F.J. van Wyk

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Instituut is 'n veelrassige organisasie wat gestig is met die doel om vrede, welwillendheid en praktiese samewerking tussen die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika te bevorder. Die grondwet verbied spesifiek enige party-politieke verbintenisse.

'n Groep Suid-Afrikaners wat besef het dat Blankes onkundig was omtrent die lewensomstandighede en denke van ander groepe, het die Instituut in 1929 gestig, toe rasseverhoudings baie gespanne was.

Die vier hoofgebiede van die Instituut se werksaamhede is navorsing en ondersoek; publikasies en inligting; onderlinge groepkontak; en die voorsiening van sekretariële en ander dienste aan 'n aantal beursfondse, Nie-Blanke welsynsorganisasies en ander liggame. Dit het verskillende organisasies wat later onafhanklik geword het, gestig, soos byvoorbeeld, die Buro vir Geletterdheid en Letterkunde, die Strafhervormingsliga (wat nie meer bestaan nie) en buro's vir regshulp. Die Instituut reël konferensies oor

- Verkiesingstelsels wat met die staatkundige ontwikkeling van die Bantoe tred sal hou

- Die verpligtinge van die stadsklerk as hoof-administratiewe amptenaar op die wetgewende en administratiewe terreine

- 'n Kritiese ontleding van die staat se beleid ten opsigte van die finansiering van wetenskaplike en in die besonder natuurwetenskaplike navorsing

- Beheer oor die Staatsdienskommissie deur die Wetgewende Gesag

- Interowerheidsverhoudings

- Minimumvereistes vir doeltreffende hospitaalbeplanning: die wetenskaplike voorspelling van behoeftes vir die verskillende dienste (soos vir buite-pasiënte, ongevalle en teaters) en huishoudelike dienste (soos sentrale sterilisasie, wasserye, kombuismeganisasie, ens.)

- Die werwing en opleiding van geskikte personeel vir hoër poste in die munisipale diens met spesiale verwysing na die afdelings slagpale en lewende hawe

- Die verskille in die bepalings van die ordonnansies van die vier provinsies met betrekking tot die beheer oor plaaslike owerhede.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

SAIPA, Die Tydskrif vir Publieke Administrasie, word gratis aan lede van die Instituut verskaf en beskikbaar gestel aan die vyf kopieregbiblioteke in Suid-Afrika, die Britse Museum, die Library of Congress (Washington, D.C.) en aan universiteite in Suid-Afrika en oorsee.

## S U I D - A F R I K A A N S E   I N S T I T U U T   V I R   R A S S E V E R H O U D I N G S

Posbus 97, Johannesburg

Telefoon: 724-4441
Telegramme: UBUNTU

Direkteur: Mnr. F.J. van Wyk

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Instituut is 'n veelrassige organisasie wat gestig is met die doel om vrede, welwillendheid en praktiese samewerking tussen die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika te bevorder. Die grondwet verbied spesifiek enige party-politieke verbintenisse.

'n Groep Suid-Afrikaners wat besef het dat Blankes onkundig was omtrent die lewensomstandighede en denke van ander groepe, het die Instituut in 1929 gestig, toe rasseverhoudings baie gespanne was.

Die vier hoofgebiede van die Instituut se werksaamhede is navorsing en ondersoek; publikasies en inligting; onderlinge groepkontak; en die voorsiening van sekretariële en ander dienste aan 'n aantal beursfondse, Nie-Blanke welsynsorganisasies en ander liggame. Dit het verskillende organisasies wat later onafhanklik geword het, gestig, soos byvoorbeeld, die Buro vir Geletterdheid en Letterkunde, die Strafhervormingsliga (wat nie meer bestaan nie) en buro's vir regshulp. Die Instituut reël konferensies oor

onderwerpe van aktuele belang soos, byvoorbeeld, 'n Konferensie oor Onderwys vir Vooruitgang met spesiale aandag aan die behoeftes van die Kleurlinggemeenskap, in Januarie 1971 en 'n verskeidenheid van openbare lesings, forums en besprekingsgroepe.

Beheer en administrasie: Die algemene beleid van die Instituut word deur 'n Raad neergelê wat bestaan uit ereampsdraers, die Direkteur, erelewenslede, verkose verteenwoordigers van lede en verteenwoordigers van 68 geaffilieerde liggame.

Die lede verkies ook 'n Uitvoerende Komitee wat twee keer per jaar om die beurt in verskillende sentrums vergader. Die vergadering in Januarie word saam met die jaarlikse Raadsvergadering gehou. Lede van die Bestuur wat in Johannesburg kan wees, vorm die Komitee vir Algemene Sake, wat die dag-tot-dag beheer van die Instituut behartig.

Daar is gebiedskantore en - komitees in Kaapstad, Durban en Johannesburg. Daar is ook takke of plaaslike komitees in Bloemfontein, Grahamstad, Greytown (Natal), Kokstad, Pietermaritzburg, Kimberley, Pretoria, Port Elizabeth en Salisbury en plaaslike verteenwoordigers of korrespondensielede in 'n aantal ander sentrums, insluitende sentrums in Botswana en Lesotho.

Die Navorsingskomitee word deur die Uitvoerende Komitee aangestel en vorm 'n subkomitee van laasgenoemde liggaam. Die navorsing wat onderneem word, handel oor alle aspekte van veral Nie-Blanke sake. Projekte word deur die Navorsingskomitee geloods en geformuleer.

Struktuur en personeel: Die voltydse personeel van die Navorsingsdepartement van die Instituut vir Rasseverhoudings bestaan uit 'n navorsingsbeampte, navorsingsassistent en tikster in Johannesburg, 'n gebiedsnavorsingsbeampte en 'n veldbeampte in Durban. Bystand word verleen en onafhanklike ondersoeke word gedoen deur ander lede van die personeel op hoofkantoor, gebiedsekretarisse, lede van die Uitvoerende Komitee, gewone lede van die Instituut, en nagraadse studente.

Finansiering: Fondse vir navorsing word uit die algemene begroting van die Instituut verkry, soos deur die Uitvoerende Komitee, goedgekeur. Die inkomste van die Instituut word verkry uit ledegeld, bydraes en bemakings, spesiale fondsinsamelingsveldtogte, die verkoop van Kerskaartjies en die hou van funksies.

Fasiliteite: Die Jan Hofmeyr-biblioteek van die Instituut is die vernaamste bewaarplek van materiaal oor rasseverhoudings in Suid-Afrika. Die fasiliteite daarvan is aan die algemene publiek sowel as die lede van die Instituut beskikbaar. Dit bevat meer as 3 700 boeke en etlike duisende ongepubliseerde dokumente, tesisse en memoranda, tesame met kopieë van 160 tydskrifte en nuusbriewe. Uitknipsels word uit alle Suid-Afrikaanse koerante geneem en biblioteekbulletins word uitgereik.

Die Instituut gee 'n daaglikse vertaling van hoofartikels in Afrikaanstalige koerante vir die inligting van ambassades en Engelstalige burgers uit. Dit publiseer 'n driemaandelikse tydskrif Thought wat strominge in die Afrikaanse denke en skryfkuns bevat. Die gebiedskantore gee van tyd tot tyd inligtingsblaaie uit wat oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe insake rasseverhoudings handel.

Skakeling: Kontak word met navorsingsdepartemente van universiteite, staatsdepartemente, munisipaliteite, semistaatsinrigtings en 'n groot aantal ander liggame behou om inligting in verband met navorsing wat aan die gang is, uit te ruil. Publikasies word met 127 organisasies uitgeruil. Opsommings word gemaak van navorsingsverslae wat deur ander organisasies en individue in Suid-Afrika uitgereik word en wat betrekking het op rasseverhoudings, vir insluiting in die jaarlikse Survey of Race Relations van die Instituut.

OPLEIDING

Geen formele opleiding van navorsers word deur die Instituut onderneem nie. Die lede verleen egter voortdurend hulp aan studente en ander navorsers deur voorligting te gee, inligting by te dra, materiaal beskikbaar te stel en kommentaar op verslae te lewer.

NAVORSING

Samewerking met ander organisasies, staatsdepartemente, die nywerheid, ens. geskied op 'n ad hoc-grondslag, na gelang van die aard van die projek wat onderneem word. Navorsing is vir algemene gebruik en die doel is om onderlinge groepsverhoudings te verbeter. Resultate word deur hierdie Instituut in gedrukte of afgerolde vorm gepubliseer en wyd versprei.

Navorsingsprojekte wat aan die gang is

- 'n Studie van die ondervindings in verband met werksoekery en houdings teenoor werk wat verkry is van Bantoe-, Indiër- en Kleurlingskoolverlaters in Durban

- 'n Studie van Bantoebehuising in die belangrikste stedelike gebiede van Suid-Afrika

- 'n Studie insake die lewensduurte van Bantoes in Soweto, Johannesburg.

Hierdie projekte word deur die navorsingspersoneel van die Instituut onderneem.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Instituut publiseer:

- 'n Jaarverslag wat die werk van al sy departemente beskryf en wat die geouditeerde rekeninge bevat. Dit is gratis beskikbaar.

'n Annual Survey of Race Relations, gratis vir lede (behalwe assessorlede), origens R2.

Race Relations News, maandeliks, gratis vir lede origens R1 per jaar of 10c per kopie.

Thought, driemaandeliks, 'n tydskrif van Afrikaanse denke vir Engelstaliges, R2 per jaar.

Die volgende is onlangse publikasies wat navorsingsresultate bevat:

AUERBACH, F.E. ABC of Race. 1970.

HOUGHTON, D. Hobart. Enlightened self-interest and the liberal spirit. 1970.

MACCRONE, I.D. The Price of apartheid. 1970.

SCHLEMMER, Lawrence. Social change and political policy in South Africa. 1970.

VAN DER HORST, Sheila T. Progress and Retrogression: a personal appraisal. 1971.

S U I D - A F R I K A A N S E   N A S I O N A L E   R A A D   V I R   K I N D E R - S O R G

ANDRIES STULTING NAVORSINGSAFDELING

Posbus 8539, Johannesburg

Telefoon: 838-2003
Telegramme: CHILDHOOD

Waarnemende Hoof: Direktrise van die Raad: Mev. E.M. Dowling

ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg is 'n vrywillige welsynsorganisasie en het sy ontstaan te danke aan die groei en ontwikkeling van die kindersorgbeweging in Suid-Afrika wat met die stigting van die eerste kindersorgvereniging in Kaapstad in 1908 begin het. Namate die getal kindersorgverenigings toegeneem het, is die behoefte gevoel aan koördinering en 'n nasionale platform waar probleme van gemeenskaplike belang bespreek kon word. Om in hierdie behoefte te voorsien, is daar eers jaarliks en later tweejaarliks van 1917 af 'n kindersorgkonferensie gehou, waar verteenwoordigers van die verskillende kindersorgverenigings en ander belanghebbende organisasies byeengekom het om te beraadslaag oor welsyns-, gesondheids- en opvoedkundige probleme wat die welsyn van die kind raak. By die 1922-konferensie is daar besluit dat 'n permanente nasionale liggaam in die lewe geroep moet word om kindersorgwerksaamhede te koördineer en met die staat namens die kindersorgverenigings te onderhandel. Só is die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg formeel in 1924 in Bloemfontein saamgestel uit die verteenwoordigers van 36 kindersorgverenigings, 6 ander organisasies, 9 van die groter plaaslike besture en verskeie staatsdepartemente. Van 'n klein begin toe die Raad se vakkundige personeel in 1926 bestaan het uit een maatskaplike werkster aan die Hoof van die organisasie en een verpleegster wat gesondheidsdienste veral in plattelandse gebiede georganiseer het, het die Raad gegroei tot 'n liggaam wat tans 12 maatskaplike werkers in diens het. Weens die afname van die getal kindersorgverenigings wat distriksverplegingsdienste beheer, is die pos van konsulterende verpleegster onlangs afgeskaf.

Die aard van die navorsing wat die Raad beoog en sal onderneem wanneer sy navorsingspos gevul is, hou verband met die daaglikse probleme waarmee sy geaffilieerde kindersorgverenigings in hul dienslewering aan kinders te kampe kry, met prosedures wat gemik is op meer doeltreffende dienslewering deur hierdie verenigings en die verhoging van standaarde.

Funksies en beleid: Die algemene funksies en beleid van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg word soos volg in sy grondwet saamgevat.

"Die Raad is daargestel in belang van die welsyn van die kinders van Suid-Afrika, d.w.s. Blanke, Kleurling, Indiër en Bantoe, ongeag klas of ras, geloof of politiek, en godsdienstige en politieke vraagstukke wat van 'n aanvegbare aard is, word van die Raad se program uitgesluit.

(a) Dit bestaan om aandag aan alle sake en vraagstukke van 'n nasionale aard betreffende die welsyn van die kinders van Suid-Afrika en die stabiliteit van die gesinslewe te skenk, wat in die loop van die werk van enige van sy komitees of onderkomitees voorkom, of wat aan hom deur enige Kindersorgvereniging, of ander verwante inrigting of organisasie, of enige Staats- of Munisipale owerheid voorgelê word en om in die algemeen as 'n adviserende liggaam in alle sake rakende kindersorg op te tree;

(b) om die amptelike kanaal te wees waardeur Kindersorgverenigings wat met die Raad geaffilieer is, met Staats-, Provinsiale, Munisipale en ander owerhede oor beleidsake van 'n nasionale en algemene aard in verbinding kan tree;

(c) om bestaande Kindersorgverenigings in nouer verbinding met mekaar te stel, hulle werksaamhede aan te moedig en uit te brei, hulle aan te

spoor om met die Raad te affilieer en om met die stigting van nuwe verenigings behulpsaam te wees;

(d) om kindersorgwerk van 'n nasionale aard, insluitende voorgeboorte- en kraamwerk en opleiding in Moederkunde, te bevorder en aan te moedig;

(e) om propaganda op 'n landswye grondslag te maak;

(f) om met Staats-, Munisipale en ander owerhede, organisasies en inrigtings in alle sake betreffende kindersorgwerk saam te werk;

(g) om deur aansporing, opvoeding en leiding 'n ywerige deelname van die onderskeie rassegroepe in die uitbouing van kindersorgdienste in hulle eie gemeenskappe te bewerkstellig."

Beheer en administrasie: Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg word beheer deur die Uitvoerende Komitee wat die werk van die Raad uitvoer onderhewig aan die algemene beleid van die Raad en sodanige opdragte as wat van tyd tot tyd deur die Raad gegee mag word.

Die Uitvoerende Komitee bestaan uit die ampsdraers van die Raad, d.w.s. die Voorsitter van die Raad, die vyf Vise-voorsitters van die Raad, (een elk vir Transvaal, die Oranje-Vrystaat, Natal, Oos-Kaapland en Wes-Kaapland) die Erepenningmeester en twaalf lede wat by die tweejaarlikse vergadering van die Raad gekies word. Hierbenewens moet die Uitvoerende Komitee nog vyf lede koöpteer, een uit elke provinsie wat in besonder bevoeg is om die plattelandse gebiede van hulle onderskeie provinsies te verteenwoordig. Die Komitee het verdere bevoegdheid om hoogstens nog vyf bykomende lede te koöpteer.

Die ampsdraers van die Raad en lede van die Uitvoerende Komitee word gekies (of gekoöpteer) uit lede van die Raad, d.w.s. verteenwoordigers van organisasies aan wie verteenwoordiging in die Raad toegestaan is. Dit sluit in geaffilieerde kindersorgverenigings, ander nasionale, provinsiale of plaaslike welsynsorganisasies wat gemoeid is met die welsyn van die kind, ander organisasies wat deur hulle werksaamhede ook die terrein van die kindersorg of een of ander aspek daarvan betree, plaaslike besture en munisipale verenigings. Staatsdepartemente en provinsiale administrasies is in 'n adviserende hoedanigheid verteenwoordig en so ook universiteite wat opleidingskursusse vir maatskaplike werkers aanbied.

Omdat die Uitvoerende Komitee van die Raad slegs twee keer per jaar vergader, word die Raad se sake tussen vergaderings van die Uitvoerende Komitee deur die dagbestuur, die Komitee vir Geld- en Algemene Sake, behartig, wat slegs binne die raamwerk van bestaande beleid mag optree en wie se handelinge aan goedkeuring van die Uitvoerende Komitee onderworpe is.

Dit is die funksie van die Uitvoerende Komitee om uitsluitsel te gee oor aanbevelings wat deur die Raad se spesialiseringskomitees gemaak word en oor enige ander saak wat na die Raad verwys mag word deur watter organisasie of owerheid ook al. Daar bestaan spesialiseringskomitees vir die volgende aspekte van die Raad se werk:

Gesondheid, verpleging- en moederkunde, maatskaplike werk, aanneming, kinderhuise en vrywillige werk.

Die lede van hierdie komitees word tot die betrokke komitee verkies weens hul besondere kennis en ervaring van daardie aspek van die werk. Benewens die genoemde komitees is daar ook die drie nasionale Nie-Blanke forums wat bestaan uit Kleurling-, Indiër- en Bantoeverteenwoordigers van Nie-Blanke kindersorgverenigings of van Nie-Blanke onderkomitees van Blanke verenigings en wat kindersorgaangeleenthede soos dit hulle besondere rassegroep raak, bespreek.

Die opdrag om 'n bepaalde navorsingsorojek uit te voer, sal deur die Uitvoerende Komitee, op aanbeveling van een van die Raad se spesialiseringskomitees of van die Komitee vir Geld- en Algemene Sake of op eie inisiatief gegee word. Die beplanning en uitvoering daarvan sal geskied deur die navorsingsafdeling òf onafhanklik òf in medewerking met 'n spesiale komitee wat vir hierdie doel benoem mag word.

Die uitvoerende mag berus by die Direktrise van die Raad, met behulp van haar personeel.

Personeel: Die Direktrise staan aan die hoof van die direktoraat en is as sodanig verantwoordelik vir die uitvoering van die Raad en sy Komitees se besluite, vakkundige leiding aan plaaslike verenigings, verstrekking van inligting aan ander organisasies en staatsdepartemente en skakeling met hierdie instansies.

Sy word in haar taak bygestaan deur die volgende vakkundige persone: 'n beampte vir vakkundige administrasie; 'n senior vakkundige beampte; twee Blanke, een Indiër en een Bantoestreek-maatskaplike werker(s); 'n organiseerder vir die Nasionale Stigting vir Kindersorg en Ons Kinderdag en twee helpers, een waarvan ook 'n opgeleide maatskaplike werker is.

Drie ander vakkundiges is werksaam in verband met die biblioteek, die verwerking van statistieke wat deur maatskaplike werkers van plaaslike kindersorgverenigings ingedien word en die administrasie van die Raad se beursskema vir maatskaplikewerkstudente. Die Direktrise beskik ook oor die dienste van 'n persoonlike klerk.

Suiwer administratiewe aangeleenthede word onder leiding van die administratiewe beampte behartig met behulp van die komiteeklerke, die boekhou-afdeling en ander klerklike personeel, tiksters, 'n telefoniste en registrasieklerk en 'n posklerk.

Daar word beoog dat daar voorlopig een voltydse vakkundige navorser sal wees wat wel die hulp op hulle onderskeie gebiede van ander vakkundiges op die personeel kan inroep.

Finansiering: Die Raad word gefinansier uit die volgende bronne:

- Die Raad se hoofbron van inkomste is fondse wat voortspruit uit die viering van Ons Kinderdag, 'n jaarlikse instelling wanneer kindersorgverenigings en ander instansies dwarsdeur die Republiek fondse ten behoewe van die Raad insamel. 'n Gedeelte van die geld wat by die geleentheid vir die Raad ingesamel word, kan teruggeëis word vir plaaslike kindersorgwerk op die grondslag van 50 persent van die ingesamelde bedrag in die geval van geaffilieerde kindersorgverenigings en een derde in die geval van ander geregistreerde welsynsorganisasies

- Algemene donasies en erflatings

- Hulptoelae van plaaslike besture

- Affiliasiegelde betaalbaar deur kindersorgverenigings

- Staatsubsidies op die salarisse van die Raad se maatskaplikewerkpersoneel wat poste beklee wat vir die doeleindes van subsidie deur die betrokke Departement goedgekeur is en 'n administrasietoelae wat betaalbaar is van hoofkantore van nasionale/provinsiale welsynsorganisasies. Die doel daarvan is om die administrasiekoste te help bestry. Hierdie toelae is afsonderlik betaalbaar en word bepaal met inagneming van die aard en die omvang van die dienste wat deur die betrokke organisasie gelewer word

- Die Raad het ook 'n Nasionale Stigting vir Kindersorg in die lewe geroep en het reeds begin met die insameling van fondse vir hierdie doel. Die mikpunt vir die Stigting is R1,5 miljoen en die bedoeling is dat die rente op hierdie bedrag die Raad van 'n vaste inkomste sal voorsien vir sy lopende uitgawes.

Fasiliteite: Die Raad beskik oor 'n biblioteek met ongeveer 2 400 boeke oor verskillende aspekte van kindersorg, bestuur en administrasie en amptelike verslae en publikasies van verskillende staats-, provinsiale en munisipale departemente en ontvang ook 47 tydskrifte, (Suid-Afrikaans sowel as buitelands).

Die instelling van 'n doeltreffende inligtings-, skakel- en ontwikkelingsdiens word beoog met die biblioteek as 'n onontbeerlike hulpmiddel. Ter bevordering van kommunikasie tussen die Raad en geaffilieerde organisasies is dit baie belangrik dat inligting wedersyds uitgeruil word.

Skakeling: Die Raad het met die Departement van Volkswelsyn en Pensioene en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing geskakel.

Die RGN het op versoek van hierdie Raad gedurende 1970 navorsing oor die Bepaling van die onderhoudskoste van 'n gesin voltooi.

OPLEIDING

Die Suid-Afrikaanse Suikervereniging skenk jaarliks aan die Raad 'n bedrag geld vir studiebeurse aan maatskaplikewerkstudente waardeur hulle dan vir diens by die Raad of een van sy verenigings gebind word.

Enkele beurse vir nagraadse maatskaplikewerkstudie is reeds toegeken, maar tot datum nog nie spesifiek vir navorsing nie. Die moontlikheid dat so 'n beurs wel toegeken sal word, indien 'n geskikte persoon daarom aansoek sou doen, is egter nie uitgesluit nie.

NAVORSING

Alhoewel die navorsingspos nog nie gevul is nie, was dit van tyd tot tyd vir die Raad nodig om inligting in te samel van geaffilieerde verenigings oor 'n verskeidenheid van onderwerpe soos brandwonde wat kinders opdoen, die kind en sy ouers met betrekking tot hospitalisasie, ens.

Die taak om die gegewens te verwerk, is opgedra aan die Raad se bestaande professionele personeel in beraadslaging met die betrokke spesialiseringskomitee.

Kleiner werkskomitees, soos aangestel deur die spesialiseringskomitee, is tans besig om beskikbare literatuur te bestudeer en inligting in te samel oor die volgende onderwerpe:

- Die sindroom van die mishandelde kind
- 'n Etiese kode vir vrywillige kinderwelsynwerkers.

Navorsingsprojek wat onlangs afgehandel is

- Riglyne vir die aannemingspraktyk in Suid-Afrika.

Toekomstige projekte

- Riglyne vir pleegsorgpraktyk in Suid-Afrika
- Riglyne vir die versorging van kinders in inrigtings in Suid-Afrika
- Handboek oor die funksies van 'n kindersorgvereniging

Twee van die Raad se personeellede is tans besig met nagraadse studies oor die volgende onderwerpe:

- Probleme in verband met die insameling, waardering en evaluering van statistiese gegewens wat die professionele dienste gelewer deur maatskaplike werkers van Suid-Afrikaanse kinderwelsynsverenigings sal weergee
- Kommunikasie as 'n funksie van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg in 'n veranderende milieu.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Aangesien die Raad tans slegs tweejaarliks vergader, word 'n tweejaarlikse verslag uitgereik (van 1970 af). Die verspreiding van die verslag geskied deur die Raad self en dit is van die Raad se kantore verkrygbaar. Die jaarverslag word versprei aan internasionale organisasies met wie ons professionele kommunikasie het, onder andere "The International Union for Child Welfare" en "Child Welfare League of America".

Die Raad het vroeër 'n tydskrif "Family and Child"/ Die Kind en die Gesin, uitgegee,

maar publikasie is in Maart 1962 gestaak. Die uitgee van 'n tydskrif bly egter een van die Raad se projekte en uitvoering sal daaraan gegee word wanneer die Raad se finansiële posisie sodanig verbeter het dat 'n redaksionele beampte aangestel kan word. Daar is reeds geruime tyd voorsiening vir so 'n pos op die Raad se diensstaat.

Navorsingstukke sal hoofsaaklik in die biblioteek bewaar word en vanuit hierdie kantoor aan belangstellende persone versprei word.

Onlangse verslae

- Simposium - Die Vrywilliger in Kindersorgdienste/ Symposium-The Volunteer in Child Welfare Services. 1968.

- Simposium - Aanneming - 'n Poging tot 'n beter begrip/Symposium - Toward a better understanding of Adoption. 1970.

Pamflette en Brosjures

18 VRAE - Wat is die antwoorde? Johannesburg, S.A. Nasionale Raad vir Kindersorg, 1970.

REPUBLIEKFEESBROSJURE. Johannesburg. S.A. Nasionale Raad vir Kindersorg, 1971.

ONDERWERPREGISTER

Bladsy

AARDRYKSKUNDE

Departement van Aardrykskunde en Omgewingstudies (Wits) ....... 197
Departement van Geografie (Noorde) .......................... 133
Instituut vir Beplanningsnavorsing (UPE) ..................... 139

ADMINISTRATIEWE OUTOMATISASIE

Instituut vir Administratiewe Outomatisasie (PU vir CHO) ...... 144

AFRIKA

Afrika-Instituut van Suid-Afrika ............................ 75
Instituut vir Afrikanistiek (PU vir CHO) ..................... 145

AFRIKAANS

Departement van Afrikaans en Nederlands (Noorde) ............. 132
Departement van Afrikaans en Nederlands (Wits) ............... 199
Instituut vir Taal, Lettere en Kuns (RGN). .................... 100

AFRIKANISTIEK

Departement Afrikanistiek (Fort Hare) ........................ 118
Departement van Sosiale Antropologie (UK) .................... 121
Instituut vir Afrikanistiek (PU vir CHO) ..................... 145

ANTROPOLOGIE (Kyk VOLKEKUNDE)

ARGEOLOGIE

Albanymuseum, Grahamstad ..................................... 47
Alexander McGregor-gedenkmuseum, Kimberley ................. 48
Departement van Argeologie (Wits) .......................... 200
Museum vir Argeologie en Antropologie (RAU) .................. 176
Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria ......... 18
Nasionale Museum, Bloemfontein ............................. 26
Natalse Museum, Pietermaritzburg ................ ........... 27
Port Elizabethse Museum ...................................... 53
Staatsmuseum, Windhoek ....................................... 31
Suid-Afrikaanse Museum, Kaapstad ............................ 33

ARGITEKTUUR

Departement van Argitektuur (UOVS) ........................... 135

BANKWESE

Ekonomiese Afdeling, Suid-Afrikaanse Reserwebank ............. 102

BANTOEBEVOLKING

Inligting- en Navorsingstak, Afdeling Nie-Blanke Sake,
Stadsraad van Johannesburg .................................. 72
Instituut vir Sosiologiese Navorsing (RGN) ................... 97

BANTOETALE

Departement van Bantoetale (Wits) ............................ 201
Departement van Tsonga (Noorde) .............................. 133

BANTOETUISLANDE

Buro vir Ekonomiese Navorsing insake Bantoe-ontwikkeling ....... 77
Instituut vir Ontwikkelingstudies (RAU) ........................ 172

BEDRYF

Bedryfskool vir Gegradueerdes (UK) ............................. 122
Departement van Bedryfswetenskap (UK) .......................... 123

BEDRYFSEKONOMIE

Departement van Bedryfsekonomie (UP) ........................... 158

BEPLANNING

Afdeling Beplanning en Produktiwiteit (SAS) .................... 43
Beplanningsafdeling, OVS ....................................... 63
Instituut vir Beplanningsnavorsing (UPE) ....................... 139
Instituut vir Streeksbeplanning (PU vir CHO) ................... 155
Stads- en Streekbeplanningskommissie, Natal .................... 61
Afdeling vir Maatskaplike Beplanning en Navorsing,
Administrasie van Kleurlingsake ................................ 1

BEROEPE

Departement van Arbeid, Afdeling Beroepsdienste ................ 2
Suid-Afrikaanse Spoorweë, Beroepskundige Afdeling ............... 44

BIBLIOTEEKKUNDE

Afdeling Biblioteekdienste, Pretoria ........................... 6
Staatsbiblioteek, Pretoria ..................................... 8
Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad ........................... 12

BUITELANDSE REG

Instituut vir Buitelandse Reg en Regsvergelyking (UNISA) ...... 192

CALVINISME

Instituut vir die Bevordering van Calvinisme (PU vir CHO) ....... 147

DUITS

Departement van Duits (Noorde) ................................. 133
Departement van Duitse Studies (Wits) .......................... 202

EKONOMIE

Buro vir Ekonomiese Navorsing insake Bantoe-ontwikkeling ....... 77
Buro vir Ekonomiese Ondersoek (US) ............................. 182
Departement van Ekonomie (Natal) ............................... 126
Departement Landbou-ekonomie (Fort Hare) ....................... 118
Departement van Handel en Toegepaste Ekonomie (Wits) ........... 208
Departement van Landbou-ekonomie (Natal) ....................... 125
Ekonomiese Afdeling, Suid-Afrikaanse Reserwebank ............... 102
Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe (Zoeloeland) ......... 212
Instituut vir Beplanningsnavorsing (UPE) ....................... 139
Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing (Rhodes) ......... 176
Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing (UOVS) ........... 137

ENGELS

Departement van Engels (Noorde) .............................. 133
Institute for the Study of English in Africa (Rhodes) .......... 179

FILATELIE

Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria .......... 18

FINANSIËLE ANALISE

Buro vir Finansiële Analise (UP) .............................. 163

FRANS

Departement van Romaanse Studies (Wits) ....................... 205

GEHOOR

Spraak-, Stem- en Gehoorkliniek (Wits) ........................ 210

GENEALOGIE

Hugenote-gedenkmuseum, Franschhoek ............................ 52
Instituut vir Geskiedenisnavorsing (RGN) ...................... 82

GESKIEDENIS

Albanymuseum, Grahamstad ...................................... 47
Alexander McGregor-gedenkmuseum, Kimberley .................... 48
Departement van Geskiedenis (Noorde) .......................... 133
Departement van Geskiedenis (Wits) ............................ 203
Geskiedenisnavorsingsprojek (RAU) ............................. 168
Instituut vir Eietydse Geskiedenis (UOVS) ..................... 135
Instituut vir Geskiedenisnavorsing (RGN) ...................... 82
Museum Oos-Londen ............................................. 52
Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria .......... 18
Nasionale Museum, Bloemfontein ................................ 26
Staatsmuseum, Windhoek ........................................ 31

GODGELEERDHEID

Departement van Godgeleerdheid (Wits) ......................... 204

HANDEL

Departement van Handel en Toegepaste Ekonomie (Wits) ........... 208
Fakulteit van Handel (UK) ..................................... 122

INDUSTRIËLE SIELKUNDE

Industriële Sielkundige Dienste (Putco) ....................... 218
Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing .................... 107

INLIGTING

Inligtings- en Navorsingsdienste (WNNR) ....................... 103
Inligting- en Navorsingstak, Afdeling Nie-Blanke Sake,
Stadsraad van Johannesburg . .................................. 72
Instituut vir Inligting en Spesiale Dienste (RGN) ............. 83

INTERNASIONALE AANGELEENTHEDE

Departement van Internasionale Verhoudings (Wits) ................ 204
Suid-Afrikaanse Instituut van Internasionale Aangeleenthede ...... 222

KINDERSORG

Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg ................... 230

KLASSIEKE TALE

Departement van Klassieke Tale (Noorde) ........................ 133

KLEIN HANDELAARS

Instituut vir Klein Handelaars (PU vir CHO) .................... 150

KLEURLINGBEVOLKING

Afdeling vir Maatskaplike Beplanning en Navorsing,
Administrasie van Kleurlingsake ................................ 1
Buro vir Sosiaal-Wetenskaplike Navorsing (Wes-Kaapland) ......... 195
Instituut vir Sosiologiese Navorsing (RGN) ...................... 97

KOMMUNIKASIE

Inligtings- en Navorsingsdienste (WNNR) ........................ 103
Instituut vir Kommunikasienavorsing (RGN) ....................... 85

KOöPERASIEWESE

Instituut vir Koöperasiewese (PU vir CHO) ...................... 152

KRIMINOLOGIE

Departement van Sosiologie, Maatskaplike Werk en
Kriminologie (Noorde) .......................................... 133
Instituut vir Sosiologiese Navorsing (RGN) ...................... 97

KRYGSGESKIEDENIS

Oorlogsmuseum, Bloemfontein .................................... 29
Suid-Afrikaanse Nasionale Oorlogsmuseum, Johannesburg ............ 37

KULTUURGESKIEDENIS

Albanymuseum, Grahamstad ....................................... 47
C.P. Nel-museum, Oudtshoorn .................................... 49
Departement van Nederlandse Kultuurgeskiedenis (UK) ............. 121
Drostdy-museum, Swellendam ..................................... 50
Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria ........... 18
Natalse Museum, Pietermaritzburg ............................... 27
Port Elizabethse Museum, ....................................... 53
Staatsmuseum, Windhoek, ........................................ 31
Stellenbosch-museum ............................................ 55
Victoria-Wes-museum ............................................ 56
Worcester-museum ............................................... 58

KUNS

Instituut vir Taal, Lettere en Kuns (RGN) ...................... 100
Michaelis-versameling, Kaapstad ................................ 15
Pretoriase Kunsmuseum .......................................... 73

Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum, Kaapstad .............. 15
William Humphreys-kunsmuseum, Kimberley ..................... 17

KUNSDOKUMENTASIE

Departement Kunsgeskiedenis (RAU) .......................... 167
Instituut vir Taal, Lettere en Kuns (RGN) .................. 100
Pretoriase Kunsmuseum ...................................... 73
William Humphreys-kunsmuseum, Kimberley ................... 17

KUNSGESKIEDENIS

Departement Kunsgeskiedenis (RAU) ......................... 167

LANDBOU-EKONOMIE

Departement van Landbou-ekonomie (Fort Hare) ............... 118
Departement van Landbou-ekonomie (Natal) .................. 125
Landboubemarkingsnavorsing, Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking ........................................... 3

LETTERE

Instituut vir Taal, Lettere en Kuns (RGN) ................. 100

MAATSKAPLIKE WERK

Afdeling vir Maatskaplike Beplanning en Navorsing, Administrasie van Kleurlingsake ........................................... 1
Departement van Sosiologie, Maatskaplike Werk en Kriminologie (Noorde) ..................................................... 133
Departement van Volkswelsyn en Pensioene, Navorsingsafdeling 40
Instituut vir Maatskaplike Navorsing (Natal) ................ 128
Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kindersorg ............. 230

MANNEKRAG

Departement van Arbeid, Afdeling Beroepsdienste .............. 2
Instituut vir Mannekragnavorsing (RGN) ..................... 86

MARKNAVORSING

Buro vir Marknavorsing (UNISA) ............................ 188
Landboubemarkingsnavorsing, Departement van Landbou-ekonomie en-bemarking .................................... 3
Market Research Africa (Pty) Ltd. ......................... 217

MUNTKUNDE

Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria ...... 18

MUSIEK

Instituut vir Suid-Afrikaanse Musiek (PU vir CHO) .......... 157
Instituut vir Taal, Lettere en Kuns (RGN) ................. 100

NAAMKUNDE

Instituut vir Taal, Lettere en Kuns (RGN) ................. 100

NATURELLEREG EN NATURELLE-ADMINISTRASIE

Departement van Volkekunde, Naturellereg en Naturelle-Administrasie (Noorde) .................................... 133

NAVORSINGSONTWIKKELING

Inligtings- en Navorsingsdienste (WNNR) .................... 103
Instituut vir Navorsingsontwikkeling (RGN) .................. 89

OMGEWINGSTUDIES

Departement van Aardrykskunde en Omgewingstudies (Wits) ..... 197

ONTWIKKELINGSTUDIES

Instituut vir Ontwikkelingstudies (RAU) .................... 172

OPVOEDKUNDE

Buro vir Hoër Onderwys (RAU) ............................... 169
Fakulteit Opvoedkunde (PU vir CHO) ......................... 143
Fakulteit Opvoedkunde (UP) ................................. 159
Instituut vir Opvoedkundige Navorsing (RGN) ................ 89
Onderwysburo, Onderwysdepartement, Kaap die Goeie Hoop ....... 59
Onderwysburo, Transvaalse Onderwysdepartement ............... 67
OVS-Buro vir Opvoedkundige Navorsing ....... ................ 65

PALEONTOLOGIE

Nasionale Museum, Bloemfontein ............................. 26
Suid-Afrikaanse Museum, Kaapstad ........................... 33

PERSONEELNAVORSING

Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing .................. 107

PORTUGEES

Departement van Romaanse Studies (Wits) .................... 205
Ernest Oppenheimer-instituut vir Portugese Studies (Wits) ... 211

PRODUKTIWITEIT

Afdeling Beplanning en Produktiwiteit (SAS) ................. 43
Nasionale Produktiwiteitsinstituut ......................... 78

PSIGOMETRIKA

Instituut vir Psigometriese Navorsing (RGN) ................. 91
Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing .................. 107

PUBLIEKE ADMINISTRASIE

Departement Publieke Administrasie (UP) .................... 159
Suid-Afrikaanse Instituut vir Publieke Administrasie ........ 225

RASSEAANGELEENTHEDE

Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede ................ 220

RASSESTUDIES

Abe Bailey-Instituut vir Rassestudies (UK) .................... 124

RASSEVERHOUDINGS

Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings ................ 227

REGTE

Departement van Regsgeleerdheid (Noorde) ...................... 133
Instituut vir Buitelandse Reg en Regsvergelyking (UNISA) ...... 192
Regsskool (Wits) .............................................. 208

REKENINGKUNDE

Departement van Rekeningkunde (UK) ............................ 123

SIELKUNDE

Departement van Sielkunde (Noorde) ............................ 133
Departement van Sielkunde (Wits) .............................. 206
Industriële Sielkundige Dienste (Putco) ....................... 218
Instituut vir Kinder- en Volwasseneleiding (RAU) .............. 170
Instituut vir Maatskaplike Navorsing (Natal) .................. 128
Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing (PU vir CHO) ........................................ 153
Laboratorium vir Lewenswetenskappe, Kamer van Mynwese .......... 214
Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing .................... 107
Navorsingsafdeling van die Departement Sielkunde (Fort Hare) ... 119

SOSIALE ANTROPOLOGIE (kyk VOLKEKUNDE)

SOSIALE WETENSKAPPE

Buro vir Sosiaal-Wetenskaplike Navorsing (Wes-Kaapland) ........ 195
Instituut vir Maatskaplike Navorsing (Natal) .................. 128
Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing (Rhodes) ........ 176
Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing (UOVS) .......... 137
International Consumer Research Company (Pty) Ltd./(Edms) Bpk... 213
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ....................... 80

SOSIOLOGIE

Buro vir Sosiaal-Wetenskaplike Navorsing (Wes-Kaapland) ........ 195
Departement van Sosiologie, Maatskaplike Werk en Kriminologie (Noorde) ....................................................... 133
Instituut vir Beplanningsnavorsing (UPE) ...................... 139
Instituut vir Maatskaplike Navorsing (Natal) .................. 128
Instituut vir Sosiologiese Navorsing (RGN) .................... 97

SPRAAK

Spraak-, Stem- en Gehoorkliniek (Wits) ........................ 210

STAATSWETENSKAPPE

Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe (Zoeloeland) ........ 212

RASSESTUDIES

Abe Bailey-Instituut vir Rassestudies (UK) .................... 124

RASSEVERHOUDINGS

Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudings ................ 227

REGTE

Departement van Regsgeleerdheid (Noorde) ...................... 133
Instituut vir Buitelandse Reg en Regsvergelyking (UNISA) ...... 192
Regsskool (Wits) .............................................. 208

REKENINGKUNDE

Departement van Rekeningkunde (UK) ............................ 123

SIELKUNDE

Departement van Sielkunde (Noorde) ............................ 133
Departement van Sielkunde (Wits) .............................. 206
Industriële Sielkundige Dienste (Putco) ....................... 218
Instituut vir Kinder- en Volwasseneleiding (RAU) .............. 170
Instituut vir Maatskaplike Navorsing (Natal) .................. 128
Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing (PU vir CHO) ......................................... 153
Laboratorium vir Lewenswetenskappe, Kamer van Mynwese .......... 214
Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing .................... 107
Navorsingsafdeling van die Departement Sielkunde (Fort Hare) ... 119

SOSIALE ANTROPOLOGIE (kyk VOLKEKUNDE)

SOSIALE WETENSKAPPE

Buro vir Sosiaal-Wetenskaplike Navorsing (Wes-Kaapland) ........ 195
Instituut vir Maatskaplike Navorsing (Natal) .................. 128
Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing (Rhodes) ........ 176
Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing (UOVS) .......... 137
International Consumer Research Company (Pty) Ltd./(Edms) Bpk... 213
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ....................... 80

SOSIOLOGIE

Buro vir Sosiaal-Wetenskaplike Navorsing (Wes-Kaapland) ........ 195
Departement van Sosiologie, Maatskaplike Werk en Kriminologie (Noorde) .................................................. 133
Instituut vir Beplanningsnavorsing (UPE) ...................... 139
Instituut vir Maatskaplike Navorsing (Natal) .................. 128
Instituut vir Sosiologiese Navorsing (RGN) .................... 97

SPRAAK

Spraak-, Stem- en Gehoorkliniek (Wits) ........................ 210

STAATSWETENSKAPPE

Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe (Zoeloeland) ........ 212

STAD- EN STREEKSBEPLANNING

Beplanningsafdeling, OVS .......................................... 63
Instituut vir Streeksbeplanning (PU vir CHO) .................... 155
Stads- en Streekbeplanningskommissie, Natal .................... 61

STATISTIEK

Instituut vir Statistiese Navorsing (RGN) ...................... 99

STEDELIKE STUDIES

Instituut vir Stedelike Studies (RAU) .......................... 174

STEM

Spraak-, Stem- en Gehoorkliniek (Wits) ......................... 210

STREEKSBEPLANNING

Beplanningsafdeling, OVS .......................................... 63
Instituut vir Streeksbeplanning (PU vir CHO) .................... 155
Stads- en Streekbeplanningskommissie, Natal .................... 61

TALE

Departement van Afrikaans en Nederlands (Wits) .................. 199
Departement van Bantoetale (Wits) ............................... 201
Departement van Duitse Studies (Wits) ........................... 202
Departement van Romaanse Studies (Wits) ......................... 205
Ernest Oppenheimer-instituut vir Portugese Studies .............. 211
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte (Noorde) ....................... 132
Institute for the Study of English in Africa (Rhodes) ........... 179
Instituut vir Taal, Lettere en Kuns (RGN)........................ 100

TOEKOMSNAVORSING

Instituut vir Navorsingsontwikkeling (RGN) ...................... 89

UNIVERSITEITSNAVORSING

Buro vir Hoër Onderwys (RAU) .................................... 169
Buro vir Universiteitsnavorsing (UNISA) ......................... 190

VERBRUIKERSNAVORSING

International Consumer Research Company (Pty) Ltd./Edms) Bpk. .... 213

VERVOER

Sentrum vir Vervoernavorsing (US) ............................... 185

VOLKEKUNDE

Alexander McGregor-gedenkmuseum, Kimberley ...................... 48
Departement Afrikanistiek (Fort Hare) ........................... 118
Departement van Sosiale Antropologie (UK) ....................... 121
Departement van Sosiale Antropologie (Wits) ..................... 207
Departement van Volkekunde (Noorde) ............................. 133
F.S. Malan-Antropologiese Museum (Fort Hare) .................... 120

Instituut vir Afrikanistiek (PU vir CHO) .................... 145
Museum Oos-Londen ............................................ 52
Museum vir Argeologie en Antropologie (RAU) ................. 176
Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, Pretoria ...... 18
Nasionale Museum, Bloemfontein .............................. 26
Natalse Museum, Pietermaritzburg ............................ 27
Staatsmuseum, Windhoek ...................................... 31
Suid-Afrikaanse Museum, Kaapstad ............................ 33

VOORLIGTING

Departement van Arbeid, Afdeling Beroepsdienste ............. 2
Instituut vir Inligting en Spesiale Dienste (RGN) ........... 83
Instituut vir Kinder- en Volwasseneleiding (RAU) ............ 170
Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste
en Navorsing (PU vir CHO) ................................... 153
Studentevoorligtingsburo (UP) ............................... 166

WERKLOOSHEID

Departement van Arbeid, Afdeling Beroepsdienste ............. 2

WYSBEGEERTE

Departement van Wysbegeerte (Noorde) ....................... 133

LAAT INSKRYWING

# U N I V E R S I T E I T  V A N  K A A P S T A D

## UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK EN SKOOL VIR BIBLIOTEEKKUNDE

Universiteit van Kaapstad
Rondebosch, Kaap

Telefoon: 69-5329
Telegramme: UNIVERSITY, Rondebosch

Universiteitsbibliotekaris en
Direkteur van die Skool vir Biblioteekkunde: Mej. L.E. Taylor

### ALGEMENE INLIGTING

Aard van die organisasie: Die Suid-Afrikaanse Kollege-Biblioteek, in 1905 gestig, het in 1918 die Universiteitsbiblioteek van die Universiteit van Kaapstad geword en in 1931 na die Groote Schuurkampus verskuif, waar die hoofbiblioteek as die J.W. Jagger-Biblioteek bekend geraak het. Teen 1972 was daar ook nog 6 takbiblioteke, vir geneeskunde, argitektuur, musiek, die regte, opvoedkunde, en op die ou stadskampus een gesamentlik vir rekeningkunde, skone kunste en drama.

Funksies en beleid: Die Biblioteek staan in die diens van die studente, akademiese personeel en navorsers vir sover dit boeke en inligting betref.

Beheer en administrasie: Die Biblioteek word bestuur deur die Biblioteekkomitee, die Senaat en die Raad van die Universiteit.

Beheermagte berus by die Universiteitsraad.

Struktuur: Die Biblioteek bestaan uit die Bibliotekaris, senior biblioteekpersoneel en professionele biblioteekpersoneel; agt afdelings binne die hoofbiblioteek (insluitende die Departemente Natuurwetenskappe en Ingenieurswese met Leeskamer; Spesiale Versamelings- departement met Leeskamer, ens.) ses takke en 'n Drukwerk- en Fotografiese Departement.

Personeel: Daar is 'n Bibliotekaris, 35 professionele personeellede, 93 administratiewe, klerklike en ander personeellede.

Finansiering: Die Biblioteek verkry sy fondse deur 'n Universiteitstoekenning.

Fasiliteite: Die Biblioteek het die volgende tot sy beskikking: Mikrofilm-, mikrokaart- en mikrofische- leesstof; geriewe vir fotokopiëring.

- Volumes (Monografieë): 318 097
- Tydskrifte: 8409 bestaande tydskrifreekse; 187 723 bande
- Manuskripte: 315 000
- Spesiale versamelings:

Die Universiteitsargief omvat die oorspronklike stukke wat betrekking het op die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Kollege van sy stigting in 1829 en van die Universiteit sedert 1918. Daarbenewens bevat dit 'n verskeidenheid van ander dokumente, publikasies, illustrasie- en ander materiaal betreffende oudstudente, personeel en studentebedrywighede.

Die Van Zyl-erflating is in Junie 1949 deur sy hoogedele G. Brand van Zyl aan die Uni-

versiteitsbiblioteek geskenk en omvat werke oor die regte wat deur hom en sy vader, dr. C.H. van Zyl, oor 'n tydperk van sewentig jaar versamel is. Hierdie waardevolle versameling bestaan uit sowat 2 500 bande, hoofsaaklik oor Romeins-Hollandse reg, en sluit baie 17de en 18de eeuse regswerke in. Dit word in die Brand van Zyl-Regsbiblioteek gehuisves, en die boeke mag net in die Biblioteek gebruik word.

Die Crawford-versameling van monografieë oor die Wiskunde is met 'n skenking van R600 gestig, ter nagedagtenis van wyle prof. L. Crawford, Professor in Wiskunde, 1897-1938.

Die Versameling Insake Mediese Geskiedenis, wat in die Mediese Biblioteek gehuisves word, bestaan uit meer as 500 bande van publikasies wat in meerdere of mindere mate vir die geskiedenis van die mediese wetenskap van belang is, van die 16de tot die middel van die 19de eeu. Dit sluit in afdelings oor Mediese Africana en die geskiedenis van die Mediese Skool.

Die McGregor-versameling van Moderne Engelse Digkuns bestaan uit sowat 2 500 bande. Dit omvat poësie wat in Engeland en die Statebond in die tydperk sedert 1900 gepubliseer is, en sluit 'n groot getal poësie-tydskrifte in.

Die Ballot-versameling bestaan uit 900 bande in baie tale en oor baie onderwerpe. Dit is 'n tipiese "here-biblioteek" uit die laat 18de en vroeë 19de eeu in Suid-Afrika, en was ongeveer 150 jaar in die besit van die Ballot-Kicherer-familie.

Die Bowle-Evans-versameling bestaan uit 419 volumes oor die Engelse letterkunde, geskiedenis, topografie en plaaslike geskiedenis, en die meeste van die werke het in die 17de, 18de en vroeë 19de eeu verskyn. Die versameling is in die 18de en 19de eeu deur die familie Bowle-Evans opgebou en het sowat 185 jaar in hul besit gebly. Dit weerspieël die tipiese smaak en belangstelling van opgevoede Engelse here van dié tydperk.

Die Bertha en Ellis Silverman-versameling, in 1962 deur mnr. E. Silverman geskenk, bestaan uit meer as 600 bande oor moderne Hebreeuse letterkunde, en 200 bande van ouer Hebreeuse werke wat in die 17de - 19de eeu uitgegee is.

Die Versameling van Manuskripte omvat byna 315 000 stukke (briewe, skrywersmanuskripte, regsdokumente, sakeregisters, ens.) Die Versameling munt veral uit wat betref manuskripte deur en oor literêre en historiese figure van Suid-Afrika. Dit sluit in die manuskripte en briewe van dr. C. Louis Leipoldt, en sir Walter Stanford se dokumente vir die tydperk 1878-1930. Daar is sowat 1200 briewe van Olive Schreiner, briewe en literêre manuskripte van Pauline Smith, die brieweboeke en ander dokumente van regter sir Jacob D. Barry vir die tydperk 1870-1905, die dokumente van ds. H.J. Batts oor kerkgeskiedenis, en dokumente en manuskripte van dr. W.H.I. Bleek (1827-1875) oor Boesman- en Bantoetaalkunde en etnologie.

Die Sibbett-versameling, deur mnr. Cecil J. Sibbett geskenk, word in die Jagger-Biblioteek gehuisves, en bestaan uit 400 afbeeldings, onder andere portrette van Cecil Rhodes, foto's van belangrike gebeurtenisse tydens sy lewe en portrette van sy Suid-Afrikaanse tydgenote. Baie van die afbeeldings is uniek en van groot historiese belang.

Die Kipling-versameling: In 1959 het mnr. J.S.I. McGregor van George, K.P. 'n versameling boeke deur en oor Rudyard Kipling geskenk. Dit bestaan uit sowat 2 000 stukke, is tot in die fynste besonderhede geïndekseer en sluit in manuskripte, pamflette, afbeeldings en 25 bande koerantuitknipsels.

Die Cameron-Swan-versameling, wat ter nagedagtenis van kaptein Donald Cameron-Swan (1864-1951) deur sy seun geskenk is, bevat sowat 400 bande oor Skotse letterkunde, geskiedenis, kultuur en denke.

Musiek-Africana, wat in die Musiekbiblioteek gehuisves word, bestaan uit musiek deur Suid-Afrikaanse komponiste of oor Suid-Afrikaanse onderwerpe en sluit al die manuskripte van ander Suid-Afrikaanse komponiste in.

Die Jack MacLean-gedenkversameling, wat uit 1000 bande bestaan, met die voorsiening dat dit in die toekoms gereeld aangevul sal word, is in 1962 deur mev. E. MacLean geskenk. Die boeke gaan onder andere oor kuns en kunsvlyt, oudhede, reis, die geskiedenis van

Europese stede, tuinbou, binneversiering en die geskiedenis van Kaapstad.

Skakeling: Die Biblioteek handhaaf interbiblioteekleningsfasiliteite met Suid-Afrikaanse en oorsese biblioteke.

## OPLEIDING

Die Skool vir Biblioteekkunde lei bibliotekarisse op.

Die Hilda Buyskes-Beursfonds en die P.A. Spilhaus-beursfondse is in wisselende bedrae vir toekenning vir die Hoër Diploma in Biblioteekkunde en die Laer Diploma beskikbaar.

## NAVORSING

Die Biblioteek werk saam met ander biblioteke, argiewe, en dies meer om navorsingsgegewens te verkry.

## PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Biblioteek publiseer jaarliks 'n statistiese verslag. Dit dra ook by tot die Universiteit se driejaarlikse verslag oor navorsing en publikasies. 'n Volledige lys van publikasies word in die Kalender van die Universiteit van Kaapstad aangegee.

### Onlangse publikasies


GREEN, M.E. The Librarian and Censorship: an administrative view. S. Afr. Librs. 38 (4), 1971: 224-227.

LEVY, Goldie. A workbook of analytical and descriptive bibliography by M.L. Pearce. London, Clive Bingley, 1970. In: S. Afr. Librs. 38 (4), 1971: 265.

QUINN, G.D. Dampier, William. Standard Encyclopaedia of Southern Africa. Nasou, 3, 1971: 553-554.

QUINN, G.D. De Pass, Alfred Aaron. Standard Encyclopaedia of Southern Africa. Nasou, 3, 1971: 646.

QUINN, G.D. Jagger Library Treasures. UCT. IV (2), 1971: i-iii, 1-2, 14-15.

ROBINSON, A.M. Lewin. Systematic bibliography; a practical guide to the work of compilation. 3rd. ed. revised; with an add. chapter by BATTY, C.D., London, Clive Bingley, 1971.

ROUKENS DE LANGE, E.J. De dollar, de mark en de zwewende gulden. Nederlandse Post. 25 (1), 1971: 1-2.

ROUKENS DE LANGE, E.J. De Troonrede: Wat zegt zij ons? Nederlandse Post. 25 (5), 1971: 1-2.

Europese stede, tuinbou, binneversiering en die geskiedenis van Kaapstad.

Skakeling: Die Biblioteek handhaaf interbiblioteekleningsfasiliteite met Suid-Afrikaanse en oorsese biblioteke.

OPLEIDING

Die Skool vir Biblioteekkunde lei bibliotekarisse op.

Die Hilda Buyskes-Beursfonds en die P.A. Spilhaus-beursfondse is in wisselende bedrae vir toekenning vir die Hoër Diploma in Biblioteekkunde en die Laer Diploma beskikbaar.

NAVORSING

Die Biblioteek werk saam met ander biblioteke, argiewe, en dies meer om navorsingsgegewens te verkry.

PUBLIKASIES EN DOKUMENTE

Die Biblioteek publiseer jaarliks 'n statistiese verslag. Dit dra ook by tot die Universiteit se driejaarlikse verslag oor navorsing en publikasies. 'n Volledige lys van publikasies word in die Kalender van die Universiteit van Kaapstad aangegee.

Onlangse publikasies

GREEN, M.E. The Librarian and Censorship: an administrative view. S. Afr. Librs. 38 (4), 1971: 224-227.

LEVY, Goldie. A workbook of analytical and descriptive bibliography by M.J. Pearce. London, Clive Bingley, 1970. In: S. Afr. Librs. 38 (4), 1971: 265.

QUINN, G.D. Dampier, William. Standard Encyclopaedia of Southern Africa. Nasou, 3, 1971: 553-554.

QUINN, G.D. De Pass, Alfred Aaron. Standard Encyclopaedia of Southern Africa. Nasou, 3, 1971: 646.

QUINN, G.D. Jagger Library Treasures. UCT. IV (2), 1971: i-iii, 1-2, 14-15.

ROBINSON, A.M. Lewin. Systematic bibliography; a practical guide to the work of compilation. 3rd. ed. revised; with an add. chapter by BATTY, C.D., London, Clive Bingley, 1971.

ROUKENS DE LANGE, E.J. De dollar, de mark en de zwewende gulden. Nederlandse Post. 25 (1), 1971: 1-2.

ROUKENS DE LANGE, E.J. De Troonrede: Wat zegt zij ons? Nederlandse Post. 25 (5), 1971: 1-2.

RGN-PUBLIKASIES/HSRC PUBLICATIONS

GESKIEDENIS/HISTORY

G-1/Van Dyk, J.H./Stamregister van die Eloffs in Suid-Afrika/1972/R2,50

Bronnepublikasie Nr. I/Oberholster, A.G./Dagboek van H.C. Bredell/1972/R3,20

INLIGTING/INFORMATION

Humanitas/Tydskrif vir Navorsing in die Geesteswetenskappe/Verskyn minstens twee keer per jaar
Humanitas/Journal for Research in the Human Sciences/Appears at least twice per annum

Nuusbrief /Maandelikse publikasie behalwe in Desember, met die jongste inligting oor navorsing deur die RGN/Gratis
Newsletter/Monthly publication, except in December, which contains the latest information on research by the HSRC/Gratis

Jaarverslag /Verskyn jaarliks
Annual Report/Published once a year

IN-4 /Waardebepaling van Suid-Afrikaanse en buitelandse opvoedkundige kwalifikasies/1972/R0,65
IN-5 /Evaluation of South African and foreign educational qualifications/1972/R0,65

IN-6 /Sauer, G. en Geggus, C./Gids van navorsingsorganisasies in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika/1970/R1,15
IN-6 /Sauer, G. and Geggus, C./Directory of research organizations in the human sciences in South Africa/1970/R1,15

IN-8 /Stimie, C.M./Algemene inligting/1971/Gratis
IN-9 /Stimie, C.M./General information/1971/Gratis

IN-12/Geggus, C. en Stimie, C.M./Opleiding na standerd tien uitgesonderd universiteitsopleiding/1971/R0,90
IN-11/Geggus, C. and Stimie, C.M./Training after Standard Ten excluding university training/1971/R0,90

IN-13/Stimie, C.M./Education in the RSA/1970/R0,50

IN-14/Geggus, C./Toekennings beskikbaar vir nagraadse studie in die RSA en in die buiteland/1971/R2,15
IN-14/Geggus, C./Awards available for post-graduate study in the RSA and overseas/1971/R2,15

IN-15/Stimie, C.M., Caroline Geggus en Coetzee, C.J.S./Universiteitsopleiding en beroepsmoontlikhede/University training and career possiblities/1972/R2,15

IN-16/Stimie, C.M. and Caroline Geggus/University education in the RSA/1972/R0,70

KOMMUNIKASIE/COMMUNICATION

KOMM-1/Erasmus, P.F./Die radio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na die situasie in Suid-Afrika/1970/Herdruk 1972/R0,95

KOMM-2/Erasmus, P.F./Beeldradio as massakommunikasiemedium met spesiale verwysing na die moontlike instelling van sodanige diens in Suid-Afrika/1971/R1,00

KOMM-5/Engelbrecht, J.C.R./Die pers as massakommunikasiemedium/1972/R3,60

MANNEKRAG/MANPOWER

MM-1 /Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van stads- en streeksbeplanners/1969/ R0,35

MM-1 /Terblanche, S.S./The supply of and demand for town and regional planners/1969/ R0,35

MM-2 /Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van medici/1969/R0,30

MM-2 /Terblanche, S.S./The demand for and supply of medical practitioners/1969/R0,30

MM-3 /Terblanche, S.S./Die beroepsomstandighede van 'n groep pasgegradueerdes/1969/R0,50

MM-3 /Terblanche, S.S./The occupational situation of a group of new graduates/1969/ R0,50

MM-4 /Redelinghuys, H.J./'n Verkenningstudie oor die Bantoe-ondernemer in die Tswanatuisland/1970/R0,90

MM-4 /Redelinghuys, H.J./A pilot study of the Bantu entrepreneur in the Tswana homeland/1970/R0,90

MM-12/Ebersohn, D./Die nasionale register van natuur- en geesteswetenskaplikes soos op 30 September 1967/1970/Gratis

MM-17/Terblanche, S.S./Die vraag na en aanbod van ingenieurs, 1973 en 1980/1971/R1,50

MM-17/Terblanche, S.S./The demand for and supply of engineers, 1973 and 1980/1971/R1,50

MM-22/Wessels, D.M./Deeltydse werk vir getroude vroue/1971/R1,50

MM-22/Wessels, D.M./Part-time work for married women/1971/R1,50

MM-27/Boshoff, F./Die loonstruktuur van hooggekwalifiseerde Blanke werknemers soos op 1 Maart 1971/1971/R1,00

MM-27/Boshoff, F./The wage structure of highly qualified White employees as at 1 March, 1971/1971/R1,00

MM-28/Hartman, P. en Terblanche, S.S./Werkgeleenthede in die Oos-Transvaalse grensgebiede/1972/R1,45

MM-29/Boshoff, F./Werkgeleenthede in die Noord-Sothogrensgebiede/1972/R0,70

MM-30/Hartman, P./Werkgeleenthede in die grensgebiede naby die Tswanatuisland/1972/ R0,70

MM-31/Wessels, Dina M./Die arbeidspatroon van gegradueerde huisvroue in die PWV-gebied - Deel I: Deeltydse werk/1972/R2,95

MM-31/Wessels, Dina M./The employment potential of graduate housewives in the PWV region - Part I: Part-time employment/1972/R2,95

MM-33/Terblanche, S.S./Job opportunities in the border areas of the Orange Free State and Eastern Cape/1972/R1,15

MT-1 /Verhoef, W. en Roos, W.L./Die doel en eksperimentele opset van Projek Talentopname/1970/R0,65

MT-1 /Verhoef, W. and Roos, W.L./The aim and experimental design of Project Talent Survey/1970/R0,65

MT-2 /Roos, W.L./Die 1965-Talentopnametoetsprogram/1970/R0,70

MT-2 /Roos, W.L./The 1965 Talent Survey test programme/1970/R0,70

MT-3 /Roos, W.L./Die intellektueel-superieure leerling: 'n Agtergrondbeskrywing op standerd ses-vlak/1970/R0,50

MT-3 /Roos, W.L./The intellectually superior pupil: A background description at Standard Six level/1970/R0,50

MT-4 /Strydom, A.E./Sportdeelname, skoolprestasie en aanpassing van standerd ses-seuns/ 1970/R0,55

MT-4 /Strydom, A.E./Participation in sport, school achievement and adaptation of Standard Six boys/R0,55

MT-5 /Smith, F.B./Die enigste kind in die gesin: 'n Vergelykende studie/1970/R0,50
MT-5 /Smith, F.B./The only child in the family: A comparative study/1971/R0,50

MT-6 /Strijdom, H.G./Sosiale status en die verband daarvan met vryetydsaktiwiteite, houdings en aspirasies van Afrikaanssprekende standerd ses-seuns/1971/R0,60
MT-6 /English edition out of print

MT-7 /Smith, F.B./Die epileptiese leerling in standerd ses wat nie spesiale onderrig ontvang nie/1971/R0,60
MT-7 /English edition out of print

MT-8 /Smith, F.B./Die ondergemiddelde leerling: 'n Agtergrondbeskrywing op standerd sesvlak/1971/R0,55
MT-8 /English edition out of print

NAVORSINGSONTWIKKELING/RESEARCH DEVELOPMENT

Navorsingsbulletin/Verskyn tien keer per jaar/Gratis
Research Bulletin /Ten issues per annum/Gratis

NORD-1/Fourie, E.C./Aanvulling tot die 1969-register van navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika/1971/R1,90
NORD-1/Fourie, E.C./Supplement to the 1969 register of research in the Human Sciences in South Africa/1971/R1,90

OPVOEDKUNDE/EDUCATION

O-1 /Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na skoolvoorligting as 'n geïntegreerde diens van die onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika Deel I/1970/Herdruk 1972/R3,15
O-1 /Report of the committee for differentiated education and guidance in connection with a national system of education at primary and secondary school level with reference to school guidance as an integrated service of the system of education for the Republic of South Africa and South-West Africa Part I/1971/Reprint 1972/R3,15

O-2 /Oosthuizen, J.H.C./Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale pre-primêre opvoedingsprogram vir die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika Deel II/1971/R0,75
O-2 /Oosthuizen, J.H.C./Report of the committee for differentiated education and guidance with regard to a national pre-primary educational programme for the Republic of South Africa and South-West Africa Part II/1971/R0,75

O-3 /Visser, P.S./'n Studie van die voorligtingstelsels van die onderwysdepartemente in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika/1970/R0,55

O-4 /Spies, P.G. van Z./'n Studie van voorligtingstelsels in die Republiek van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en in enkele oorsese lande met verwysing na doelstellings en terminologie/1970/R0,40

O-5 /Haasbroek, J.B./Die opleiding van voorligters in die Republiek van Suid-Afrika en in enkele oorsese lande/1970/R0,45

O-6 /Oosthuizen, J.H.C./Die voertaal (medium van onderrig) in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys/1970/R0,40

O-8 /Hatting, D.L./Die onderrig van Aardrykskunde aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole: 'n Verkorte weergawe van 'n opname in die jaar 1966/1971/R0,65
O-8 /Hatting, D.L./The teaching of Geography at South African secondary schools: A condensed version of a survey in the year 1966/1971/R0,80

MT-5 /Smith, F.B./Die enigste kind in die gesin: 'n Vergelykende studie/1970/R0,50
MT-5 /Smith, F.B./The only child in the family: A comparative study/1971/R0,50

MT-6 /Strijdom, H.G./Sosiale status en die verband daarvan met vryetydsaktiwiteite, houdings en aspirasies van Afrikaanssprekende standerd ses-seuns/1971/R0,60
MT-6 /English edition out of print

MT-7 /Smith, F.B./Die epileptiese leerling in standerd ses wat nie spesiale onderrig ontvang nie/1971/R0,60
MT-7 /English edition out of print

MT-8 /Smith, F.B./Die ondergemiddelde leerling: 'n Agtergrondbeskrywing op standerd sesvlak/1971/R0,55
MT-8 /English edition out of print

NAVORSINGSONTWIKKELING/RESEARCH DEVELOPMENT

Navorsingsbulletin/Verskyn tien keer per jaar/Gratis
Research Bulletin /Ten issues per annum/Gratis

NORD-1/Fourie, E.C./Aanvulling tot die 1969-register van navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika/1971/R1,90
NORD-1/Fourie, E.C./Supplement to the 1969 register of research in the Human Sciences in South Africa/1971/R1,90

OPVOEDKUNDE/EDUCATION

O-1 /Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na skoolvoorligting as 'n geïntegreerde diens van die onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika Deel I/1970/Herdruk 1972/R3,15
O-1 /Report of the committee for differentiated education and guidance in connection with a national system of education at primary and secondary school level with reference to school guidance as an integrated service of the system of education for the Republic of South Africa and South-West Africa Part I/1971/Reprint 1972/R3,15

O-2 /Oosthuizen, J.H.C./Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale pre-primêre opvoedingsprogram vir die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika Deel II/1971/R0,75
O-2 /Oosthuizen, J.H.C./Report of the committee for differentiated education and guidance with regard to a national pre-primary educational programme for the Republic of South Africa and South-West Africa Part II/1971/R0,75

O-3 /Visser, P.S./'n Studie van die voorligtingstelsels van die onderwysdepartemente in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika/1970/R0,55

O-4 /Spies, P.G. van Z./'n Studie van voorligtingstelsels in die Republiek van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en in enkele oorsese lande met verwysing na doelstellings en terminologie/1970/R0,40

O-5 /Haasbroek, J.B./Die opleiding van voorligters in die Republiek van Suid-Afrika en in enkele oorsese lande/1970/R0,45

O-6 /Oosthuizen, J.H.C./Die voertaal (medium van onderrig) in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys/1970/R0,40

O-8 /Hatting, D.L./Die onderrig van Aardrykskunde aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole: 'n Verkorte weergawe van 'n opname in die jaar 1966/1971/R0,65
O-8 /Hatting, D.L./The teaching of Geography at South African secondary schools: A condensed version of a survey in the year 1966/1971/R0,80

MT-5 /Smith, F.B./Die enigste kind in die gesin: 'n Vergelykende studie/1970/R0,50
MT-5 /Smith, F.B./The only child in the family: A comparative study/1971/R0,50

MT-6 /Strijdom, H.G./Sosiale status en die verband daarvan met vryetydsaktiwiteite, houdings en aspirasies van Afrikaanssprekende standerd ses-seuns/1971/R0,60
MT-6 /English edition out of print

MT-7 /Smith, F.B./Die epileptiese leerling in standerd ses wat nie spesiale onderrig ontvang nie/1971/R0,60
MT-7 /English edition out of print

MT-8 /Smith, F.B./Die ondergemiddelde leerling: 'n Agtergrondbeskrywing op standerd sesvlak/1971/R0,55
MT-8 /English edition out of print

NAVORSINGSONTWIKKELING/RESEARCH DEVELOPMENT

Navorsingsbulletin/Verskyn tien keer per jaar/Gratis
Research Bulletin /Ten issues per annum/Gratis

NORD-1/Fourie, E.C./Aanvulling tot die 1969-register van navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika/1971/R1,90
NORD-1/Fourie, E.C./Supplement to the 1969 register of research in the Human Sciences in South Africa/1971/R1,90

OPVOEDKUNDE/EDUCATION

O-1 /Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na skoolvoorligting as 'n geïntegreerde diens van die onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika Deel I/1970/Herdruk 1972/R3,15
O-1 /Report of the committee for differentiated education and guidance in connection with a national system of education at primary and secondary school level with reference to school guidance as an integrated service of the system of education for the Republic of South Africa and South-West Africa Part I/1971/Reprint 1972/R3,15

O-2 /Oosthuizen, J.H.C./Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale pre-primêre opvoedingsprogram vir die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika Deel II/1971/R0,75
O-2 /Oosthuizen, J.H.C./Report of the committee for differentiated education and guidance with regard to a national pre-primary educational programme for the Republic of South Africa and South-West Africa Part II/1971/R0,75

O-3 /Visser, P.S./'n Studie van die voorligtingstelsels van die onderwysdepartemente in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika/1970/R0,55

O-4 /Spies, P.G. van Z./'n Studie van voorligtingstelsels in die Republiek van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en in enkele oorsese lande met verwysing na doelstellings en terminologie/1970/R0,40

O-5 /Haasbroek, J.B./Die opleiding van voorligters in die Republiek van Suid-Afrika en in enkele oorsese lande/1970/R0,45

O-6 /Oosthuizen, J.H.C./Die voertaal (medium van onderrig) in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys/1970/R0,40

O-8 /Hatting, D.L./Die onderrig van Aardrykskunde aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole: 'n Verkorte weergawe van 'n opname in die jaar 1966/1971/R0,65
O-8 /Hatting, D.L./The teaching of Geography at South African secondary schools: A condensed version of a survey in the year 1966/1971/R0,80

MT-5 /Smith, F.B./Die enigste kind in die gesin: 'n Vergelykende studie/1970/R0,50
MT-5 /Smith, F.B./The only child in the family: A comparative study/1971/R0,50

MT-6 /Strijdom, H.G./Sosiale status en die verband daarvan met vryetydsaktiwiteite, houdings en aspirasies van Afrikaanssprekende standerd ses-seuns/1971/R0,60
MT-6 /English edition out of print

MT-7 /Smith, F.B./Die epileptiese leerling in standerd ses wat nie spesiale onderrig ontvang nie/1971/R0,60
MT-7 /English edition out of print

MT-8 /Smith, F.B./Die ondergemiddelde leerling: 'n Agtergrondbeskrywing op standerd sesvlak/1971/R0,55
MT-8 /English edition out of print

NAVORSINGSONTWIKKELING/RESEARCH DEVELOPMENT

Navorsingsbulletin/Verskyn tien keer per jaar/Gratis
Research Bulletin /Ten issues per annum/Gratis

NORD-1/Fourie, E.C./Aanvulling tot die 1969-register van navorsing in die geesteswetenskappe in Suid-Afrika/1971/R1,90
NORD-1/Fourie, E.C./Supplement to the 1969 register of research in the Human Sciences in South Africa/1971/R1,90

OPVOEDKUNDE/EDUCATION

O-1 /Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel op primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na skoolvoorligting as 'n geïntegreerde diens van die onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en vir Suidwes-Afrika Deel I/1970/Herdruk 1972/R3,15
O-1 /Report of the committee for differentiated education and guidance in connection with a national system of education at primary and secondary school level with reference to school guidance as an integrated service of the system of education for the Republic of South Africa and South-West Africa Part I/1971/Reprint 1972/R3,15

O-2 /Oosthuizen, J.H.C./Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale pre-primêre opvoedingsprogram vir die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika Deel II/1971/R0,75
O-2 /Oosthuizen, J.H.C./Report of the committee for differentiated education and guidance with regard to a national pre-primary educational programme for the Republic of South Africa and South-West Africa Part II/1971/R0,75

O-3 /Visser, P.S./'n Studie van die voorligtingstelsels van die onderwysdepartemente in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika/1970/R0,55

O-4 /Spies, P.G. van Z./'n Studie van voorligtingstelsels in die Republiek van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en in enkele oorsese lande met verwysing na doelstellings en terminologie/1970/R0,40

O-5 /Haasbroek, J.B./Die opleiding van voorligters in die Republiek van Suid-Afrika en in enkele oorsese lande/1970/R0,45

O-6 /Oosthuizen, J.H.C./Die voertaal (medium van onderrig) in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys/1970/R0,40

O-8 /Hatting, D.L./Die onderrig van Aardrykskunde aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole: 'n Verkorte weergawe van 'n opname in die jaar 1966/1971/R0,65
O-8 /Hatting, D.L./The teaching of Geography at South African secondary schools: A condensed version of a survey in the year 1966/1971/R0,80

O-11/Liebenberg, C.R./Die onderrig van Geskiedenis aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole: 'n Verkorte weergawe van 'n opname in die jaar 1966/1971/R0,80

O-11/Liebenberg, C.R./The teaching of History at South African secondary schools: A condensed version of a survey in the year 1966/1972/R1,45

PSIGOMETRIKA/PSYCHOMETRICS

Katalogus van toetse/1972/Gratis
Catalogue of tests/1972/Gratis

P-1/Madge, E.M. en Van der Westhuizen, J.G./Die nuwe Suid-Afrikaanse individuele skaal as kliniese hulpmiddel/1971/R0,85

SOSIOLOGIE/SOCIOLOGY

S-1 /Van der Merwe, C.F./Die Afrikaanse landelike en stedelike gesin: 'n Vergelykende ondersoek/1969/R0,90

S-2 /Kellerman, A.P.R., Botha, A.J.J. en De Vos, H van N./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Oos- en Noord-Kaapland: Statistiese gegewens/1969/R1,40

S-3 /Kellerman, A.P.R./Ondersoek na die leefbaarheid van sekere plattelandse kerns in die opvanggebied van die Hendrik Verwoerddam/1969/R1,30

S-4 /Grové, D./Werkskuheid onder die Kleurlinge/1969/R0,90

S-5 /Kellerman, A.P.R. en Van der Westhuizen, N.J./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Transvaal: Statistiese gegewens/1970/R2,80

S-6 /Van der Walt, Tj./Kleurlingvroue met Bantoemans/1970/R2,40

S-7 /Strijdom, H.G. en Van Tonder, J./'n Handleiding by die bepaling van die onderhoudskoste van 'n gesin/1970/R0,55

S-8 /Kellerman, A.P.R./Kontak van Kleurlinge met Bantoes in die Kaapse Skiereiland met besondere verwysing na die werksituasie/1971/R1,20

S-9 /Mostert, W.P./Ondersoek na die gesinsbouproses by Afrikaanssprekende egpare, Fase I: Fertiliteitsbegeertes en gesinsbeplanning by pasgetroudes/1970/R1,20

S-10/Strijdom, H.G./Blanke manlike dowes in Transvaal/1971/R1,45

S-11/Trytsman, D.F. and Bester, C.W./Health education: A bibliography/1970/R2,40

S-14/Mostert, W.P./Die gesinsbouproses by Kleurlinge in die metropolitaanse gebied van Kaapstad/1971/R1,75

S-15/Mostert, W.P. en Engelbrecht, J./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Kaapstad/1972/R2,10

S-16/Mostert, W.P./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Durban/1972/R2,10

S-17/Mostert, W.P. en Du Plessis, J.L./Die gesinsbouproses by Bantoes in die munisipale gebied van Pretoria/1972/R3,45

S-18/Mostert, W.P. en Van Eeden, I.J./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Johannesburg: Soweto/1972/R3,35

S-19/Rip, C.M./Coloured early school leavers in the Western Cape: A sociological study/1971/R1,95

S-20/Van der Merwe, C.F./Moeders wat werk/1972/R2,95

O-11/Liebenberg, C.R./Die onderrig van Geskiedenis aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole: 'n Verkorte weergawe van 'n opname in die jaar 1966/1971/R0,80

O-11/Liebenberg, C.R./The teaching of History at South African secondary schools: A condensed version of a survey in the year 1966/1972/R1,45

## PSIGOMETRIKA/PSYCHOMETRICS

Katalogus van toetse/1972/Gratis
Catalogue of tests/1972/Gratis

P-1/Madge, E.M. en Van der Westhuizen, J.G./Die nuwe Suid-Afrikaanse individuele skaal as kliniese hulpmiddel/1971/R0,85

## SOSIOLOGIE/SOCIOLOGY

S-1 /Van der Merwe, C.F./Die Afrikaanse landelike en stedelike gesin: 'n Vergelykende ondersoek/1969/R0,90

S-2 /Kellerman, A.P.R., Botha, A.J.J. en De Vos, H van N./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Oos- en Noord-Kaapland: Statistiese gegewens/1969/R1,40

S-3 /Kellerman, A.P.R./Ondersoek na die leefbaarheid van sekere plattelandse kerns in die opvanggebied van die Hendrik Verwoerddam/1969/R1,30

S-4 /Grové, D./Werkskuheid onder die Kleurlinge/1969/R0,90

S-5 /Kellerman, A.P.R. en Van der Westhuizen, N.J./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Transvaal: Statistiese gegewens/1970/R2,80

S-6 /Van der Walt, Tj./Kleurlingvroue met Bantoemans/1970/R2,40

S-7 /Strijdom, H.G. en Van Tonder, J./'n Handleiding by die bepaling van die onderhoudskoste van 'n gesin/1970/R0,55

S-8 /Kellerman, A.P.R./Kontak van Kleurlinge met Bantoes in die Kaapse Skiereiland met besondere verwysing na die werksituasie/1971/R1,20

S-9 /Mostert, W.P./Ondersoek na die gesinsbouproses by Afrikaanssprekende egpare, Fase I: Fertiliteitsbegeertes en gesinsbeplanning by pasgetroudes/1970/R1,20

S-10/Strijdom, H.G./Blanke manlike dowes in Transvaal/1971/R1,45

S-11/Trytsman, D.F. and Bester, C.W./Health education: A bibliography/1970/R2,40

S-14/Mostert, W.P./Die gesinsbouproses by Kleurlinge in die metropolitaanse gebied van Kaapstad/1971/R1,75

S-15/Mostert, W.P. en Engelbrecht, J./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Kaapstad/1972/R2,10

S-16/Mostert, W.P./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Durban/1972/R2,10

S-17/Mostert, W.P. en Du Plessis, J.L./Die gesinsbouproses by Bantoes in die munisipale gebied van Pretoria/1972/R3,45

S-18/Mostert, W.P. en Van Eeden, I.J./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Johannesburg: Soweto/1972/R3,35

S-19/Rip, C.M./Coloured early school leavers in the Western Cape: A sociological study/1971/R1,95

S-20/Van der Merwe, C.F./Moeders wat werk/1972/R2,95

O-11/Liebenberg, C.R./Die onderrig van Geskiedenis aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole: 'n Verkorte weergawe van 'n opname in die jaar 1966/1971/R0,80

O-11/Liebenberg, C.R./The teaching of History at South African secondary schools: A condensed version of a survey in the year 1966/1972/R1,45

PSIGOMETRIKA/PSYCHOMETRICS

Katalogus van toetse/1972/Gratis
Catalogue of tests/1972/Gratis

P-1/Madge, E.M. en Van der Westhuizen, J.G./Die nuwe Suid-Afrikaanse individuele skaal as kliniese hulpmiddel/1971/R0,85

SOSIOLOGIE/SOCIOLOGY

S-1 /Van der Merwe, C.F./Die Afrikaanse landelike en stedelike gesin: 'n Vergelykende ondersoek/1969/R0,90

S-2 /Kellerman, A.P.R., Botha, A.J.J. en De Vos, H van N./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Oos- en Noord-Kaapland: Statistiese gegewens/1969/R1,40

S-3 /Kellerman, A.P.R./Ondersoek na die leefbaarheid van sekere plattelandse kerns in die opvanggebied van die Hendrik Verwoerddam/1969/R1,30

S-4 /Grové, D./Werkskuheid onder die Kleurlinge/1969/R0,90

S-5 /Kellerman, A.P.R. en Van der Westhuizen, N.J./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Transvaal: Statistiese gegewens/1970/R2,80

S-6 /Van der Walt, Tj./Kleurlingvroue met Bantoemans/1970/R2,40

S-7 /Strijdom, H.G. en Van Tonder, J./'n Handleiding by die bepaling van die onderhoudskoste van 'n gesin/1970/R0,55

S-8 /Kellerman, A.P.R./Kontak van Kleurlinge met Bantoes in die Kaapse Skiereiland met besondere verwysing na die werksituasie/1971/R1,20

S-9 /Mostert, W.P./Ondersoek na die gesinsbouproses by Afrikaanssprekende egpare, Fase I: Fertiliteitsbegeertes en gesinsbeplanning by pasgetroudes/1970/R1,20

S-10/Strijdom, H.G./Blanke manlike dowes in Transvaal/1971/R1,45

S-11/Trytsman, D.F. and Bester, C.W./Health education: A bibliography/1970/R2,40

S-14/Mostert, W.P./Die gesinsbouproses by Kleurlinge in die metropolitaanse gebied van Kaapstad/1971/R1,75

S-15/Mostert, W.P. en Engelbrecht, J./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Kaapstad/1972/R2,10

S-16/Mostert, W.P./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Durban/1972/R2,10

S-17/Mostert, W.P. en Du Plessis, J.L./Die gesinsbouproses by Bantoes in die munisipale gebied van Pretoria/1972/R3,45

S-18/Mostert, W.P. en Van Eeden, I.J./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Johannesburg: Soweto/1972/R3,35

S-19/Rip, C.M./Coloured early school leavers in the Western Cape: A sociological study/1971/R1,95

S-20/Van der Merwe, C.F./Moeders wat werk/1972/R2,95

O-11/Liebenberg, C.R./Die onderrig van Geskiedenis aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole: 'n Verkorte weergawe van 'n opname in die jaar 1966/1971/R0,80

O-11/Liebenberg, C.R./The teaching of History at South African secondary schools: A condensed version of a survey in the year 1966/1972/R1,45

PSIGOMETRIKA/PSYCHOMETRICS

Katalogus van toetse/1972/Gratis
Catalogue of tests/1972/Gratis

P-1/Madge, E.M. en Van der Westhuizen, J.G./Die nuwe Suid-Afrikaanse individuele skaal as kliniese hulpmiddel/1971/R0,85

SOSIOLOGIE/SOCIOLOGY

S-1 /Van der Merwe, C.F./Die Afrikaanse landelike en stedelike gesin: 'n Vergelykende ondersoek/1969/R0,90

S-2 /Kellerman, A.P.R., Botha, A.J.J. en De Vos, H van N./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Oos- en Noord-Kaapland: Statistiese gegewens/1969/R1,40

S-3 /Kellerman, A.P.R./Ondersoek na die leefbaarheid van sekere plattelandse kerns in die opvanggebied van die Hendrik Verwoerddam/1969/R1,30

S-4 /Grové, D./Werkskuheid onder die Kleurlinge/1969/R0,90

S-5 /Kellerman, A.P.R. en Van der Westhuizen, N.J./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Transvaal: Statistiese gegewens/1970/R2,80

S-6 /Van der Walt, Tj./Kleurlingvroue met Bantoemans/1970/R2,40

S-7 /Strijdom, H.G. en Van Tonder, J./'n Handleiding by die bepaling van die onderhoudskoste van 'n gesin/1970/R0,55

S-8 /Kellerman, A.P.R./Kontak van Kleurlinge met Bantoes in die Kaapse Skiereiland met besondere verwysing na die werksituasie/1971/R1,20

S-9 /Mostert, W.P./Ondersoek na die gesinsbouproses by Afrikaanssprekende egpare, Fase I: Fertiliteitsbegeertes en gesinsbeplanning by pasgetroudes/1970/R1,20

S-10/Strijdom, H.G./Blanke manlike dowes in Transvaal/1971/R1,45

S-11/Trytsman, D.F. and Bester, C.W./Health education: A bibliography/1970/R2,40

S-14/Mostert, W.P./Die gesinsbouproses by Kleurlinge in die metropolitaanse gebied van Kaapstad/1971/R1,75

S-15/Mostert, W.P. en Engelbrecht, J./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Kaapstad/1972/R2,10

S-16/Mostert, W.P./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Durban/1972/R2,10

S-17/Mostert, W.P. en Du Plessis, J.L./Die gesinsbouproses by Bantoes in die munisipale gebied van Pretoria/1972/R3,45

S-18/Mostert, W.P. en Van Eeden, I.J./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Johannesburg: Soweto/1972/R3,35

S-19/Rip, C.M./Coloured early school leavers in the Western Cape: A sociological study/ 1971/R1,95

S-20/Van der Merwe, C.F./Moeders wat werk/1972/R2,95

O-11/Liebenberg, C.R./Die onderrig van Geskiedenis aan Suid-Afrikaanse sekondêre skole: 'n Verkorte weergawe van 'n opname in die jaar 1966/1971/R0,80

O-11/Liebenberg, C.R./The teaching of History at South African secondary schools: A condensed version of a survey in the year 1966/1972/R1,45

PSIGOMETRIKA/PSYCHOMETRICS

Katalogus van toetse/1972/Gratis
Catalogue of tests/1972/Gratis

P-1/Madge, E.M. en Van der Westhuizen, J.G./Die nuwe Suid-Afrikaanse individuele skaal as kliniese hulpmiddel/1971/R0,85

SOSIOLOGIE/SOCIOLOGY

S-1 /Van der Merwe, C.F./Die Afrikaanse landelike en stedelike gesin: 'n Vergelykende ondersoek/1969/R0,90

S-2 /Kellerman, A.P.R., Botha, A.J.J. en De Vos, H van N./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Oos- en Noord-Kaapland: Statistiese gegewens/1969/R1,40

S-3 /Kellerman, A.P.R./Ondersoek na die leefbaarheid van sekere plattelandse kerns in die opvanggebied van die Hendrik Verwoerddam/1969/R1,30

S-4 /Grové, D./Werkskuheid onder die Kleurlinge/1969/R0,90

S-5 /Kellerman, A.P.R. en Van der Westhuizen, N.J./Die arbeidspatroon van Kleurlinge in Transvaal: Statistiese gegewens/1970/R2,80

S-6 /Van der Walt, Tj./Kleurlingvroue met Bantoemans/1970/R2,40

S-7 /Strijdom, H.G. en Van Tonder, J./'n Handleiding by die bepaling van die onderhoudskoste van 'n gesin/1970/R0,55

S-8 /Kellerman, A.P.R./Kontak van Kleurlinge met Bantoes in die Kaapse Skiereiland met besondere verwysing na die werksituasie/1971/R1,20

S-9 /Mostert, W.P./Ondersoek na die gesinsbouproses by Afrikaanssprekende egpare, Fase I: Fertiliteitsbegeertes en gesinsbeplanning by pasgetroudes/1970/R1,20

S-10/Strijdom, H.G./Blanke manlike dowes in Transvaal/1971/R1,45

S-11/Trytsman, D.F. and Bester, C.W./Health education: A bibliography/1970/R2,40

S-14/Mostert, W.P./Die gesinsbouproses by Kleurlinge in die metropolitaanse gebied van Kaapstad/1971/R1,75

S-15/Mostert, W.P. en Engelbrecht, J./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Kaapstad/1972/R2,10

S-16/Mostert, W.P./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Durban/1972/R2,10

S-17/Mostert, W.P. en Du Plessis, J.L./Die gesinsbouproses by Bantoes in die munisipale gebied van Pretoria/1972/R3,45

S-18/Mostert, W.P. en Van Eeden, I.J./Die gesinsbouproses by Bantoes in die metropolitaanse gebied van Johannesburg: Soweto/1972/R3,35

S-19/Rip, C.M./Coloured early school leavers in the Western Cape: A sociological study/1971/R1,95

S-20/Van der Merwe, C.F./Moeders wat werk/1972/R2,95

STATISTIEK/STATISTICS

WS-1/Kies, J.D./Verantwoorde Onderwysstatistiek/1971/R3,70

WS-3/Van Rensburg, F.A.J./Gradueringstendense aan Suid-Afrikaanse universiteite (Nie-Blankes)/1972/R1,75

WS-4/Uys, C.J./Gradueringstendense aan Suid-Afrikaanse universiteite (Blankes)/1972/R2,40

WS-5/Steenkamp, C.J. en Van Rensburg, F.A./Vooruitskattings van die bevolking van onderwysinrigtings in Suid-Afrika/1972/R5,40

TAAL, LETTERE EN KUNS/LANGUAGES, LITERATURE AND ARTS

Nienaber, P.J./Nasionale Dokumentasiesentrum vir Taal en Lettere/1971/Gratis

Nienaber, P.J./Nasionale Dokumentasiesentrum vir Musiek/1971/Gratis
Nienaber, P.J./National Documentation Centre for Music/1971/Gratis

Raper, P.E./Suid-Afrikaanse Naamkundesentrum/1972/Gratis
Raper, P.E./South African Centre of Onomastic Sciences/1972/Gratis

Breytenbach, P.P.B./Nasionale Dokumentasiesentrum vir Vertolkende Kunste/1972/Gratis
Breytenbach, P.P.B./National Documentation Centre for Performing Arts/1972/Gratis

ALGEMEEN/GENERAL

Coetzee, J. Chr./Geannoteerde bibliografie van navorsing in die opvoedkunde/1970/R2,15
Coetzee, J. Chr./Annotated bibliography of research in education/1970/R2,15

ISBN O 86965 033 5
(English edition ISBN O 86965 032 7)